| 13374 | Geologie 254 | S Geo-omgewingswetenskap 124, 154 S Geologie 224 S Chemie 124 of 164 |
| 13374 | Geologie 314 | V Chemie 144 S Geologie 224, 244, 254 S Chemie 124 of 164 N Aardwetenskapveldvaardighede 374 |
| 13374 | Geologie 324 | V Chemie 144 S Geologie 224, 244 S Chemie 124 of 164 N Aardwetenskapveldvaardighede 374 of Omgewingsveldvaardighede 372 |

| Vaknommer | Modulenaam | Slaagvoorvereiste- (S), voorvereiste- (V) en nuwevereistemodules (N) |
|-----------|--|---|
| 13374 | Geologie 344 | V Chemie 144 S Geologie 224, 244 S Chemie 124 of 164 |
| 13374 | Geologie 354 | V Chemie 144 S Geologie 224, 244, 254 S Chemie 124 of 164 |
| 13374 | Geologie 364 | S Omgewingsgeochemie 214 S Geologie 244 N Omgewingsveldvaardighede 372 of Aardwetenskapveldvaardighede 374 |
| 64165 | Geo-omgewingswetenskap 124 | Geen |
| 64165 | Geo-omgewingswetenskap 154 | Geen |
| 14176 | Grondkunde 214 | V Chemie 144 |
| 59420 | Ingenieursfisika 113 | Geen |
| 59420 | Ingenieursfisika 152 | V Ingenieursfisika 113 |
| 59552 | Ingenieursgeologie 214 | V Ingenieurschemie 123 |
| 38571 | Ingenieurswiskunde 115 | Geen |
| 38571 | Ingenieurswiskunde 145 | V Ingenieurswiskunde 115 |
| 38571 | Ingenieurswiskunde 214 | S Ingenieurswiskunde 115 of 145 V Ingenieurswiskunde 145 |
| 38571 | Ingenieurswiskunde 242 | S Ingenieurswiskunde 145 of 214 V Ingenieurswiskunde 214 |
| 14441 | Intellektuele Goederereg vir Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie 314 | Geen |
| 19305 | Kinesiologie 162 | Geen |
| 19305 | Kinesiologie 182 | Geen |
| 19305 | Kinesiologie 312 | Geen |
| 19305 | Kinesiologie 332 | Geen |
| 19305 | Kinesiologie 342 | Geen |
| 19305 | Kinesiologie 352 | Geen |
| 19305 | Kinesiologie 372 | Geen |
| 16284 | Mikrobiologie 214 | S Biologie 124 of 144 S Chemie 124 of 164, 144 |
| 16284 | Mikrobiologie 244 | S Biologie 124 of 144 S Chemie 124 of 164, 144 |
| 16284 | Mikrobiologie 314 | S Mikrobiologie 214 V Mikrobiologie 244 V Biochemie 214, 244 |
| 16284 | Mikrobiologie 324 | S Mikrobiologie 214 V Mikrobiologie 244 V Biochemie 214, 244 |
| 16284 | Mikrobiologie 354 | S Mikrobiologie 214 V Mikrobiologie 244 |

| Vaknommer | Modulenaam | Slaagvoorvereiste- (S), voorvereiste- (V) en nuwevereistemodules (N) |
|-----------|------------------------------|---|
| 16284 | Mikrobiologie 364 | S Mikrobiologie 214 V Mikrobiologie 244 |
| 50652 | Musiektegnologie 112 | Geen |
| 50652 | Musiektegnologie 142 | Geen |
| 50652 | Musiektegnologie 222 | Geen |
| 50652 | Musiektegnologie 252 | Geen |
| 50652 | Musiektegnologie 379 | Geen |
| 36323 | Numeriese Metodes 262 | V Ingenieurswiskunde 214 |
| 63991 | Omgewingsgeochemie 214 | V Geo-omgewingswetenskap 124 V Chemie 124 of 164, 144 S Geo-omgewingswetenskap 154 |
| 63991 | Omgewingsgeochemie 314 | S Omgewingsgeochemie 214 S Chemie 264 S Wiskunde 114 of Wiskunde (Bio) 124 N Chemie 234 |
| 13622 | Omgewingsveldvaardighede 271 | V Geo-omgewingswetenskap 124, 154 V Chemie 124 of 164, 154 N Geografie 265 N Omgewingsgeochemie 214 N Geologie 244 |
| 13622 | Omgewingsveldvaardighede 372 | V Omgewingsgeochemie 214 V Geografie 265 V Omgewingsveldvaardighede 271 N Geografie 334 N Geologie 324, 364 N Omgewingsgeochemie 314 |
| 48550 | Ondernemingsbestuur 113 | Geen |
| 55336 | Operasionele Navorsing 214 | V Wiskunde 114, 144 |
| 55336 | Operasionele Navorsing 244 | S Wiskunde 144 V Wiskunde 114 |
| 55336 | Operasionele Navorsing 314 | V Operasionele Navorsing 244 |
| 55336 | Operasionele Navorsing 322 | S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 |
| 55336 | Operasionele Navorsing 344 | V Operasionele Navorsing 244 |
| 55336 | Operasionele Navorsing 352 | S Wiskunde 114, 144 |
| 59404 | Plantkunde 354 | S Biologie 144 of 154 en 'n finale punt van minstens 40% in die ander Biologie-module |
| 50040 | Rekenaarvaardigheid 171 | Geen |
| 50040 | Rekenaarvaardigheid 176 | Geen |
| 50040 | Rekenaarvaardigheid 272 | V Rekenaarvaardigheid 171 |
| 50040 | Rekenaarvaardigheid 372 | V Rekenaarvaardigheid 272 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 113 | N Aktuariële Wetenskap 112 N Wiskunde 114 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 114 | N Wiskunde 114 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 144 | V Rekenaarwetenskap 113 of 114 |

| Vaknommer | Modulenaam | Slaagvoorvereiste- (S), voorvereiste- (V) en newevereistemodules (N) |
|-----------|-------------------------|--|
| 18139 | Rekenaarwetenskap 214 | S Rekenaarwetenskap 144 V Wiskunde 114 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 244 | V Rekenaarwetenskap 214 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 313 | V Rekenaarwetenskap 214, 244 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 314 | V Rekenaarwetenskap 214, 244 Vir programme in Ingenieurswese: V Rekenaarwetenskap E 214 V Rekenaarstelsels 245 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 315 | V Rekenaarwetenskap 144 of Rekenaarwetenskap E214 V Wiskundige Statistiek 245 en 246; of Stelsels en Seine 344 V Wiskunde 214 of Toegepaste Wiskunde 214 of Ingenieurswiskunde 214 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 343 | V Rekenaarwetenskap 214 Vir programme in Ingenieurswese: V Rekenaarwetenskap E 214 V Rekenaarstelsels 245 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 344 | V Rekenaarwetenskap 214 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 345 | V Rekenaarwetenskap 214 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 411 | V Rekenaarwetenskap 214, 244 |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 412 | Geen |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 441 | Geen |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 471 | Geen |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 491 | Geen |
| 18139 | Rekenaarwetenskap 495 | Geen |
| 59536 | Rekenaarwetenskap E 214 | S Rekenaarprogrammering 143 V Ingenieurswiskunde 115, 145 |
| 59536 | Rekenaarwetenskap E 414 | V Rekenaarwetenskap 144 of Rekenaarwetenskap E214 V Wiskundige Statistiek 245 en 246; of Stelsels en Seine 344 V Wiskunde 214 of Toegepaste Wiskunde 214 of Ingenieurswiskunde 214 |
| 18414 | Sielkunde 114 | Geen |
| 18414 | Sielkunde 144 | Geen |
| 18414 | Sielkunde 213 | S Sielkunde 114, 144 |
| 18414 | Sielkunde 223 | S Sielkunde 114, 144 |
| 18414 | Sielkunde 243 | S Sielkunde 114, 144 |
| 18414 | Sielkunde 314 | S – enige drie van die volgende vier modules: Sielkunde 213, 223, 243, 253 |
| 18414 | Sielkunde 324 | S – enige drie van die volgende vier modules: Sielkunde 213, 223, 243, 253 |
| 18414 | Sielkunde 348 | S – enige drie van die volgende vier modules: Sielkunde 213, 223, 243, 253 |
| 58173 | Sosio-informatika 212 | Geen |
| 58173 | Sosio-informatika 224 | Geen |

| Vaknommer | Modulenaam | Slaagvoorvereiste- (S), voorvereiste- (V) en newevereistemodules (N) |
|-----------|---------------------------------|--|
| 58173 | Sosio-informatika 254 | Geen |
| 58173 | Sosio-informatika 262 | Geen |
| 58173 | Sosio-informatika 314 | V Sosio-informatika 224 |
| 58173 | Sosio-informatika 334 | Geen |
| 58173 | Sosio-informatika 354 | V Sosio-informatika 254, 314, 334 |
| 58173 | Sosio-informatika 364 | Geen |
| 19267 | Spesiale Fisika 111 | Geen |
| 54607 | Sportwetenskap 222 | Geen |
| 54607 | Sportwetenskap 232 | Geen |
| 54607 | Sportwetenskap 252 | Geen |
| 54607 | Sportwetenskap 262 | S Kinesiologie 162 |
| 54607 | Sportwetenskap 382 | Geen |
| 14223 | Statistiek en Datawetenskap 188 | Geen |
| 50563 | Tekstielwetenskap 254 | V Chemie 124 of 164, 144 |
| 52078 | Toegepaste Chemie 315 | N Toegepaste Chemie 324 |
| 52078 | Toegepaste Chemie 324 | V Chemie 214, 264 |
| 52078 | Toegepaste Chemie 334 | S Chemie 214, 264 |
| 52078 | Toegepaste Chemie 344 | V Toegepaste Chemie 324 |
| 52078 | Toegepaste Chemie 345 | V Toegepaste Chemie 315 N Toegepaste Chemie 344 |
| 54429 | Toegepaste Kinesiologie 313 | S Kinesiologie 182 |
| 54429 | Toegepaste Kinesiologie 314 | Geen |
| 54429 | Toegepaste Kinesiologie 324 | Geen |
| 54429 | Toegepaste Kinesiologie 344 | Geen |
| 54429 | Toegepaste Kinesiologie 352 | Geen |
| 54429 | Toegepaste Kinesiologie 353 | S Kinesiologie 182 |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 144 | V Wiskunde 114 N Wiskunde 144 |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 214 | V Wiskunde 144 |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 244 | V Wiskunde 114, 144 |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 314 | V Toegepaste Wiskunde 214 of Wiskunde 214 |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 324 | V Wiskunde 114 |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 354 | V Toegepaste Wiskunde 144 |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 364 | S Wiskunde 114, 144 of Ingenieurswiskunde 115, 145 |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 471 | Geen |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 476 | Geen |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 482 | Geen |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 483 | Geen |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 492 | Geen |
| 20710 | Toegepaste Wiskunde 493 | Geen |
| 20753 | Toegepaste Wiskunde B 124 | Geen |

| Vaknommer | Modulenaam | Slaagvoorvereiste- (S), voorvereiste- (V) en newevereistemodules (N) |
|-----------|---|---|
| 20753 | Toegepaste Wiskunde B 154 | N Ingenieurswiskunde 115 V Toegepaste Wiskunde B 124 |
| 20753 | Toegepaste Wiskunde B 224 | V Toegepaste Wiskunde 144 of Toegepaste Wiskunde B 154 |
| 20753 | Toegepaste Wiskunde B 242 | V Ingenieurswiskunde 145 N Toegepaste Wiskunde B 224 |
| 20753 | Toegepaste Wiskunde B 252 | Geen |
| 64007 | Universiteitspraktyk in die Natuurwetenskappe 176 | Geen |
| 56820 | Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 | Geen |
| 56820 | Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 | Geen |
| 13623 | Wetenskap in Konteks 178 | Geen |
| 64866 | Wetenskapkommunikasievaardigheid 116 | Geen |
| 64866 | Wetenskapkommunikasievaardigheid 146 | Geen |
| 12263 | Wetenskaplike Berekening 272 | Geen |
| 12263 | Wetenskaplike Berekening 372 | V Wetenskaplike Berekening 272 |
| 21547 | Wiskunde (Bio) 124 | Geen |
| 21547 | Wiskunde (Bio) 176 | Geen |
| 21539 | Wiskunde 114 | Geen |
| 21539 | Wiskunde 144 | V Wiskunde 114 |
| 21539 | Wiskunde 154 | Geen |
| 21539 | Wiskunde 186 | Geen |
| 21539 | Wiskunde 214 | S Wiskunde 114, 144 |
| 21539 | Wiskunde 244 | V Wiskunde 214 |
| 21539 | Wiskunde 278 | Geen |
| 21539 | Wiskunde 314 | S Wiskunde 214, 244 |
| 21539 | Wiskunde 324 | S Wiskunde 214, 244 |
| 21539 | Wiskunde 325 | Geen |
| 21539 | Wiskunde 344 | S Wiskunde 214, 244 of gelykstaande modules |
| 21539 | Wiskunde 345 | S Wiskunde 114, 144 of gelykstaande modules |
| 21539 | Wiskunde 365 | S Wiskunde 214, 244 |
| 21539 | Wiskunde 378 | Geen |
| 22853 | Wiskundige Statistiek 214 | S Wiskunde 114, 144 met 'n gemiddelde finale punt van minstens 60% S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 |
| 22853 | Wiskundige Statistiek 245 | S Wiskundige Statistiek 214 |
| 22853 | Wiskundige Statistiek 246 | S Wiskundige Statistiek 214 |
| 22853 | Wiskundige Statistiek 312 | S Wiskundige Statistiek 245 V Wiskundige Statistiek 246 met 'n finale punt van minstens 40% V Wiskunde 214 |
| 22853 | Wiskundige Statistiek 316 | S Wiskundige Statistiek 246 V Wiskundige Statistiek 245 met 'n finale punt van |

| Vaknommer | Modulenaam | Slaagvoorvereiste- (S), voorvereiste- (V) en newevereistemodules (N) |
|-----------|---------------------------|--|
| | | minstens 40% V Wiskunde 214, 244 |
| 22853 | Wiskundige Statistiek 344 | V Wiskundige Statistiek 312, 316 |
| 22853 | Wiskundige Statistiek 364 | V Wiskundige Statistiek 312, 316 |

8. Reëls vir Dekaaansvergunningsassessering

- 8.1 'n Voorgraadse finalejaarstudent wat, nadat alle assesserings afgelê is en alle finale punte beskikbaar is, 'n maksimum van twee modules met 'n maksimum van 32 krediete, of die kredietwaarde wat individuele fakulteite in hoogs uitsonderlike gevalle toelaat, kort ten einde die graad te verwerf (dit wil sê assesserings in die betrokke modules afgelê, maar gesak het), kan deur die Dekaan in oorleg met die betrokke departement(e) as vergunning tot 'n Dekaaansvergunningsassessering (DVA) toegelaat word, onderworpe aan die bepalings in paragrawe 8.2, 8.3 en 8.4 hieronder. Let daarop dat jy vir die betrokke module(s) in die spesifieke jaar geregistreer moes wees en 'n finale punt van ten minste 35% daarin moes verwerf het.
- 8.2 Die fakulteitadministrateur sal sodanige studente identifiseer en die name via die Dekaaanskantoor aan die betrokke departemente verskaf. Die onus rus op die betrokke studente om betyds (nie later nie as 15 Januarie) met die fakulteitadministrateur te skakel oor toelating tot die DVA.
- 8.3 Indien die student die module in die DVA sak, sal geen verdere DVA toegestaan word nie en **moet** die student weer vir die module registreer.
- 8.4 Die DVA sal deur die betrokke departement vir Januarie of Februarie geskeduleer word. Studente aan wie 'n DVA toegestaan is, moet vroegtydig by die betrokke departement van die tyd en plek van die DVA seker maak en betyds daar aanmeld.
- 8.5 DVA's word slegs met die goedkeuring van die Dekaan toegestaan. **Departemente mag onder geen omstandighede self DVA's aan studente toestaan nie.** Geen dosent kan 'n onderneming hieroor aan 'n student maak nie.
- 8.6 Die toestaan van 'n DVA in 'n module is onderworpe aan die reëls van die fakulteit wat die module aanbied. Vir die reëls vir DVA's in modules wat nie deur die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word nie, raadpleeg die betrokke fakulteit se Jaarboekdeel of die fakulteitsadministrateur.

Voorgaadse programme

1. Toelatingsvereistes

1.1 Skooleindkwalifikasies

Vir toelating tot die Universiteit benodig jy:

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat of skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (*Independent Examination Board*) soos gesertifiseer deur Umalusi, met toelating tot baccalaureusgraadstudie*; of
- 'n Universiteitsvrystellingsertifikaat wat deur die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad aan studente met ander skoolkwalifikasies uitgereik word.

*Toelating tot baccalaureusgraadstudie vereis dat jy 'n punt van minstens 4 (50-59%) in elk van vier aangewese universiteitstoelatingsvakke verwerf.

1.2 Minimum toelatingsvereistes vir BSc-graadprogramme

Vir toelating tot die BSc-graadprogramme in die Fakulteit, moet jy voldoen aan die volgende minimum toelatingsvereistes:

1.2.1 Nasionale Senior Sertifikaat (NNS) of Onafhanklike Eksamenraad-skooleindsertifikaat (*Independent Examination Board*) (IEB)

- 'n Gemiddelde finale punt van 65% in die Nasionale Senior Sertifikaat of die Onafhanklike Eksamenraad-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit);
- Vir graadprogramme in die Fisiese en Wiskundige Wetenskappe, 'n finale punt van 70% (6) vir Wiskunde; OF
- Vir graadprogramme in die Biologiese Wetenskappe as jy Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154 gaan volg, 'n finale punt van 60% (5) vir Wiskunde; OF indien jy Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144 gaan volg, 'n finale punt van 70% (6) vir Wiskunde;
- Vir graadprogramme in die Biologiese Wetenskappe en Fisiese Wetenskappe, 'n finale punt van 50% (4) vir Fisiese Wetenskappe;
- Vir graadprogramme in die Wiskundige Wetenskappe as jy Chemie en/of Fisika wil volg, 'n finale punt van 50% (4) vir Fisiese Wetenskappe;
- 'n Finale punt van 50% (4) vir Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal); en
- 'n Finale punt van 50% (4) vir een ander aangewese universiteitstoelatingsvak.

1.2.2 Ander skoolkwalifikasies as die Nasionale Senior Sertifikaat of Onafhanklike Eksamenraad-skooleindsertifikaat

- Indien jy 'n ander skoolkwalifikasie as die Nasionale Senior Sertifikaat of Onafhanklike Eksamenraad-skooleindsertifikaat het, moet jy verseker dat die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad 'n sertifikaat van universiteitsvrystelling aan jou kan uitreik.
- Jy moes sowel Fisika as Chemie as skoolvakke geneem het indien Fisiese Wetenskappe as toelatingsvereiste gestel word.

*Sien programspesifieke vereistes soos vir ander skoolstelsels agter in hierdie Jaarboekdeel.

1.2.3 Fisiese Wetenskappe as skoolvak

- Indien jy vir 'n program in die Biologiese Wetenskappe of Fisiese Wetenskappe wil registreer, moes jy Fisiese Wetenskappe of sowel Chemie as Fisika as skoolvak(ke) gevolg het.
- Indien jy vir enige module in Chemie of Fisika wil registreer, moes jy Fisiese Wetenskappe of sowel Chemie as Fisika as skoolvak(ke) gevolg het.

1.2.4 Lewenswetenskappe as skoolvak

Indien jy vir 'n program in die Biologiese Wetenskappe wil registreer, word daar aanbeveel dat jy Lewenswetenskappe as skoolvak moes gevolg het, alhoewel dit nie 'n toelatingsvereiste is nie.

1.3 Keuringsvereistes

1.3.1 Jou toelating tot die Fakulteit Natuurwetenskappe is afhanklik van die beskikbaarheid van plek per program en die Fakulteit volg 'n keuringsproses om die inskrywingsteikens te behaal.

1.3.2 Net omdat jy voldoen aan die minimum toelatingsvereistes van die program waarvoor jy aansoek doen, waarborg nie dat jy vir jou gekose program gekeur sal word nie. Sien die tabelle in afdeling 1.7 hieronder.

- 1.3.3 Jy moet **ook** aan die spesifieke keuringsvereistes van 'n spesifieke jaar voldoen. Die Fakulteit se keuringsbeleid en -prosedures is beskikbaar by www.maties.com.
- 1.3.4 Indien jy vir 'n program in die Biologiese Wetenskappe wil registreer, neem kennis dat daar van jou vereis mag word om met dier- en/of mens-biologiese materiaal te werk. In die geval van diere mag dit ook primêre monsterversameling insluit.

1.4 Hoe om aansoek te doen

Doen aanlyn aansoek by SUNStudent (<https://student.sun.ac.za>) en volg die aanwysings om jou voltooide aansoek in te dien voor **30 Junie** van die jaar vóór jou voorgename studie.

1.5 Voornemende studente wat by aansoek reeds in besit is van 'n skooleindsertifikaat, soos gesertifiseer deur Umalusi

- Indien jy ná verwerping van die skooleindsertifikaat aansoek doen, sal jou aansoek oorweeg word indien jy voldoen aan die toelatingsvereistes wat geld vir die jaar waarin jy aansoek doen.
- Alle aansoeke sal volgens die keuringsproses oorweeg word. Indien jy nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie, maar besig is om jou skooleindprestasie tydens die aansoekjaar te verbeter, sal jou aansoek op 'n waglys geplaas word totdat die verbeterde finale punt bekend is.

1.6 Toelatingsvereistes vir die BSc (Verlengde Graadprogramme)

Hierdie programme bied alternatiewe toegang tot die programme in die Biologiese Wetenskappe, Fisiese Wetenskappe en Wiskundige Wetenskappe.

Indien daar slegs één van die minimum toelatingsvereistes vir BSc-gradprogramme is waaraan jy nie voldoen nie, kan jy aansoek doen om toelating tot 'n verlengde graadprogram. Om hiervoor in aanmerking te kom, is die vereistes:

- 'n Finale punt van 50% (4) vir Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal); en
- Fisiese Wetenskappe as skoolvak; en
- 'n Gemiddelde finale punt van tussen 55% en 64,9% in die Nasionale Senior Sertifikaat, Lewensoriëntering uitgesluit; OF
- 40% (3) vir Fisiese Wetenskappe; OF
- Vir programme in die Fisiese en Wiskundige Wetenskappe, 'n finale punt van óf 60% (5) vir Wiskunde; OF
- Vir programme in die Biologiese Wetenskappe, 'n finale punt van 50% (4) vir Wiskunde.

*Sien tabel met programspesifieke minimum vereistes vir toelating tot die BSc (Verlengde Graadprogramme) agter in hierdie Jaarboekdeel.

Die Fakulteit Natuurwetenskappe keur 'n beperkte getal studente vir die verlengde BSc-gradprogramme en voorkeur word verleen aan Suid-Afrikaanse sosio-ekonomies benadeelde leerders. Die keuringsbeleid en -prosedures is beskikbaar by www.maties.com.

'n Verlengde graadprogram duur hoogstens 'n jaar langer as die hoofstroomgraadprogram. Neem kennis van die volgende:

- Gedurende die eerste jaar van die program word jou kennisbasis versterk en jou vaardighede ontwikkel om jou voor te berei om vanaf jou tweede jaar by die hoofstroommodules aan te sluit.
- Klasbywoning is verpligtend en jy moet alle modules in Jaar 1 slaag om met die daaropvolgende studiejaar te kan voortgaan.
- Jy kan nie modules van die eerste jaar herhaal nie. Dit beteken dat indien jy onbevredigend klas bywoon en/of een of meer modules in jaar 1 sak, jy nie hertoelating tot die verlengde graadprogram sal kry nie.
- Indien jy hierdie graadprogram suksesvol voltooi, ontvang jy 'n graadsertifikaat van die Universiteit wat presies dieselfde is as dié wat die hoofstroomstudente ontvang.

1.7 Toelating tot die BSc-gradprogram met vorige tersiêre leer

Indien jy reeds toepaslike modules voltooi het voordat jy vir 'n BSc-program in die Fakulteit Natuurwetenskappe inskryf, kan jy aansoek doen om die erkenning en vrystelling van modules wat jy reeds voltooi het.

Die Akademiese Komitee sal jou aansoek om erkenning van vorige leer (EVL/KAO) oorweeg, en jy sal skriftelike terugvoer ontvang. Raadpleeg die dokument "Erkenning van Vorige Leer en Kredietakkumulاسie en -oordrag- (EVL/KAO-)prosedures vir die Fakulteit Natuurwetenskappe" vir verdere besonderhede. Kontak scienceadmin@sun.ac.za vir toegang tot hierdie dokument.

- **Let wel:** Slegs krediete wat in die voorafgaande **vyf jaar** behaal is, sal normaalweg as oordraagbaar erken word.
- Erkenning sal per module verleen word (met ander woorde, erkenning word nie vir gedeeltes van modules verleen nie) en is onderhewig daaraan dat die kurrikulum, uitkomst en krediete van die

voltooide module grootliks ooreenstem met die vereistes van die module binne die BSc-program wat jy wil volg, of dit oorskry.

Om 'n BSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe te verwerf, met erkenning van modules van ander programme of instellings, moet jy aan die volgende vereistes voldoen:

- Jy moes in besit wees van 'n skoolleidsertifikaat met toelating tot baccalaureusgraadstudie alvorens jy begin het met die vakke wat moontlik erken kan word vir die BSc-graad;
- Jy moet vir ten minste twee akademiese jare vir die spesifieke graadprogram in die Fakulteit Natuurwetenskappe, Universiteit van Stellenbosch, registreer;
- Jy moet ten minste die helfte van die totale getal krediete, wat alle voorgeskrewe finalejaarkrediete van die spesifieke graadprogram insluit, aan die Fakulteit Natuurwetenskappe, Universiteit van Stellenbosch verwerf; en
- Die inhoud en uitkomste van die modules (moduleraamwerk of sillabusgids) waarvoor jy erkenning vra, moet saam met jou aansoek ingedien word.

1.7.1 Aansoekers vanaf ander programme; of met 'n kwalifikasie verwerf aan die Universiteit Stellenbosch

1.7.1.1 Hierdie afdeling is op jou van toepassing indien jy jou studies in 'n ander program aan die Universiteit Stellenbosch begin het, en wil **oorskakel na 'n BSc-program** in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

Toelatingsvereistes

Om oor te skakel in die middel van 'n akademiese jaar

- Jy moet voldoen aan die minimum toelatingsvereistes sowel as die keuringsvereistes wat op 'n spesifieke studiejaar van toepassing is (ook van toepassing op aansoekers sonder enige vorige tersiêre leer). (Raadpleeg afdeling 1.2 en 1.3 hierbo.)
- Jy moet aan die einde van die jaar van die beplande verandering aan die spesifieke minimum HEMIS-kredietvereistes van die Fakulteit Natuurwetenskappe voldoen. Hierdie krediete moet verwerf word deur modules te volg wat voorgeskryf word in die kurrikulum van die program waarna jy wil oorskakel.
- Jou studierekord is belangrik in die oorweging van jou aansoek.
- Die oordrag van modulekrediete wat reeds in 'n ander program verwerf is, sal per geval geëvalueer word.

Toelatingsvereistes

Om oor te skakel aan die begin van 'n akademiese jaar

- Jy moet voldoen aan die minimum toelatingsvereistes sowel as die keuringsvereistes wat ook van toepassing is op aansoekers sonder enige vorige tersiêre leer. (Raadpleeg afdeling 1.2 en 1.3 hierbo.)
- Jy moet aan die spesifieke minimum HEMIS-kredietvereistes van die Fakulteit Natuurwetenskappe voldoen.
- Jou studierekord is belangrik in die oorweging van jou aansoek.
- Die oordrag van modulekrediete wat reeds in 'n ander program verwerf is, sal van geval tot geval geëvalueer word.

Aansoekprosedure

Kontak die [Koördineerder: Akademiese en Studentesake](#) vir inligting oor die aansoekprosedure. Die aansoek sal dien by die Fakulteit se Akademiese Komitee, waarvan die Visedekaan: Onderrig en Leer die voorsitter is.

1.7.1.2 Hierdie afdeling is op jou van toepassing indien jy 'n **kwalifikasie aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het**, en vir 'n BSc-program in die Fakulteit Natuurwetenskappe wil registreer.

Toelatingsvereistes

- Jy moet voldoen aan die toelatingsvereistes sowel as die keuringsvereistes wat ook van toepassing is op aansoekers sonder enige vorige tersiêre leer. (Raadpleeg afdeling 1.2 en 1.3 hierbo.)
- Sien afdeling 1.7 hierbo en raadpleeg ook die dokument "EVL/KAO-prosedures vir die Fakulteit Natuurwetenskappe" vir verdere besonderhede. Kontak scienceadmin@sun.ac.za vir toegang tot hierdie dokument.
- Die oordrag van modulekrediete wat reeds in 'n ander program verwerf is, sal van geval tot geval geëvalueer word.
- Minder as 50% van die krediete wat reeds verwerf is, sal as krediete vir die nuwe graadprogram erken word.
- Jou studierekord is belangrik in die oorweging van jou aansoek.

Aansoekprosedure

Doen aanlyn aansoek by SUNStudent (<https://student.sun.ac.za>) en volg die aanwysings om jou voltooide aansoek in te dien voor **30 Junie** van die jaar vóór jou voorgename studie.

1.7.2 Aansoekers van programme, of met kwalifikasies van ander universiteite in Suid-Afrika

1.7.2.1 Hierdie afdeling is op jou van toepassing indien jy by 'n ander universiteit begin studeer het, maar nou jou **studie in 'n BSc-program aan die US se Fakulteit Natuurwetenskappe wil voortsit**. 'n Minimum registrasietydperk van twee jaar by die US word vereis om 'n graad aan die US te behaal.

Toelatingsvereistes

Om op grond van jou vorige studie by 'n ander universiteit tot 'n BSc-graadprogram in die Fakulteit Natuurwetenskappe toegelaat te word, moet jy aan die volgende vereistes voldoen:

- Jy moet voldoen aan die minimum toelatingsvereistes sowel as die keuringsvereistes wat ook van toepassing is op aansoekers sonder enige vorige tersiêre leer (raadpleeg afdeling 1.2 en 1.3 hierbo); of
- Indien jy nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie, kan jy aansoek doen om erkenning van vorige leer. Raadpleeg afdeling 1.7 hierbo sowel as die dokument "EVL/KAO-prosedures vir die Fakulteit Natuurwetenskappe" vir verdere besonderhede. Kontak scienceadmin@sun.ac.za vir toegang tot hierdie dokument.
- Jy moet voldoen aan die vereistes om jou studie voort te sit by die universiteit waar jy voorheen studeer het of waar jy studeer wanneer jy aansoek doen.
- Jou studierekord is belangrik in die oorweging van jou aansoek.
- Die oordrag van modulekrediete wat reeds in 'n ander program verwerf is, sal van geval tot geval geëvalueer word.

Aansoekprosedure

Doen aanlyn aansoek by SUNStudent (<https://student.ac.za>) en volg die aanwysings om jou voltooide aansoek in te dien voor **30 Junie** van die jaar vóór jou voorgename studie.

1.7.2.2 Hierdie afdeling is op jou van toepassing indien jy 'n **kwalifikasie by 'n ander universiteit in Suid-Afrika verwerf het** en wil registreer vir 'n BSc-program in die Fakulteit Natuurwetenskappe, US. 'n Minimum registrasietydperk van twee jaar by die US word vereis om 'n graad aan die US te behaal.

Toelatingsvereistes

Om op grond van jou vorige studie by 'n ander universiteit tot 'n BSc-graadprogram in die Fakulteit Natuurwetenskappe toegelaat te word, moet jy aan die volgende vereistes voldoen:

- Jy moet voldoen aan die toelatingsvereistes sowel as die keuringsvereistes wat ook van toepassing is op aansoekers sonder enige vorige tersiêre leer (raadpleeg afdeling 1.2 en 1.3 hierbo); of
- Indien jy nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie, kan jy aansoek doen om erkenning van vorige leer. Raadpleeg afdeling 1.7 hierbo sowel as die dokument "EVL/KOO-prosedures vir die Fakulteit Natuurwetenskappe" vir verdere besonderhede. Kontak scienceadmin@sun.ac.za vir toegang tot hierdie dokument.
- Jou studierekord is belangrik in die oorweging van jou aansoek.
- Die oordrag van modulekrediete wat reeds in 'n ander program verwerf is, sal van geval tot geval geëvalueer word.

Aansoekprosedure

Doen aanlyn aansoek by SUNStudent (<https://student.ac.za>) en volg die aanwysings om jou voltooide aansoek in te dien voor **30 Junie** van die jaar vóór jou voorgename studie.

1.7.3 Aansoekers van universiteite buite Suid-Afrika

Toelatingsvereistes

Om op grond van jou vorige studie by 'n ander universiteit tot 'n BSc-graadprogram in die Fakulteit Natuurwetenskappe toegelaat te word, moet jy aan die volgende vereistes voldoen:

- Jy moet voldoen aan die minimum toelatingsvereistes sowel as die keuringsvereistes wat ook van toepassing is op aansoekers sonder enige vorige tersiêre leer (raadpleeg afdeling 1.2 en 1.3 hierbo).
- Raadpleeg afdeling 1.7 hierbo sowel as die dokument "EVL/KAO-prosedures vir die Fakulteit Natuurwetenskappe" vir verdere besonderhede oor erkenning van vorige leer/kredietakkumulatie en -oordrag. Kontak scienceadmin@sun.ac.za vir toegang tot hierdie dokument.
- In geval van 'n onvoltooide kwalifikasie, moet jy voldoen aan die vereistes om jou studie voort te sit by die universiteit waar jy voorheen studeer het of waar jy studeer wanneer jy aansoek doen.

- Jou studierekord is belangrik in die oorweging van jou aansoek.
- Die oordrag van modulekrediete wat reeds in 'n ander program verwerf is, sal van geval tot geval geëvalueer word.

Aansoekprosedure

Doen aanlyn aansoek by SUNStudent (<https://student.ac.za>) en volg die aanwysings om jou voltooide aansoek in te dien voor **30 Junie** van die jaar vóór jou voorgename studie.

Die Stellenbosch University International Services Centre (SUI) sal bystand verleen met die beoordeling van buitelandse kwalifikasies en vorige leer.

1.7.4 Erkenning van vorige leer nie in die afdelings hierbo gedek nie

Indien jy wil aansoek doen om toelating op grond van die erkenning van modules wat jy elders voltooi het, maar afdelings 1.7.1, 1.7.2 of 1.7.3 maak nie vir jou bepaalde omstandighede voorsiening nie, kontak scienceadmin@sun.ac.za vir die prosedures vir die erkenning van vorige leer. Jy moet die volgende besonderhede van jou vorige leer saam met jou aansoek indien:

- die naam van die program,
- 'n beskrywing (inhoud, omvang en uitkomst),
- die assesseringskriteria,
- die tipe assesserings,
- die akkreditasie van die instelling, en
- wanneer die leer verwerf is.

Let wel: Indien jy enige van bogenoemde inligting uitlaat, sal jou aansoek nie verwerk kan word nie. Ervaring op sigself word **nie** erken nie; dit moet **leer** wees wat op 'n erkende wyse geassesseer is.

Die Akademiese Komitee van die Fakulteit sal jou aansoek oorweeg en jou vorige leer vergelyk met die betrokke module-inhoude, uitkomstes en krediete. Die komitee kan:

- jou aansoek met redes verwerp;
- aan jou erkenning gee vir sekere module(s);
- aanbeveel dat jy assesserings vir sekere modules aflê; en/of
- 'n persoonlike onderhoud aanvra (wat as 'n mondelinge assessering beskou sal word). Ten minste twee akademiese personeellede moet tydens hierdie onderhoud teenwoordig wees.


Die Fakulteitsadministrateur sal skriftelik aan jou terugvoer gee.

1.8 Opsomming van voorgraadse programme en toelatingsvereistes per program


Die kurrikulums of vakkombinasies wat jy vir 'n BSc-graad kan volg, word in die vorm van programme uiteengesit. 'n Program kan uit 'n verskeidenheid voorgeskrewe kurrikulums bestaan, en elke spesifieke kurrikulum is bekend as 'n fokusarea.

Die twee diagramme wat volg bied 'n uiteensetting van die programme en fokusareas vir 'n BSc-graad. Ons bied tien graadprogramme aan wat in drie hoofrigtings ingedeel word, naamlik die Biologiese, Fisiese en Wiskundige Wetenskappe. Ons bied ook twee interdisiplinêre graadprogramme aan. Die verskillende programme en, waar van toepassing, die bykomende fokusareas word in die blokke onder Biologiese, Fisiese en Wiskundige Wetenskappe en die interdisiplinêre aanbod uiteengesit.

Die Fakulteit se programme en fokusareas



Die Fakulteit se programme en fokusareas



Die vier tabelle hieronder bied 'n uiteensetting van die eerstejaarkurrikulums wat gevolg moet word vir spesifieke programme, fokusareas in programme, sowel as die kombinasie van vakspesifieke toelatingsvereistes wat van toepassing is op 'n spesifieke program of fokusarea. Raadpleeg afdeling 3 van hierdie hoofstuk vir alle eerstejaarkurrikulums, met elkeen se toepaslike vakke en modules.

Biologiese Wetenskappe

| Programme, fokusareas in programme en eerstejaarkurrikulum | Toelatingsvereistes |
|---|--|
| Biodiversiteit en Ekologie (Kurrikulum 1) | 'n Gemiddelde finale punt van 65%, Lewensoriëntering uitgesluit Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 |
| Molekulêre Biologie en Biotegnologie (Kurrikulum 1, of aangepaste kurrikulum 3) | Fisiese Wetenskappe 4 |
| Menslike Lewenswetenskappe 1. Fokusarea: Biologie (Kurrikulum 1, of aangepaste kurrikulum 3) 2. Fokusarea: Biologie met Sielkunde (Kurrikulum 2) | Wiskunde 6 (Indien jy Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144 gaan volg) OF |
| Sportwetenskap (Programspesifieke kurrikulum) | Wiskunde 5 (Indien jy Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154 gaan volg) |

Fisiese Wetenskappe

| Programme, fokusareas in programme en eerstejaarkurrikulum | Toelatingsvereistes |
|--|---|
| Chemie 1. Fokusarea: Chemie en Polimeerwetenskap (Kurrikulum 3, of 4, of 5, of 6) 2. Fokusarea: Chemiese Biologie (Kurrikulum 3) 3. Fokusarea: Materiaaltegnologie (Kurrikulum 3, of 5, of 6) | 'n Gemiddelde finale punt van 65%, Lewensoriëntering uitgesluit Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 Fisiese Wetenskappe 4 |
| Fisika 1. Fokusareas: Laserfisika (Fisies), Kernfisika, Stralings- en Gesondheidsfisika (Kurrikulum 5, of 6, of 7) 2. Fokusarea: Laserfisika (Biologies) (Kurrikulum 3) 3. Fokusarea: Teoretiese Fisika (Kurrikulum 7) | Wiskunde 6 |
| Aardwetenskap (Kurrikulum spesifiek van toepassing op fokusareas) 1. Fokusarea: Toegepaste Aardwetenskap 2. Fokusarea: Geo-omgewingswetenskap | 'n Gemiddelde finale punt van 65%, Lewensoriëntering uitgesluit Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 |
| Geoinformatika (Programspesifieke kurrikulum) | Fisiese Wetenskappe 4 Wiskunde 6 (Indien jy Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144 gaan volg) |
| | OF Wiskunde 5 (Indien jy Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154 gaan volg) |

Wiskundige Wetenskappe

| Program, fokusareas in die program en eerstejaarkurrikulum | Toelatingsvereistes |
|---|---|
| <p>Wiskundige Wetenskappe</p> <p>1. Fokusarea: Toegepaste Wiskunde (Programspesifieke kurrikulum)</p> <p>2. Fokusarea: Wiskunde (Programspesifieke kurrikulum)</p> <p>3. Fokusarea: Operasionele Navorsing (Programspesifieke kurrikulum)</p> <p>4. Fokusarea: Abstrakte Wiskunde (Programspesifieke kurrikulum)</p> | <p>'n Gemiddelde finale punt van 65%, Lewensoriëntering uitgesluit</p> <p>Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4</p> <p>Wiskunde 6</p> <p>Enige ander skoolvak uit die lys aangewese universiteitstoelatingsvakke 4</p> <p>OF</p> <p>Fisiese Wetenskappe 4 (Indien jy Fisika of Chemie gaan volg)</p> |
| <p>Rekenaarwetenskap</p> <p>1. Fokusarea: Algemene Rekenaarwetenskap (Programspesifieke kurrikulum)</p> <p>2. Fokusarea: Rekenaarstelsels (Programspesifieke kurrikulum)</p> <p>3. Fokusarea: Datawetenskap (Programspesifieke kurrikulum)</p> <p>4. Fokusarea: Rekenaarwetenskap met Genetika as tweede hoofvak (Programspesifieke kurrikulum)</p> <p>5. Fokusarea: Rekenaarwetenskap met Geografiese Inligtingstegnologie as tweede hoofvak (Programspesifieke kurrikulum)</p> | <p>'n Gemiddelde finale punt van 65%, Lewensoriëntering uitgesluit</p> <p>Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4</p> <p>Wiskunde 6</p> <p>Enige ander skoolvak uit die lys aangewese universiteitstoelatingsvakke 4</p> <p>OF</p> <p>Fisiese Wetenskappe 4 (Indien jy Fisika of Chemie gaan volg)</p> |

Interdissiplinêre aanbod

| Programme, fokusareas in programme en eerstejaarkurrikulum | Toelatingsvereistes |
|--|--|
| <p>Interdissiplinêre BSc-aanbod</p> <p>1. Fokusarea: Biomediese Wiskundige Wetenskappe (Programspesifieke kurrikulum)</p> <p>2. Fokusarea: Toegepaste Medisinalre Chemie (Programspesifieke kurrikulum)</p> <p>3. Fokusarea: Bioinformatika en Berekeningsbiologie (Programspesifieke kurrikulum)</p> <p>4. Fokusarea: Biowiskunde (Programspesifieke kurrikulum)</p> | <p>'n Gemiddelde finale punt van 65%, Lewensoriëntering uitgesluit</p> <p>Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4</p> <p>Fisiese Wetenskappe 4</p> <p>Wiskunde 6</p> |

| Programme, fokusareas in programme en eerstejaarkurrikulum | Toelatingsvereistes |
|--|---|
| BDatSci (Interfakulteit) 1. Fokusarea: Rekenaarwetenskap <i>(Programspesifieke kurrikulum)</i> 2. Fokusarea: Toegepaste Wiskunde <i>(Programspesifieke kurrikulum)</i> 3. Fokusarea: Statistiese Fisika <i>(Programspesifieke kurrikulum)</i> | 'n Gemiddelde finale punt van 80%, Lewensoriëntering uitgesluit Wiskunde 80% Een van die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • Afrikaans Huistaal 60% of • Engels Huistaal 60% of • Afrikaans Eerste Addisionele Taal 75% of • Engels Eerste Addisionele Taal 75% |

2. Die beginsels waarvolgens die BSc-graadprogram saamgestel is

Die drie jaar lange BSc-graadprogram word saamgestel uit minstens 24 standaardsemestermodule (hierna standaardmodules genoem) van 16 krediete elk, plus die modules wat die verpligte generiese vaardighede bevat (soos Rekenaarvaardigheid 171, 272, asook Wetenskapkommunikasievaardigheid 172).

Jy moet minstens 18, maar verkieslik meer, van hierdie standaardmodules uit die kernvakke neem wat deur die departemente van die Biologiese Wetenskappe, die Fisiese Wetenskappe-groep (Chemie, Fisika en Aardwetenskap) en die Wiskundige Wetenskappe-groep (Rekenaarwetenskap, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Wiskundige Statistiek en Operasionele Navorsing) aangebied word. Erkenning van modules wat as gelykstaande gereken word, sal deur die Natuurwetenskappe Fakulteitsraad oorweeg word.

Die volgende reëls met betrekking tot modulekombinasies (plus die modules wat die verpligte generiese vaardighede insluit) is van toepassing op die drie jaar lange BSc-graadprogram:

- Eerste jaar: Jy moet minstens 8 standaardmodules op eerstejaarsvlak neem.
- Tweede jaar: Jy moet minstens 8 standaardmodules neem waarvan minstens 6 op tweedejaarsvlak is.
- Derde jaar: Jy moet minstens 8 standaardmodules neem waarvan minstens 6 op derdejaarsvlak is. Jy moet minstens 4 van hierdie 6 standaardmodules uit die kernvakke kies wat gewoonlik lei tot 2 hoofvakke wat weer voorsiening maak vir minstens 2 nagraadse opsies. Die oorblywende 2 standaardmodules mag op tweedejaarsvlak wees.

Alle drie jaar lange BSc-programme moet minstens 1 standaardmodule in Wiskunde bevat en minstens 2 standaardmodules (maar verkieslik meer) in kernvakke buite jou eie hoofrigting (naamlik Biologies, Fisies of Wiskundig). Die Fakulteit se huidige goedgekeurde eerstejaarkurrikulums verseker dat jou programsamestelling daaraan voldoen.

Met die oog op programsamestelling word 'n hoofvak soos volg gedefinieer:

- 'n Aantal goedgekeurde samehangende modules ter waarde van minstens 64 krediete op finalejaarsvlak, wat uit verskillende departemente saamgevoeg kan wees, en wat na gespesifiseerde nagraadse studie lei.

Let wel: Jy kan jou BSc-graad opvolg met 'n HonsBSc-graad in 'n spesifieke vakdisipline. Hierop kan 'n MSc en later 'n PhD volg wat meer navorsingsgerig is. Vir meer inligting raadpleeg die hoofstuk "Nagraadse programme" in hierdie Jaarboekdeel.

3. Eerstejaarkurrikulums vir BSc-graadprogramme

Hieronder word die eerstejaarkurrikulums vir die drie jaar lange BSc-graadprogramme en dan vir die verlengde graadprogramme uiteengesit.

3.1 Eerstejaarkurrikulums vir die drie jaar lange BSc-graadprogramme

Die onderstaande eerstejaarkurrikulums word vir BSc-graadprogramme vereis, tensy 'n ander eerstejaarkurrikulum by die spesifieke programkurrikulum uiteengesit word. Die eerstejaarkurrikulums word genummer van 1 tot 7. In die programkurrikulums word hierdie nommers gebruik om aan te dui watter eerstejaarkurrikulum gevolg moet word om 'n spesifieke programkurrikulum te kan volg.

Kurrikulum 1 (krediete = 140)

| | |
|----------------------|---------------------------|
| Biologie | 124(16), 144(16), 154(16) |
| Chemie | 124(16), 144(16) |
| Fisika (Bio) | 134(16), 154(16) |
| Wetenskap in Konteks | 178(12) |
| Wiskunde (Bio) | 124(16) |

Kurrikulum 2 (krediete = 148)

| | |
|----------------------|------------------|
| Biologie | 124(16), 154(16) |
| Chemie | 124(16), 144(16) |
| Fisika (Bio) | 134(16), 154(16) |
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |
| Wetenskap in Konteks | 178(12) |
| Wiskunde (Bio) | 124(16) |

Kurrikulum 3 (krediete = 140)

| | |
|----------------------|-----------------------------|
| Biologie | 124(16), 144(16) of 154(16) |
| Chemie | 124(16), 144(16) |
| Fisika | 114(16), 144(16) |
| Wetenskap in Konteks | 178(12) |
| Wiskunde | 114(16), 144(16) |

Kurrikulum 4 (krediete = 140)

| | |
|------------------------|------------------|
| Chemie | 124(16), 144(16) |
| Fisika | 114(16), 144(16) |
| Geo-omgewingswetenskap | 124(16), 154(16) |
| Wetenskap in Konteks | 178(12) |
| Wiskunde | 114(16), 144(16) |

Kurrikulum 5 (krediete = 140)

| | |
|----------------------|------------------|
| Chemie | 124(16), 144(16) |
| Fisika | 114(16), 144(16) |
| Rekenaarwetenskap | 114(16), 144(16) |
| Wetenskap in Konteks | 178(12) |
| Wiskunde | 114(16), 144(16) |

Kurrikulum 6 (krediete = 140)

| | |
|------------------------------------|------------------|
| Chemie | 124(16), 144(16) |
| Fisika | 114(16), 144(16) |
| Toegepaste Wiskunde | 144(16) |
| Waarskynlikheidsleer en Statistiek | 114(16) |
| Wetenskap in Konteks | 178(12) |
| Wiskunde | 114(16), 144(16) |

Kurrikulum 7 (krediete = 140)

| | |
|------------------------------------|------------------|
| Fisika | 114(16), 144(16) |
| Rekenaarwetenskap | 114(16), 144(16) |
| Toegepaste Wiskunde | 144(16) |
| Waarskynlikheidsleer en Statistiek | 114(16) |
| Wetenskap in Konteks | 178(12) |
| Wiskunde | 114(16), 144(16) |

3.2 Eerstejaarkurrikulum vir die BSc (Verlengde Graadprogramme)

Jaar 1 (146 krediete)

Verpligte Modules

| | |
|---|-----------------|
| Biologie | 146(16) |
| Chemie | 176(32) |
| Fisika | 176(32) |
| Rekenaarvaardigheid | 176(8) |
| Universiteitspraktyk in die Natuurwetenskappe | 176(8) |
| Wetenskapkommunikasievaardigheid | 116(12), 146(6) |

en

| | |
|----------------|-------------------|
| Wiskunde (Bio) | 176(32) OF |
| Wiskunde | 186(32) |

Jaar 2, 3 en 4

Nadat jy jou eerste jaar as student in die verlengde graadprogram suksesvol voltooi het, kan jy kies uit die kurrikulums van Jaar 1, 2 en 3 soos vir die hoofstroomgraadprogramme in die Biologiese, Fisiese of Wiskundige Wetenskappe.

4. Kurrikulums vir alle studiejare vir BSc-graadprogramme

- Jy moet 'n spesifieke program, of een van die fokusareas van 'n program, kies en die voorgeskrewe kurrikulum (vakke en modules) van jou gekose program of fokusarea volg en slaag om die BSc-graad te verwerf.
- Voordat jy finaal besluit oor jou keuse van keusemodules wat jy in 'n spesifieke akademiese jaar gaan volg, moet jy die klas- en assesseringsroosters sorgvuldig nagaan. Indien enige twee keusemodules binne dieselfde tydgleuf op 'n spesifieke rooster val, mag jy nie die twee modules saam volg nie, aangesien hulle 'n ontoelaatbare kombinasie is.
- Maak ook seker dat jy voldoen aan die voorgeskrewe nuwevereistes, voorvereistes en slaagvoorvereistes van elke module wat jy moet volg in die voorgeskrewe kurrikulum van jou graadprogram. Vir meer besonderhede oor hierdie vereistes, raadpleeg asseblief die module-inhoude in die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude van Alle Programme" van hierdie Jaarboekdeel.

In die volgende afdelings word die programkurrikulums uiteengesit wat vir die BSc-graad gevolg kan word.

4.1 Programme in die Biologiese Wetenskappe

Daar is vier programme in die Biologiese Wetenskappe-groep. Raadpleeg die onderstaande afdelings vir meer inligting oor elke program en, waar van toepassing, die verskillende fokusareas.

4.1.1 Biodiversiteit en Ekologie

Spesifieke Toelatingsvereistes

- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) – 4
- Fisiese Wetenskappe – 4
- Wiskunde – 5

Verdere Studiemoontlikhede

Hierdie program lei tot:

- 'n Honneursprogram in Biodiversiteit en Ekologie en die honneursprogram lei tot 'n magisterprogram in Dierkunde of in Plantkunde.
- 'n Honneursprogram in Toegepaste Plantfisiologie.

Vir meer besonderhede oor toelating tot die honneursprogram wat jy oorweeg, raadpleeg asseblief die betrokke honneursprogram se uiteensetting in die hoofstuk "Nagraadse programme" van hierdie Jaarboekdeel.

1ste jaar (140 krediete)

Verpligte Modules

(krediete = 108)

| | |
|----------------------|---------------------------|
| Biologie | 124(16), 144(16), 154(16) |
| Chemie | 124(16), 144(16) |
| Wetenskap in Konteks | 178(12) |
| Wiskunde (Bio) | 124(16) |

plus

Keusemodules

(krediete = 32)

Kies een van die onderstaande opsies.

Opsie 1

| | |
|-----------------------------------|---------|
| Geografiese Inligtingstechnologie | 141(16) |
| Geo-omgewingswetenskap | 124(16) |

Of

Opsie 2

| | |
|--------------|------------------|
| Fisika (Bio) | 134(16), 154(16) |
|--------------|------------------|

2de jaar (krediete = minimum 128, maksimum 144)

Verpligte Modules

(krediete = 96)

| | |
|----------------------------|--|
| Biodiversiteit en Ekologie | 212(16), 214(16), 224(16), 244(16), 254(16), 264(16) |
|----------------------------|--|

plus

Keusemodules

(krediete = minimum 32, maksimum 48)

Kies een van die twee onderstaande vakke. Jy moet albei modules van jou gekose vak volg.

| | |
|-----------------------------------|------------------|
| Genetika | 214(16), 244(16) |
| Geografiese Inligtingstechnologie | 214(16), 241(16) |

plus

Addisionele Keusemodule

| | |
|-----------------------------|---------|
| Geografie en Omgewingstudie | 265(16) |
|-----------------------------|---------|

3de jaar (128 krediete)**Verpligte Modules**

(krediete = 112)

| | |
|----------------------------|---|
| Biodiversiteit en Ekologie | 315(16), 324(16), 334(16), 344(16), 345(16), 354(16), 364(16) |
|----------------------------|---|

plus

Keusemodule

(krediete = 16)

Kies een van die onderstaande modules.

| | |
|----------------------------------|---------|
| Genetika | 314(16) |
| Geografiese Inligtingstegnologie | 312(16) |

4.1.2 Molekulêre Biologie en Biotegnologie**Spesifieke Toelatingsvereistes**

- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) – 4
- Fisiese Wetenskappe – 4
- Wiskunde – 6 (*Indien jy Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144 gaan volg*)

OF

- Wiskunde – 5 (*Indien jy Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134,154 gaan volg*)

Verdere Studietoemotlikhede

3de-jaar-hoofvakke lei tot die volgende studietoemotlikhede:

- Hoofvak 1 lei tot 'n honneursprogram in Biochemie.
- Hoofvak 2, opsie 1 word vereis vir toelating tot die honneursprogram in Genetika.
- Hoofvak 2, opsie 2 word aanbeveel vir toelating tot die honneursprogram in Plantbiotegnologie.
- Hoofvak 3 lei tot 'n honneursprogram in Mikrobiologie.

Vir meer besonderhede oor toelating tot die honneursprogram wat jy oorweeg, raadpleeg asseblief die betrokke honneursprogram se uiteensetting in die hoofstuk "Nagraadse programme" van hierdie Jaarboekdeel.

1ste jaar (140 krediete)**Verpligte Modules**

Kies een van die onderstaande kurrikulums.

Kurrikulum 1

| | |
|----------------------|---------------------------|
| Biologie | 124(16), 144(16), 154(16) |
| Chemie | 124(16), 144(16) |
| Fisika (Bio) | 134(16), 154(16) |
| Wetenskap in Konteks | 178(12) |
| Wiskunde (Bio) | 124(16) |

of

Aangepaste Kurrikulum 3

| | |
|----------------------|------------------|
| Biologie | 124(16), 154(16) |
| Chemie | 124(16), 144(16) |
| Fisika | 114(16), 144(16) |
| Wetenskap in Konteks | 178(12) |
| Wiskunde | 114(16), 144(16) |

2de jaar (144 krediete)**Verpligte Modules**

(krediete = 128)

| | |
|---------------|---|
| Biochemie | 214(16), 244(16) |
| Biometrie | 212(8), 242(8) |
| Genetika | 214(16), 244(16), 245(16) Genetika 245 word aanbeveel vir toelating tot die honneursprogram in Plantbiotegnologie. |
| Mikrobiologie | 214(16), 244(16) |

plus

Keusemodules

(krediete = 16)

Kies een van die onderstaande twee modules.

| | |
|----------|---|
| Chemie | 214(16) |
| Genetika | 215(16) Genetika 215 word aanbeveel vir toelating tot die honneursprogram in Plantbiotegnologie. |

3de jaar (128 krediete)**Verpligte Modules**

Kies twee hoofvakke. Jy moet al die modules van jou gekose hoofvakke volg.

Hoofvak 1

| | |
|----------------|---|
| Biochemie | 315(16), 323(8), 345(16), 365(16) EN |
| Bioinformatika | 312(8) |

Hoofvak 2, opsie 1

| | |
|----------|------------------------------------|
| Genetika | 314(16), 324(16), 344(16), 354(16) |
|----------|------------------------------------|

Hoofvak 2, opsie 2

| | |
|----------|------------------------------------|
| Genetika | 314(16), 315(16), 344(16), 345(16) |
|----------|------------------------------------|

Hoofvak 3

| | |
|---------------|------------------------------------|
| Mikrobiologie | 314(16), 324(16), 354(16), 364(16) |
|---------------|------------------------------------|

4.1.3 Menslike Lewenswetenskappe

Hierdie program bestaan uit twee fokusareas, naamlik Biologie, en Biologie met Sielkunde.

4.1.3.1 Fokusarea: Biologie**Spesifieke Toelatingsvereistes**

- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) – 4
- Fisiese Wetenskappe – 4
- Wiskunde – 6 (*Indien jy Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144 gaan volg*)

OF

- Wiskunde – 5 (*Indien jy Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154 gaan volg*)

Verdere Studietoemotlikhede

- Hierdie fokusarea lei tot 'n honneursprogram in Fisiologiese Wetenskappe.
- Indien jy toepaslike keusemodules volg, lei hierdie fokusarea ook tot 'n honneursprogram in Anatomie, Biochemie of Genetika.

Vir meer besonderhede oor toelating tot die honneursprogram wat jy oorweeg, raadpleeg asseblief die

betrokke honneursprogram se uiteensetting in die hoofstuk "Nagraadse programme" van hierdie Jaarboekdeel.

1ste jaar (140 krediete)

Verpligte Modules

Kies een van die onderstaande kurrikulums.

Kurrikulum 1

| | |
|----------------------|---------------------------|
- 2.1.3 Vir toelating tot die HonsBSc-program in 'n bepaalde vak, word 'n gemiddelde finale punt van minstens 60% in die finale jaar van die betrokke hoofvak of voorgeskrewe modules vereis. Indien jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, kan jy slegs op aanbeveling en motivering van die betrokke departement en met die spesiale goedkeuring van die Fakulteit Natuurwetenskappe se Fakulteitskomitee, tot die betrokke honneursprogram toegelaat word.
- 2.1.4 Besondere bepalings betreffende HonsBSc-programme in bepaalde vakke word onder die module-inhoude van die betrokke vakke aangedui.
- 2.1.5 HonsBSc-studente word nie toegelaat om gelyktydig met die eerste jaar van studie 'n ander vak op derdejaarlvlak, wat praktikum insluit, ekstra te volg nie. Indien die betrokke HonsBSc-program geen praktikum vereis nie, kan jy, onderworpe aan die Fakulteitsraad se goedkeuring, wel toegelaat word om 'n ekstra derdejaarlvlak te volg.

2.2 MSc-graad

- 2.2.1 Die graad MSc kan aan jou toegeken word indien jy –
- 2.2.1.1 in besit is van 'n honneursgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het en op skriftelike aansoek tot die betrokke MSc-program toegelaat is; en
 - 2.2.1.2 'n goedgekeurde program van navorsing of gevorderde studie van minstens een jaar (ná verwerwing van voorgenoemde honneursgraad) aan hierdie Universiteit of enige ander plek soos goedgekeur deur die Senaat gevolg het; en
 - 2.2.1.3 'n bevredigende tesis of werkstuk, afhangende van wat die betrokke departement vereis, ingelewer het en 'n mondelinge eksamen afgelê het;
- 2.2.2 Besondere bepalings betreffende MSc-programme in bepaalde vakke word onder die module-

inhoude van die betrokke vakke aangedui.

2.2.3 MSc-studente word nie toegelaat om gelyktydig met die eerste jaar van studie 'n ander vak op derdejaarsvlak, wat praktikum insluit, ekstra te volg nie. Indien die MSc-program geen praktikum vereis nie, kan jy, onderworpe aan die Fakulteitsraad se goedkeuring, wel toegelaat word om 'n ekstra derdejaarsvak te volg.

2.2.4 Ná drie jaar se voltydse MSc-studie moet jy heraanzoek doen om studie te mag voortsit.

Let wel: Vir reëls in verband met bywoning, eksaminatore, tesisvereistes, inlewering en bind van tesisse, ensovoorts, kyk onder "Nagraadse Kwalifikasies" in Deel 1 (Algemeen) van die Universiteitsjaarboek.

2.3 PhD-graad

2.3.1 Die PhD-graad kan aan jou toegeken word indien jy –

2.3.1.1 in besit is van 'n magistersgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, of op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is, en op skriftelike aansoek deur die Senaat tot die PhD-program toegelaat is; en

2.3.1.2 'n goedgekeurde program van navorsing en moontlike aanvullende studie van minstens twee jaar (na verwerwing van voorgenoemde magistersgraad of na bereiking van voorgenoemde standaard van bekwaamheid) gevolg het, wat 'n tydperk van navorsing op 'n ander plek, soos deur die Senaat goedgekeur, mag insluit; en

2.3.1.3 'n bevredigende proefskrif ingelewer het; en

2.3.1.4 'n mondelinge eksamen afgelê het.

2.3.2 Ná vier jaar se voltydse PhD-studie moet jy heraanzoek doen om studie te mag voortsit.

Let wel: Vir reëls in verband met bywoning, eksaminatore, proefskrifvereistes, inlewering en bind van proefskrifte ensovoorts, kyk onder "Nagraadse Kwalifikasies" in Deel 1 (Algemeen) van die Universiteitsjaarboek.

2.4 DSc-graad

2.4.1 As 'n kandidaat vir die DSc-graad moet jy –

2.4.1.1 gevorderde oorspronklike navorsing of skeppende werk, albei tot die Universiteit se bevrediging, op die gebied van die Natuurwetenskap verrig het;

2.4.1.2 oorspronklike werk(e) van 'n hoë standaard wat reeds gepubliseer is, wat oor 'n sentrale tema handel en wat na die oordeel van die Senaat toon dat jy 'n wesenlike en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis aangaande die Natuurwetenskap gedoen het, ingelewer het; en

2.4.1.3 'n bevredigende mondelinge eksamen volgens die Universiteit afgelê het.

2.4.2 Indien jy reeds in besit is van 'n PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe, of 'n ander vergelykbare kwalifikasie volgens die Senaat se oordeel besit, moet jy:

2.4.2.1 vir minstens een akademiese jaar aan hierdie Universiteit ingeskryf wees voordat die graad aan jou toegeken kan word en daar moet minstens vyf jaar verloop het tussen verwerwing van die PhD-graad of vergelykbare kwalifikasie en die toekenning van die DSc-graad; en

2.4.2.2 die Registrateur minstens een jaar voordat jy jou vir die graadprogram aanmeld, skriftelik van hierdie voorneme in kennis stel en die titel(s) en bestek van die voorgestelde werk(e) insluit. Indien die Senaat die aansoek aanvaar, word 'n promotor en eksaminatore aangestel.

2.4.3 Indien jy in besit is van 'n MSc-graad, of 'n ander vergelykbare kwalifikasie volgens die Senaat se oordeel besit, moet jy:

2.4.3.1 vir minstens drie akademiese jare aan hierdie Universiteit ingeskryf wees voordat die graad aan jou toegeken kan word en daar moet minstens sewe jaar verloop het tussen verwerwing van die MSc-graad of vergelykbare kwalifikasie en die toekenning van die DSc-graad; en

2.4.3.2 die Registrateur minstens drie jaar voordat jy jou as kandidaat vir die graadprogram aanmeld, skriftelik van hierdie voorneme in kennis stel en die titel(s) en bestek van die voorgestelde werk(e) insluit. Indien die Senaat die aansoek aanvaar, word 'n promotor en eksaminatore aangestel.

2.4.4 Jy moet voor 1 September, indien jy in Desember wil promoveer, of voor 1 Desember van die voorafgaande jaar, indien jy in Maart wil promoveer, een kopie per eksaminator van die werk(e) wat jy wil aanbied by die Universiteitskantoor inlewer, vergesel van 'n geskrewe verklaring dat dit jou eie werk is en dat dit nie reeds aan hierdie of 'n ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie. Waar 'n aansienlike deel van die werk(e) wat voorgelê word nie alleen in jou naam gepubliseer is nie, moet jy bevredigende getuienis lewer oor watter deel van die werk wel deur jou gedoen is. Verder moet jy noem wie dit begin het, onder wie se leiding dit plaasgevind het, wie dit uitgevoer, verwerk en op skrif gestel het, en watter deel van die werk, indien enige, reeds ter verkryging van 'n graad aan 'n universiteit voorgelê is.

3. Bepalings ten opsigte van die inskrywing vir, en die omskakeling van, programme

3.1 Inskrywingstydperke vir magister- en doktorsale studie

Tabel

| Program | Die jaar van inskrywing | | | | | |
|-------------|-------------------------|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| MSc Voltyds | M | N | F | X | - | - |
| PhD Voltyds | M | M | N | F | X | - |

Die Fakulteit bied nie deeltydse nagraadse studie aan nie, maar in uitsonderlike gevalle kan studente op grond van persoonlike omstandighede vir die verlenging van hulle studie motiveer. In hierdie goedgekeurde gevalle sal die student slegs toegelaat word om die studie tot N+2jaar (X) te verleng. Raadpleeg tabel hierbo.

Sleutel

| | |
|----------|---|
| M | Minimum inskrywingstydperk |
| N | Normale maksimum inskrywingstydperk |
| F | Finale vergunningsjaar (Mag registreer sonder om aansoek te doen om hertoelating) |
| X | Inskrywing slegs indien hertoelating deur die Fakulteitsraad of, vir PhD, deur die Senaat goedgekeur word. (Word in uitsonderlike omstandighede toegelaat) |
| - | Verdere registrasie nie toegelaat nie |

Let wel: In die geval van 'n omskakeling van magister- na doktorsale studie, word die eerste registrasie vir die PhD as die aanvang van inskrywing beskou. (Raadpleeg die afdeling "Omskakeling van magister- na doktorsale studie" by 5 hieronder.)

3.2 Voortgesette inskrywing tydens die maksimum inskrywingstydperk

Jy moet elke jaar, vir die volle tydperk van jou studie as student registreer totdat die graad aan jou toegeken word. 'n Uitsondering word gemaak as die Fakulteitsraad 'n onderbreking goedgekeur het (raadpleeg die afdeling "Onderbreking van studie" hieronder). Jy moet elke jaar voldoende in jou studie vorder om toegelaat te word om weer te registreer. As jou vordering egter onvoldoende is, kan die betrokke departementele voorsitter by die Fakulteitsraad aanbeveel dat die Raad jou verhinder om jou nagraadse studie voort te sit.

3.3 Voortgesette inskrywing nadat die maksimum inskrywingstydperk verstryk het

Nadat die normale maksimum inskrywingstydperk (status F) verstryk het, mag jy slegs as nagraadse student herregistreer indien 'n departementele paneel jou aansoek om voortsetting aanbeveel (status X). Die Fakulteitsraad sal normaalweg slegs een keer toestem of aanbeveel dat jou toegelate inskrywingstydperk verleng word.

4. Onderbreking van magister- of doktorsale studie

4.1 Aanvaarbare redes vir onderbreking van studie

Alle versoeke vir onderbreking van jou studie moet gemotiveer word aan die hand van toepaslike stawende dokumente, byvoorbeeld 'n aanstellingsbrief, werkopdrag, mediese sertifikaat/ sertifikate, finansiële staat/state, beëdigde verklaring, ensovoorts. Die volgende moontlike redes vir onderbreking van studie vir Magister- en Doktorsgrade dien as riglyne vir aanvaarbaarheid wanneer versoeke in hierdie verband oorweeg word:

- 4.1.1 Werksomstandighede;
- 4.1.2 Mediese redes;
- 4.1.3 Finansiële redes; of
- 4.1.4 Baie spesiale goed gemotiveerde persoonlike omstandighede.

4.2 Prosedure vir aansoeke om toestemming tot onderbreking van studie

- 4.2.1 Aansoeke om toestemming tot onderbreking van studie moet die betrokke fakulteitsadministrateur voor of op 30 April van die betrokke jaar bereik. Geen aansoeke om onderbreking van studie sal ná 30 April van die betrokke jaar oorweeg word nie.
- 4.2.2 Oorweging van goedkeuring tot onderbreking sal plaasvind op aanbeveling van die studieleier/promotor en die betrokke departementshoof.
- 4.2.3 Versoeke wat ingevolge die interne prosedure van elke fakulteit goedgekeur word, word in die eersvolgende Mededelingsrapport van die betrokke fakulteitsraad aan die Senaat opgeneem.
- 4.2.4 Toestemming om studie te onderbreek word vir 'n periode van minstens een jaar verleen.
- 4.2.5 Toestemming tot onderbreking van 'n magistergraadstudie word normaalweg slegs een keer en vir 'n periode van een jaar in die loop van die studie verleen.
- 4.2.6 Toestemming tot die onderbreking van 'n doktorsgraadstudie word normaalweg hoogstens twee keer vir periodes van een jaar elk of een keer vir 'n periode van twee jaar in die loop van die studie verleen.

5. Omskakeling van magister- na doktorale studie

In verdienstelike gevalle, en met inagneming van jou beste belange as student, kan die Fakulteitsraad dit oorweeg en aanbeveel dat jou registrasie vir die MSc-graad (waarby 'n tesis vereis word) omgeskakel word na registrasie vir die PhD-graad, met dien verstande:

- 5.1 dat jy uitsonderlike vordering met jou navorsing getoon het na minstens een jaar se studie. Die aansoek vir omskakeling moet binne 18 maande na registrasie vir die MSc-graad plaasvind. Die omskakeling van magister- na doktorale studie is beperk tot goeie studente wat gemeet kan word aan uitsette (sien punt 5.4 hieronder);
- 5.2 dat daar in die loop van jou MSc-studie nuwe en oorspronklike insigte na vore gekom het wat verdere ondersoek op doktorale vlak regverdig. Die omskakeling van die studie vereis meer as net 'n toename in die volume van data en ook meer as net die toevoeging van tegnieke om die vrae wat aan die begin van die MSc-studie geformuleer is aan te spreek. Daar moet duidelike bewyse van 'n konsepsionele verbreding of intellektuele sprong vanaf die MSc wees;
- 5.3 dat die werk wat vir die MSc-studie gedoen is die omvang van 'n konvensionele MSc-studie oorskry en die studie nie sinvol geskei kan word in 'n MSc- en 'n PhD-komponent nie;
- 5.4 dat die uitsette (wat in inkrementele kan wees) die volgende mag insluit:
- 5.4.1 uitsonderlike ses-maandelikse evaluerings en/of 'n jaarlikse verslag;
 - 5.4.2 konferensiebydraes (mondelinge of plakkaataanbieding);
 - 5.4.3 eweknie-geëvalueerde publikasies in vaktydskrifte van hoogstaande gehalte (ingesluit dié ingedien/in druk);
 - 5.4.4 'n ander aanvaarbare vorm van eweknie-evaluering;
- 5.5 dat oorweging van omskakeling van MSc- na PhD-studie op inisiatief van die studieleier geskied wat 'n skriftelike versoek aan die betrokke departementele voorsitter rig. Indien die voorsitter die versoek ondersteun, word hierdie versoek skriftelik aan die Dekaan gerig. Indien die studieleier self die departementele voorsitter is, word die versoek skriftelik en direk aan die Dekaan gerig. Na goedkeuring deur die Dekaan, stel die departement 'n komitee van drie of vier lede aan wat oor die nodige vakkundige kennis beskik om die aansoek te beoordeel. Een van die lede moet verkieslik nie 'n personeellid van die Universiteit Stellenbosch wees nie. Na oorleg met die studieleier, moet jy (i) 'n kort verslag opstel waarin jy die vordering rapporteer wat jy met die MSc-studie gemaak het en (ii) 'n volledige geskrewe PhD-navorsingsvoorstel voorberei wat die verbreding van die filosofiese of begripkomponent van die studie verdedig. Soos vir nuwe doktorale studies, word van jou verwag om 'n mondelinge verdediging van die navorsingsvoorstel te doen. Die komitee oorweeg die mondelinge aanbieding, die geskrewe verslag en die PhD-navorsingsvoorstel en maak dan 'n aanbeveling vir oorweging deur die Fakulteitsraad;
- 5.6 dat jy, voordat die doktorale graad toegeken word, minstens drie jaar lank in die geval van MSc na Honneurs ingeskryf moet wees, waarvan minstens een jaar vir die PhD-graad moet wees;
- 5.7 dat waar 'n skriftelike eksamen vir die betrokke MSc-studie vereis word, jy sodanige eksamens afgelê en geslaag het voordat die PhD-graad aan jou toegeken sal word;
- 5.8 dat klasgelde na omskakeling nie terugwerkend aangepas sal word nie.

6. Nagraadse programme per departement

6.1 Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie

6.1.1 HonsBSc in Bioinformatika en Berekeningsbiologie

Programkode

14166 – 778 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike BSc-graad in een van die volgende: Bioinformatika, Genetika, Biochemie, Molekulêre Biologie, Rekenaarwetenskap of Wiskunde; of enige ander verwante BSc-graad wat deur die Nagraadse Komitee van die Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie goedgekeur is;
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% vir die toepaslike derdejaarmodules;
- Vaardigheid in sowel geskrewe as gesproke Engels.
- Die Nagraadse Komitee kan aanvullende studie voorskryf, na gelang van jou vorige opleiding en ervaring.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn by <https://student.sun.ac.za> aansoek teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanklik van die beskikbaarheid van plek – sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar.

Indien jy nie 'n US-student is nie, neem asseblief kennis dat jou aansoek langer sal neem om te verwerk weens die verifiëring van kwalifikasies. Doen dus vroegetydig aansoek.

Programstruktuur

Die Honneursprogram in Bioinformatika en Berekeningsbiologie word jaarliks vasgestel en bestaan uit 'n verpligte navorsingsprojek (721(50)) onder toesig van 'n lid of medelid van die Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie; 'n seminaar (715(5)); 'n gefasiliteerde groepsbespreking van relevante klassieke en huidige publikasies in Bioinformatika (713(5)); en lesings en praktiese sessies oor Algoritmes in Bioinformatika 716(5), Masjienleer in Bioinformatika (717(5)) en 'n reeks onderwerpe in Gevorderde Bioinformatika (714(40)) tans relevant tot die veld, wat statistiek, databasisse, genomika en funksionele genomika, sekvensieanalise van RNA/DNA en proteïene, genome en siektes, evolusie en filogenetika, strukturele bioinformatika, netwerke en weë, en mikrobiome insluit.

Afhangend van jou vorige opleiding en ervaring, moet een keusemodule, óf Wetenskaplike Berekening in Bioinformatika (711(10)) óf Selbiologie in Bioinformatika (712(10)), gekies word. Hierdie keusemodule moet deur die Nagraadse Komitee van die Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie goedgekeur word.

Duur van Program

Die program duur normaalweg een jaar, maar onder buitengewone omstandighede en na die goeddunke van die Nagraadse Komitee van die Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin een week voor die algemene aanvang van klasse.

Programinhoud

Hieronder volg 'n uiteensetting van die modules waaruit die honneursprogram jaarliks saamgestel word.

Verpligte Modules

(krediete = 110)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--------------------------------------|----------|
| 14234 | 713 | 5 | Aktuele Onderwerpe in Bioinformatika | 1 |
| 14235 | 714 | 40 | Gevorderde Bioinformatika | 1 |
| 14236 | 715 | 5 | Bioinformatika-seminaar | 1 |
| 14237 | 716 | 5 | Algoritmes in Bioinformatika | 1 |
| 14238 | 717 | 5 | Masjienleer in Bioinformatika | 1 |
| 14240 | 721 | 50 | Projek in Bioinformatika | 2 |

plus

Keusemodules

Kies een van die volgende modules.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 14241 | 711 | 10 | Wetenskaplike Berekening in Bioinformatika | 1 |
| 14242 | 712 | 10 | Selbiologie in Bioinformatika | 1 |

Assessering en Eksaminering

Die program word deur middel van buigsame assessering geassesseer. Die navorsingsprojek word deur 'n navorsingsverslag en 'n mondelinge aanbieding geassesseer. Die finale punt word bereken as 'n geweegde punt volgens die kredietwaardes van elke module. Om hierdie honneursgraad te verwerf, moet 'n finale punt van minstens 50% in elke module behaal word.

6.1.2 MSc in Bioinformatika en Berekeningsbiologie

Programkode

14166 – 879 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBSc-graad in Bioinformatika en Berekeningsbiologie, Biochemie, Genetika, of Molekulêre Biologie of;
- 'n toepaslike HonsBSc-graad in 'n biologiese veld of;
- 'n HonsBSc-graad in Rekenaarwetenskap, Informatika, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, of Statistiek of;
- 'n toepaslike HonsBSc-graad in 'n wiskunde-verwante veld of;
- enige ander akademiese graadkwalifikasie en toepaslike ondervinding (geassesseer met behulp van die normale EVL-prosedures) en deur die Senaat goedgekeur.
- Afhangend van jou vorige opleiding en ervaring, kan die Nagraadse Komitee van die Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie addisionele studies voorskryf.

Programinhoud

Selfstandige navorsing oor 'n onderwerp soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat tot 'n tesis lei, word van jou vereis. Die hoofstudieleier moet 'n lid of medelid van die Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie wees. Hierdie program bestaan uit 'n 100%-tesis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 14165 | 828 | 180 | Tesis Bioinformatika en Berekeningsbiologie | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die ondersoek moet jy 'n tesis tot tevredenheid van die aangewese eksaminatore inlewer en 'n mondelinge eksamen aflê. Kyk ook na afdeling 2.2 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die MSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

Navrae

Programkoördineerder: Prof Hugh Patterton

Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie

Tel: 021 808 2774

E-pos: hpatterton@sun.ac.za

6.1.3 PhD in Bioinformatika en Berekeningsbiologie

Programkode

14166 – 978 (360)

Programbeskrywing

Vir die PhD-graad word 'n proefskrif vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.2 Departement Aardwetenskappe

6.2.1 HonsBSc in Aardwetenskappe

Programkode

12918 – 778 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BSc-graad met Geologie of ekwivalent as hoofvak. Studente met ander vergelykbare vakkombinasies moet die departement oor toelating kontak.
- Stellenbosch-graduandi met 'n BSc in Aardwetenskappe, moet die volgende derdejaarmodules aanbied:
 - Toegepaste Aardwetenskappe-fokusarea: Geologie 314, 324, 344 en 354, en Aardwetenskapveldvaardighede 374.
 - Geo-omgewingswetenskap-fokusarea: Geologie 324, 344, 364, en Omgewingsgeochemie 314 en Omgewingsveldvaardighede 372.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% vir die voorgeskrewe modulekombinasies, opgemaak uit Geologie-, Omgewingsgeochemie-, Aardwetenskapveldvaardighede- of Omgewingsveldvaardighede-modules op derdejaarlak.
- Die Departement Aardwetenskappe sal alle aansoeke individueel evalueer. Indien jy 'n gemiddelde finale punt van tussen 55 en 64% vir derdejaar-Geologie, en indien van toepassing, derdejaar-Omgewingsgeochemie, behaal het, kan jy ook vir Honneurs oorweeg word.
- Let wel: Indien jy 'n finale punt van tussen 55 en 59% vir derdejaar-Geologie, en indien van toepassing, derdejaar-Omgewingsgeochemie, behaal het en jy word deur die departement vir toelating tot die honneursprogram aanbeveel, moet die Fakulteit Natuurwetenskappe se Fakulteitsraad finale goedkeuring gee.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanglik van die beskikbaarheid van plek - sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar.

Indien jy nie 'n US-student is nie, neem asseblief kennis dat jou aansoek langer sal neem om te verwerk weens die verifiëring van kwalifikasies. Doen dus vroegtydig aansoek.

Programstruktuur

Die honneursprogram in Aardwetenskappe is saamgestel uit drie verpligte modules en 'n navorsingsprojek, asook twee modules uit een van twee fokusareas. Die fokusareas is:

- Toegepaste Geologie; en
- Omgewingsgeochemie.

Die inhoud van elk van die modules is weer op departementele vlak in verdere afdelings verdeel wat mag verskil van jaar tot jaar. Die Departement kan besluit om enige gegewe module of fokusarea vanweë die beskikbaarheid van personeel en die getal studente nie aan te bied nie. Die betrokke inhoud van die fokusareas en modules vir elke jaar sal voor die begin van die honneursjaar voorsien word. Jy mag elemente van verskillende modules neem in konsultasie met jou studieleiers en die honneursprogram-koördineerder.

Duur van Program

Die normale duur van die program is een jaar, maar onder buitengewone omstandighede, en na goeddunke van die departement, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin normaalweg op die Maandag van die tweede laaste week in Januarie.

Verpligte Modules

(krediete = 80)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--------------------------------------|----------|
| 12240 | 771 | 15 | Geologie van Suider-Afrika | Albei |
| 12241 | 772 | 15 | Navorsingsmetodes in Aardwetenskappe | Albei |
| 12242 | 773 | 15 | Spesiale Onderwerpe in Aardwetenskap | Albei |
| 54895 | 795 | 35 | Navorsingsprojek | Albei |

Kies een van die volgende fokusareas

Fokusarea A – Toegepaste Geologie (krediete = 40)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--------------------------|----------|
| 12243 | 712 | 20 | Konsepte in Korsevolusie | 1 |
| 12247 | 742 | 20 | Ekonomiese Geologie | 2 |

Fokusarea B – Omgewingsgeochemie (krediete = 40)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 12244 | 714 | 20 | Gevaarlike-afvalterrein-uitkomsbepaling | 1 |
| 12275 | 744 | 20 | Omgewingsisteme | 2 |

Assessering en Eksaminering

Alle modules in hierdie honneursprogram, met uitsondering van die navorsingsprojek, word geassesseer deur 'n kombinasie van teorie, praktiese werk en 'n eksamen. Die navorsingsprojek word geassesseer op grond van 'n finale navorsingsverslag wat jy inhandig en 'n mondelinge aanbieding. Om hierdie honneursgraad te slaag, moet jy alle modules met 'n 50%-subminimum slaag.

6.2.2 MSc in Aardwetenskappe

Programkode

12918 – 879 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBSc-grad in Geologie of goedgekeurde gelykstaande kwalifikasie.
- Aanvullende studie mag van jou vereis word voordat navorsing kan begin.

Programinhoud

'n Selfstandige navorsingsprojek wat 'n veldondersoek/laboratoriumondersoek mag wees, soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat tot 'n tesis lei, word van jou vereis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-----------------------|----------|
| 14314 | 828 | 180 | Tesis Aardwetenskappe | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die ondersoek moet jy 'n tesis tot tevredenheid van die eksaminatore inlewer en 'n mondelinge eksamen aflê.

6.2.3 PhD in Aardwetenskappe

Programkode

12918 – 978 (360)

Programbeskrywing

Vir die PhD-grad word 'n proefskrif vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-grad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.2.4 DSc in Geologie

Programkode

13374 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir hierdie grad word reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë standaard van jou vereis, wat 'n wesenlike en hoogstaande bydrae tot die liggaam van kennis van Geologie gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-grad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.3 Departement Biochemie

6.3.1 HonsBSc in Biochemie

Programkode

11053 – 778 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike BSc-graad met Biochemie 214, 244, 315, 345, 365, Bioinformatika 312 en Biochemie 323, of Bioinformatika 322 of gelykstaande derdejaarmodules in Biochemie.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% vir derdejaar-Biochemie.
- Vaardigheid in sowel geskrewe as gesproke Engels.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanklik van die beskikbaarheid van plek – sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar.

Indien jy nie 'n US-student is nie, neem asseblief kennis dat jou aansoek langer sal neem om te verwerk weens die verifiëring van kwalifikasies. Doen dus vroegtydig aansoek.

Programstruktuur

Die Honneursprogram in Biochemie word jaarliks vasgestel en bestaan uit 'n navorsingsprojek (741(60)), 'n seminar (742(10)) en vyf modules van 10 krediete elk wat deur die Departement gekies word uit die onderstaande modules 711 - 718. Hierdie seleksie is verpligtend vir die studente van die betrokke jaar.

Duur van Program

Die program strek normaalweg oor een jaar, maar onder buitengewone omstandighede, en na goeddunke van die departement, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin een week voor die algemene aanvang van klasse.

Programinhoud

Hieronder is 'n uiteensetting van die modules waaruit die honneursprogram jaarliks saamgestel word.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---------------------------------------|----------|
| 11412 | 711 | 10 | Praktiese Proteïenbiochemie | 1 |
| 11413 | 712 | 10 | Steroïedhormone | 1 |
| 14046 | 713 | 10 | Sagte Vaardighede en Data-analise | 1 |
| 11415 | 714 | 10 | Sisteembiolegie | 1 |
| 14069 | 715 | 10 | Gevorderde Geenuitdrukking | 1 |
| 14047 | 716 | 10 | Biofisiese en Bio-analitiese Tegnieke | 1 |
| 11418 | 717 | 10 | Gespesialiseerde Onderwerpe | 1 |
| 11420 | 718 | 10 | Chemiese Biologie Onderwerpe | 1 |
| 54895 | 741 | 60 | Navorsingsprojek (Biochemie) | 2 |
| 18325 | 742 | 10 | Seminar | 2 |

Assessering en Eksaminering

Die program word buigsaam geassesseer en die finale punt word bereken as 'n geweege punt volgens die kredietwaarde van elke module.

6.3.2 MSc in Biochemie

Programkode

11053 – 878(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike HonsBSc-graad of ander kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat.
- Dosente mag aanvullende studie van jou vereis.

Programinhoud

Selfstandige navorsing oor 'n onderwerp soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat tot 'n tesis lei, word van jou vereis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-----------------|----------|
| 66206 | 828 | 180 | Tesis Biochemie | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die ondersoek moet jy 'n tesis tot tevredenheid van die eksaminatore inlewer en 'n mondelinge voordrag lewer. 'n Mondelinge eksamen kan ook van jou vereis word.

6.3.3 PhD in Biochemie

Programkode

11053 – 978 (360)

Programbeskrywing

Vir die PhD-graad word 'n proefskrif vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.3.4 DSc in Biochemie

Programkode

11053 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir die DSc-graad word reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë standaard van jou vereis, wat 'n wesenlike en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis in Biochemie gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.4 Departement Chemie en Polimeerwetenskap

6.4.1 Nagraadse programme in Chemie

6.4.1.1 HonsBSc in Chemie

Programkode

11479 – 778 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BSc-graad met Chemie as hoofvak.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% vir Chemie 3 en slaagpunte in Wiskunde 114 en 144.
- Die departementele komitee wat die finale goedkeuring van toelating verleen, kan egter addisionele vereistes oplê, byvoorbeeld indien jy swak presteer het in 'n bepaalde module.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanslyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanklik van die beskikbaarheid van plek – sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar.

Indien jy nie 'n US-student is nie, neem asseblief kennis dat jou aansoek langer sal neem om te verwerk weens die verifiëring van kwalifikasies. Doen dus vroegetydig aansoek.

Duur van Program

Die normale duur van die program is een jaar, maar onder buitengewone omstandighede, en na goeddunke van die departement, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin gewoonlik een week voor die algemene aanvang van klasse.

Verpligte Modules

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-------------------------------|----------|
| 10382 | 711 | 20 | Analitiese tegnieke | 1 |
| 10638 | 712 | 20 | Organiese Chemie | 1 |
| 10462 | 713 | 20 | Fisiese Chemie | 1 |
| 10384 | 714 | 20 | Anorganiese Chemie | 1 |
| 56030 | 741 | 10 | Spesiale onderwerpe in Chemie | 2 |
| 63258 | 744 | 30 | Navorsingsprojek in Chemie | 2 |

Assessering en Eksaminering

Alle modules in hierdie honneursprogram, met uitsondering van die navorsingsprojek, word geassesseer deur 'n kombinasie van teorie, praktiese werk en 'n eksamen. Die navorsingsprojek word geassesseer op grond van 'n finale navorsingsverslag wat ingehandig word en 'n mondelinge aanbieding. Die finale punt word bereken as 'n geweegde punt volgens die kredietwaarde van elke module. Om hierdie honneursgraad te verwerf moet jy 'n gemiddelde van 50% behaal en elke module met 50% slaag.

Indien jy 'n eerstesemestermodule druip, kan jy aansoek doen om hierdie module die volgende jaar te herhaal. Jy mag 'n maksimum van twee eerstesemestermodules herhaal. Toelating tot die betrokke module(s) in die volgende jaar berus uitsluitlik by die departement. Indien jy egter die navorsingsmodule of die module: Spesiale Onderwerpe in die tweede semester druip, druip jy die HonsBSc in Chemie-program. Jy kan nie aansoek doen om hierdie modules in die volgende jaar te herhaal nie.

6.4.1.2 MSc in Chemie

Programkode

11479 – 878 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike HonsBSc-grad of ander kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat.

Programinhoud

Selfstandige navorsing oor 'n goedgekeurde onderwerp soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat lei tot 'n tesis, word van jou vereis. Aanvullende studie soos deur die studieleier(s) bepaal, kan ook van jou vereis word.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--------------|----------|
| 66214 | 828 | 180 | Tesis Chemie | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die ondersoekwerk moet jy 'n tesis tot tevredenheid van die eksaminatore inlewer en 'n mondelinge voordrag lewer

6.4.1.3 PhD in Chemie

Programkode

11479 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif word vereis wat die resultate van jou selfstandige, oorspronklike navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-grad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.4.1.4 DSc in Chemie

Programkode

11479 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir die DSc-graad word 'n reeks van reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë standaard van jou vereis, wat 'n wesenlike en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis in Chemie gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.4.2 Nagraadse programme in Polimeerwetenskap

6.4.2.1 HonsBSc in Polimeerwetenskap

Programkode

40789 – 778 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BSc-graad met Chemie as hoofvak met 'n gemiddelde finale punt van minstens 60% vir Chemie 3, of 'n BEng-graad (Chemiese Ingenieurswese).
- Indien jy hoogstens een van die derdejaarmodules (Chemie 314, 324, 344 of 364) weens vereistes van die betrokke BSc-graad nie gedoen het nie, sal die Departement jou prestasie in ander hoofvakke van die betrokke graadprogram in aanmerking neem.
- Die departementele komitee verleen finale goedkeuring en mag addisionele vereistes opleë.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanklik van die beskikbaarheid van plek – sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar.

Indien jy nie 'n US-student is nie, neem asseblief kennis dat jou aansoek langer sal neem om te verwerk weens die verifiëring van kwalifikasies. Doen dus vroegetydig aansoek.

Duur van Program

Die normale duur van die program is een jaar, maar onder buitengewone omstandighede, en na goeddunke van die departement, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin een week voor die normale aanvang van klasse.

Verpligte Modules

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 10382 | 711 | 20 | Analitiese tegnieke | 1 |
| 10490 | 712 | 20 | Gevorderde Analitiese Polimeerwetenskap | 1 |
| 10658 | 724 | 20 | Polimeerchemie | 1 |
| 10463 | 744 | 15 | Fisiese Polimeerwetenskap | 2 |
| 13370 | 754 | 15 | Spesiale Onderwerpe in Polimeerwetenskap | 2 |
| 64440 | 714 | 30 | Navorsingonderwerp in Polimeerwetenskap | 2 |

Assessering en Eksaminering

Alle modules in hierdie honneursprogram, met uitsondering van die navorsingsprojek, word geassesseer deur 'n kombinasie van teorie, praktiese werk en 'n eksamen. Die navorsingsprojek word geassesseer op grond van 'n finale navorsingsverslag wat ingehandig word en 'n mondelinge aanbieding. Die finale punt word bereken as 'n geweegde punt volgens die kredietwaarde van elke module. Om hierdie honneursgraad te verwerf moet jy 'n gemiddelde van 50% behaal en elke module met 50% slaag.

Indien jy 'n teoriemodule druipt, kan jy aansoek doen om hierdie module die volgende jaar te herhaal. Jy mag 'n maksimum van twee modules herhaal. Toelating tot die betrokke module(s) in die volgende jaar berus uitsluitlik by die departement. Indien jy egter die navorsingsmodule of die module: Spesiale Onderwerpe in die tweede semester druipt, druipt jy die HonsBSc in Chemie-program. Jy kan nie aansoek doen om hierdie modules in die volgende jaar te herhaal nie.

6.4.2.2 MSc in Polimeerwetenskap

Programkode

40789 – 878 (180)

Programbeskrywing

Selfstandige navorsing oor 'n goedgekeurde onderwerp soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat lei tot 'n tesis, word van jou vereis. Aanvullende studie soos deur die studieleier(s) bepaal, kan ook van jou vereis word.

Programinhoud

Hierdie program bestaan uit 'n 100%-tesis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-------------------------|----------|
| 66230 | 828 | 180 | Tesis Polimeerwetenskap | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die ondersoekwerk moet jy 'n tesis inlewer en 'n mondelinge eksamen aflê.

6.4.2.3 PhD in Polimeerwetenskap

Programkode

40789 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif word vereis wat die resultate van jou selfstandige, oorspronklike navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.4.2.4 DSc in Polimeerwetenskap

Programkode

40789 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir die DSc-graad word 'n reeks van reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë standaard van jou vereis, wat wesenlike en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis in Polimeerwetenskap gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.5 Departement Fisika

6.5.1 Nagraadse programme in Fisika

6.5.1.1 HonsBSc in Fisika

Programkode

12998 – 797 (128)

Toelatingsvereistes

- 'n BSc-graad met Fisika as hoofvak met 'n gemiddelde finale punt van minstens 60% in Fisika 3.
- Aansoeke met enige afwyking van die bogenoemde vereiste, byvoorbeeld indien 'n BSc-graad elders verwerf is, kan slegs oorweeg word met aanbeveling van die Departement en goedkeuring van die Fakulteitskomitee.
- Die Departement kan aanvullende werk voorskryf indien jou spesifieke agtergrond dit vereis.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanklik van die beskikbaarheid van plek – sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar.

Indien jy nie 'n US-student is nie, neem asseblief kennis dat jou aansoek langer sal neem om te verwerk

weens die verifiëring van kwalifikasies. Doen dus vroegtydig aansoek.

Promosiebepalings

- Om hierdie graad te verwerf, moet jy met 'n gemiddelde van ten minste 50% slaag en 'n subminimum van 45% in alle modules behaal.
- Indien jy 'n prestasie van minstens 40% in 'n module of modules van 16 krediete of minder behaal het sal die Departement 'n tweede assesseringsgeleentheid in die betrokke modules toestaan.
- Indien jy die Stralings- en Gesondheidsfisika-fokusarea volg, moet jy daarop let dat 'n slaagsyfer van 50% in Fisika 718, 750, 751, 752 en 753 vereis word om toelating tot 'n internskap as 'n mediese fisikus te verkry.

Programstruktuur

Die volgende fokusareas word aangebied:

- HonsBSc in Fisika (Laserfisika- fokusarea);
- HonsBSc in Fisika (Kernfisika- fokusarea);
- HonsBSc in Fisika (Stralings- en Gesondheidsfisika- fokusarea); en
- HonsBSc in Fisika (Teoretiese Fisika- fokusarea).

Duur van Program

Die normale duur van die program is een jaar, maar onder buitengewone omstandighede, en na goeddunke van die departement, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin een week voor die algemene aanvang van klasse.

Programinhoud

Die kurrikulums van die onderskeie fokusareas word hieronder uiteengesit.

Laserfisika-fokusarea (128 krediete)

Verpligte Modules

(krediete = 104)

Verpligte modules kan slegs met alternatiewe modules vervang word in oorleg met die koördineerder van die Honneursprogram in Laserfisika, en met goedkeuring van die departementele programkomitee.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 10445 | 711 | 8 | Elektromagnetisme | 1 |
| 10590 | 712 | 8 | Lagrange- en Hamiltonmeganika | 1 |
| 10586 | 714 | 16 | Kwantummeganika B (Gevorderde Formalisme en Toepassings) | 1 |
| 10390 | 716 | 8 | Atoomfisika | 1 |
| 10702 | 721 | 16 | Statistiese Fisika B (Inleiding tot Wisselwerkende en Nie-ewewigsisteme) | 2 |
| 63274 | 741 | 32 | Fisika Projek | 2 |
| 13934 | 745 | 8 | Lasertegnologie | 2 |
| 17221 | 772 | 8 | Optika | 1 |

plus

Keusemodules

(krediete = 24)

Let wel: Die keusemodules wat in enige spesifieke jaar beskikbaar is, sal afhang van die beskikbaarheid van akademiese personeel of besoekende dosente. Die programaanbod vir 'n gegewe akademiese jaar sal voor die begin van die akademiese jaar deur die departementele programkomitee gefinaliseer word en aan potensiële studente gekommunikeer word.

Kies drie van die onderstaande modules ter waarde van 24 krediete.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-----------------------------------|----------|
| 10752 | 713 | 8 | Vastetoestandfisika | 1 |
| 13940 | 742 | 8 | Spesiale Onderwerpe in Toegepaste | Albei |

| | | | | |
|-------|-----|---|------------------------------------|-------|
| | | | Fotonika | |
| 13939 | 743 | 8 | Spesiale Onderwerpe in Biofotonika | Albei |
| 12546 | 744 | 8 | Laserspektroskopie | 2 |
| 13936 | 746 | 8 | Kwantumoptika | 2 |
| 10610 | 747 | 8 | Molekulêre Fisika | 2 |
| 13937 | 773 | 8 | Nie-lineêre Optika | 2 |
| 13938 | 774 | 8 | Spesiale Onderwerpe in Optika | Albei |

Kernfisika-fokusarea (128 krediete)

Verpligte Modules

(krediete = 112)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 10445 | 711 | 8 | Elektromagnetisme | 1 |
| 10590 | 712 | 8 | Lagrange- en Hamiltonmeganika | 1 |
| 10752 | 713 | 8 | Vastetoestandfisika | 1 |
| 10586 | 714 | 16 | Kwantummeganika B (Gevorderde Formalisme en Toepassings) | 1 |
| 10708 | 718 | 8 | Stralingswisselwerking | 2 |
| 10702 | 721 | 16 | Statistiese Fisika B (Inleiding tot Wisselwerkende en Nie-ewewigsisteme) | 2 |
| 63274 | 741 | 32 | Fisikaprojek | 2 |
| 10563 | 748 | 8 | Kernreaksies en Kernstruktuur | 2 |
| 10706 | 753 | 8 | Stralingsbeskerming | 2 |

plus

Keusemodules

(krediete = 16)

Kies twee van die onderstaande modules.

Let wel: Al die keusemodules sal nie noodwendig elke jaar aangebied word nie.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 10587 | 719 | 8 | Relativistiese Kwantummeganika | 1 |
| 13941 | 749 | 8 | Geselekteerde Onderwerpe in Kernfisika | 2 |
| 10753 | 754 | 8 | Veeldeeltjieteorie | 2 |
| 10674 | 755 | 8 | Relativistiese Kwantumveldeteorie | 2 |

Stralings- en Gesondheidsfisika-fokusarea (128 krediete)

Verpligte Modules

Verpligte modules kan slegs deur ander Fisika-modules vervang word in oorleg met die koördineerder van die Honneursprogram in Stralings- en Gesondheidsfisika, en met toestemming van die departementele programkomitee.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 10445 | 711 | 8 | Elektromagnetisme | 1 |
| 10590 | 712 | 8 | Lagrange- en Hamiltonmeganika | 1 |
| 10752 | 713 | 8 | Vastetoestandfisika | 1 |
| 10586 | 714 | 16 | Kwantummeganika B (Gevorderde Formalisme en Toepassings) | 1 |

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 10390 | 716 | 8 | Atoomfisika | 1 |
| 10708 | 718 | 8 | Stralingswisselwerking | 2 |
| 63274 | 741 | 32 | Fisika Projek | 2 |
| 10563 | 748 | 8 | Kernreaksies en Kernstruktuur | 2 |
| 10467 | 750 | 8 | Fisika van Stralingsdosimetrie/Radiologie | 2 |
| 10465 | 751 | 8 | Fisika van Kerngeneeskunde | 2 |
| 10466 | 752 | 8 | Fisika van Radioterapie | 2 |
| 10706 | 753 | 8 | Stralingsbeskerming | 2 |

Teoretiese Fisika-fokusarea (128 krediete)

Verpligte Modules

(krediete = 96)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 10445 | 711 | 8 | Elektromagnetisme | 1 |
| 10590 | 712 | 8 | Lagrange- en Hamiltonmeganika | 1 |
| 10752 | 713 | 8 | Vastetoestandfisika | 1 |
| 10586 | 714 | 16 | Kwantummeganika B (Gevorderde formalisme en toepassings) | 1 |
| 13948 | 719 | 8 | Relativistiese Kwantummeganika | 1 |
| 10702 | 721 | 16 | Statistiese Fisika B (Inleiding tot Wisselwerkende en Nie-ewewigsisteme) | 2 |
| 63274 | 741 | 32 | Fisika Projek | 2 |

plus

Keusemodules

(krediete = 32)

Let wel: Die keusemodules wat in enige spesifieke jaar beskikbaar is, sal afhang van die beskikbaarheid van akademiese personeel of besoekende dosente. Die programaanbod vir 'n gegewe akademiese jaar sal voor die begin van die akademiese jaar deur die departementele programkomitee gefinaliseer en goedgekeur word en aan potensiele studente gekommunikeer word.

Kies modules uit die onderstaande lys ter waarde van 16 krediete.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 13985 | 757 | 8 | Bayes-fisika | 2 |
| 10424 | 758 | 8 | Dinamiese Sisteme en Kompleksiteit | 2 |
| 10753 | 754 | 8 | Veeldeeltjieteorie | 2 |
| 10674 | 755 | 16 | Relativistiese Kwantumveldteorie | 2 |
| 13942 | 756 | 8 | Geselekteerde Onderwerpe in Teoretiese Fisika | 2 |

plus

Kies modules ter waarde van 16 krediete uit die honneursmodules in Fisika, Wiskunde of Toegepaste Wiskunde in oorleg met die Departement Fisika.

6.5.1.2 MSc in Fisika

Programkode

12998 – 878 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike HonsBSc-graad of ander kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat.

Programstruktuur

- Die Departement wys vir elke student 'n studieleier aan.
- Jy moet 'n selfstandige literatuurstudie en navorsingswerk in oorleg met die studieleier verrig.
- Gevorderde seminaar- en/of kursuswerk, soos goedgekeur deur die Departement, vorm 'n integrale deel van die MSc-studie en dra by tot die totale finale punt.

Programinhoud

Die program bestaan uit sowel 'n tesis as kursuswerk.

Verpligte Modules

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 66249 | 828 | 156 | Tesis Fisika | Albei |
| 12278 | 838 | 24 | Gevorderde Fisika Seminaar en Kursuswerk | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van jou ondersoek moet jy 'n tesis inlewer tot bevrediging van die aangewese eksaminatore en 'n mondelinge eksamen aflê.

6.5.1.3 PhD in Fisika

Programkode

12998 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif word vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.5.1.4 DSc in Fisika

Programkode

12998 – 998 (360)

Programbeskrywing

Die DSc-graad vereis reeds gepubliseerde wetenskaplike werk van 'n hoë standaard, wat 'n wesenlike en hoogstaande bydrae tot die verryking van kennis in Fisika gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.5.2 Nagraadse Programme in Fisiese en Wiskundige Analise

6.5.2.1 MSc in Fisiese en Wiskundige Analise

Programkode

56855 – 878 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n HonsBSc-graad in Fisiese en Wiskundige Analise of in een van die volgende Hons-BSc-grade word vereis:

- Teoretiese Fisika;
- Wiskunde;
- Numeriese Wiskunde;
- Toegepaste Wiskunde; of
- 'n gelykstaande kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur.

Daar mag aanvullende studie van jou verwag word voordat navorsing kan begin soos deur die studieleier(s) bepaal.

Programstruktuur

'n Studieleier en medestudieleier uit twee van die deelnemende departemente en/of 'n nywerheidsvennoot word deur die Fisiese en Wiskundige Analise-programkomitee goedgekeur.

Jy kies die onderwerp vir die tesis in oorleg met die Fisiese en Wiskundige Analise-programkomitee uit een van die volgende interdisciplinêre fokusareas:

- Numeriese Analise;
- Komplekse Sisteme; of
- Datasekuriteit.

Programinhoud

Die program bestaan uit 'n 100%-tesis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-------------------------------------|----------|
| 66257 | 828 | 180 | Tesis Fisiese en Wiskundige Analise | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van jou ondersoek moet jy 'n tesis inlewer tot bevrediging van die aangewese eksaminatore.

Navrae

Vir verdere inligting, besoek <http://pma.sun.ac.za>. Sien ook afdeling 2.2 in hierdie hoofstuk vir algemene bepalings oor die MSc-graad.

6.5.2.2 PhD in Fisiese en Wiskundige Analise

Programkode

56855 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif word vereis vir hierdie graad wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.6 Departement Fisiologiese Wetenskappe

6.6.1 HonsBSc in Fisiologiese Wetenskappe

Programkode

59803 – 778 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BSc-graad met Fisiologie 314, 334, 344 en 364 met 'n gemiddelde finale punt van minstens 60% vir die vier modules.
- Indien jy 'n BSc-graad met Fisiologie op derdejaarsvlak by 'n ander universiteit verwerf het en jy 'n finale punt van minstens 60% daarvoor behaal het, sal jou aansoek ook oorweeg word. In so 'n geval sal jou punte behaal in Biochemie-kursusse aan dieselfde universiteit ook in ag geneem word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanklik van die beskikbaarheid van plek - sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar.

Let asseblief daarop dat indien jy nie histories 'n US-student is nie, jou aansoek langer sal neem om te verwerk weens die verifiëring van kwalifikasies.

Programstruktuur

Die honneursprogram bestaan uit verpligte modules (90 krediete) en keusemodules (30 krediete). Die departement sal elke jaar die drie keusemodules kies, wat dan verpligtend vir die studente van die bepaalde jaar is. Die lesings bou op jou bestaande kennis van gekose onderwerpe in fisiologie wat toepaslik is tot dosente se navorsingsfokusareas en sluit modules in wat helegeliggaam- en sisteemfisiologie integreer met sel- en molekule fisiologie. Die praktiese deel lei studente in tot 'n groot verskeidenheid hedendaagse en relevante navorsingstegnieke. Die navorsingsprojek word onder toesig in een van die navorsingslaboratoria in die Departement gedoen. Jy kry opleiding in statistiese metodes, die gebruik van die internet vir navorsingsdoeleindes, voordragvaardighede en kritiese denke.

Duur van Program

Die normale duur van die program is een jaar, maar onder buitengewone omstandighede, en na goeddunke van die departement, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin met die aanvang van die akademiese jaar.

Verpligte Modules

(krediete = 90)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 13235 | 772 | 20 | Fisiologie en Patofisiologie | Albei |
| 13237 | 774 | 20 | Metabolisme in Gesondheid en in Siekte | 1 |
| 54895 | 776 | 30 | Navorsingsprojek in Fisiologiese Wetenskappe | Albei |
| 66192 | 781 | 20 | Navorsingsmetodologie in Fisiologiese Wetenskappe | Albei |

Keusemodules

(krediete = 30)

Die departementele personeel sal uit die onderstaande lys modules ter waarde van 30 krediete kies wat in die bepaalde jaar aangebied sal word.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 13233 | 771 | 10 | Regeneratiewe Fisiologie tydens Besering en Siekte | 1 |
| 13236 | 773 | 10 | Seinoordrag in Fisiologie en Patofisiologie | 1 |
| 11260 | 775 | 10 | Stresfisiologie | 1 |
| 14067 | 780 | 10 | Hematologie en Stolling | 1 |

Assessering en Eksaminering

Hierdie program word deurlopend geassesseer. Die finale punt word bereken as 'n geweege punt volgens die kredietwaarde van elke module. Om hierdie honneursgraad suksesvol te verwerf, moet jy 'n subminimum van 50% vir elke module behaal.

6.6.2 MSc in Fisiologiese Wetenskappe

Programkode

59803 – 878 (180)

Programbeskrywing

Selfstandige navorsing oor 'n goedgekeurde onderwerp soos deur die betrokke studieleiers bepaal en wat tot 'n tesis lei, word van jou vereis. Kyk ook na afdeling 2.2 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die MSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

Programinhoud

Hierdie program bestaan uit 'n 100%-tesis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--------------------------------|----------|
| 59803 | 828 | 180 | Tesis Fisiologiese Wetenskappe | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die navorsingsondersoek moet jy 'n tesis tot tevredenheid van die eksaminatore inlewer en 'n mondelinge eksamen aflê.

6.6.3 PhD in Fisiologiese Wetenskappe

Programkode

59803 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif word vereis vir hierdie graad wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.6.4 DSc in Fisiologiese Wetenskappe

Programkode

59803 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir die DSc-graad word reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë standaard van jou vereis, wat 'n wesentliche en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis in Fisiologie gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.6.5 MSc in Oefeningwetenskap

Programkode

51489 – 887 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Vier jaar lange BSc-graad op NKR-vlak 8 of 'n drie jaar lange BSc-graad gevolg deur 'n HonsBSc-graad in 'n verwante biologiese wetenskap of gelykstaande kwalifikasie.
- Voorgaardse modules in Fisiologie en Biochemie dien as aanbeveling.
- Die programkoördineerder en die departementele akademiese komitee het die finale besluit oor toelating met inagneming van die Departement se infrastruktuur en kapasiteit.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 30 September van die voorafgaande jaar. Die Departement sal laat aansoeke tot 31 Oktober oorweeg.

Programstruktuur

Die program word voltyds aangebied en bestaan in totaal uit drie teoretiese modules. Sessies wat wissel van een tot vier weke sal voltyds aangebied word en behels intensiewe voorlesings, praktika, demonstrasies en seminare. Jy sal voorgeskrewe leeswerk, werksopdragte en seminaarvoorbereiding as tuisopdragte kry. Verder moet jy ook 'n navorsingsprojek en 'n tesis daarvoor voltooi.

Duur van Program

Die program word oor 'n tydperk van twee jaar aangebied en begin met die aanvang van die akademiese jaar.

Programinhoud

Professionele ontwikkeling sal deurgaans aandag geniet met betrekking tot navorsingsmetodiek, rekenaar- en laboratoriumvaardighede en statistiek. Verder sal daar ook gefokus word op kommunikasievaardighede.

Verpligte Modules

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 10630 | 882 | 20 | Oefeningsimmunologie, -endokrinologie en -hematologie | Albei |
| 10614 | 883 | 20 | Multidissiplinêre Benadering tot Spierfisiologie | Albei |
| 13511 | 884 | 20 | Oefeningfisiologie en Metabolisme | Albei |
| 12919 | 827 | 120 | Tesis in Oefeningwetenskap | Albei |

Assessering en Eksaminering

- Die program word deurlopend geassesseer.
- Die punte vir die eksamens en werkopdragte maak 33,3% van die finale punt vir die program uit en die tesis die oorblywende 66,7%.
- Die tesis word geassesseer deur die programkoördineerder, die studieleier en twee onafhanklike akademië, waarvan een ekstern tot die Universiteit is.
- Jy moet 'n minimum van 50% vir die tesis verwerf om die program te slaag en 'n finale punt van 50% vir elke module behaal.

6.7 Departement Mikrobiologie

6.7.1 HonsBSc in Mikrobiologie

Programkode

16284 – 778 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BSc-graad met Mikrobiologie as hoofvak, dit wil sê Mikrobiologie 314, 324, 354 en 364 OF
- 'n BSc-graad in Chemie en Polimeerwetenskap met keusemodules soos in Opsie 2: Mikrobiologie 314(16), en 324(16) of 364(16).
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% vir Mikrobiologie 3.
- Aanvullende werk kan voorgeskryf word indien jou spesifieke agtergrond dit vereis.

Die getal studente wat jaarliks toegelaat word, word beperk as gevolg van ruimte beskikbaar in navorsingslaboratoria.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanklik van die beskikbaarheid van plek – sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar.

Indien jy nie 'n US-student is nie, neem asseblief kennis dat jou aansoek langer sal neem om te verwerk weens die verifiëring van kwalifikasies. Doen dus vroeëtydig aansoek.

Programstruktuur

Die program behels formele modules in Mikrobiologie asook seminare, selfstandige studie en eksperimentele werk.

Duur van Program

Die normale duur van die program is een jaar, maar onder buitengewone omstandighede, en na goeddunke van die departement, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin een week voor die algemene aanvang van klasse.

Verpligte Modules

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--------------------------------------|----------|
| 10439 | 772 | 60 | Eksperimentele Mikrobiologie | Albei |
| 10721 | 773 | 30 | Tegniese in Molekulêre Mikrobiologie | Albei |
| 10483 | 774 | 30 | Geselekteerde Onderwerpe | Albei |

Assessering en Eksaminering

Alle modules in hierdie honneursprogram word deurlopend geassesseer deur 'n kombinasie van teorie, praktiese werk, geskrewe opdragte, verslae en aanbiedings, met 'n mondelinge eksamen aan die einde van die jaar. Die finale punt word bereken as 'n geweepte punt volgens die kredietwaarde van elke module. Indien jy 'n module in die honneursprogram drui, kan jy aansoek doen om hierdie module in die volgende jaar te herhaal. Toelating tot die module in die volgende jaar berus uitsluitlik by die departement en is aan die beskikbaarheid van plek onderhewig.

6.7.2 MSc in Mikrobiologie

Programkode

16284 – 878 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBSc-graad in Mikrobiologie of 'n goedgekeurde gelykstaande kwalifikasie.
- Die Departement mag ook aanvullende studie oor spesifieke onderwerpe van jou vereis.

Kyk ook na afdeling 2.2 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die MSc-graad.

Programbeskrywing

Selfstandige navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat tot 'n tesis lei, word van jou vereis.

Programinhoud

Hierdie program bestaan uit 'n 100%-tesis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---------------------|----------|
| 66281 | 828 | 180 | Tesis Mikrobiologie | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die navorsingsondersoek moet jy 'n tesis tot tevreedenheid van die eksaminatore inlewer en 'n mondelinge eksamen aflê.

6.7.3 PhD in Mikrobiologie

Programkode

16284 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif word vereis vir hierdie program wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.7.4 DSc in Mikrobiologie

Programkode

16284 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir hierdie graad word reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë standaard van jou vereis wat 'n wesentliche en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis in Mikrobiologie gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-grad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.8 Departement Plant- en Dierkunde

6.8.1 HonsBSc in Biodiversiteit en Ekologie

Programkode

53953 – 778 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BSc-grad wat deur die Departement se Nagraadse en Akademiese Komitees goedgekeur is met 'n gemiddelde finale punt van ten minste 60% vir die toepaslike modules op derdejaarsvlak.
- Afhangende van jou agtergrond mag die Departement addisionele werk voorskryf.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanklik van die beskikbaarheid van plek – sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar.

Indien jy nie 'n US-student is nie, neem asseblief kennis dat jou aansoek langer sal neem om te verwerk weens die verifiëring van kwalifikasies. Doen dus vroegtydig aansoek.

Algemene Programinligting

Die HonsBSc-program in Biodiversiteit en Ekologie se primêre doel is om studente op te lei en ervaring te bied in die proses om navorsingsvrae te identifiseer, om oorspronklike ontdekkings in die wetenskap te maak en om die bevindinge effektief te kan kommunikeer. Jy sal ook praktiese opleiding in relevante moderne eksperimentele tegnieke ontvang en blootgestel word aan teoretiese opleiding in 'n hele aantal biologiese sub-dissiplines. Die program verskaf 'n effektiewe oorbruggingsjaar indien jy wil registreer vir gevorderde nagraadse programme in verskeie biologiese rigtings, maar voorsien jou ook met sleutelvaardighede wat van toepassing is op verskillende mark-georiënteerde beroepskeuses. Die program lê klem op drie aspekte in die opvoedingsproses:

- Die ontwikkeling van 'n bevredigende kennisbasis;
- Die ontwikkeling van 'n breë praktiese en teoretiese vermoë; en
- Die ontwikkeling van 'n professionele wetenskaplik-metodologiese en etiese benadering.

Die program sluit teoretiese werk, seminare, praktiese take, onafhanklike navorsing en onafhanklike raadpleging van die breër biologiese literatuur in. As honneursstudent word van jou verwag om departementele seminare by te woon en om as voorgraadse demonstrateur op te tree.

Programstruktuur

Die program bestaan uit drie komponente:

- 'n Navorsingsprojek;
- 'n Generiese Wetenskapsvaardighede-module; en
- Teoretiese onderwerpe in biodiversiteitswetenskap.

Duur van Program

Hierdie program strek normaalweg oor een jaar, maar onder buitengewone omstandighede, en na goedgekeurde van die departement, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin met die aanvang van die akademiese jaar.

Programinhoud

Verpligte Modules

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 66184 | 715 | 24 | Generiese Wetenskapsvaardighede | 2 |
| 55867 | 717 | 60 | Navorsingsprojek | Albei |
| 12249 | 796 | 36 | Teoretiese Onderwerpe in Biodiversiteitswetenskap | Albei |

Assessering en Eksaminering

- Assessering sluit twee mondelinge eksamens, geskrewe eksamens, werkstukke, boekresensies, seminare, 'n navorsingsprojek en 'n populêre artikel in.
- Om die honneursprogram suksesvol af te lê moet jy 'n module oor generiese wetenskapsvaardighede, modules oor teoretiese onderwerpe in biodiversiteitswetenskap en 'n navorsingsprojek voltooi.
- Jy moet elkeen van die drie komponente met 'n finale punt van minstens 50% slaag.

Indien jy 'n teorie-gebaseerde module in die Honneursprogram druip, kan jy aansoek doen om hierdie module die volgende jaar te herhaal. Jy mag 'n subminimum van 40% vir slegs een van die teorie-gebaseerde modules behaal, maar die gemiddelde van die vaardigheidsmodules en teorie-gebaseerde modules moet steeds hoër as 50% wees. Die navorsingsprojek kan nie herhaal word nie; sou jy dus hierdie komponent druip, sal jy nie 'n honneursgraad verwerf nie.

6.8.2 Nagraadse programme in Plantkunde

6.8.2.1 MSc in Plantkunde

Programkode

59404 – 878 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBSc-graad in Biodiversiteit en Ekologie of 'n goedgekeurde gelykstaande kwalifikasie.
- Daarbenewens mag die Departement aanvullende studie soos formele klasse en/of seminare oor besondere aspekte van jou vereis.

Kyk ook na afdeling 2.2 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die MSc-graad.

Programbeskrywing

Selfstandige navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat tot 'n tesis lei, word van jou vereis.

Programinhoud

Hierdie program bestaan uit 'n 100%-tesis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|------------------|----------|
| 66303 | 828 | 180 | Tesis Plantkunde | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die navorsingsondersoek moet jy 'n tesis tot tevredenheid van die eksaminatore inlewer en 'n mondelinge eksamen aflê.

6.8.2.2 PhD in Plantkunde

Programkode

59404 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Persklaar proefskrif word vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.8.2.3 DSc in Plantkunde

Programkode

59404 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir hierdie graad word reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë internasionale standaard van jou vereis wat wesenlike en hoogstaande bydrae tot die kennis van die Plantkunde gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.8.3 Nagraadse programme in Dierkunde

6.8.3.1 MSc in Dierkunde

Programkode

59412 – 878 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBSc-graad in Biodiversiteit en Ekologie of 'n goedgekeurde gelykstaande kwalifikasie.
- Daarbenewens mag die Departement aanvullende studie soos formele klasse en/of seminare oor besondere aspekte van jou vereis.

Kyk ook na afdeling 2.2 oor die algemene inligting oor die MSc-graad in hierdie hoofstuk.

Programbeskrywing

Selfstandige navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat tot 'n tesis lei, word van jou vereis.

Programinhoud

Hierdie program bestaan uit 'n 100%-tesis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-----------------|----------|
| 66338 | 828 | 180 | Tesis Dierkunde | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die navorsingsondersoek moet jy 'n tesis tot tevredenheid van die eksaminatore inlewer en 'n mondelinge eksamen aflê.

6.8.3.2 PhD in Dierkunde

Programkode

59412 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Persklaar proefskrif word vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.8.3.3 DSc in Dierkunde

Programkode

59412 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir hierdie graad word reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë internasionale standaard van jou vereis wat 'n wesenlike bydrae tot die kennis van die Dierkunde gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.9 Departement Wiskundige Wetenskappe

6.9.1 Afdeling: Wiskunde

6.9.1.1 HonsBSc in Wiskunde

Programkode

21539 – 797(128)

Programbeskrywing

Hierdie honneursprogram het 'n fokus in Wiskunde of Biowiskunde. Die minimum kredietvereiste per fokusarea is 128.

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BSc-graad met Wiskunde as hoofvak of 'n gelykstaande kwalifikasie.
- 'n Finale punt van minstens 60% vir Wiskunde 3.
- Vir die Biowiskunde-fokus moet jy 'n BSc-graad hê soos goedgekeur deur die Biowiskunde-programkomitee, met 'n gemiddelde van minstens 60% in die relevante derdejaarmodules.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanklik van die beskikbaarheid van plek – sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar.

Indien jy nie 'n US-student is nie, neem asseblief kennis dat jou aansoek langer sal neem om te verwerk weens die verifiëring van kwalifikasies. Doen dus vroegtydig aansoek.

Promosiebepalings

Om hierdie graad te verwerf, moet jy ten minste 50% in elke module in hierdie program behaal. Indien jy 'n teoriemodule druij, kan jy aansoek doen om hierdie module in die volgende jaar te herhaal. Jy mag aansoek doen om 'n maksimum van twee modules te herhaal. Toelating tot die tersaaklike module(s) vir die volgende jaar berus uitsluitlik by die departement. Die Honneursprojek-module kan egter nie herhaal word nie en indien jy dit druij, sal jy nie met 'n HonsBSc in Wiskunde gradueer nie.

Programstruktuur

Daar word vir jou as student 'n program saamgestel wat jou belangstellings en voorkennis in ag neem. Modules gelykstaande aan die helfte van die program buite die Wiskunde-afdeling mag gevolg word met goedkeuring deur die Wiskunde-afdeling. Vir elke semester moet jy modules ter waarde van minstens 64 krediete neem. In die tweede semester word een van die modules aan 'n projek gewy. Die modules wat jy kies, verleen 'n fokus aan die HonsBSc in Wiskunde. Hierdie fokus sal met jou bespreek word om 'n gepaste kurrikulum te ontwerp.

Meer besonderhede oor die honneursprogram is beskikbaar op Departement Wiskundige Wetenskappe se webblad by <http://mathsci.sun.ac.za>.

Duur van Program

Die normale duur van die program is een jaar, maar onder buitengewone omstandighede, en na goeddunke van die departement, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin in die eerste week van Februarie.

Programinhoud

Die onderstaande tabel bied modules vir die fokus in **Wiskunde**.

Eerste Semester

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 10378 | 711 | 16 | Algebra (S Wiskunde 314) | 1 |
| 11202 | 712 | 16 | Funksionele Analise en Maatteorie (S Wiskunde 365) | 1 |
| 62987 | 713 | 16 | Reële en Komplekse Analise (S Wiskunde 324, 365) | 1 |
| 62871 | 714 | 16 | Versamelingsleer en Topologie (S Wiskunde 365 of 378) | 1 |

Tweede Semester

Afhangend van die belangstelling en beskikbaarheid van dosente word onderstaande modules aangebied.

| Vak-nommer | Module-kode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|------------|-------------|----------|---------------------------|----------|
| 11493 | 747 | 8 | Algebraïese Getalleteorie | 2 |
| 11494 | 748 | 8 | Berekeningsalgebra | 2 |
| 20405 | 749 | 8 | Wavelet-analise | 2 |
| 66389 | 751 | 8 | Funksionaalanalise II | 2 |
| 66397 | 752 | 8 | Maatteorie II | 2 |
| 64400 | 753 | 8 | Kategoriëteorie | 2 |
| 66419 | 754 | 8 | Logika | 2 |
| 66427 | 755 | 8 | Konkrete Wiskunde | 2 |
| 66435 | 756 | 8 | Temas in Algebra | 2 |
| 12250 | 757 | 8 | Komplekse Analise II | 2 |

Verdere capita selecta-modules afhangend van navorsingsbelangstelling van studente, dosente en besoekende akademici word jaarliks aangebied. Hierdie modules word in die eerste semester bekendgestel. Besoek die departementele webtuiste <http://mathsci.sun.ac.za> vir die huidige moduleaanbod.

| Vak-nommer | Module-kode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|------------|-------------|----------|------------------------------------|----------|
| 62928 | 741 | 8 | Capita selecta I | 2 |
| 62979 | 742 | 8 | Capita selecta II | 2 |
| 62936 | 743 | 8 | Capita selecta III | 2 |
| 11204 | 744 | 8 | Capita selecta IV | Albei |
| 63002 | 745 | 8 | Capita selecta V | 2 |
| 11203 | 760 | 8 | Gevorderde Analise | 2 |
| 12550 | 761 | 8 | Gevorderde Abstrakte Algebra | 2 |
| 12551 | 762 | 8 | Getalleteorie | 2 |
| 14048 | 767 | 8 | Gevorderde Kombinatorika | 2 |
| 14049 | 768 | 8 | Algebraïese Krommes | 2 |
| 14050 | 769 | 8 | Algebraïese Meetkunde | 2 |
| 14051 | 771 | 8 | Asimptotiese Metodes | 2 |
| 14053 | 772 | 8 | Kategoriëse Algebra | 2 |
| 14054 | 773 | 8 | Differensiaalmeetkunde | 2 |
| 14055 | 774 | 8 | Funksionaalanalise III | 2 |
| 14056 | 775 | 8 | Hilbert-ruimtes en C^* -algebras | 2 |
| 14057 | 776 | 8 | Knoopteorie | 2 |
| 14058 | 780 | 8 | Lie-groepe en Lie-algebras | 2 |
| 14059 | 784 | 8 | Modelteorie | 2 |
| 14061 | 785 | 8 | Operatorteorie | 2 |
| 14062 | 781 | 8 | Universele Algebra | 2 |
| 14063 | 782 | 8 | Representasieteorie | 2 |
| 14064 | 783 | 8 | Analitiese Getalleteorie | 2 |

'n Honneursprojek wat jou aan 'n navorsingstema blootstel, word in die tweede semester voltooi.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--------------------------|----------|
| 62944 | 746 | 32 | Wiskunde: Honneursprojek | 2 |

Die onderstaande tabel bied modules vir die fokus in **Biowiskunde**.

Eerste Semester

Spesifieke modules word aangebied in samewerking met die Afrika-Instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS) by die AIMS-kampus in Muizenberg.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 11779 | 721 | 16 | Berekenings- en Diskrete Metodes in Biowiskunde | Albei |
| 11780 | 722 | 16 | Nie-lineêre Dinamiese Stelsels in Biowiskunde | Albei |
| 11781 | 723 | 8 | Gevorderde Temas in Biowiskunde I | Albei |
| 11782 | 724 | 8 | Gevorderde Temas in Biowiskunde II | Albei |
| 11785 | 725 | 8 | Temas uit die Biologiese Wetenskappe | Albei |
| 11786 | 726 | 8 | Temas uit die Biomediese Wetenskappe | Albei |

Tweede Semester

Jy doen 'n honneursprojek oor 'n navorsingstema wat wiskundige, berekenings- en/of statistiese metodes toepas om probleme in biologiese wetenskappe, omgewingswetenskappe en biomediese wetenskappe te analiseer en op te los.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 11787 | 747 | 32 | Biowiskunde: Honneursprojek | Albei |
| 12553 | 748 | 16 | Gevorderde Onderwerpe in Biowiskunde III | 2 |
| 12554 | 749 | 8 | Gevorderde Onderwerpe in Biowiskunde IV | 2 |

plus

Keusemodules

(krediete = 8)

Jy kan enige honneursmodule volg in oorleg met die Biowiskundige programkomitee en indien dit voldoen aan bepaalde voorvereistes.

6.9.1.2 MSc in Wiskunde

Programkode

21539 – 878 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBSc-graad in Wiskunde of 'n goedgekeurde gelykstaande kwalifikasie.
- Daarbenewens mag die Departement, in oorleg met jou en jou studieleier, aanvullende studie van jou vereis.

Kyk ook na afdeling 2.2 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die MSc-graad.

Programbeskrywing

Selfstandige navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat tot 'n tesis lei, word van jou vereis.

Programinhoud

Hierdie program bestaan uit 'n 100%-tesis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|----------------|----------|
| 11201 | 828 | 180 | Tesis Wiskunde | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die navorsingsondersoek moet jy 'n tesis tot tevredenheid van die eksaminatore inlewer en 'n mondelinge eksamen aflê.

Navrae

Kontak die voorsitter van die Departement Wiskundige Wetenskappe vir meer inligting oor die MSc-graad in Wiskunde.

6.9.1.3 PhD in Wiskunde

Programkode

21539 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif word vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.9.1.4 DSc in Wiskunde

Programkode

21539 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir hierdie graad word reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë standaard van jou vereis, wat 'n wesentliche en hoogstaande bydrae tot die kennis van Wiskunde gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.9.2 Afdeling: Toegepaste Wiskunde

6.9.2.1 HonsBSc in Toegepaste Wiskunde

Programkode

20710 – 797 (128)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BSc-graad met Toegepaste Wiskunde as hoofvak of 'n ander kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykstaande erken word.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% vir Toegepaste Wiskunde 3.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanklik van die beskikbaarheid van plek - sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar.

Indien jy nie 'n US-student is nie, neem asseblief kennis dat jou aansoek langer sal neem om te verwerk weens die verifiëring van kwalifikasies. Doen dus vroegtydig aansoek.

Promosiebepalings

Om hierdie graad te verwerf, moet jy ten minste 50% in elke module in die program behaal.

Indien jy 'n teoriemodule drui, kan jy aansoek doen om hierdie module in die volgende jaar te herhaal. Jy mag aansoek doen om 'n maksimum van twee modules te herhaal. Toelating tot die tersaaklike module(s) vir die volgende jaar berus uitsluitlik by die departement. Die navorsingsmodule kan egter nie herhaal word nie en indien jy dit drui, sal jy nie met 'n HonsBSc in Toegepaste Wiskunde gradueer nie.

Duur van Program

Die normale duur van die program is een jaar, maar onder buitengewone omstandighede, en na goeddunke van die departement, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin met die aanvang van die akademiese jaar.

Programinhoud

Die minimum krediete vereis is 128. Jy kan sekere onderwerpe met die Afdeling Toegepaste Wiskunde se toestemming by ander departemente volg. Die volgende modules word aangebied:

| Vak-nommer | Module-kode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|------------|-------------|----------|---|----------|
| 10381 | 781 | 16 | Analitiese Metodes van Toegepaste Wiskunde | 1 of 2 |
| 36323 | 776 | 16 | Numeriese Metodes | 1 |
| 10643 | 774 | 16 | Parsiële Differensiaalvergelykings (Studente wat Toegepaste Wiskunde 364 geneem het, word nie toegelaat om Parsiële Differensiaalvergelykings 774 te neem nie). | 1 |
| 10542 | 782 | 16 | Grafiekteorie | 1 of 2 |
| 62782 | 784 | 16 | Kodeerteorie | 1 of 2 |
| 10728 | 794 | 16 | Tensoranalise | 1 of 2 |
| 62820 | 775 | 16 | Numeriese Vloeisimulasie | 1 of 2 |
| 62839 | 791 | 16 | Poreuse Media | 1 of 2 |
| 62812 | 773 | 16 | Numeriese Modelling | 1 of 2 |
| 64572 | 793 | 16 | Digitale Beeldverwerking | 1 of 2 |
| 62847 | 792 | 16 | Rekenaarvisie | 1 of 2 |
| 62855 | 796 | 16 | Statistiese Patroonherkenning | 1 of 2 |
| 11380 | 711 | 10 | X-Straal Tomografie | 1 of 2 |
| 12253 | 761 | 8 | Capita selecta I | 1 of 2 |
| 12255 | 762 | 8 | Capita selecta II | 1 of 2 |
| 12256 | 763 | 16 | Capita selecta III | 1 of 2 |
| 12257 | 764 | 16 | Capita selecta IV | 1 of 2 |
| 10557 | 772 | 32 | Navorsingsprojek in Toegepaste Wiskunde | Jaar |
| 13946 | 771 | 16 | Eindigende Verskille en Eindigende Element Metodes | 1 of 2 |
| 14233 | 783 | 16 | Toegepaste Markov-prosesse | 1 of 2 |

Die Navorsingsprojek in Toegepaste Wiskunde is verpligtend. Nie al die ander modules word noodwendig elke jaar aangebied nie, en die Afdeling kan besluit om sekere modules verpligtend te maak.

Assessering en Eksaminering

Alle modules word deurlopend geassesseer. Om hierdie honneursgraad te verwerf, moet jy 'n finale punt van minstens 50% in elke module behaal, wat die projek insluit.

6.9.2.2 MSc in Toegepaste Wiskunde

Programkode

20710 – 878 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBSc-graad in Toegepaste Wiskunde of 'n goedgekeurde gelykstaande kwalifikasie.
- Die Departement mag ook aanvullende studie van jou vereis wat in aanmerking geneem kan word om die finale punt te bepaal.

Kyk ook na afdeling 2.2 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die MSc-graad.

Programbeskrywing

Selfstandige navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat tot 'n tesis lei, word van jou vereis.

Programinhoud

Hierdie program bestaan uit 'n 100%-tesis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---------------------------|----------|
| 66354 | 828 | 180 | Tesis Toegepaste Wiskunde | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die navorsingsondersoek moet jy 'n tesis tot tevredenheid van die eksaminatore inlewer en 'n mondelinge eksamen aflê.

6.9.2.3 MSc in Masjienleer en Kunsmatige Intelligensie

Programkode

14371 – 887 (180)

Programbeskrywing

Hierdie een jaar lange gestruktureerde nagraadse program is gemik op studente met 'n sterk wiskundige en berekeningsagtergrond. Dit sal jou toerus met 'n onderbou van die noodsaaklike aspekte van masjienleer en kunsmatige intelligensie, sowel as 'n versameling gesofistikeerde tegnieke en konsepte op die navorsingsvoorpunt van hierdie velde.

Spesifieke Toelatingsvereistes

Om vir hierdie program te kan registreer, word een van die volgende kwalifikasies vereis:

- 'n Honneursgraad in Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap, Wiskunde, of Wiskundige Statistiek;
- 'n Vier jaar lange Baccalaureusgraad in Elektriese Ingenieurswese;
- 'n Kwalifikasie wat as gelykstaande met bogenoemde beskou word, in 'n veld nou verwant aan Masjienleer.

Daar sal ook van jou verwag word om bestaande vaardigheid in Python, of 'n soortgelyke programmeringstaal te toon, gemaklik met numeriese lineêre algebra en meerveranderlike calculus om te gaan, en oor basiese kennis van waarskynlikheidsleer en statistiek te beskik.

Die departementele akademiese komitee, in samewerking met die programkoördineerder en met inagneming van die infrastruktuur en departementele kapasiteit, gee finale toestemming vir toelating.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar.

Duur van Program

Die program word voltyds oor een akademiese jaar, of deelyds oor twee akademiese jare, wat van Januarie tot Desember strek, aangebied.

Programstruktuur

Die program bestaan uit drie aparte blokke: verpligte kernmodules, keusemodules, en 'n navorsingsprojek. Elke blok bestaan uit 60 krediete, vir 'n programtotaal van 180 krediete. Modules in 'n spesifieke blok sal nie noodwendig parallel aangebied word oor die hele blok nie, maar sal geskeduleer word volgens intermodulêre inhoudontwikkeling en die beskikbaarheid van dosente.

Programinhoud

Die program sal jou toerus met spesialiskennis en -vaardighede tot op die vlak waar jy in staat sal wees om die geskiktheid van bestaande teorieë en tegnieke vir 'n spesifieke toepassing krities te kan evalueer. Die modules (met hulle meegaande werkstukke) en die navorsingsprojek sal ook jou vermoë om tegnies gevorderde metodes, tegnieke en teorieë te ontwerp, te selekteer, en op komplekse praktiese en teoretiese masjienleer en kunsmatige-intelligensie-probleme toe te pas, ontwikkel.

Verpligte Modules

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 14394 | 811 | 15 | Wiskunde vir Masjienleer | 1 of 2 |
| 14395 | 812 | 15 | Modellering en Redenasie met Waarskynlikheid | 1 of 2 |
| 14396 | 813 | 15 | Grondslae van Diepleer | 1 of 2 |
| 14398 | 814 | 15 | Toegepaste Masjienleer op Groot Skaal | 1 of 2 |
| 14399 | 885 | 60 | Navorsingsprojek (Masjienleer) | 1 of 2 |

plus

Keusemodules

Kies ses modules ter waarde van 60 krediete. Nie al hierdie onderstaande modules sal noodwendig elke jaar aangebied word nie.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 62847 | 842 | 10 | Rekenaarvisie | 1 of 2 |
| 14401 | 817 | 10 | Natuurlike Taalverwerking | 1 of 2 |
| 14402 | 818 | 10 | Versterkingsleer en Beplanning | 1 of 2 |
| 14403 | 819 | 10 | Modellering van Reekse | 1 of 2 |
| 14404 | 820 | 10 | Gevorderde Modellering met Waarskynlikheid | 1 of 2 |
| 14405 | 821 | 10 | Optimering vir Masjienleer | 1 of 2 |
| 14406 | 822 | 10 | Monte Carlo-metodes | 1 of 2 |
| 14407 | 823 | 10 | Kunsmatige Intelligensie en die Brein | 1 of 2 |
| 14408 | 824 | 10 | Gevorderde Onderwerpe in Masjienleer | 1 of 2 |
| 14409 | 825 | 10 | Gevorderde Onderwerpe in Kunsmatige Intelligensie | 1 of 2 |

Assessering en Eksaminering

- Al die modules (behalwe die navorsingsprojek) sal deur middel van buigsame assessering geassesseer word. Dit behels 'n kombinasie van praktiese werkstukke en summatiewe assesserings.
- Alle summatiewe assesserings sal intern gemodereer word en ten minste 40% van die finale punt sal ekstern gemodereer word.
- Die 60-kredietnavorsingsprojek sal deur die studieleier en 'n onafhanklike eksaminator geëksamineer word. 'n Moderator sal die eksaminator en studieleier se aanbevelings hersien, en indien nodig, ook die projek eksamineer. Óf die ekaminator óf die moderator moet ekstern wees en deur die Fakulteit Natuurwetenskappe se Fakulteitsraad aangestel word.
- Studente moet 'n minimum van 50% vir die navorsingsprojek en 'n minimum van 50% vir elke module behaal om die program te slaag.

6.9.2.4 PhD in Toegepaste Wiskunde

Programkode

20710 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif word vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing oor 'n onderwerp uit Toegepaste Wiskunde bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.9.2.5 DSc in Toegepaste Wiskunde

Programkode

20710 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir hierdie graad word reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë standaard van jou vereis, wat 'n wesentliche en hoogstaande bydrae tot die kennis van Toegepaste Wiskunde gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.9.3 Afdeling: Rekenaarwetenskap

6.9.3.1 HonsBSc in Rekenaarwetenskap

Programkode

18139 – 797 (128)

Programbeskrywing

Hierdie honneursprogram het twee fokusareas, naamlik Rekenaarwetenskap en Datawetenskap. Die minimum kredietvereiste per fokusarea is 128. Die Datawetenskap-fokusarea word gestaak en sal vanaf 2024 nie meer aangebied word nie.

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Rekenaarwetenskap as hoofvak, of 'n gelykstaande kwalifikasie.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% vir Rekenaarwetenskap 3.
- Vir die Datawetenskap-fokusarea moet jy bykomend ook 'n bevredigende punt in Wiskundige Statistiek tot op minstens tweedejaarsvlak hê.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Laat aansoeke kan tot 30 November ingedien word. In uitsonderlike gevalle – en afhanklik van die beskikbaarheid van plek – sal aansoeke nog oorweeg word tot aan die begin van die akademiese jaar. Indien jy nie 'n US-student is nie, neem asseblief kennis dat jou aansoek langer sal neem om te verwerk weens die verifiëring van kwalifikasies. Doen dus vroegetydig aansoek.

Programstruktuur

Rekenaarwetenskap-fokusarea

Hierdie fokusarea bestaan uit 6 modules van 16 krediete elk, sowel as 'n verpligte programmeringsprojek van 32 krediete. Hoogstens twee modules kan by verwante departemente gevolg word met die Departement Wiskundige Wetenskappe (Afdeling Rekenaarwetenskap) se toestemming. Nie alle modules word noodwendig elke jaar aangebied nie.

Datawetenskap-fokusarea

Hierdie fokusarea bestaan uit 5-8 verpligte modules wat 'n verpligte programmeringsprojek insluit. Die oorblywende modules om die vereiste krediet totaal te bereik, is modules in Rekenaarwetenskap of uitgesoekte modules in Wiskundige Statistiek. Nie alle modules word noodwendig elke jaar aangebied nie.

Duur van Program

Die normale duur van die program is een jaar, maar onder buitengewone omstandighede en na goeddunke van die departement, is dit moontlik om 'n module te herhaal. Die program begin met die aanvang van die akademiese jaar.

Programinhoud

Rekenaarwetenskap-fokusarea

(krediete = 128)

Verpligte Module

(krediete = minimum 32, maksimum 48)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-------------------------------------|----------|
| 63444 | 771 | 32 | Honneursprojek in Rekenaarwetenskap | Albei |

Tensy jy Rekenaarwetenskap 314 of 'n ekwivalent voltooi het, is die onderstaande Rekenaarwetenskap-module ook verpligtend.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|------------------------------|----------|
| 64963 | 714 | 16 | Gelyklopende Programmering I | 1 |

Tensy jy Rekenaarwetenskap 313 of 'n ekwivalent voltooi het, is die onderstaande Rekenaarwetenskap-module ook verpligtend.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--------------------|----------|
| 14530 | 711 | 16 | Rekenaarnetwerke I | 1 |

plus

Keusemodules

(krediete = minimum 80, maksimum 96)

Kies modules tot 'n minimum waarde van 80 krediete en 'n maksimum waarde van 96 krediete uit die onderstaande lys om die vereiste kredietotaal van 128 krediete te bereik. Jy kan egter ook modules kies wat deur ander departemente aangebied word, met die goedkeuring van die Afdeling Rekenaarwetenskap in die Departement Wiskundige Wetenskappe.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 63452 | 711 | 16 | Outomaatteorie en Toepassings | 1 of 2 |
| 64947 | 712 | 16 | Gevorderde Algoritmes | 1 of 2 |
| 64955 | 713 | 16 | Teoretiese Rekenaarwetenskap | 1 of 2 |
| 63401 | 715 | 16 | Databasisse | 1 of 2 |
| 64971 | 716 | 16 | Gevorderde Onderwerpe in Rekenaarwetenskap 1 | 1 of 2 |
| 11788 | 741 | 16 | Masjienleer | 1 of 2 |
| 14195 | 742 | 16 | Masjienleer A | 1 of 2 |
| 64998 | 742 | 16 | Rekenaargrafika | 1 of 2 |
| 65005 | 743 | 16 | Simulasie van Netwerke | 1 of 2 |
| 65013 | 744 | 16 | Gelyklopende Programmering 2 | 1 of 2 |
| 65021 | 745 | 16 | Programmatuurkonstruksie | 1 of 2 |
| 65048 | 746 | 16 | Gevorderde Onderwerpe in Rekenaarwetenskap 2 | 1 of 2 |
| 14531 | 771 | 16 | Beginsels van Datawetenskap | 1 of 2 |
| 14533 | 771 | 16 | Berekening en Samelewing | 1 of 2 |
| 14232 | 791 | 16 | Kunsmatige Intelligensie | 1 of 2 |
| 62847 | 792 | 16 | Rekenaarvisie | 1 of 2 |
| 64572 | 793 | 16 | Digitale Beeldverwerking | 1 of 2 |
| 13945 | 794 | 16 | Soek en Beplanning | 1 of 2 |
| 13944 | 795 | 16 | Funksionele Programmering | 1 of 2 |
| 14065 | 796 | 16 | Sagtewareverifikasie en -analise | 1 of 2 |
| 14066 | 791 | 16 | Algoritmes in Ruimtewetenskap | 1 of 2 |

Datawetenskap-fokusarea

(krediete = 128)

Verpligte Modules

(krediete = minimum 78, maksimum 122)

Rekenaarwetenskap

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-------------------------------------|----------|
| 11788 | 741 | 16 | Masjienleer | 1 of 2 |
| 63444 | 771 | 32 | Honneursprojek in Rekenaarwetenskap | Albei |

Wiskundige Statistiek

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-------------------------------|----------|
| 13074 | 723 | 6 | Inleiding tot R-programmering | 1 |
| 58777 | 741 | 12 | Dataontginning | 1 |
| 13360 | 771 | 12 | Statistiese Leerteorie | 2 |

Tensy jy Rekenaarwetenskap 314 of 'n ekwivalent voltooi het, is die onderstaande Rekenaarwetenskap-module ook verpligtend.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|------------------------------|----------|
| 64963 | 714 | 16 | Gelyklopende Programmering I | 1 |

Tensy jy Rekenaarwetenskap 315 of 'n ekwivalent voltooi het, is die onderstaande Rekenaarwetenskap-module ook verpligtend.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---------------|----------|
| 14195 | 742 | 16 | Masjienleer A | 1 of 2 |

Tensy jy Rekenaarwetenskap 313 of 'n ekwivalent voltooi het, is die onderstaande Rekenaarwetenskap-module ook verpligtend.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--------------------|----------|
| 14530 | 711 | 16 | Rekenaarnetwerke I | 1 |

Tensy jy Wiskundige Statistiek 3 of 'n ekwivalent voltooi het, is die onderstaande Wiskundige Statistiek-module ook verpligtend.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 13361 | 771 | 12 | Wiskundige Statistiek vir Datawetenskaplikes | Albei |

plus

Keusemodules

(krediete = minimum 6, maksimum 50)

Kies modules uit die Honneurs in die Rekenaarwetenskap-fokusarea tot 'n minimum waarde van 6 krediete en 'n maksimum waarde van 50 krediete om die vereiste kredietotaal van minstens 128 te bereik. Jy kan egter ook modules kies wat deur ander departemente aangebied word met die toestemming van die Departement Wiskundige Wetenskappe se Afdeling Rekenaarwetenskap.

Assessering en Eksaminering

Alle modules maak gebruik van buigsame assessering en jy moet 'n finale punt van minstens 50% vir elke module behaal, asook vir die programmeringsprojek. Indien jy nie al die modules wat vir die graad vereis word in die eerste jaar slaag nie, kan jy aansoek doen om hierdie modules in die volgende jaar te herhaal.

6.9.3.2 MSc in Rekenaarwetenskap

Programkode

18139 – 878 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBSc-graad in Rekenaarwetenskap of 'n goedgekeurde gelykstaande kwalifikasie.
- Daarbenewens mag die Departement aanvullende studie, soos deur die studieleier(s) in elke geval bepaal, van jou vereis.

Kyk ook na afdeling 2.2 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die MSc-graad.

Programbeskrywing

Selfstandige navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat tot 'n tesis lei, word van jou vereis.

Programinhoud

Jou individuele program word afsonderlik saamgestel. Hierdie program bestaan uit 'n 100%-tesis.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-------------------------|----------|
| 66362 | 828 | 180 | Tesis Rekenaarwetenskap | Albei |

Assessering en Eksaminering

Na voltooiing van die navorsingsondersoek moet jy 'n tesis tot tevredenheid van die eksaminatore inlewer en 'n mondelinge eksamen aflê.

6.9.3.3 PhD in Rekenaarwetenskap**Programkode**

18139 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif word vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.9.3.4 DSc in Rekenaarwetenskap**Programkode**

18139 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir hierdie graad word reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë standaard van jou vereis, wat 'n wesentliche en hoogstaande bydrae tot die kennis van die Rekenaarwetenskap gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

6.9.4 Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe**6.9.4.1 MSc in Wiskundige Wetenskappe****Programkode**

58637 – 889(180)

Programbeskrywing

Hierdie een jaar lange nagraadse program lei tot 'n gestruktureerde MSc-graad in Wiskundige Wetenskappe wat formeel geakkrediteer word deur die Universiteite van Kaapstad, Stellenbosch en die Wes-Kaap. Die program word by die Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe (beter bekend as die *African Institute for Mathematical Sciences* of *AIMS*) onderrig, in samewerking met die Universiteite van Cambridge, Oxford en Paris Sud XI. Vir meer inligting, besoek gerus ons webwerf by www.aims.ac.za.

Spesifieke Toelatingsvereistes

Om vir hierdie program te registreer, word een van die volgende kwalifikasies vereis:

- 'n Vier jaar lange Baccalaureusgraad (NKR-vlak 8) in Wiskunde, of enige wetenskap- of ingenieurswesevak met 'n betekenisvolle wiskundekomponent;
- 'n Honneursgraad (NKR-vlak 8) in Wiskunde, of enige wetenskap- of ingenieurswesevak met 'n betekenisvolle wiskundekomponent; of
- Enige graad wat as gelykstaande met bogenoemde beskou word.

Jou rekords moet 'n sterk aanleg in Wiskunde toon. 'n Wye verskeidenheid kwalifikasies, gelykstaande met die bogenoemde vereistes, sal oorweeg word.

Aansoek en Keuring

AIMS rig elke jaar in Oktober en Desember 'n versoek vir aanlynaansoeke. Die versoek word via die AIMS-poslyste en die vennootuniversiteite geadverteer. Aansoeke wat aan die toelatingsvereistes voldoen word geassesseer en studente word deur die AIMS-bestuurspan gekeur. Met registrasie in gedagte word gekeurde studente gelykop verdeel tussen die Universiteite van Kaapstad, Stellenbosch en die Wes-Kaap.

Programstruktuur

Die program bestaan uit twee komponente wat gegroepeer is in twee modules, naamlik Gevorderde Onderwerpe in die Wiskundige Wetenskappe en 'n navorsingsprojek in die Wiskundige Wetenskappe. Die module Gevorderde Onderwerpe behels kursuswerk wat in submodules verdeel is. Hierdie submodules is oor die algemeen drie weke lank. Hulle is selfstandig en baie veeleisend. Elke submodule bestaan uit 30 ure kontaktyd (10 ure per week). Bykomende tutoriale en spesiale lesings word gereeld in die aande aangebied,

terwyl studente hulle tutoriale voltooi.

Duur van Program

Die kurrikulum strek oor 3 semesters en daar is jaarliks twee innames – in Januarie en Augustus.

Programinhoud

Gevorderde Onderwerpe in die Wiskundige Wetenskappe

Eerste semester – Vaardigheidsmodules (10 weke):

Sewe modules van 30 ure elk.

Tweede semester – Oorsigtelike modules (6 drieweekblokke):

Elf modules van 30 ure elk.

Die oorsigtelike modules verskil fundamenteel van mekaar, en 'n wye verskeidenheid onderwerpe wat meer buigsaam ontwerp is, word aangebied. Jy moet 11 modules voltooi, wat gekies moet word uit die 18 oorsigtelike modules wat aangebied word, met 'n maksimum van twee uit enige drieweekblok. Moontlike keuses is so ver as moontlik gebalanseer ten opsigte van die fokus op Wiskunde, Fisika, Statistiek, Rekenaarwetenskap en ander interdisiplinêre onderwerpe, soos Biowiskunde en Finansiële Wiskunde. Jy kies uit die lys modules in oorleg met die Akademiese Direkteur wat verantwoordelik is daarvoor om seker te maak dat jou gekose modules mekaar aanvul. Die oorsigtelike modules verskaf 'n oorsig en diepgaande studie van onderwerpe uit 'n hoofveld van moderne wetenskaplike werk in die Wiskundige Wetenskappe en die toepassings daarvan.

Derde semester – Navorsingsprojek in Wiskundige Wetenskappe (8 weke) (60 krediete):

Tydens die navorsingsprojek-fase werk jy aan 'n navorsingsonderwerp saam met 'n studieleier, wat gewoonlik aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit verbonde is. Daar word nie van jou verwag om oorspronklike werk te doen om 'n slaagpunt te behaal nie, maar die kriterium vir 'n uitnemende navorsingsprojek is dat dit 'n oorspronklike benadering tot die onderwerp vorm en tot publikasie kan lei, of dat dit 'n uitstekende inleiding tot die veld is met waarde vir ander studente wat die veld betree. Tydens hierdie fase is dit moontlik dat kommunikasievaardighede en rekenaarklasse sal voortgaan, na goeddunke van die studieleier.

Verpligte Modules

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 11471 | 871 | 120 | Gevorderde Onderwerpe in die Wiskundige Wetenskappe | Albei |
| 11472 | 871 | 60 | Navorsingsprojek in die Wiskundige Wetenskappe | Albei |

Assessering en Eksaminering

- Hierdie program word deurlopend geassesseer met geskrewe werkstukke, tutoriale, kort toetse en aanbiedings, soos bepaal deur die dosente.
- Jy doen 'n mondelinge aanbieding oor die geskrewe navorsingsprojek aan 'n paneel van eksaminatore. Hierdie paneel bestaan uit die AIMS-direkteur, die AIMS-Akademiese Direkteur, die studieleier, onderrigassistent en eksterne eksaminatore.

7. Nagraadse programme in ander fakulteite

7.1 Fakulteit AgriWetenskappe

7.1.1 Departement Bewaringsekologie en Entomologie

7.1.1.1 MSc in Entomologie

Programkode

34576 – 879(180)

Programbeskrywing

Onderwerpe vir die magistergraad word in oorleg met die betrokke dosent vir elke voornemende student bepaal. Velde waaruit jy kan kies, sluit in die morfologie en sistematiek, insekbewaringsekologie en geïntegreerde plaagbestuur van insekte.

| | |
|--------------------|-------------------------|
| 62391: Entomologie | 828(180): Magistertesis |
|--------------------|-------------------------|

7.1.1.2 PhD en DSc in Entomologie

Vir inligting oor doktorsale programme in Entomologie, raadpleeg asseblief Deel 7 (Fakulteit AgriWetenskappe) van die Jaarboek.

7.1.2 Departement Genetika

7.1.2.1 Nagraadse programme in Genetika

a) HonsBSc in Genetika

Programkode

13285 – 778 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BSc-graad met Genetika 214, 244 plus 314, 324, 344 en 354 of soortgelyke modules van ander universiteite.
- 'n Gemiddelde punt van ten minste 65% in Genetika in die finale jaar.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen einde Oktober van die voorafgaande jaar. Die getal studente wat jaarliks toegelaat word, word bepaal deur ruimte beskikbaar in navorsingslaboratoria.

Duur van Program

Die program strek oor een akademiese jaar en begin met die algemene aanvang van klasse.

Programinhoud

Hierdie program bestaan uit die onderstaande ses modules. Jy mag, onderhewig aan departementele goedkeuring, twee van die 8-krediet-teoriemodules vervang met gelykstaande 8-krediet-modules van die HonsBSc in Plantbiotegnologie. Verder moet jy 'n navorsingsopdrag voltooi en die resultate in die vorm van 'n navorsingspublikasie aanbied. Die Departement lê sterk klem op die verwerwing van laboratoriumvaardigheid. Daar word van jou as honneursstudent verwag om departementele seminare by te woon en om as voorgraadse demonstrateur op te tree.

Verpligte Modules

| | |
|---|--|
| 10481: Genetika: Molekulêre Tegnieke | 711(16): Genetika: Molekulêre Tegnieke |
| 10478: Genetiese Data-analise | 713(8): Genetiese Data-analise |
| 11061: Biometriese Toepassings en Data-analise in R | 721(8): Biometriese Toepassings en Data-analise in R |
| 13594: Genomika | 716(8): Genomika |
| 13538: Wetenskaplike Voorstel en Skryfkursus | 721(8): Wetenskaplike Voorstel en Skryfkursus |
| 18007: Projek | 741(64): Honneurstaak in Genetika |

plus

Keusemodules

Kies een van die onderstaande modules.

| | |
|--|---|
| 13596: Mens- en Diergenetika | 712(8): Mens- en Diergenetika |
| 13537: Plantgenetika en Gewasverbetering | 722(8): Plantgenetika en Gewasverbetering |

Assessering en Eksaminering

Hierdie program word buigsam geassesseer. Om die honneursprogram suksesvol af te lê, moet jy die molekulêre tegnieke module, 'n navorsingsprojek en alle voorgeskrewe teoretiese modules suksesvol voltooi.

b) MSc in Genetika

Programkode

13285 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike honneursgraad met verkieslik Plantkunde, Genetika, Mikrobiologie, Biochemie, Dierkunde, Veekunde of Plantbiotegnologie as vak; of 'n geskikte vier jaar lange BScAgric-graad in Plant- of Dierreproduksiestelsels met Plante-, Diereteelt of Genetika as hoofvak.
- 'n Gemiddelde finale punt van 60% vir die honneursgraad of hoofvak in die geval van 'n BScAgric-graad.

Programstruktuur

Die program behels navorsing oor 'n goedgekeurde onderwerp soos deur die Departement bepaal. By voltooiing van die navorsing moet jy 'n bevredigende tesis inlewer. Die Departement kan aanvullende module(s) voorskryf, afhangend van jou agtergrond.

Kyk ook na afdeling 2.2 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die MSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe, asook Deel 7 (Fakulteit AgriWetenskappe) van die Jaarboek.

Verpligte Module

| | |
|-----------------|-----------------------------------|
| 62448: Genetika | 828(180): Magistertesis: Genetika |
|-----------------|-----------------------------------|

Assessering en Eksaminering

'n Mondelinge eksamen word afgelê.

c) PhD in Genetika

Programkode

13285 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Persklaar tesis word van jou vereis en 'n mondelinge eksamen word afgelê. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe, asook Deel 7 (Fakulteit AgriWetenskappe) van die Jaarboek.

d) DSc in Genetika

Programkode

13285 – 998 (360)

Programbeskrywing

Vir hierdie graad word reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van hoë standaard van jou vereis, wat 'n wesenlike bydrae tot die kennis van Genetika gelewer het. Kyk ook na afdeling 2.4 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die DSc-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe, asook Deel 7 (Fakulteit AgriWetenskappe) van die Jaarboek.

7.1.2.2 Nagraadse programme in Plantbiotegnologie

a) HonsBSc in Plantbiotegnologie

Programkode

53287 – 788 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BSc-graad wat deur die Departement se Nagraadse en Akademiese Komitees goedgekeur is met 'n gemiddelde finale punt van ten minste 60% vir toepaslike modules op derdejaarlak. Geskikte modules sluit Biotegnologie, Biochemie, Genetika en Mikrobiologie in.
- Jy word egter sterk aangeraai om Genetika 314, 315, 344 en 345 te neem vir toelating tot die honneurs in Plantbiotegnologie.
- Afhangende van jou agtergrond, mag die Departement addisionele werk voorskryf.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za>. Die getal studente wat jaarliks toegelaat word, word bepaal deur ruimte beskikbaar in navorsingslaboratoria.

Duur van Program

Die program strek oor een akademiese jaar en begin met die algemene aanvang van klasse.

Programinhoud

Die program stel studente bekend aan gevorderde plantbiotegnologiese konsepte en vaardighede wat benodig word vir 'n loopbaan as plantbiotegnoloog of navorsers. Daar word klem gelê op drie aspekte in die opvoedingsproses:

- Die ontwikkeling van 'n bevredigende kennisbasis;
- Die ontwikkeling van 'n breë praktiese en teoretiese vermoë; en
- Die ontwikkeling van 'n professionele wetenskaplik-metodologiese en etiese benadering.

Die program sluit teoretiese werk, seminare, praktiese take, onafhanklike navorsing en onafhanklike raadpleging van die breër biologiese literatuur in. Daar word van jou as honneursstudent verwag om departementele seminare by te woon en om as voorgraadse demonstrateur op te tree. Die teoriemodules bestaan uit 'n reeks kontaksessies waar inligting deur middel van besprekingsklasse, seminare, opdragte en leesopdragte uitgeruil word. Die moduleleiers sal as fasiliteerders optree eerder as om klas te gee.

Jy mag twee van die 8-krediet-teoriemodules vervang met gelyke 8-krediet-modules vanaf die HonsBSc in Genetika-program. Alle plaasvervangings moet deur die Departement goedgekeur word.

Verpligte Modules

| | |
|---|---|
| 10481: Genetika: Molekulêre Tegnieke | 715(16): Genetika: Molekulêre Tegnieke |
| 13594: Genomika | 716(8): Genomika |
| 13538: Wetenskaplike Voorstel en Skryfkursus | 721(8): Wetenskaplike Voorstel en Skryfkursus |
| 13537: Plantgenetika en Gewasverbetering | 722(8): Plantgenetika en Gewasverbetering |
| 12582: Navorsingsprojek in Plantbiotegnologie | 790(64): Navorsingsprojek in Plantbiotegnologie |

plus

Keusemodules

Kies twee van die volgende modules:

| | |
|---|--|
| 17523: Plantfisiologie | 712(8): Plantfisiologie |
| 10475: Geïntegreerde Plantmetabolisme | 713(8): Geïntegreerde Plantmetabolisme |
| 11061: Biometriese Toepassings en Data-analise in R | 721(8): Biometriese Toepassings en Data-analise in R |

Assessering en Eksaminering

- Hierdie program word buigsaam geassesseer.
- Om die honneursprogram suksesvol af te lê, moet jy die molekulêre tegnieke module, 'n navorsingsprojek en alle voorgeskrewe teoretiese modules suksesvol voltooi.

b) MSc in Plantbiotegnologie**Programkode**

53287 – 879 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike honneursgraad met verkieslik Plantkunde, Genetika, Mikrobiologie, Biochemie of Plantbiotegnologie as vak.

Programstruktuur

Die program behels navorsing oor 'n goedgekeurde onderwerp soos deur die Departement bepaal. By voltooiing van die navorsing moet jy 'n bevredigende tesis inlewer. Die Departement kan aanvullende module(s), afhangende van jou agtergrond, voorskryf.

Kyk ook na afdeling 2.2 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die MSc-grad in die Fakulteit Natuurwetenskappe, asook Deel 7 (Fakulteit AgriWetenskappe) van die Jaarboek.

Verpligte Module

| | |
|----------------------------------|------------------------------------|
| 66311 : Tesis Plantbiotegnologie | 828(180): Tesis Plantbiotegnologie |
|----------------------------------|------------------------------------|

Assessering en Eksaminering

'n Mondelinge eksamen word afgeleë.

c) PhD in Plantbiotegnologie**Programkode**

53287 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif word van jou vereis en 'n mondelinge eksamen word afgeleë. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-grad in die Fakulteit Natuurwetenskappe, asook Deel 7 (Fakulteit AgriWetenskappe) van die Jaarboek.

7.1.3 Departement Wingerd- en Wynkunde

Wynbiotegnologie behels die integrasie van verskeie vakdissiplines en die gebruik van navorsingstegnieke wat daarop gemik is om wingerd- en wyngesassosieerde mikroörganismes en die druifplant op 'n molekulêre vlak te bestudeer en geneties te verbeter.

7.1.3.1 HonsBSc in Wynbiotegnologie**Programbeskrywing**

Die program behels formele lesings, asook seminare, selfstudie en eksperimentele werk in Wynbiotegnologie.

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Geskikte graad soos byvoorbeeld BSc, BScAgric of BIng met enige toepaslike dissipline as hoofvak.

Duur van Program

Hierdie program strek oor een jaar.

Programinhoud

Die volgende onderwerpe word in hierdie program gedek:

- Genetiese eienskappe en verbetering van wyngiste;
- Druifgebaseerde drank;
- Alkoholiese gisting;
- Chemiese bestanddele van druiwe en wyn;
- Tegnieke in wyn- en wingerdbiotegnologie;
- Appelmelksuurgisting en mikrobiële bederf;
- Ensieme in wynbereiding;

- Wingerdstokstruktuur en funksies; en
- Druifplantverbetering met behulp van biotegnologie.

Doen selfstudie oor die Suid-Afrikaanse wynbedryf en voer selfstandige eksperimentele navorsing in wingerd- en wynbiotegnologie uit.

Verpligte Modules

| | |
|-------------------------|--|
| 50997: Wynbiotegnologie | 776(20): Chemie en biochemie van druiwe en wyn |
| 50997: Wynbiotegnologie | 771(30): Navorsingsmetodiek vir wingerd- en wynbiotegnologie |
| 50997: Wynbiotegnologie | 772(20): Tegnieke in druif- en wynwetenskappe |
| 50997: Wynbiotegnologie | 773(20): Wynverwante mikrobies |
| 50997: Wynbiotegnologie | 774(20): Druifplantbiologie en -biotegnologie |
| 50997: Wynbiotegnologie | 775(10): Seminaar |

7.1.3.2 MScAgric of MSc in Wynbiotegnologie

Programkode

50997 – 879(180)

Programinhoud

Navorsingsprojekte kan uit die volgende temas gekies word:

- Die seleksie en genetiese verbetering van wyngiste en -bakterieë ten einde die doeltreffendheid van wynfermentasies en -prosessering te verhoog, en om die heilzaamheid en sensoriese eienskappe van wyn en ander druifgebaseerde drankte te verbeter;
- Die metaboliese herprogrammering van giste;
- Die rol van transkripsiefaktore en seintransduksie in seldifferensiasie; en
- Die genetiese verbetering van wyndruifkultivars ten opsigte van siekteweerstand en stresbestandheid.

Verpligte Module

| | |
|-------------------------|-------------------------|
| 50997: Wynbiotegnologie | 828(180): Magistertesis |
|-------------------------|-------------------------|

7.1.3.3 PhD en DSc in Wynbiotegnologie

Vir inligting oor doktorsale programme in Wynbiotegnologie, raadpleeg asseblief Deel 7 (Fakulteit AgriWetenskappe) van die Jaarboek.

7.2 Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

7.2.1 Departement Logistiek

7.2.1.1 HonsBSc in Operasionele Navorsing

Programkode

55336 – 779 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Geskikte baccalaureusgraad met toepaslike modules op derdejaarlak.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% vir Operasionele Navorsing, Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde of Wiskundige Statistiek op derdejaarlak, of enige graad wat volgens die Departement Logistiek 'n gelykstaande kwalifikasie is.

Duur van Program

Hierdie program strek oor een jaar.

Programinhoud

Jy moet minstens 120 krediete vir hierdie program verdien soos dit hieronder in die verpligte modules uiteengesit is.

Verpligte Modules

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 65269 | 746 | 12 | Toegepaste Stogastiese Simulasie (Dept. Statistiek en Aktuariële Wetenskap) | 2 |
| 11047 | 774 | 35 | Navorsingswerkstuk: Operasionele Navorsing | Albei |

Keusemodules

(minstens 73 krediete)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 10906 | 712 | 15 | Gevorderde lineêre programmering (Verpligtend vir studente wat nie Operasionele Navorsing as hoofvak geneem het nie) (Dept. Logistiek) | 1 |
| 12318 | 713 | 15 | Metaheuristieke (Dept. Logistiek) | 1 |
| 10925 | 742 | 15 | Plasing van fasiliteite (Dept. Logistiek) | 2 |
| 10932 | 743 | 15 | Voorraadbeheer (Dept. Logistiek) | 2 |
| 10933 | 753 | 15 | Vooruitskatting | 2 |
| 10931 | 743 | 15 | Speleteorie (Dept. Logistiek) | 1 |
| 11907 | 786 | 15 | Metodes in Operasionele Navorsing (Dept. Logistiek) | 2 |
| 10542 | 782 | 16 | Grafiekteorie (Dept. Wiskundige Wetenskappe) | 2 |
| 10748 | 722 | 12 | Toegepaste tydreeksanalise A (Dept. Statistiek en Aktuariële Wetenskap) | 1 |
| 10600 | 721 | 12 | Meerveranderlike metodes in statistiek A (Dept. Statistiek en Aktuariële Wetenskap) | 1 |
| 10601 | 751 | 12 | Meerveranderlike metodes in statistiek B (Dept. Statistiek en Aktuariële Wetenskap) | 2 |
| 58777 | 741 | 12 | Dataontginning (Dept. Statistiek en Aktuariële Wetenskap) | 2 |
| 10440 | 713 | 12 | Eksperimentele ontwerp (Dept. Statistiek en Aktuariële Wetenskap) | 1 |
| 64009 | 714 | 15 | Capita Selecta (Operasionele Navorsing) (Dept. Logistiek) | 1 |
| 64009 | 744 | 15 | Capita Selecta (Operasionele Navorsing) (Dept. Logistiek) | 2 |
| 40541 | 774 | 15 | Stelseldinamika | Albei |

7.2.1.2 MCom en MSc in Operasionele Navorsing – Voltesisopsie

Programkode

55336 – 879 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Operasionele Navorsing, Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde of Wiskundige Statistiek en jy moet oor genoegsame kennis van die breë spektrum van kundigheid in Operasionele Navorsing beskik.
- Jy kan ook vir toelating oorweeg word indien jy na die oordeel van die Departement Logistiek 'n gelykstaande kwalifikasie verwerf het.

Programinhoud

Indien Operasionele Navorsing 879 gevolg word, moet jy 'n tesis inlewer wat die resultaat van jou

selfstandige ondersoek is.

7.2.1.3 MCom en MSc in Operasionele Navorsing – Doseer- en Tesisopsie

Programkode

55336 – 899 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Operasionele Navorsing, Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde of Wiskundige Statistiek en jy moet oor genoegsame kennis van die breë spektrum van kundigheid in Operasionele Navorsing beskik.
- Jy kan ook vir toelating oorweeg word indien jy na die oordeel van die Departement Logistiek 'n gelykstaande kwalifikasie verwerf het.

Vir inligting oor die MCom in Operasionele Navorsing (Doseer- en Tesisopsie) raadpleeg asseblief Deel 10 (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) van die Jaarboek.

Programinhoud

Indien Operasionele Navorsing 899 gevolg word, moet jy minstens 180 krediete verdien soos in die onderstaande tabelle uiteengesit word.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-------------------------------|----------|
| 11243 | 884 | 150 | Tesis: Operasionele Navorsing | Albei |

Keusemodules

(minstens 30 krediete)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 10694 | 811 | 15 | Skoenlus en ander steekproefhergebruik-tegnieke A (Dept. Statistiek en Aktuariële Wetenskap) | Albei |
| 10695 | 841 | 15 | Skoenlus en ander steekproefhergebruik-tegnieke B (Dept. Statistiek en Aktuariële Wetenskap) | 2 |
| 64009 | 814 | 15 | Capita Selecta 1 (Operasionele Navorsing) (Dept. Logistiek) | 1 |
| 64009 | 844 | 15 | Capita Selecta 2 (Operasionele Navorsing) (Dept. Logistiek) | 2 |

7.2.1.4 PhD in Operasionele Navorsing

Programkode

55336 – 979 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif word vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk verder na die afdeling "Nagraadse Kwalifikasies" in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek.

7.2.2 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

7.2.2.1 HonsBCom en HonsBSc in Wiskundige Statistiek

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met 'n gemiddelde punt van minstens 60% in Wiskundige Statistiek 3.
- Keuring word op akademiese meriete gedoen en slegs 'n beperkte getal studente kan gekeur word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> voor die einde van Oktober van die voorafgaande jaar.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar en begin een en 'n halwe weke voor die algemene aanvang van klasse.

Programinhoud

Jy moet 'n minimum van 120 krediete vir hierdie program verdien. Afhangende van omstandighede in die Departement kan dit gebeur dat sommige van die onderstaande modules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie asook dat dosente modules aanbied in ander semesters as wat hieronder aangedui word.

Jy kan toestemming vra om hoogstens 12 krediete uit toepaslike nagraadse modules wat deur ander departemente aangebied word, te verwerf.

Hieronder word 'n uiteensetting van die modules aangebied.

Programmodule

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 22853 | 778 | 120 | Honneursprogram in Wiskundige Statistiek | Albei |

Verpligte Modules

(36 krediete)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 13074 | 723 | 6 | Inleiding tot R Programming | 1 |
| 11228 | 791 | 30 | Navorsingswerkstuk: Wiskundige Statistiek | Albei |

Keusemodules

(minstens 84 krediete)

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 10394 | 711 | 12 | Bayes-statistiek | 1 |
| 10408 | 712 | 12 | Biostatistiek | 1 |
| 11922 | 724 | 12 | Capita Selecta in Wiskundige Statistiek A | 1 |
| 11923 | 754 | 12 | Capita Selecta in Wiskundige Statistiek B | 2 |
| 58777 | 741 | 12 | Dataontginning | 2 |
| 10440 | 713 | 12 | Eksperimentele Ontwerp | 1 |
| 10602 | 715 | 12 | Meerveranderlike Statistiese Analise A | 1 |
| 10603 | 745 | 12 | Meerveranderlike Statistiese Analise B | 2 |
| 10636 | 746 | 12 | Oorlewingsanalise | 2 |
| 10705 | 742 | 12 | Steekproefnemingstegnieke | 1 |
| 65250 | 718 | 12 | Stogastiese Simulasie | 1 |
| 10751 | 747 | 12 | Tydreeksanalise B | 2 |

Assessering en Eksaminering

Eksamens word aan die einde van elke semester in Junie en November afgeneem. Eksamenuitslae word aangevul met die assessering van verskeie praktiese projekte. Jy moet ook 'n verpligte werkstuk onder studieleiding vir eksaminering inlewer.

7.2.2.2 MCom en MSc in Wiskundige Statistiek – Doseer- en Tesisopsie

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad met Wiskundige Statistiek as hoofstudierigting.
- Keuring word op akademiese meriete gedoen en slegs 'n beperkte getal studente kan gekeur word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn by <https://student.sun.ac.za> aansoek voor die einde van Oktober van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Lewer 'n tesis van 90 krediete in en verdien verdere krediete uit gevorderde kursuswerk om 'n totaal van ten

minste 180 krediete te verwerf.

Duur van Program

Die program strek oor minstens 12 maande en begin een en 'n halwe weke voor die algemene aanvang van klasse.

Programinhoud

Hieronder word tabelle met die verpligte modules en keusemodules uitgesit. Afhangende van omstandighede in die Departement kan dit gebeur dat sommige van die onderstaande modules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie asook dat modules in ander semesters as wat hieronder aangedui word, aangebied word.

Programmodule

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 22853 | 879 | 180 | MCom en MSc in Wiskundige Statistiek (doseer- en-tesisopsie) | Albei |

Verpligte tesis: Wiskundige Statistiek

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|------------------------------|----------|
| 11246 | 891 | 90 | Tesis: Wiskundige Statistiek | Albei |

Keusemodules

Kies uit die onderstaande modules om saam met die tesis minstens 180 krediete te verwerf.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 10441 | 813 | 15 | Ekstreemwaardeteorie A | 2 |
| 10442 | 843 | 15 | Ekstreemwaardeteorie B | 2 |
| 10523 | 818 | 15 | Gevorderde steekproefnemingstegnieke | 2 |
| 10524 | 819 | 15 | Gevorderde Wiskundige Statistiek A | 1 |
| 11173 | 849 | 15 | Gevorderde Wiskundige Statistiek B | 2 |
| 18130 | 822 | 15 | Meerdimensionele skalering A | 1 |
| 11910 | 852 | 15 | Meerdimensionele skalering B | 2 |
| 10694 | 811 | 15 | Skoenlus en ander steekproefhergebruiktegnieke A | 1 |
| 10695 | 841 | 15 | Skoenlus en ander steekproefhergebruiktegnieke B | 2 |
| 10703 | 812 | 15 | Statistiese leerteorie A | 2 |
| 10704 | 842 | 15 | Statistiese leerteorie B | 2 |

Assessering en Eksaminering

Eksamens in die gedoseerde modules word aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. Jy moet ook 'n tesis inlewer wat die resultaat van jou selfstandige ondersoek is, plus aanvullende werk soos deur die Departement vereis mag word.

7.2.2.3 MCom en MSc in Wiskundige Statistiek – Doseer- en werkstukopsie

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad met Wiskundige Statistiek as hoofstudierigting.
- Keuring word op akademiese meriete gedoen en slegs 'n beperkte getal studente kan gekeur word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> voor die einde van Oktober van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Jy moet 'n minimum van 180 krediete in hierdie program verwerf. Die werkstuk van 60 krediete is verpligtend.

Duur van Program

Die program strek oor minstens 12 maande en begin een en 'n halwe weke voor die algemene aanvang van klasse.

Programinhoud

Hieronder word tabelle met die verpligte modules en keusemodules uitgesit. Afhangende van omstandighede in die Departement kan dit gebeur dat sommige van die onderstaande modules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie asook dat modules in ander semesters as wat hieronder aangedui word, aangebied word.

Programmodule

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 22853 | 889 | 180 | MCom en MSc in Wiskundige Statistiek (doseer-en-werkstukopsie) | Albei |

Verpligtende Werkstuk: Wiskundige Statistiek-modules

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|---|----------|
| 11228 | 895 | 60 | Navorsingswerkstuk: Wiskundige Statistiek | Albei |

Keusemodules

Kies uit die onderstaande modules om saam met die werkstuk minstens 180 krediete te verwerf.

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 10441 | 813 | 15 | Ekstreemwaardeteorie A | 2 |
| 10442 | 843 | 15 | Ekstreemwaardeteorie B | 2 |
| 10523 | 818 | 15 | Gevorderde steekproefnemingstegnieke | 2 |
| 10524 | 819 | 15 | Gevorderde Wiskundige Statistiek A | 1 |
| 11173 | 849 | 15 | Gevorderde Wiskundige Statistiek B | 2 |
| 18130 | 822 | 15 | Meerdimensionele skalering A | 1 |
| 11910 | 852 | 15 | Meerdimensionele skalering B | 2 |
| 10694 | 811 | 15 | Skoenlus en ander steekproefhergebruiktegnieke A | Albei |
| 10695 | 841 | 15 | Skoenlus en ander steekproefhergebruiktegnieke B | 2 |
| 10703 | 812 | 15 | Statistiese leerteorie A | 2 |
| 10704 | 842 | 15 | Statistiese leerteorie B | 2 |

Assessering en Eksaminering

Eksamens in die gedoseerde modules word aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. Jy moet ook 'n werkstuk inlewer wat die resultaat van jou selfstandige ondersoek is, plus aanvullende werk soos deur die Departement vereis mag word.

7.2.2.4 PhD in Wiskundige Statistiek

Programbeskrywing

'n Proefskrif word vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk verder "Algemene Bepalings vir Doktorsgrade" in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek.

Programmodule

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|------------------------------|----------|
| 22853 | 978 | 360 | PhD in Wiskundige Statistiek | Albei |

7.3 Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

7.3.1 Departement Geografie en Omgewingstudie

7.3.1.1 HonsBSc in GeoInformatika

Programkode

12279 – 778 (120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BSc-graad met Geografiese Inligtingstegnologie of verwante vak as hoofvak.
- 'n Gemiddelde finale punt van 60% vir die hoofvak.

Akkreditasie

Hierdie Honneursprogram wat volg op 'n geakkrediteerde drie jaar lange BSc GeoInformatika-program, voldoen aan die Suid-Afrikaanse Geomatika Raad se akademiese vereistes vir registrasie as Professionele Geografiese Inligtingswetenskap (GIW) Praktisyn. Studente wat hierdie vier jaar lange kwalifikasie voltooi sal outomaties kan registreer as Professionele GIW Praktisyns in opleiding.

Duur van Program

Hierdie program strek oor een jaar.

Programinhoud

Hierdie program bestaan uit lesings en 'n toegepaste navorsingskomponent. Programinhoud behels die toepassing van Geografiese Inligtingstegnologie (GIT), wat Geografiese Inligtingstelsels (GIS) en afstandwaarnemingstegnieke insluit, vir die ontleding, verstaan, bestuur en oplos van ruimtelike problematiek ten opsigte van mens-omgewingsinteraksie, omgewingsproblematiek in spesiale omgewings en die uitvoer van ruimtelike analise en modellering.

Verpligte Modules

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|--|----------|
| 63398 | 712 | 30 | Gevorderde Afstandswaarneming | 1 |
| 49611 | 713 | 30 | Geografiese Inligtingstelsels | 1 |
| 12187 | 716 | 30 | Ruimtelike Modellering en Geografiese Kommunikasie | 1 |
| 63363 | 742 | 30 | Omgewingsgeografiese Navorsingstoepassing | 2 |

Assessering en Eksaminering

Hierdie program word deurlopend met toetse, werkstukke, 'n navorsingsprojek en mondelinge voordragte geassesseer. Om te slaag moet jy 'n subminimum van 50% in elke module behaal.

Alhoewel die programaanbieding in Engels is, sal besprekings, sowel as toetse, eksamens, werkstukke en verslae in Afrikaans of Engels ontvang en hanteer word.

Navrae

Dr J Kemp

Tel: 021 808 3218

E-pos: jkemp@sun.ac.za

Departementele webtuiste: <http://www.sun.ac.za/geography>

7.3.1.2 MSc in GeoInformatika

Programkode

12279 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBSc-graad in GeoInformatika, of 'n goedgekeurde gelykstaande kwalifikasie.
- 'n Gemiddelde finale punt van 60% vir die HonsBSc-graad.

Programinhoud

Die ontwikkeling, implementering, bestuur en aanwending van ruimtelike tegnologieë vir die bestuur van hulpbronne, sowel as vir ruimtelike analise en modellering van omgewingsgeografiese verskynsels en

probleme word in hierdie program hanteer.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-----------------------|----------|
| 12280 | 875 | 180 | Tesis GeolInformatika | Albei |

Assessering en Eksaminering

Lewer 'n voltesis in. Alhoewel die programaanbieding in Engels is, sal besprekings en verslae in sowel Afrikaans as Engels ontvang en hanteer word. Die 100%-tesis word geëksamineer ooreenkomstig die Universiteit se bepalings in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek.

Verdere studiemoontlikhede

Die suksesvolle voltooiing van die MSc in GeolInformatika lei tot 'n PhD in GeolInformatika.

Navrae

Prof A van Niekerk
 Tel: 021 808 3218/3101
 E-pos: avn@sun.ac.za
 Departementele webtuiste: <http://www.sun.ac.za/geography>

7.3.1.3 PhD in GeolInformatika

Programkode

12279 – 978 (360)

Programinhoud

'n Proefskrif word vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat. Kyk ook na afdeling 2.3 in hierdie hoofstuk vir algemene inligting oor die PhD-graad in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

7.3.1.4 HonsBSc in Geografie en Omgewingstudie

'n Nuwe HonsBSc in Geografie en Omgewingstudie sal vanaf 2024 aangebied word. Vir navrae, kontak scienceadmin@sun.ac.za.

7.3.1.5 MSc in Geografie en Omgewingstudie

Programkode

49913 – 879 (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike honneursgraad met Geografie en Omgewingstudie of verwante dissipline as hoofvak.
- 'n Gemiddelde finale punt van 60% vir die HonsBSc-graad.

Programinhoud

Die program fokus op die studie en oplossing van mens-omgewingsprobleme en omgewingsverskynsels vanuit 'n ruimtelike perspektief. Jy kan die tesisnavorsing heeltyds of deelttyds onderneem. Die navorsingsonderwerp word ontwikkel en departementeel goedgekeur.

Verpligte Module

| Vaknommer | Modulekode | Krediete | Modulenaam | Semester |
|-----------|------------|----------|-----------------------------------|----------|
| 49913 | 828 | 180 | Tesis Geografie en Omgewingstudie | Albei |

Assessering en Eksaminering

Jy mag die tesis in Afrikaans of Engels skryf. Dit word geëksamineer ooreenkomstig die Universiteit se bepalings soos uiteengesit in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek.

Navrae

Prof A van Niekerk
 Tel: 021 808 3218/3103
 E-pos: avn@sun.ac.za
 Departementele webtuiste: <http://www.sun.ac.za/geography>

7.3.1.6 PhD in Geografie en Omgewingstudie

Programkode

49913 – 978 (360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n MSc-graad in Geografie en Omgewingstudie of verwante dissipline of 'n Magistergraad wat deur die Senaat as toepaslik gereken word.

Programinhoud

Die program fokus op die studie en oplos van omgewingsprobleme en verskynsels vanuit 'n ruimtelike perspektief. Jy kan die proefskrifnavorsing heeltyds of deelttyds onderneem. Die navorsingsonderwerp word ontwikkel en deur die Fakulteit goedgekeur.

Assessering en Eksaminering

Lewer 'n proefskrif van ongeveer 90 000 woorde in, waarin jy bewys lewer van jou vermoë om nuwe kennis oor 'n geografiese omgewingsprobleem te kan ontwikkel of bestaande kennis daarvoor te kan herinterpreteer.

Jy mag die proefskrif in Afrikaans of Engels skryf. Dit word geëksamineer ooreenkomstig die Universiteit se bepalinge soos uiteengesit in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek.

Navrae

Prof A van Niekerk

Tel: 021 808 3218/3103

E-pos: avn@sun.ac.za

Departementele webtuiste: <http://www.sun.ac.za/geography>

7.4 Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

7.4.1 Departement van Oefening-, Sport- en Leefstylgeneeskunde

Raadpleeg asseblief Deel 12 (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) van die Jaarboek vir inligting oor die module-inhoude vir HonsBSc in Biokinetika en HonsBSc in Sportwetenskap.

7.4.1.1 HonsBSc in Biokinetika

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Sportwetenskap as een van die hoofvakke wat die Senaat vir die doel goedgekeur het.
- Jy moet, met 'n skriftelike aansoek, deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, tot die betrokke program toegelaat word.
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens 60% in Sportwetenskapvakke (teorie en prakties) tydens jou voorgraadse studiejare.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar. Slegs 'n beperkte getal studente word tot die spesialiseringrigting Biokinetika toegelaat.

Duur van Program

Hierdie program strek oor een jaar.

Programinhoud

'n Internskap-tydperk wat aan die voorwaardes van die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika voldoen, word vereis voordat jy kan aansoek doen om registrasie as 'n biokinetikus in 'n onafhanklike praktyk.

Ankermodule

| | |
|-------------|----------|
| Biokinetika | 778(120) |
|-------------|----------|

Verpligte Submodules

| | |
|---------------------|---------|
| Oefenkunde | 771(30) |
| Biokinetika Praktyk | 772(20) |
| Navorsingsprojek | 773(30) |

| | |
|-----------------|---------|
| Oefenfisiologie | 774(20) |
| Ergonomika | 775(20) |

Assessering en Eksaminering

Hierdie program word deurlopend geassesseer en sluit teoretiese en praktiese opdragte asook informele klastoetse en formele toetse in. Alle assessering dra tot die finale punt van elke jaarvak by.

Jy moet 'n kaspunt van 40% per vak behaal vir toelating tot die skriftelike eksamen. Om Biokinetika Praktyk 772 te slaag, moet jy die geskrewe eksamen met minstens 50% slaag, sowel as 'n praktiese en mondelinge eksamen met minstens 50% aan die einde van die jaar.

Die finale punt vir elke module bestaan uit 50% van die eksamenpunt en 50% van die kaspunt.

Navrae

Programleier: Prof K Welman

Departement Sportwetenskap

Tel: 021 808 4718

E-pos: welman@sun.ac.za

7.4.1.2 HonsBSc in Sportwetenskap (Prestasiesport)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Sportwetenskap as een van die hoofvakke wat die Senaat vir die doel goedgekeur het.
- Jy moet, met 'n skriftelike aansoek, deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, tot die betrokke program toegelaat word.
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens 60% in Sportwetenskapvakke (teorie en prakties) tydens jou voorgraadse studiejare.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar. Slegs 'n beperkte getal studente word tot die spesialiseringrigting Prestasiesport toegelaat.

Duur van Program

Hierdie program strek oor een jaar.

Programinhoud

Die verpligte modules word hieronder uiteengesit. Behalwe vir die verpligte submodules, kan jy verdere submodules as ekstra vakke kies. Sien die tabel direk na die verpligte submodules vir 'n uiteensetting van die ekstra modules.

Ankermodule

| | |
|----------------|----------|
| Prestasiesport | 778(120) |
|----------------|----------|

Verpligte Submodules

| | |
|---|------------------|
| Professionele Praktyk in Sportwetenskap | 773(30) |
| Navorsingsprojek | 771(30) |
| Aktuele Onderwerpe in Sport en Oefenwetenskap | 721(12), 751(12) |
| Biomeganika | 712(12) |
| Oefenfisiologie | 743(12) |
| Sportsielkunde | 712(12) |
| Toegepaste Oefenfisiologie | 714(12) |

Ekstra Modules

| | |
|---|---------|
| Statistiek vir Sportwetenskap en Oefenkunde | 772(12) |
| Motoriese Beheer | 711(12) |
| Motoriese Leer | 741(12) |
| Sport vir Persone met Gestremdhede | 772(12) |

| | |
|------------------|---------|
| Sportgeskiedenis | 745(12) |
| Kinantropometrie | 715(12) |
| Oefensielkunde | 713(12) |

Assessering en Eksaminering

Hierdie program word deurlopend geassesseer en sluit teoretiese en praktiese opdragte asook informele klastoetse en formele toetse in. Alle assessering dra by tot die finale punt van elke jaarvak.

Jy moet 'n klaspunt van 40% per vak behaal vir toelating tot die skriftelike eksamen. Om Professionele Praktijk in Sportwetenskap 773 te slaag, moet jy 300 uur prakties deur die loop van die jaar doen en minstens 50% verwerf in die twee mondelinge eksamens, naamlik in die middel en aan die einde van die jaar. Die finale punt vir elke module bestaan uit 50% van die eksamenpunt en 50% van die klaspunt.

Navrae

Programleier: Dr SD Jacobs

Departement Sportwetenskap

Tel: 021 808 4736

E-pos: sdjacobs@sun.ac.za

7.4.1.3 HonsBSc in Sportwetenskap (Kinderkinetika)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Sportwetenskap as een van die hoofvakke wat die Senaat vir die doel goedgekeur het.
- Jy moet, met 'n skriftelike aansoek, deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, tot die betrokke program toegelaat word.
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens 60% in Sportwetenskapvakke (teorie en prakties) tydens jou voorgraadse studiejare.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar vir toelating tot die program. Slegs 'n beperkte getal studente word tot die spesialiseringsrigting Kinderkinetika toegelaat.

Duur van Program

Hierdie program strek oor een jaar.

Programinhoud

Die verpligte modules word hieronder uiteengesit. Behalwe vir die verpligte submodules, kan jy verdere submodules as ekstra vakke kies. Sien die tabel direk na die verpligte submodules vir 'n uiteensetting van die ekstra modules.

Ankermodule

| | |
|----------------|----------|
| Kinderkinetika | 778(120) |
|----------------|----------|

Verpligte Submodules

| | |
|---|---------|
| Professionele Praktijk in Sportwetenskap | 773(30) |
| Navorsingsprojek | 771(30) |
| Aktuele Onderwerpe in Sport en Oefenwetenskap | 751(12) |
| Motoriese Beheer | 711(12) |
| Kinantropometrie | 715(12) |
| Sport vir Persone met Gestremdhede | 772(12) |
| Kinderkinetika-teorie | 772(12) |

Ekstra Modules

| | |
|-----------------|---------|
| Biomeganika | 712(12) |
| Motoriese Leer | 741(12) |
| Oefenfisiologie | 743(12) |

| | |
|---|---------|
| Oefensielkunde | 713(12) |
| Sportgeskiedenis | 745(12) |
| Sportsielkunde | 712(12) |
| Statistiek vir Sportwetenskap en Oefenkunde | 772(12) |
| Toegepaste Oefenfisiologie | 714(12) |

Assessering en Eksaminering

Hierdie program word deurlopend geassesseer en sluit teoretiese en praktiese opdragte asook informele klastoetse en formele toetse in. Alle assessering dra by tot die finale punt van elke jaarvak.

Jy moet 'n klaspunt van 40% per vak behaal vir toelating tot die skriftelike eksamen. Om Professionele Praktijk in Sportwetenskap 773 te slaag, moet jy 300 uur prakties deur die loop van die jaar doen en minstens 50% verwerf in die twee mondelinge eksamens, naamlik in die middel en aan die einde van die jaar. Die finale punt vir semestermodules bestaan uit 50% van die eksamenpunt en 50% van die klaspunt.

Navrae

Programleier: Dr E Africa

Departement Sportwetenskap

Tel: 021 808 4591

E-pos: africa@sun.ac.za

7.4.1.4 MSc in Sportwetenskap

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureus- of honneursgraad met 'n gemiddelde van minstens 60% wat die Senaat vir hierdie doel goedgekeur het.
- Indien jy 'n'n standaard van bekwaamheid op jou vakgebied bereik het wat na die oordeel van die Senaat toereikend is vir hierdie doel, kan jy tot die program toegelaat word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Programstruktuur

Die MSc (Sportwetenskap) bestaan uit 'n 100%-tesis oor 'n onderwerp wat deur die departementele nagraadse komitee en studieleier goedgekeur is.

Assessering en Eksaminering

Jou tesis word na voltooiing van die studie sowel intern as ekstern geëksamineer. Die tesis maak 100% van die finale punt uit, en jy moet 'n gemiddelde van 50% behaal om die graad te slaag.

Navrae

Programleier: Prof R Lamberts

Tel: 021 808 9085

E-pos: roblam@sun.ac.za

7.4.2 Departement Globale Gesondheid

7.4.2.1 MSc in Epidemiologie

Spesifieke toelatingsvereistes

- Jy moet oor een van die onderstaande kwalifikasies op NKR-vlak 8 beskik:
 - 'n MBChB- of gelykstaande graad;
 - 'n vier jaar lange professionele baccalaureusgraad in 'n gesondheidsverwante of kwantitatiewetenskap-dissipline;
 - 'n toepaslike honneurs-baccalaureusgraad van hierdie universiteit of 'n ander erkende universiteit; of
 - 'n gelykstaande kwalifikasie wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, of jy moes op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir hierdie doel toereikend is.

- Jy moet ook:
 - Wiskunde geslaag het op matriek- of gelykstaande vlak;
 - Beskik oor rekenaarvaardigheid, waaronder vaardigheid in statistiese programmatuur vir dataontleding; en
 - Uitstekende vaardigheid in Engels (verbaal en skriftelik). Indien jy as internasionale kandidaat afkomstig is van 'n nie-Engelssprekende land moet jy saam met jou aansoek amptelike dokumentêre bewys lewer van jou vaardigheid in Engels. Dit mag onder meer die volgende insluit:
 - die uitslag van die IELTS-toets met 'n minimum IELTS-punt van 6,5;
 - die uitslag van die TOEFL-toets met 'n minimum TOEFL-punt van 550 (skriftelik) of 213 (rekenaargebaseer), verkieslik met 'n TWE-punt van 4,5; en/of
 - bewys en uitslae van enige ander Engelse kursusse wat jy bygewoon het (bv. English for Medical Students/Englisch für Mediziner).
- Verder moet jy 'n konsepnavorsingsvoorstel ter bevreëdiging van die Programkomitee voorlê.

Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by <https://student.sun.ac.za> teen **30 September** van die voorafgaande jaar aanlyn aansoek by www.maties.com. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Alle aansoeke word deur 'n keuringskomitee oorweeg. Kandidate word op meriete gekeur en slegs 'n beperkte getal kandidate word tot die program toegelaat.

Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van een jaar voltyds of twee jaar deelyds.

Programbeskrywing

Dit is 'n ten volle tesisgebaseerde magisterprogram. Dit bou bevoegdheid in epidemiologie – die studie van die verspreiding en determinante van gesondheidsverwante toestande of gebeure in gespesifiseerde bevolkings, en die toepassing van die studie op die beheer van gesondheidsprobleme.

Programinhoud

Jy moet voorbereidende modules op NKR-vlak 9 in epidemiologie, biostatistiek en die skryf van 'n navorsingsvoorstel voltooi voordat jy jou navorsingsprotokol finaliseer.

| | |
|----------------------|----------|
| Tesis: Epidemiologie | 872(180) |
|----------------------|----------|

Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n tesis voltooi wat volgens Universiteitsriglyne geëksamineer word deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.
- Die tesis dra 100% by tot die finale punt. Jy moet ten minste 50% vir die tesis behaal om die graad te verwerf.

Navrae

Programleier: Prof P Nyasulu

Tel: 021 938 9886 E-pos: pnyasulu@sun.ac.za

Webtuiste: <http://www.sun.ac.za/english/faculty/healthsciences/epidemiology-biostatistics/masters/msc-epidemiology>

7.4.2.2 PhD in Epidemiologie

Programkode

40037 – 978 (360)

Programbeskrywing

'n Proefskrif wat die resultate van jou selfstandige, oorspronklike navorsing bevat is 'n voorvereiste. Kyk ook na die afdeling "Nagraadse Kwalifikasies" in Deel 1 (Algemeen) en die afdeling "Doktorsgrade" in Deel 12 (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) van die Universiteitsjaarboek.

Vakke, modules en module-inhoude

1. Definiesies en verduideliking van belangrike terme

Om die inligting in hierdie hoofstuk ten volle te begryp en te kan gebruik, is dit belangrik dat jy kennis neem van 'n paar terme se definisies. Die onderstaande voorbeeld dui aan hoe die terme later in hierdie hoofstuk sal verskyn onder die module-inhoude.

Voorbeeld:

11053 Biochemie

214 (16) Biomolekules: Struktuur-funksieverwantskappe (3L, 3P)

1.1 Verduideliking van bogenoemde terme

- Vyfsyfer-vaknommer* **11053 Biochemie**

Elke vak word aan hierdie vyfsyfer-vaknommer geïdentifiseer.
- Vaknaam* **11053 Biochemie**

Die spesifieke vak se naam word net na die vyfsyfer-vaknommer aangedui, voor die verskillende modules van die vak aangebied word. Normaalweg word die vaknaam gevolg deur die modulekode en die kredietwaarde van die spesifieke kode, soos byvoorbeeld in hierdie geval: Biochemie 214 (16).
- Modulekode* **214(16) Biomolekule: Struktuur-funksieverwantskappe**

Die modulekode bestaan uit 'n drie-syfernommer wat uniek is tot die spesifieke module. Die modulekode "214" beteken die volgende:

 - Die eerste syfer dui die jaargang aan waarin die module aangebied word byvoorbeeld:
 - Jaar 1: 114
 - Jaar 2: 214
 - Jaar 3: 314
 - Die tweede syfer "1" dui die semester aan waarin die module aangebied word en dien ook as 'n onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang. Die Universiteit gebruik verskillende syfers om die bepaalde semester aan te dui waarin 'n module aangebied word, hetsy die eerste semester, die tweede semester of modules wat oor albei semesters strek (dit wil sê jaarmodules). Die syfers wat die semesters aandui lyk as volg:
 - 1, 2 of 3** – modules word in die eerste semester aangebied.
Semester 1: 214, 324, 334
 - 4, 5 of 6** – modules word in die tweede semester aangebied.
Semester 2: 342, 354, 364
 - 7, 8 of 9** – modules word in albei semesters aangebied, dit wil sê jaarmodules.
Jaarmodules (albei semesters): 278, 288, 391
 - Die derde syfer van die modulekode 214, in hierdie geval "4", dien as onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang.
 - Let wel:** Daar word in hierdie Jaarboekdeel afgewyk van bostaande patroon by van die nagraadse modules. Die vyfsyfer-vaknommer en die driesyfer-modulekode word in hierdie nagraadse modules aaneenlopend aangedui, byvoorbeeld **63371-711(30) Omgewingsanalise en -sintese**.
- Kredietwaarde* **214(16) Biomolekule: Struktuur-funksieverwantskappe**

Die getal tussen hakies dui die kredietwaarde aan wat aan die module gekoppel word, in hierdie geval 16.
- Module-onderwerp* **214 (16) Biomolekule: Struktuur-funksieverwantskappe**

Dit dui die onderwerp aan wat in hierdie spesifieke module hanteer sal word.

- Doseerlading **(3L, 3P)**

Die doseerlading van 'n module dui sowel die lading as die soort onderrig per week aan wat jy in die module kan verwag. Jy kan byvoorbeeld vir die module Biochemie 214 drie lesings en drie praktiese periodes elke week vir die duur van die module verwag. Die volgende afkortings word vir die doseerlading gebruik:

- **L** – Lesing van 50 minute, byvoorbeeld 3L
- **P** – Praktikumperiode van 50 minute, byvoorbeeld 1P, 2P, 3P
- **S** – Seminaar van 50 minute, byvoorbeeld 1S
- **T** – Tutoriaal van 50 minute, byvoorbeeld 1T, 2T

2. Assessering van modules

Modules word geassesseer volgens die reëls in die Universiteit Stellenbosch se [Assesseringsbeleid](#) en die hoofstuk oor assessering en promovering in Deel 1 (Algemeen) van die US Jaarboek.

3. Slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules

Onderaan modules se inhoud word, waar toepaslik, die slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules wat daarop betrekking het, aangedui. Die volgende terme word gebruik:

Slaagvoorvereistemodule

- 'n Slaagvoorvereistemodule is 'n module wat jy eers moet **slaag** voordat jy die module(s) waarvoor dit 'n slaagvoorvereiste is, kan volg.

Voorvereistemodule

- 'n Voorvereistemodule is 'n module waarin jy 'n **finale punt van minstens 40** moet behaal voordat jy die module(s) waarvoor hierdie module 'n voorvereiste is, mag volg. Indien jy vir 'n voorvereistemodule geregistreer was terwyl die module volgens die "eksamen"-assesseringstelsel geëksamineer is, moet jy 'n **klaspunt** van 40 behaal om aan die voorvereiste te voldoen.
- Nadat jy eenmaal aan 'n voorvereistebepaling voldoen het, bly jou voldoening geldig vir die tydperk wat in die toepaslike assesseringsreëls bepaal word, selfs al herhaal jy die voorvereistemodule en behaal jy nie die minimum prestasie met jou herhaling nie.
- Let asseblief op: Jy moet al die modules wat jy as voorvereistemodules in die program gebruik het, slaag voordat die betrokke graad, sertifikaat of diploma aan jou toegeken kan word.

Newevereistemodule

- 'n Newevereistemodule is 'n module waarvoor jy in 'n vorige semester of in dieselfde semester as die module waarvoor dit 'n newevereiste is, moet registreer.
- Let asseblief op: Jy moet al die modules wat jy as newevereistemodules in die program gebruik het, slaag voordat die betrokke graad, sertifikaat of diploma aan jou toegeken kan word.

3.1. Voorwaarde vir die toekenning van 'n kwalifikasie of graad

Die Fakulteit sal slegs 'n kwalifikasie toeken indien jy ál die voorgeskrewe voorvereiste en newevereiste modules van die spesifieke graadprogram geslaag het.

4. Voorgraadse vakke, modules en module-inhoude

Die vakke, met hulle samestellende modules, krediete, module-onderwerpe, doseerladings en module-inhoude word hieronder aangebied.

Fakulteit Natuurwetenskappe Onderrig

64007 Universiteitspraktyk in die Natuurwetenskappe

176 (8) Universiteitspraktyk in die Natuurwetenskappe (3L)

Doseerlading: 78L in totaal, word aangebied as 5L per week in die eerste semester en 1L per week in die tweede semester.

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (Verlengde Graadprogramme). Dit word ook opgevolg in die tweede semester in die vakspesifieke modules Wiskunde 176, Fisika 176, Chemie 176 en Biologie 146.

Basiese terminologie en konsepte asook studievaardighede en lewensvaardighede word aangespreek. Die natuurwetenskappe en spesifiek die studente se vakgebiede dien as konteks.

13623 Wetenskap in Konteks

178 (12) Geïntegreerde projek in Wetenskap (2L, 2T)

Die hoofuitkoms van hierdie module is 'n projek wat Wetenskap in konteks ondersoek. Om die kundigheid te ontwikkel wat vir die projek vereis word, word die volgende onderwerpe ook gedek:

Wetenskapkommunikasievaardigheid, wat fokus op skryf, lees, luister en praat in 'n wetenskapkonteks; om om te gaan met relevante akademiese en wetenskapstekste en dit te verstaan; om tekskomponente te begryp; data-aanbieding op 'n koherente wyse; teksredigering; die korrekte gebruik van verwysingsmetodes om plagiaat te voorkom; gebruik van grafika om data te verduidelik.

Graduandi-eienskappe wat insluit: studeer- en tydsbestuurvaardighede, groepwerk en die etiek van Wetenskap.

Rekenaarvaardighede, wat basiese rekenargebruik dek, sowel as die ontwikkeling van vaardighede vir gebruik in woordverwerking, sigblad- en aanbiedingsagteware vir die doel van die samestelling, skep, en aanbieding van akademiese materiaal op 'n wetenskaplike wyse.

Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie

12555 Bioinformatika

312 (8) Inleiding tot Bioinformatika (3L, 3P)

Inleiding tot onderwerpe in bioinformatika insluitende biologiese databasisse, volgordebelyning, dinamiese programmering, tellingmatrikse, BLAST, verborge Markov-modelle (VMM'e), filogenetika, boomboumetodes, genoomorganisasie en evolusie, genoomprojekte en -snuffelaars, evolusie van proteïene, klassifikasie van proteïenstrukture.

322 (8) Intermediêre Bioinformatika (3L, 3P)

Verskillende BLAST-metodes, volgende generasie volgorde-bepalingstegnologieë, genoomsamevoeging, Euleriese paaie en siklusse, de Brijn-grafieke, verwysingsgenome, verwysingsgenoom-grafieke, drie-dimensionele strukture van genome, belyning van volgordebepalings, die Burrows-Wheeler-transform, variantidentifikasie, genoomwye assosiasiestudies, belyning van variante met fenotipes en siektes, verborge Markov-modelle (VMM'e), vorentoe- en tru-algoritmes, die Viterbi-algoritme, modellering van homoloë proteïene, molekulêre dinamika, ligandvasmering.

Voorvereistemodule:

- *Bioinformatika 312*

Departement Aardwetenskappe

64165 Geo-omgewingswetenskap

154 (16) Inleiding tot Aardstelselwetenskap (3L, 3P)

Inleiding tot Aardstelselwetenskap; Interne werking van die aarde; Minerale- en rotsvormingsprosesse; Ontstaanswyse van magma en stolrotse; Uitwendige struktuur van die aarde; Kontinentvorming; Plaattektoniek; Sedimentêre rotse en die geologiese rekord; Geologiese tydskaal; Metamorfe rotse en bergbou; Geologie van Suid-Afrika; Energie- en minerale hulpbronne; Mens en tektoniek: aardbewings en vulkane; Die hidrosfeer; Oppervlakwaterprosesse; Grondwaterprosesse; Teorie oor ontstaan en evolusie van lewe.

12239 Aardwetenskapveldvaardighede

172 (8) Aardwetenskapveldvaardighede (2P)

Studente wat die Aardwetenskap-program volg, moet registreer vir hierdie module. Die module is saamgestel uit veld- of praktiese werk deur die loop van een jaar, waarvan van hierdie werk tydens vakansies of naweke geskeduleer kan wees. Die volgende aspekte van Aardwetenskap-veldvaardighede sal gedek word: Definiëring van litologiese opeenvolgings, kaartskaalherkenning, die gebruik van topografiese en geologiese kaarte en lugfoto's vir die versameling van inligting en vir die bepaling van jou eie ligging, deur gebruik te maak van GIS-platforms vir die vaslegging van ruimtelike inligting; mineralogie, die identifisering van sedimentêre, metamorfe en stollingsgesteentes en -strukture asook hul afsettings- of inplasingsbeduidenheid; praktiese inagneming van die natuurlike omgewing, die meting van die impak wat die menslike bevolking op die natuurlike omgewing het.

Newevereistemodules:

- *Geo-omgewingswetenskap 124, 154*

272 (16) Aardwetenskapveldvaardighede (2P)

'n Verpligte module vir studente in die Aardwetenskap-program. Die module is saamgestel uit sestien dae of 'n gelykstaande tydperk se verpligte veldwerk, praktiese of projekwerk, versprei oor een jaar. Dit kan oor naweke en gedurende universiteitsvakansies wees. Veldwerk sal die volgende aspekte van geologiese veldvaardighede insluit: Definiëring van litologiese opeenvolgings, kaartskaalherkenning; die gebruik van strukturele kompasse om strukturele inligting te versamel en geologiese kaarte te teken; die gebruik van topografiese kaarte en lugfoto's in die veld om inligting te versamel en u eie ligging te bepaal; die identifisering van sedimentêre, metamorfe en stollingsgesteentes en -strukture in die veld, asook hul afsettings- of inplasingsgeskiedenis; ertsafsettingsindikatore en gesteente-assosiasies; praktiese oorwegings van omgewingstelsels om die gevolge van antropogeniese aktiwiteite te verstaan.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Aardwetenskapveldvaardighede 172*
- *Geo-omgewingswetenskap 154*

Newevereistemodules:

- *Geologie 224, 244, 254*
- *Omgewingsgeochemie 214*

Voorvereistemodule:

- *Geo-omgewingswetenskap 124*

374 (16) Aardwetenskapveldvaardighede (3,5P)

'n Verpligte module vir studente in die Aardwetenskap-program. Die module is saamgestel uit sestien dae se verpligte veldwerk wat versprei is oor een jaar. Hierdie veldekskursies sal die volgende aspekte van geologiese veldvaardighede insluit: Definiëring van litologiese opeenvolgings, kaartskaalherkenning; die gebruik van strukturele kompasse om strukturele inligting te versamel en geologiese kaarte te teken; die gebruik van topografiese kaarte en lugfoto's in die veld om inligting te versamel en u eie ligging te bepaal; die identifisering van sedimentêre, metamorfe en stollingsgesteentes en -strukture in die veld, asook hul afsettings- of inplasingsgeskiedenis; uitken van ertsafsettingsindikatore en gesteente-assosiasies; praktiese oorwegings van omgewingstelsels om die gevolge van antropogeniese aktiwiteite te verstaan.

'n Sub-minimum van 50% word vereis vir toegang tot die finale eksamen.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Aardwetenskapveldvaardighede 272*
- *Geologie 224, 244, 254*

Newevereistemodules:

- *Geologie 314, 324, 344, 354*

13374 Geologie

224 (16) Inleiding tot Mineralogie (3L, 3P)

Inleiding tot mineralogie en kristallografie; mineraalchemie; chemiese groeperings van minerale; mineraalidentifikasie, -eienskap en -klassifikasie.

Studente moet 'n 50%-subminimum vir die gekombineerde punt van prakties 1 en die praktiese toets verwerf.

Voorvereistemodules:

- *Geo-omgewingswetenskap 124*
- *Chemie 124 of 164*

Slaagvoorvereistemodule:

- *Geo-omgewingswetenskap 154*

244 (16) Fisiese Aardwetenskappe en Struktuurgeologie (3L, 3P)

Fisiese aardwetenskappe, planare en lineêre struktuurelemente, gebruik van die geologiese kompas, beginsels van stereografiese projeksies, inhoud van topografiese en geologiese kaarte, klassifikasie van maakself, plooiing en verskuiwingsones, fotogeologie, strukturele interpretasie van geologiese kaarte, blokdiagramme, dwarssnitte en strekkingsparallele snitte. Geologiese karteringstegnieke: Vlaktafel, teodoliet, GPS, fotogeologie. Struktuurgeologie: Kragte, spanning en vervorming, reologie van geologiese materiale, nate en breekvlakke, foliasies en lineasies, verskuiwings en skuifskersones, plooiing en boudinage, halokinese, intrusie-meganismes, struktuurkontrole van vloeistofvloei, inleiding tot plaat-tektoniese beginsels, verwantskap tussen tektoniek, metamorfose en sedimentasie.

'n Subminimum van 50% word vir die praktika vereis om toelating tot die eksamen te verkry.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Geo-omgewingswetenskap 124, 154*
- *Geologie 224*

Newevereistemodule:

- *Aardwetenskapveldvaardighede 272 of Omgewingsveldvaardighede 271*

254 (16) Optiese Mineralogie en Petrografie (3L, 3P)

Inleiding tot die petrografiese mikroskoop; optiese eienskappe van minerale in slypplaatjies; die beskrywing van gesteentes in handmonster en slypplaatjie; klassifikasie van gesteentes met behulp van petrologiese beginsels; verhouding tussen mineraalverwantskappe, gesteenteteksture en tektoniese omgewings.

'n Subminimum van 50% word vir die praktika-toets vereis.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Geo-omgewingswetenskap 124, 154*
- *Geologie 224*
- *Chemie 124 of 164*

314 (16) Stollingspetrologie (3L, 3P)

Hulpmiddels vir die studie van stollingsgesteentes (fisiese en chemiese diagramme, slypplaatjies, geochemie – hoof- en spoorelemente, isotope, eksperimentele petrologie); prosesse en toestande vanaf gedeeltelike smelting tot opstygting, inplassing, en finale stolling wat gelei het tot die vorming van stollingsgesteentes; Belangrike assosiasies van stollingsgesteentes (graniete, ofioliete, en oseaaniese kors, gelaagde indringings, andesiete en boogmagmas, binneplaat- en skeur-verwante gesteentes, Argeïkum-magmatiese gesteentes) word ondersoek en binne die konteks van hul tektoniese omgewings bespreek.

'n Subminimum van 50% word vir die praktika vereis om toelating tot die eksamen te verkry.

Voorvereistemodule:

- *Chemie 144*

Slaagvoorvereistemodules:

- *Geologie 224, 244, 254*
- *Chemie 124 of 164*

Newevereistemodule:

- *Aardwetenskapveldvaardighede 374*

324 (16) Sedimentologie en Stratigrafie (3L, 3P)

Oorsprong, samestelling en klassifikasie van sedimentêre gesteentes. Sedimentêre teksture en strukture. Fisiese analise en afsettingsomgewings. Kom-analise en paleogeografie. Opeenvolgingsanalise en siklusiteit. Stratigrafiese beginsels. Suid-Afrikaanse stratigrafie. Boorput-opgawe/ kernkorrelasie/-

interpretasie. Sedimentêreopgawe-beskrywing.

'n Subminimum van 50% word vir die praktika vereis om toelating tot die eksamen te verkry.

Voorvereistemodule:

- *Chemie 144*

Slaagvoorvereistemodules:

- *Geologie 224, 244*
- *Chemie 124 of 164*

Neweveistemodule:

- *Aardwetenskapveldvaardighede 374 of Omgewingsveldvaardighede 372*

344 (16) Ekonomiese Geologie (3L, 3P)

Klassifikasie, globale verspreiding en genese van mineraalafsettings. Inleiding tot mineraalekonomie. Mineraalafsettings en die omgewing. Mineraaleksplorasië insluitende geochemie, geofisika en projekbestuur. Inleiding tot ertsmikroskopie.

'n Subminimum van 50% word vir die praktika vereis om toelating tot die eksamen te verkry.

Voorvereistemodule:

- *Chemie 144*

Slaagvoorvereistemodules:

- *Geologie 224, 244*
- *Chemie 124 of 164*

354 (16) Metamorfe Petrologie en Tektoniek (3L, 3P)

Inleiding tot metamorfisme, omgewings van metamorfisme, samestellingstipes van metamorfe gesteentes, metamorfe minerale, metamorfe graad, progressiewe metamorfisme en metamorfe sones, die metamorfefasieskonsep, chemiese prosesse van metamorfisme, tipes metamorfe reaksies, die fluïede fase in metamorfisme, grafiese voorstelling van metamorfe versamelings, analise van die details van versameling-verandering gedurende metamorfisme in algemene rotstipes, praktiese analise van die druk-temperatuur-geskiedenis van metamorfe gesteentes, geotermobarometrie.

Tektoniek: Reologiese stratifikasie van die litosfeer en mantel, tipes hitte- en materiaalvervoer, absolute en relatiewe plaatbewegings, tipes plaatgrense, prosesse en argitektuur van divergente en konvergente plaatgrense, botsingstektoniek en botsingsgordels, magmatiese, metamorfe, strukturele en sedimentêre kenmerke van tektoniese omgewings.

'n Subminimum van 50% word vir die praktika vereis om toelating tot die eksamen te verkry.

- *Voorvereistemodule: Chemie 144*

Slaagvoorvereistemodules:

- *Geologie 224, 244, 254*
- *Chemie 124 of 164*

364 (16) Hidrogeologie (3L, 3P)

Hidrologiese siklus; Darcy se wet, hidrouliese geleiding, deurlaatbaarheid en porositeit; waterdraers, waterreservoirs en watervashouers; versadigde en onversadigde sones en die watertafel; vereffende vloei en nie-vereffende vloei; aanvullings- en afvoerprosesse; samestelling van grondwater; isotoophidrologie; grondwaterhulpbron-evaluering en -bestuur; Suid-Afrikaanse Nasionale Waterwet.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Omgewingsgeochemie 214*
- *Geologie 244*

Neweveistemodule:

- *Omgewingsveldvaardighede 372 of Aardwetenskapveldvaardighede 374*

13622 Omgewingsveldvaardighede

271 (8) Omgewingsveldvaardighede (2P)

'n Verpligte module vir studente wat die Geo-omgewingswetenskapstroom van die Aardwetenskappeprogram volg. Die module bestaan uit agt dae verpligte veldwerk wat versprei is oor een jaar. Veldwerk sal die volgende aspekte van omgewingsveldvaardighede dek: die versamel en bewaring van water- monsters, toepaslike monsternemingsmetodologieë, die meet van fisiese en geochemiese eienskappe van water in die veld; die praktiese gebruik van omgewingsgeochemie ten einde interaksies tussen verskillende watermassas, asook die impak van menslike aktiwiteite op die hoeveelheid en gehalte

van water in hierdie watermassas te verstaan; die praktiese begrip van hoe geomorfologie die beweging van water beheer, aanvullings- en afvoerprosesse; die praktiese begrip van die rol wat grond speel in die beheer van grondwatersamestelling en -opberging.

Voorvereistemodules:

- *Geo-omgewingswetenskap 124, 154*
- *Chemie 124 of 164, 154*

Neweveistemodules:

- *Geografie 265*
- *Omgewingsgeochemie 214*
- *Geologie 244*

372 (8) Omgewingsveldvaardighede (2P)

'n Verpligte module vir studente wat die Geo-omgewingswetenskapstroom van die Aardwetenskappe-program volg. Die module bestaan uit ag dae verpligte veldwerk wat versprei is oor een jaar. Veldwerk sal die volgende aspekte van omgewingsveldvaardighede dek: die meting van fisiese en geochemiese eienskappe van oppervlak- en grondwater in die veld; die praktiese gebruik van omgewingsgeochemie om interaksies tussen verskillende watermassas, asook die impak van menslike aktiwiteite op die hoeveelheid en kwaliteit van hierdie watermassas te verstaan; die praktiese begrip van hoe geomorfologie die beweging van water beheer en die sedimentologiese rekord wat dit agterlaat; die praktiese begrip van moderne en antieke sedimentologiese omgewings.

Voorvereistemodules:

- *Omgewingsgeochemie 214*
- *Geografie 265*
- *Omgewingsveldvaardighede 271*

Neweveistemodules:

- *Geografie 334*
- *Geologie 324, 364*
- *Omgewingsgeochemie 314*

63991 Omgewingsgeochemie

214 (16) Inleiding tot Omgewingsgeochemie (3L, 3P)

Die natuurlike geochemiese siklusse van elemente op die oppervlak van die Aarde, sowel as die uitwerking van menslike aktiwiteite op hierdie siklusse; die verspreiding en vervoer van chemiese stowwe tussen atmosferiese, kontinentale en mariene omgewings: Interaksies tussen chemiese, geologiese, fisiese en biologiese omgewingsprosesse; analise van omgewingsgeochemiese data (geochemiese modellerings-tegnieke en -metodes).

Voorvereistemodules:

- *Geo-omgewingswetenskap 124*
- *Chemie 124 of 164, 144*

Slaagvoorvereistemodule:

- *Geo-omgewingswetenskap 154*

314 (16) Omgewingsgeochemie (3L, 3P)

Toepassing van redoks, suur-basis-chemie, termodinamika en kinetiese beginsels ten opsigte van omgewingsgeochemie. Oppervlak-kompleksasiereaksies; besoedeling in grond; chemiese evolusie van oppervlak- en suboppervlakwater; afvalwater-evolusie; kontaminant-vervoerprosesse en reaksies; geomateriale en menslike gesondheid; monsterneming en monitering van lug, grond en water; 'n kort inleiding tot die fisika en chemie van die atmosfeer.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Omgewingsgeochemie 214*
- *Chemie 264*
- *Wiskunde 114 of Wiskunde (Bio) 124*

Neweveistemodule:

- *Chemie 234*

Geologie as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Aardwetenskapveldvaardighede 172(8), 272(16), 374(16), Geo-

omgewingswetenskap 124(16), 154(16), Geologie 224(16), 244(16), 254(16), 314(16), 324(16), 344(16) en 354(16) en Omgewingsgeochemie 214(16).

59552 Ingenieursgeologie

214 (15) Geologie vir Siviele Ingenieurs (3L, 3P)

Hierdie module verleen nie toelating tot Geologie 224, 244 en 254 nie.

Inleiding tot die Aardsisteem: Interne struktuur, plaattektoniek; Kristallografie inleidend; Mineralogie: fisiese eienskappe van algemene minerale; Petrologie: magma, stollings-, sedimentêre en metamorfe gesteentes; Struktuurgeologie: strekking en helling van lae, plooië en verskuiwings, tektoniese vorms, foliasie, lineasie, geologiese kaartwerk.

Verantwoordelike departemente: Aardwetenskappe (50%) en Siviele Ingenieurswese (50%)

Voorvereistemodule:

- *Ingenieurschemie 123*

Departement Biochemie

11053 Biochemie

214 (16) Biomolekules: Struktuur-funksieverwantskappe (3L, 3P)

Let wel: Studente wat van voorneme is om Biochemie as vak te volg, moet modules in Biologie, Fisika en Wiskunde gedurende hul eerste jaar volg. Chemie 124 plus Chemie 144 geld as die eerstejaar-ekwivalent van Biochemie.

Struktuur, eienskappe en funksies van biomolekules (bio-elemente, water, nukleïensure, proteïene, ensieme, koënsieme, koolhidrate, lipiede).

Slaagvoorvereistemodules:

- *Chemie 124 of 164, 144*
- *Biologie 124*

244 (16) Intermediêre Metabolisme (3L, 3P)

Bio-energetiek; metabolisme van koolhidrate, lipiede en stikstofbevattende verbindings; integrasie van metabolisme.

Voorvereistemodule:

- *Biochemie 214*

315 (16) Biofisiese en Strukturele Proteïenbiochemie (3L, 3T)

Gevorderde proteïenbiochemie: Proteïen-struktuur/funksieverwantskappe word behandel aan die hand van 'n aantal gespesialiseerde komplekse proteïensisteme en ensimatisiese reaksiemeganismes. Basiese proteïensuiweringstegnieke en tegnieke vir die analise van proteïene se suiwerheid, samestelling en struktuur.

Analise van biologiese molekules en prosesse met lig-, fluoressensie-, infrarooi-, Raman- en kernmagnetiese-resonansspektroskopie, massaspektrometrie, sirkulêre dichroïsme, optiese rotasie-dispersie, isotop-afhanklike tegnieke, gevorderde gel-elektroforese en chromatografiese tegnieke.

Om in aanmerking te kom vir keuring om HonsBSc in Biochemie te doen, moet hierdie module geslaag word.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Biochemie 214, 244*
- *Wiskunde (Bio) 124 of Wiskunde 114*

323 (8) Sisteembiolegie (3L, 3T/3P)

Termodinamika en kinetika van biochemiese prosesse; ensiemkinetika; kinetika van membraan-transportprosesse; kinetika van gekoppeldereaksiesisteme; metaboliese kontrole-analise; aanbod-aanvraaganalise van metaboliese regulering; wiskundige modellering; tipes modelle; modellering met differensiaal-vergelykings; voorbeelde van modelle.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Biochemie 214, 244*
- *Wiskunde (Bio) 124 of Wiskunde 114*

345 (16) Gespesialiseerde Biochemiese Onderwerpe (3L, 3T)

Geselekteerde onderwerpe gekies uit die volgende (drie van die vier onderstaande onderwerpe word elke jaar geselekteer vir aanbieding):

Antibiotika: Die biochemie van geselekteerde antibiotika en antimikrobiese middels.

Intrasellulêre-seintransduksiepaaie: reseptore; hormone; cAMP; netwerke en "cross talk"; biochemie van visie; biochemie van reuk.

Immunologie: Aangebore en spesifieke verworwe immuniteit, teenliggaamstruktuur en -funksie, afweermeganismes teen patogeniese organismes, inentings, allergieë, immuungebrekke, vigs.

Eukariotiese geenekspressie: Transkripsie en beheer van geenuitdrukking, promotors en versnellers, en transkripsiefaktore.

Om in aanmerking te kom vir keuring om HonsBSc in Biochemie te doen, moet hierdie module geslaag word.

Voorvereistemodules:

- *Biochemie 315*
- *Bioinformatika 312*
- *Biochemie 323 of Bioinformatika 322*

353 (16) Biochemie van Voedsel- en Drinkprodukte (3L, 3P)

Die biochemie van ensieme en proteïene in voedselproduksie en -bederf. Die eienskappe, toepassings en analise van ensieme en proteïene betrokke by voedselproduksie en -bederf. Die effek van ensieme en proteïene en hul interaksies op die voedingswaarde, sensoriese kwaliteit en die veiligheid van voedselprodukte.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Biochemie 214, 244*

Voorvereistemodule:

- *Toegepaste Chemie 334*

365 (16) Praktiese proteïenuitdrukking, -suiwering en -analisetegnieke (3L, 3P)

Rekombinante proteïen-uitdrukking en proteïen-suiweringstegnieke. Analise van proteïen-suiwerheid en -integriteit. Tegnieke sluit in: plasmied DNS isolering, PKR, restriksie-ensiemvertering, agarose gelelektroforese, voorbereiding van kompetente selle, transformasie, induksie van proteïenuitdrukking, jelpermeasie chromatografie, ioonuitruilingschromatografie, geïmmobiliseerde-metaal affiniteitschromatografie, proteïenkonsentrasie bepaling, SDS-PAGE, Western klad, aktiwiteitsessais en spektrofotometriele analises.

Praktika sal in die resesperiodes aangebied word, spesifiek gedurende a) die week voor die 2de semester amptelik begin, en b) die reses tussen die 3de en 4de kwartale. Studente wat vir die module registreer, verklaar dat hulle gedurende albei hierdie periodes beskikbaar is.

Voorvereistemodules:

- *Biochemie 315*
- *Bioinformatika 312*
- *Biochemie 323 of Bioinformatika 322*

Biochemie as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Biochemie 214(16), 244(16), 315(16), 345(16), 365(16), Bioinformatika 312(8), en Biochemie 323(8) of Bioinformatika 322(8).

Departement Chemie en Polimeerwetenskap

Let wel:

Studente wat hulle studie in Chemie 3 of verder wil voortsit, moet Chemie 124, 144 en Wiskunde 114, 144 op eerstejaarsvlak geslaag het.

11479 Chemie

124 (16) Grondbeginsels in Chemie I (3L, 3P)

Materie en die eienskappe daarvan; chemiese formules; stoïgiometrie; oplossingstoïgiometrie en reaksies in waterige oplossing; termodinamika: energie, entalpie, entropie en Gibbs-vrye-energie; atoomstruktuur en -binding; molekulêre geometrie en struktuur volgens Lewis en VSEPA; intermolekulêre kragte; chemiese kinetika.

144 (16) Grondbeginsels in Chemie II (3L, 3P)

Chemiese ewewig (sowel kwantitatief as kwalitatief) met toepassings in suur-basis- en neerslagreaksies van waterige oplossings; inleidende studie van organiese verbindings met 'n verskeidenheid funksionele groepe; meganismes van reaksies; stereochemie; polimerisasie.

Newevereistemodule:

- *Chemie 124*

164 (16) Fundamentele beginsels van Chemie (3L, 3P)

Materie en die eienskappe daarvan; chemiese formules; stoïgiometrie; oplossingstoïgiometrie en reaksies in waterige oplossing; termodinamika: energie, entalpie, entropie en Gibbs-energie; atoomstruktuur en binding; molekulêre geometrie en struktuur volgens Lewis en VSEPA; intermolekulêre kragte; chemiese kinetika.

Slegs studente wat Chemie 124 in 'n spesifieke jaar gedruip het, maar 'n finale punt van minstens 40% behaal het, sowel as 'n minimum praktikumpunt van 60%, sal toegelaat word om in dieselfde akademiese jaar vir hierdie module te registreer.

Modus van aanbieding: Hierdie hibridieseleermodule word aangebied deur middel van aanlyn temas via SUNLearn en vier kontaktutoriaalsessies.

176 (32) Inleiding tot Chemie (3L, 3P)

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (Verlengde Graadprogramme) en die volgende temas word behandel: Klassifikasie van materie; atome, molekules en ione; stoïgiometrie; reaksies in waterige oplossings; atoomstruktuur; chemiese binding en molekulêre struktuur; die periodieke tabel; ewewigsreaksies; swak sure en swak basisse; elektrochemie; inleiding tot basiese organiese chemie. Voorbeelde wat die belangrikheid en relevansie van wetenskap as 'n alledaagse verskynsel illustreer, sal behandel word.

214 (16) Organiese Chemie (3L, 3P)

Reaksiemeganismes, insluitende nukleofiliese addisie en substitusie, eliminasië, elektrofiliese addisie, elektrofiliese aromatisiese substitusie; organometalreaksies; stereochemie.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Chemie 124 of 164, 144*

234 (16) Anorganiese Chemie (3L, 3P)

Periodiese tendense; struktuur en binding in molekules; struktuur en binding in vaste stowwe; suur-basischemie; hoofgroepelemente.

Koördinasiechemie: Inleiding, ligandtipes, nomenklatuur; isomerisme in koördinasieverbindings; verskillende geometrieë; vormingskonstantes; kristalveldteorie.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Chemie 124 of 164*

254 (16) Fisiese Chemie (3L, 3P)

Chemiese termodinamika; saambindende fisiese eienskappe; fase-diagramme; reaksiekinetika; waarskynlikheid en inleiding tot statiese termodinamika.

Slaagvereistemodule:

- *Chemie 124 of 164*

Voorvereistemodule:

- *Wiskunde 114*

Newevereistemodule:

- *Wiskunde 144*

264 (16) Chemiese analise I (3L, 3P)

Inleiding tot chemiese analise; basiese klassieke analitiese chemie; foute en onsekerheid in analitiese data; basiese statistiese metodes; volumetriese metodes (suurbasis-, redoks- en kompleksometriese analise); oplosmiddel ekstraksie; inleiding tot chromatografiese skeiding; inleiding tot analitiese molekulêre spektroskopie; fundamentele beginsels en kwantitatiewe aspekte van UV-/sigbare spektrofotometrie; inleiding tot infrarooi-spektroskopie.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Chemie 124 of 164, 144*

Voorvereistemodule:

- *Wiskunde 114 of 144 of Wiskunde (Bio) 124 of Ingenieurswiskunde 115 of 145*

314 (16) Chemiese Analise II (3L, 3P)

Inleiding tot instrumentele analise. Foutteorie in kwantitatiewe chemiese analise, kalibrasie in instrumentele analise en merietesifers. Inleiding tot atoomspektroskopie: atoomabsorpsie- en atoomemissiespektroskopie vir kwantitatiewe elementanalise. Molekulêre spektroskopie: oorsig en toepassing van basiese beginsels van ^1H - en ^{13}C -kernmagnetieseresonansie-spektroskopie (KMR) vir die bepaling van molekulêre struktuur; inleiding tot analitiese massa-spektrometrie; instrumentele chromatografiese metodes.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Chemie 264*

324 (16) Fisiese Chemie (3L, 3P)

Kwantummeganiese beskrywing van atome en molekule; vibrasie- en rotasiespektra; gevorderde statistiese termodinamika; inleiding tot simmetrie.

Voorvereistemodule:

- *Chemie 254*

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 114, 144*

344 (16) Organiese Chemie (3L, 3P)

Reaksiemeganismes, insluitende dié m.b.t. enolaatchemie, chemo-, stereo- en diastereoselektiwiteit, beheer van geometrie van dubbelbindings, perisikliese reaksies; stereochemie; sinteses.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Chemie 214*

364 (16) Anorganiese Chemie (3L, 3P)

Stereochemiese nie-rigiditeit; struktuur- en sterktekorrelasies by sure en basisse; struktuur, binding en reaktiwiteit van oorgangsmetaalkomplekse; selektiewe metaalkompleksing; kinetika en meganisme van geselekteerde anorganiese reaksies; bio-anorganiese chemie en die rol van metaalkomplekse in biologiese sisteme; inleiding tot organometaalchemie en katalise; die bereiding en karakterisering van anorganiese verbindings (praktika).

Slaagvoorvereistemodule:

- *Chemie 234*

Voorvereistemodule:

- *Chemie 264*

Chemie as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Chemie 124(16), 144(16), 214(16), 234(16), 254(16), 264(16), 314(16), 324(16), 344(16) en 364(16).

52078 Toegepaste Chemie**315 (16) Materiaaltegnologie (3L, 3P)**

Industriële produksie van polimere (prosesse en grade). 'n Studie van industriële prosesse vir die vervaardiging van tekstielstofstrukture, insluitend nuwe ontwikkelings wat fokus op die verbetering van prestasie-eienskappe. Inleiding tot die ontwerp van funksionele tekstiele. Vervaardigingsprosesse vir polimeerprodukte, insluitend die gebruik van bymiddels en samestellings, die basiese prosesse van verwerkingstegnieke, toepassing van verwerkingstegnieke. Vervaardiging en gebruik van saamgestelde materiale en versnitte.

Newevereistemodule:

- *Toegepaste Chemie 324*

324 (16) Polimeerwetenskap I (3L, 3P)

Inleiding tot polimere as materiale; chemie van polimerisasiereaksies (teorie en voorbeelde): stap- en ringopeningspolimerisasiereaksies, poliësters, poliamiede, fenoliese harse en epoksieharse; addisie-polimerisasie-reaksies: vrye radikaal-polimerisasiereaksies, ioniese polimerisasiereaksies, oorgangsmetaal-gekataliseerde polimerisasiereaksies; reaksies van polimere; afbrekingsreaksies: chemie en gevallestudies; stabilisering van polimeersisteme; industriële prosesse; hergebruik en bio-afbreekbaarheid, polimere en die omgewing.

Praktika: laboratoriumwerk, seminare en werkstukke.

Voorvereistemodules:

- *Chemie 214, 264*

334 (16) Chemie van Voedsel- en Drankprodukte (3L, 3P)

Metodes van analise in die voedsel- en drankbedryf (infrarooi-, UV-sigbaar- en atoomspektroskopie, kalibrasiekromme-foutanalise, kernmagneetresonans-molekulêre-struktuuranalise en hoëdoeltreffendheidvloeistofchromatografie); die chemie van suikers (insluitend die Maillard-reaksie); die molekulêre basis van kleur in voedsel; chemiese aspekte van voedselpreservering.

Hierdie module mag slegs geneem word deur studente wat vir die program BSc (Voedselwetenskap) geregistreer is.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Chemie 214, 264*

344 (16) Polimeerwetenskap II (3L, 3P)

Inleiding tot polimeerstruktuur en -morfologie: klassifikasie van polimere, oplosbaarheid en mengbaarheid van polimere, polimeer-morfologie, molekulêre massa en molekulêre massa-verspreiding, polimeerstrukture en materiaaleienskappe; inleidende analitiese chemie van polimere: analitiese tegnieke; tegnieke om molekulêre massa te bepaal, spektroskopiese tegnieke vir polimeeranalises; termiese analise: fisiese toetsing van polimere; meting van kristalliniteit in polimere.

Praktika: laboratoriumwerk, seminare en werkstukke.

Voorvereistemodule:

- *Toegepaste Chemie 324*

345 (16) Materiaaltegnologie 2 (3L, 3P)

Polimere in industrieel relevante toepassings: Onderwerpe wat fokus op toepassings relevant in tekstielwetenskap (mediese en gesondheidsorgprodukte, sportklere, geotekstiele, ens.) en ander polimeermateriale (verf, kleefmiddels, skuim, slim verpakking, ens.). Produkontwerp en foutontleding/probleemoplossing met die fokus op industriële toepassings.

Die gebruik van polimeermateriale in industrieel toepaslike toepassings. Die klem sal val op die ontwerp van polimeerartefakte, sowel as probleemoplossing en foutontledings in kommersieel beskikbare produkte. Onderwerpe sal tekstiele, bedekkings, verpakkingsmateriaal, skuim, kleefmiddels en samestellings insluit.

Voorvereistemodule:

- *Toegepaste Chemie 315*

Newevereistemodule:

- *Toegepaste Chemie 344*

48321 Chemie C

152 (6) Chemie Laboratoriumpraktika (3P)

Ontwikkeling van laboratoriumvaardighede deur die uitvoer van inleidende chemie-eksperimente.

Projek.

Voorvereistemodule:

- *Ingenieurschemie 123*

224 (15) Industriële Chemie I (4L, 2P)

Agt praktika per semester

Bindingsmodelle; vastetoestandchemie; inleiding tot koördinasiechemie. Chemiese termodinamika, statisties meganiese basis van entropie, toepassings van Gibbs-vrye-energie, chemiese en fase-ewewig, elektrochemie, saambindende fisiese eienskappe, elementêre chemiese kinetika, basiese nomenklatuur, stereochemie.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Ingenieurschemie 123*
- *Chemie C 152*

254 (15) Industriële Chemie II (4L, 2P)

Agt praktika per semester

Organiese chemie: Nomenklatuur, inleiding tot die bereiding en reaksies van o.a. alkene, alkyne, alkielhaliede, alkohole, aldehiede, ketone, karboksiesure, esters. Inleiding tot polimeerchemie: Chemie van polimerisasiereaksies, o.a. poliësters, poliamiede.

Voorvereistemodule:

- *Chemie C 224*

65692 Chemie vir Gesondheidswetenskappe

112 (8) Chemie vir Gesondheidswetenskappe (2L, 1T)

Die module dek areas van algemene chemie wat as 'n basis vir verdere studie in die gesondheidswetenskapstrome van fisioterapie en dieetkunde vereis word. Dit behels atoomstruktuur en -binding; stoïgiometrie; eienskappe van oplossings; chemiese kinetika en ewewigte; organiese chemie en biomolekules.

50563 Tekstielwetenskap

254 (16) Veselwetenskap (3L, 3P)

Bekendstelling aan die tekstielindustrie, tekstielterminologie en die geskiedenis van tekstiele. Die klassifikasie, samestelling, morfologie, chemiese en fisiese struktuur van tekstielvesels, sowel as die molekulêre rangskikkings binne die vesels en die effek daarvan op die gedragseienskappe van spesifieke tekstielvesels en -stowwe. Nuwe ontwikkelings in tekstielveselmodifikasies veral met toepassing op gedragseienskappe en funksionele tekstiele vir nismarkte.

Voorvereistemodules:

- *Chemie 124 of 164, 144*

Departement Fisika

12998 Fisika

114 (16) Inleidende Fisika A (3L, 3P)

Inleiding tot meganika, die begrip van beweging van liggame in die algemeen en die behoud van hoeveelhede vervat in die bewegingswette wat die grondslag vir alle fisika vorm. Hoeveelhede wat relevant is vir die fisika van meganiese stelsels in verskillende situasies word ingevoer, insluitend vir botsings, in stilstaande toestande, tydens rotasie en hoe dit van toepassing is wanneer die vloeï van hitte en vloeistowwe beskryf word. Hierdie module ondersoek sowel eksperimentele as teoretiese aspekte van Newtonse meganika en termodinamika, wat die grondslag lê vir verdere begrip van fisika. Die wiskundige gereedskap van differensiaal- en integraalrekening word dwarsdeur gebruik.

Newevereistemodule:

- *Wiskunde 114*

144 (16) Inleidende Fisika B (3L, 3P)

Inleiding tot elektriese ladings en hul wisselwerking. Die fisika van bewegende ladings en magnetisme, ter voorbereiding vir gevorderde begrip van lig, elektriese stroombane en materiale. Die spesiale relativiteits-teorie in meganika en elektromagnetisme. Die wiskundige gereedskap van differensiaal- en integraal-rekening word dwarsdeur gebruik.

Voorvereistemodules:

- Fisika 114
- Wiskunde 114

Neweveistemodule:

- Wiskunde 144

176 (32) Voorbereidende Fisika (3L, 3P)

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc Verlengde Graadprogramme in AgriWetenskappe en Natuurwetenskappe en vir die BIng. Dit fokus op die aard van fisika en het die volgende temas as inhoud: Meganika, elektromagnetisme, moderne fisika.

224 (16) Klassieke Meganika (3L, 3P)

Snelheidsafhanklike, nie-konserwatiewe kragte, driedimensionele, konserwatiewe sisteme, sentraal-beweging, planeet- en satellietbeweging, deeltjieverstrooiing, dinamika van veeldeeltjiesisteme en starre liggame. Harmoniese ossilator, vrye en geforseerde lineêre ossillasies met demping, inleidende Lagrange en Hamilton-dinamika, behoudswette.

Slaagvoorvereistemodules:

- Fisika 114, 144

Voorvereistemodules:

- Wiskunde 114, 144

254 (16) Elektromagnetisme, Golwe en Inleidende Kwantumfisika (3L, 3P)

Magnetiese velde, elektromagnetiese induksie en wisselstrome, Maxwell se vergelykings en elektromagnetiese golwe. Dipoolstraling, golfbeweging met randvoorwaardes, interferensie en diffraksie, fisiese en Fourier-optika, kwantumgolffunksies en golf-deeltjie-dualiteit, deeltjie in 'n kas, inleiding tot die Schrödinger-vergelyking in een dimensie.

Voorvereistemodules:

- Wiskunde 114, 144
- Fisika 224

314 (16) Statistiese Fisika A (Inleidende Termodinamika en Statistiese Fisika) (3L, 3P)

Die drie wette van termodinamika; statistiese en termodinamiese funksies; fase-ewewigte en ander toepassings. Statistiese grondslag van die termodinamika; Fermi- en Bose-statistiek; die ideale klassieke gas; swartstraling en ander toepassings.

Voorvereistemodules:

- Fisika 254
- Wiskunde 214, 244 of Toegepaste Wiskunde 214, 244

334 (16) Kwantummeganika A (3L, 3P)

Schrödinger-vergelyking, harmoniese ossilator, sferiese-simmetriese potensiale, radiale vergelyking, baanhoekmomentum: eiewaardes en bolfunksies. Die waterstof-atoom. Tyd-onafhanklike sturingsteorie, spin en toepassings op die atoom.

Slaagvoorvereistemodule:

- Fisika 224

Voorvereistemodules:

- Fisika 254
- Wiskunde 214, 244 of Toegepaste Wiskunde 214, 244

342 (8) Elektromagnetisme en Relatiwiteit (1.5L, 1.5P)

Polarisasie en magnetisasie van materie, elektromagnetiese golwe en hul oorgang tussen verskillende media. Spesiale relativiteitsteorie.

Voorvereistemodules:

- Fisika 224, 254
- Wiskunde 214, 244 of Toegepaste Wiskunde 214, 244

344 (16) Simulasie en inferensie in Stogastiese Stelsels (3L, 3P)

Simulasie en numeriese inferensie van belangrike stogastiese stelsels soos kanslopië. Inligting-gebaseerde waarskynlikheid en kernkonsepte van die waarskynlikheidsleer, afleiding en induksie, Bayes se stelling. Karakterisering en berekening met verdelings en data, transformasies, genererende funksies, verbindings tot statistiese fisika.

Voorvereistemodules:

- *Fisika 224 of Toegepaste Wiskunde 214 of Wiskunde 214*

352 (8) Toepassings van Kwantummeganika (1.5L, 1.5P)

Magnetiese dipoolmomente, spinbaankoppeling, stralingsoorgangstempo's, Zeeman-effek.

Elektrone in periodiese kristalpotensiale. Kernstruktuur en eienskappe, radioaktiewe verval, kernverstrooiing.

Voorvereistemodules:

- *Fisika 254, 334*

372 (8) Projek (Teoretiese Fisika) (0.7L, 0.7P)

Toepassing(s) van onderwerpe soos bestudeer in die BSc-program in Fisika, fokusarea Teoretiese Fisika.

384 (16) Eksperimentele Werk in Fisika (3L, 3P)

(Hierdie module kan nie gelyktydig met Chemie 2 gevolg word nie.)

Praktiese laboratoriumwerk in Fisika. Uitgesoekte eksperimente in die moderne Fisika, wat met die navorsing in die Departement verband hou, word uitgevoer om aan die student 'n inleiding tot die ontwerp van eksperimente en die analise van data te gee.

Neuwevereistemodules:

- *Fisika 342, 352 of 372*

412 (16) Lagrange- en Hamiltonmeganika

Vryheidsgrade, veralgemeende koördinate, Lagrange-vergelykings van die eerste en tweede soort, toepassings, klein ossilasie-benadering, variasierekening. Hamilton se beginsel, Noether-teorema.

421 (16) Statistiese Fisika B

Fase-oorgange en kritiese verskynsels, fenomenologiese teorieë (Landau-Ginzburg, skaleringshipotese), eenvoudige modelsisteme, benaderingsmetodes (gemiddeldeveldteorie, selfkonsistente benadering). Statistiese fisika van vloeibare kristalle en polimere. Simulasiemetodes. Dinamika, korrelasie- en antwoordfunksies, Langevin-teorie, stogastiese differensiaalvergelykings (Fokker-Planck-vergelykings).

457 (8) Bayes-fisika

Kort oorsig van Bayes se basiese beginselwaarskynlikheid. Voorwaardelike waarskynlikheid, produkreël, Bayes se stelling. Belangrike diskrete en deurlopende verdelings. Parameterskatting en modelvergelyking met masjienleer, toepassing op data-analise. Simmetrieë, entropie en inligtingstoename. Verskillende bykomende onderwerpe na gelang van beskikbare tyd.

458 (8) Dinamiese Sisteeme en Kompleksiteit (4L, 1T)

Inleiding tot nie-lineêre dinamiese sisteme, modellering, kontinue en diskrete afbeeldings, stabiliteitsanalise, hiërargie van chaos, vreemde aantrekkers, universaliteit en Freigenbaum-konstantes, Hamilton-chaos, KAM-teorema.

471 (40) Datawetenskap-navorsingswerkstuk

Die navorsingswerkstuk bied studente 'n omvattende leerervaring wat kennis uit vorige modules integreer. Die student integreer kennis en ervarings wat in vorige modules opgedoen is en pas dit toe op 'n dataryke navorsingsonderwerp. Studente kry die geleentheid om wat hulle voorheen geleer het te sintetiseer en op nuwe, komplekse probleme toe te pas. Studente neem deel aan die volledige proses vir die oplos van 'n praktiese datawetenskapprobleem, van data-insameling en -prosessering, tot die toepassing van gepaste en geskikte analitiese metodes op die probleem, en duidelike en omvattende kommunikasie van bevindinge'n.

Fisika as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Fisika 114(16), 144(16), 224(16), 254(16), 314(16), 334(16), 342(8), 352(8), 384(16) of 344(16).

Vir spesialisasie in Teoretiese Fisika geld die volgende derdejaarmodules as hoofvak: Fisika 314(16), 334(16), 342(8), 344(16) en Projek (Teoretiese Fisika) 372(8) of Fisika 352(8).

Ander modules in Fisika

19267 Spesiale Fisika

111 (8) Fisika vir Gesondheidswetenskappe (2L, 1T)

Struktuur van materie; kinematika, statika, dinamika, warmte, temperatuur, golfbeweging en elektrisiteit.

13005 Fisika (Bio)

134 (16) Inleidende Fisika vir Biologiese Wetenskappe A (3L, 3P)

Geselekteerde onderwerpe, toepaslik vir die biologiese natuurwetenskappe, uit inleidende meganika, hidrostatika en optika.

Newevereistemodule:

- *Wiskunde (Bio) 124 of Wiskunde 114*

154 (16) Inleidende Fisika vir Biologiese Wetenskappe B (3L, 3P)

Geselekteerde onderwerpe, toepaslik vir die biologiese natuurwetenskappe, uit inleidende elektrisiteit, magnetisme, termodinamika, gaswette, atoomfisika, radioaktiwiteit, ossilasies en golwe.

Voorvereistemodule:

- *Fisika (Bio) 134*

59420 Ingenieursfisika

113 (8) Fisika vir Ingenieurstudente (2L, 0.5P, 0.5T)

Inleiding tot fisika en fisiese groothede, insluitend: inleiding tot atoomfisika, ossilasiebeweging, inleiding tot golfbeweging, superposisie en staande golwe, klankgolwe; lig, refraksie, polarisasie; inleiding tot kernfisika.

152 (6) Fisika vir Ingenieurstudente (2L, 1T)

Inleiding tot basiese relatiwiteit en basiese kwantumeganika. Verdere studie oor golwe, klank en optika gebaseer op Ingenieursfisika 113.

Voorvereistemodule:

- *Ingenieursfisika 113*

Departement Fisiologiese Wetenskappe

13080 Fisiologie

114 (12) Inleidende Oorsigtelike Fisiologie (3L)

Basiese oorsig van die volgende fisiologiese beginsels, organe en sisteme: homeostase, organiese molekule, die sel, weefsel, spesiale sintuie, senuwee-, endokriene, immuun- en geslagstelsels.

(Word aangebied vir die program BA met Sportwetenskap)

144 (12) Oorsigtelike Fisiologie (3L)

Basiese oorsig van die volgende fisiologiese beginsels en sisteme: Suur/basis-balans, spier-, kardiovaskulêre, respiratoriese, urinêre en spysverteringstelsels.

(Word aangebied vir die program BA met Sportwetenskap.)

Voorvereistemodule:

- *Fisiologie 114*

214 (16) Fisiologiese Beginsels en Sisteem (3L, 3P)

Teksboek-gebaseerde oorsig van die volgende fisiologiese beginsels en sisteme: homeostase en liggaams-vloeistowwe, selmembrane, algemene fisiologiese beheersisteme, senuwee-, spesiale sintuie, hormonale, spysverteringstelsels (enkelmaag), asook tipiese siektetoestande wat met hierdie stelsels verband hou.

Vir die Menslike Lewenswetenskappe-program en die interdissiplinêre fokusarea Toegepaste Medisinale Chemie:

Voorvereistemodules:

- *Biologie 124, 154*

Neweveistemodule:

- *Biochemie 214*

Vir die interdissiplinêre fokusarea Biomediese Wiskundige Wetenskappe:

Voorvereistemodules:

- *Biologie 124*

Neweveistemodule:

- *Biochemie 214*

244 (16) Sisteemfisiologie (3L, 3P)

Teksboek-gebaseerde oorsig van die volgende fisiologiese sisteme van die liggaam: spier- en respiratoriese sisteme, suur/basis-balans, bloed, urinêre en geslagstelsels.

Voorvereistemodule:

- *Fisiologie 214*

Neweveistemodule:

- *Biochemie 244*

314 (16) Geïntegreerde Fisiologie (3L, 3P)

Hierdie module konsentreer hoofsaaklik op geïntegreerde fisiologie en sluit 'n seleksie van die volgende onderwerpe in: Sisteemfisiologie en homeostase, endokrinologie en metabolisme, kardiiovaskulêre fisiologie en neurofisiologie.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Fisiologie 214, 244*

Voorvereistemodules:

- *Biochemie 214, 244*

334 (16) Metaboliese Fisiologie (3L, 3P)

Hierdie module konsentreer hoofsaaklik op metaboliese fisiologie en sluit die volgende onderwerpe in: makronutriënt-opname en -verbruik, oefening en metabolisme, energiebalans, vertering, absorpsie, faktore wat koolhidraatmetabolisme beïnvloed, glukemiese indeks/lading, vetmetabolisme en proteïenmetabolisme.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Fisiologie 214, 244*

Voorvereistemodules:

- *Biochemie 214, 244*

344 (16) Sellulêre Fisiologie (3L, 3P)

Hierdie module konsentreer hoofsaaklik op sellulêre fisiologie en sluit 'n seleksie van die volgende onderwerpe in: Membraan- en selkommunikasie, immunologie, oksidatiewe stres, spiersatelliet- en stamselle.

Voorvereistemodules:

- *Biochemie 214, 244*
- *Fisiologie 314*

364 (16) Kliniese Toegepaste Fisiologie (3L, 3P)

Hierdie module konsentreer hoofsaaklik op leefstyl-geassosieerde siektes en die bevordering van algemene gesondheid. Die fisiologiese en sellulêre aspekte van verskeie kroniese siektes word behandel, en sluit 'n seleksie van die volgende onderwerpe in: kanker, liggaamsamestelling, obesiteit, diabetes, anoreksie, beenfisiologie en -patofisiologie, meganismes van spieratrofie, asook toestande wat lei tot spieratrofie, veroudering, MIV/vigs en opportunistiese infeksies.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Fisiologie 214, 244*

Voorvereistemodules:

- *Biochemie 214, 244*

Fisiologie as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Fisiologie 214(16), 244(16) 314(16), 334(16), 344(16) en 364(16).

Departement Mikrobiologie**16284 Mikrobiologie****214 (16) Inleidende Mikrobiologie (3L, 3P)**

Geskiedenis, mikroskopie, klassifikasie, struktuur en funksie (bakterieë en archaea), voedingsbehoefte en groeifaktore, voedselopname, generasie van energie, kultuurmedia, groeikrommes, kontinue kulture, fisiese en chemiese beheer, omgewingsfaktore, biofilmvorming en kworumwaarneming en antimikrobiese terapie.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Biologie 124 of 144*
- *Chemie 124 of 164, 144*

244 (16) Mikrobiese Diversiteit (3L, 3P)

Koninkryke van lewe, en moderne mikrobiese taksonomie en inleidende mikrobiese genomika. Prokariote, Archaea-selstruktuur en -funksie, nie-proteobakteriese Gram-negatiewe bakterieë, pro-teobakteriese klasse, Firmicutes, en Actinobakterieë. Fungusgroeperings, -selstruktuur en -funksie. Struktuur van virusse, virustaksonomie en vermenigvuldigingstrategieë. Mikrobiologie van water- en grondomgewings, verskillende metaboliese tipes mikroorganismes, die rolle van verskillende mikrobiese taksa in biogeochemiese siklusse, asook energievloei deur die voedselweb, diere en plante se afhanklikheid van mikroorganismes, insluitend simbiotiese verwantskappe, mikrobe-plantverwantskappe en mikrobe-insek-verwantskappe, interaksies tussen mikroorganismes.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Biologie 124 of 144*
- *Chemie 124 of 164, 144*

314 (16) Mikrobiese Molekulêre Biologie (3L, 3P)

Genoomorganisasie van prokariote versus eukariote, gevorderde aspekte van DNA-replikasie in bakterieë, bv. veelvuldige replikasievurke en genoomsegregasie, gevorderde aspekte van transkripsie en translasie met *Escherichia coli* (bakterium) en *Saccharomyces cerevisiae* (gis) as modelorganismes. Geenreguleringsbeginsels vanaf geenvlak tot globale vlak in bakterieë en gis. Bakteriofaagreplikasie, induksie en molekulêre toepassings. Produksie van industrieel belangrike heteroloë proteïene in gis. Kernkonsepte van gis-rekombinante-DNA-tegnologie.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Mikrobiologie 214*

Voorvereistemodules:

- *Mikrobiologie 244*
- *Biochemie 214, 244*

324 (16) Mikrobiese Fisiologie en Metabolisme (3L, 3P)

Elementale samestelling, koolstof- en energideurvloeië, oksidasie-reduksie-reaksies, energieproduksie deur fermentasie, respirasie en fotosintese, Pasteur- en Crabtree-effekte, die verskeidenheid molekules wat as elektrondonors en -akseptors kan dien, asook die betrokke mikroörganismes, membraanvervoer, chemotaksie, bronne en assimilasie van stikstof, sulfaat en fosfaat, koolstofdiodksiedassimilasie, biosintese van aminosure en ander monomere, toepassing van metabolisme tot industriële prosesse, (afvalwater-behandeling, oorproduksie van sitroensuur en lisien), kworumwaarneming, die sistemiese biologie van metabolisme.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Mikrobiologie 214*

Voorvereistemodules:

- *Mikrobiologie 244*
- *Biochemie 214, 244*

354 (16) Industriële Mikrobiologie (3L, 3P)

Fermentasieprosesse, insluitend voedselfermentasies. Gespesialiseerde voedselfermentasies, bv. biologiese preserveermiddels, voorbereiding en rol van mikroörganismes. Kwaliteitskontrole. Die voorkoms van patogene en voedselbederfbakterieë en beheer daarvan. Industriële produksie van ensieme, antibiotika en farmaseutiese produkte, invloed van substraat op produksievlakke.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Mikrobiologie 214*

Voorvereistemodule:

- *Mikrobiologie 244*

364 (16) Mikrobiese Ekologie (3L, 3P)

Inleiding tot omgewingsmikrobiologie, oorsig van mikrobiese omgewings, insluitende land-, water- en ekstreme omgewings, metodes en tegnologie in mikrobiese ekologie, rol van mikroörganismes in biogeochemiese siklusse, mikrobiese kommunikasie en interaksies, toepassing van mikrobies in omgewings- en industriële remediasie. Die praktiese komponent sluit probleemidentifisering, die skryf van navorsingsvoorstelle, projekbestuur en aanbidding in.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Mikrobiologie 214*

Voorvereistemodule:

- *Mikrobiologie 244*

Mikrobiologie as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Mikrobiologie 214(16), 244(16), 314(16), 324(16), 354(16), 364(16).

Departement Plant- en Dierkunde**53953 Biodiversiteit en Ekologie****212 (16) Statistiek en Ander Instrumente vir Bioloë (3L, 3P)**

Hierdie module is 'n deeglike inleiding tot die sleutel- numeriese vaardighede en prosesse onderliggend aan goeie praktyk in die biologiese wetenskappe. Dit dek eksperimentele ontwerp, statistiese analises, die konsepte van nul- en alternatiewe hipoteses, die hantering en logiese interpretasie van data, data-aanbidding en wetenskaplike kommunikasie, die gevorderde gebruik van Microsoft Excel, PowerPoint en kostevrye R Statistiese Berekeningsagteware. Praktykgerigte statistiese oefeninge dek 'n reeks van beskrywende statistiek, parametriese, nie-parametriese analises, basiese data-manipulering, stippings, lineêre regressie en analise van variansie. Toegepaste wetenskaplike ondersoekbeginsels in die biologie word ondersoek deur gebruik te maak van eksperimentele beplanning (kontroles, replisering, ewekansig-making), etiek, wetenskaplike en populêre publikasieprosesse, en die gebruik van wetenskaplike literatuur.

Neuwevereistemodule:

- *Wetenskap in Konteks 178 of Rekenaarvaardigheid 171*

214 (16) Beginsels van Ekologie (3L, 3P)

Die basiese aspekte van akwatiese biologie en populasie-ekologie word onderrig deur die integrasie van teorie en veldwerk. Daar word gefokus op bevolkingsaanwas en strategieë in die lewensgeskiedenis van organismes om fiksheid te maksimeer. Die module word nou geïntegreer met Biodiversiteit en Ekologie 212

waarin studente onderrig word in die analise van ekologiese data. Daar is 'n verpligte veldkursus van drie dae waartydens studente hul eie navorsingsprojek bedryf.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Biologie 124 of 144 en 'n finale punt van minstens 40% in die ander Biologie-module*

Neweveistemodule:

- *Biodiversiteit en Ekologie 212 of 'n gelykstaande statistiese module*

224 (16) Diversiteit en Funksie van Invertebrata (3L, 3P)

Die fokus van die module is invertebraatdiversiteit. Hoof aanpassings in morfologiese kenmerke (vorm) en onlangse molekulêre verandering in taksonomie en fisiologiese aanpassings binne die hoof invertebraat phylums sal verken word. Onderwerpe sal insluit: onlangse ontwikkelings in filogenetiese klassifikasie binne hoofgroepe; fisiologiese uitdagings soos dié verwant aan respirasie, osmoregulering, voeding, beweging, verdediging, sintuiglike waarneming en voortplanting, wat invertebrate in hul onderskeie omgewings (mariene, varswater of terrestrieel) ervaar; en watter strategieë gebruik word om hierdie uitdagings baas te raak of daarvoor te kompenseer. Die praktiese komponent van die module sluit laboratoriumwerk in.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Biologie 144 of 154 en 'n finale punt van minstens 40% in die ander Biologie-module*

244 (16) Beginsels van Evolusie (3L, 3P)

Die belangrikste evolusionêre beginsels wat die biologiese wêreld vorm word behandel. Dit voorsien 'n historiese perspektief op die ontwikkeling van die hoofkonsepte in evolusionêre denke en belig raakvlakke tussen evolusionêre navorsing en die publiek se persepsie daarvan. Onderwerpe sluit teoretiese genetiese modelle, onderliggend aan moderne molekulêr-genetiese benaderings, in asook natuurlike seleksie en die werking daarvan, die onderskeid tussen mikro- en makro-evolusie en hoe spesies ontstaan en vergaan. Aanvullend tot die teorie word studente ook blootgestel aan die ontwerp en uitvoering van eksperimente oor evolusie.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Biologie 124 of 144 en 'n finale punt van minstens 40% in die ander Biologie-module*

254 (16) Werweldier-lewe (3L, 3P)

Hierdie module handel oor verskeie aspekte van werweldiere: waar hulle ontstaan het, huidige diversiteit, hoe hulle ontwikkel het, wat hulle doen en hoe hulle funksioneer. Onderwerpe wat behandel word, sluit in: die kenmerkende eienskappe van werweldiere en hul liggaamsbou; die algemene patroon van evolusionêre verwantskappe van werweldiere; die ontogenie van werweldiere en die evolusionêre implikasies van die meganismes van ontwikkeling; basiese anatomie, fisiologie en evolusie van vertebrat-organismes; voortplantingsbiologie en strategieë; geslagsbepaling; hormonale beheer; seisoenale siklusse; evolusie van vivipariteit; termo-energetika; waterbalans; osmoregulasie en ekskresie; oorlewing in ekstreme omgewings. Hierdie module sluit seminare en praktika in, met data wat in die laboratorium of tydens 'n veldekskursie versamel sal word.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Biologie 144 of 154 en 'n finale punt van minstens 40% in die ander Biologie-module*

264 (16) Diversiteit van Plantevorm en -funksie (3L, 3P)

Plante beset die mees uiteenlopende habitate op aarde. 'n Wye reeks morfologiese en fisiologiese aanpassings word vereis om onder sulke omstandighede te oorleef. Die diversiteit van vorm en funksie word as verwante temas ondersoek ten einde te verstaan hoe plante groei, op siklusse in die natuur reageer, hulpbronne bekom en onder ongunstige toestande oorleef. Teorie en praktika vul mekaar aan deur formele lesings, groepsbesprekings en laboratorium- en veldeksperimente.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Biologie 144 of 154 met 'n finale punt van minstens 40% in die ander Biologie-module*

315 (16) Ekologieveldkursus (3L, 3P)

Die module is op veldwerk gebaseer. Die gebied verander elke jaar. Die module val buite die formele lesingreeks – gewoonlik gedurende die laaste twee weke van Januarie. Die doel van die module is om teoretiese aspekte van ekologie en evolusie in die natuur te demonstreer. Die hoofokuspekte is biotiese interaksies (bv. bestuwing, kompetisie, fasilitering), dieregedrag en ekologie op die vlak van die ekosisteem. Lesings, opdragte en besprekingsgroepe word in die veld, asook tydens amptelike lesure, behartig.

Toegang tot hierdie module is beperk, hoofsaaklik tot studente wat vir die Biodiversiteit en Ekologie-program geregistreer is. Studente uit ander programme mag op grond van vorige prestasie en beskikbare plekke aanvaar word.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Biodiversiteit en Ekologie 212 of 214 met 'n finale punt van minstens 40% in die ander Biodiversiteit en Ekologie-module*

324 (16) Angiospermdiversiteit en -evolusie (3L, 3P)

Teoretiese ondersoek na die ontstaan en filogenetiese verwantskappe van die angiosperme, soos bepaal deur verskillende klassifikasiesisteme. Die klassifikasie en diversifikasie van die angiosperme word bestudeer met behulp van morfologiese, anatomiese, embriologiese, palinologiese en molekule eienskappe. Die rol van verbastering en poliploidie in die diversifikasie van die angiosperm-afstammingslyn word beoordeel. Gespesialiseerde morfologiese en fisiologiese aanpassings aan suboptimale omgewings en die effek van sulke aanpassings op die diversifikasie van die angiosperme word bespreek.

Die praktika fokus op Fynbos-taksa en die identifisering van plante tot op familievlak.

Slaagvoorvereistemodules – enige drie van die volgende ses modules:

- *Biodiversiteit en Ekologie 212, 214, 224, 244, 254, 264*

Voorvereistemodule:

- *Biodiversiteit en Ekologie 264*

334 (16) Wêreldwyeveranderingsbiologie (3L, 3P)

Die bestudering van globale veranderinge vanuit 'n biologiese perspektief deur sowel die historiese as huidige getuieis vir sulke veranderinge uit te lig en die belangrikste dryfvere agter sulke prosesse saam te vat. Onderwerpe sluit wêreldwye klimaatsverandering, antropogenetiese verandering soos besoedeling, en grondgebruik in. Data op verskillende ruimtelike en temporale skale en verskillende vlakke van biologiese organisasie word gedek, om sodoende die tegnologiese en numeriese tegnieke waarmee hierdie prosesse bestudeer word, uit te lig. Waar toepaslik, word beginsels geïllustreer deur van Afrika-voorbeelde gebruik te maak. Ten slotte word die negatiewe impak van wêreldwyeveranderinge en hoe om dit te verminder, behandel, asook die kommunikasie van al die bostaande prosesse tussen sowel wetenskaplikes onderling, as wetenskaplikes en die publiek.

Slaagvoorvereistemodules – enige drie van die volgende ses modules:

- *Biodiversiteit en Ekologie 212, 214, 224, 244, 254, 264*

344 (16) Evolusionêre Ekologie (3L, 3P)

Aktuele temas in die evolusionêre ekologie, bv. die evolusie van gedrag, biotiese interaksies en fisiologie, word gedek. Hierdie module behandel onderstaande, sowel as verwante, temas: spelteorie; optimalevoedingsteorie; evolusie van die geskiedenis van lewe; evolusie van geslag; geslagseleksie en geslagsverhoudings; altruïsme en die evolusie van sosialiteit. Evolusionêre wapenwedlope met mimiek en geslagskonflik as voorbeelde; ko-evolusie van plant- en dierinteraksies. Die skakel tussen gedrag en fisiologie en fisiologiese toleransies en beperkings op oorlewing, lewensgeskiedenis en reprodutiewe strategieë. Toepaslike veld- en statistiese tegnieke binne die evolusionêre-ekologienavorsing word tydens praktika behandel.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Biodiversiteit en Ekologie 212 of 214 met 'n finale punt van minstens 40% in die ander Biodiversiteit en Ekologie-module*

Neuwevereistemodule:

- *Biodiversiteit en Ekologie 244*

345 (16) Indringerbiologie (3L, 3P)

Indringerspesies verskaf fassinerende geleenthede om beter te verstaan hoe die planeet (vanaf gene tot ekosisteme) funksioneer, maar stel terselfdertyd 'n groot uitdaging vir die volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne (vanaf impakte op landelike gemeenskappe tot impakte op groot verskeppingsmaatskappye). Daarom bestaan indringerwetenskap uit verskeie en uiteenlopende dissiplines. Indringerspesies word gesien as een van die vernaamste bedreigings vir die bewaring van biodiversiteit en die onderhoud van ekosisteemdienste wêreldwyd. In baie wêrelddele gaan die mees uitdagende en tydrowende taak van bewaringsekoloë en projekbestuurders gepaard met die beheer van indringerspesies.

voorkoming van hul impakte, en toenemend die herstel van ekosisteme wat reeds ingedring is. Die interaksie tussen indringerspesies en ander dryfvere agter globale verandering verskaf fassinerende geleenthede vir navorsing. Die doel van hierdie module is om 'n inleiding te gee tot die opwindende en belangrike studieveld van "indringerbiologie" – die volledige spektrum van navorsingsvelde wat daarop gerig is om kwessies rakende indringerspesies beter te verstaan.

Slaagvoorvereistmodules – enige drie van die volgende ses modules:

- *Biodiversiteit en Ekologie 212, 214, 224, 244, 254, 264*

354 (16) Evolusionêre Patrone en Prosesse (3L, 3P)

Die teorie van evolusie ondersteun die ganse moderne biologie en word aangewend om tersaaklike hipoteses te genereer wat 'n begrip van biodiversiteit en ekologie bevorder. Deur 'n meervlakkige benadering te volg, fokus die module op die volgende temas: Stamboom van die lewe, evolusionêre biogeografie, genetiese diversiteit en differensiasie tussen populasies, geenvloei, terrestriële en mariene filogeografie, rekonstruksie van 'n filogenie, geenstambome/spesiesstambome, koaliesie, evolusietempos, taksonomie, evolusionêre klassifikasie, konservering-genetika, molekulêre ekologie, genetika van indringers, genoomevolusie, sitogenetika/chromosomale evolusie, evolusionêre ontwikkeling.

Slaagvoorvereistmodules – enige drie van die volgende ses modules:

- *Biodiversiteit en Ekologie 212, 214, 224, 244, 254, 264*

364 (16) Bewaringsbiologie (3L, 3P)

Hierdie module sal die onderwerp van bewaringsbiologie bekendstel met 'n fokus op die rol wat die wetenskap in hierdie veld speel. Dit het ten doel om jong bioloë en bewaringsbestuurders met 'n basiese kennis van die beginsels van die moderne bewaringsbiologie toe te rus. Na voltooiing sal studente 'n begrip hê van biodiversiteitspatrone, van hoe bewaring op die molekulêre, bevolkings-, ekosisteem- en landskapskaal aangepak kan word, en van hoe hulpbronbestuur koppelvlakke met bewaringspogings en die toepaslike beleidsraamwerk het.

Slaagvoorvereistmodule:

- *Biodiversiteit en Ekologie 212 of 214 met 'n finale punt van minstens 40% in die ander Biodiversiteit en Ekologie-module*

Biodiversiteit en Ekologie as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Biodiversiteit en Ekologie 212(16), 214(16), 224(16), 244(16), 254(16), 264(16), 315(16), 324(16), 334(16), 344(16), 345(16), 354(16), 364(16).

25046 Biologie

124 (16) Selbiologie (3L, 3P)

Oorsprong en vroeë geskiedenis van lewe. Sitologie. Selchemie, biologiese membrane en sellulêre respirasie. Vaslegging, oordrag en uitdrukking van genetiese inligting. Evolusie.

Verantwoordelike departemente: Biochemie, Genetika, en Plant- en Dierkunde

144 (16) Biodiversiteit en Ekologie (3L, 3P)

Klassifikasie van organismes. Diversiteit van mikro-organismes, plante en diere.

Ekologiese beginsels en globale veranderinge.

Verantwoordelike departemente: Mikrobiologie en Plant- en Dierkunde

Neuwevereistmodule:

- *Biologie 124*

146 (16) Beginsels van Biologie (3L, 3P)

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (Verlengde Graadprogramme).

Bekendstelling van biologiese konsepte: 'Wat is lewe?', biologiese evolusie, biodiversiteit en die Boom van Lewe. Die chemiese basis van lewe. Biologiese molekules. Ensieme. Biologiese membrane: Struktuur en funksie. Selstruktuur en funksie: Pro- en eukariote, sowel as plant- en dierselle. Mendel-genetika en oorerwing. Inleiding tot dierefilogenie. Vertebrata lewe.

Verantwoordelike departement: Plant- en Dierkunde

154 (16) Funksionele Biologie (3L, 3P)

Plantanatonomie en -morfologie; fotosintese; waterverhoudings; vervoer in plante; plant- minerale voeding; groei en ontwikkeling; reaksies teenoor die omgewing. Funksionele biologie van diere. Inleiding tot biotegnologie.

Verantwoordelike departemente: Plant- en Dierkunde en Genetika

Neuwevereistemodule:

- *Biologie 124*

59404 Plantkunde

354 (16) Diversiteit van Plantvorm en -funksie (3L, 3P)

Plante bewoon die mees diverse habitate op aarde. 'n Wye reeks morfologiese en fisiologiese aanpassings is nodig om in hierdie habitate te oorleef. Die diversiteit van plantvorm en -funksie sal ondersoek word as verweefde temas ten einde te verstaan hoe plante groei, reageer op natuurlike siklusse, hulpbronne opneem en oorleef onder ongunstige toestande. Die teorie- en praktiese klasse sal elke tema op 'n komplimentêre wyse ondersoek deur middel van formele klasse, groepbesprekings, laboratorium- en veldwerkekperimente. Studente behoort die integrasie van morfologiese en fisiologiese evolusie deur die embriofiete te bemeester, asook om krities te dink en te kommunikeer oor plantvorm en -funksie.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Biologie 144 of 154 en 'n finale punt van minstens 40% in die ander Biologie-module*

Departement Wiskundige Wetenskappe

Afdeling: Wiskunde

21539 Wiskunde

114 (16) Calculus (5L, 2T)

Enige student wat hierdie module wil neem, moes 'n punt van ten minste 6 (70%) vir Wiskunde in die NSS of die IEB-skooleindsertifikaat behaal het.

Induksie en die binomiaalstelling. Funksies, limiete en kontinuïteit; afgeleides en differensiasiereëls; toepassing van differensiasie; die bepaalde en onbepaalde integraal; integrasie van eenvoudige funksies.

144 (16) Calculus en Lineêre Algebra (5L, 2T)

Komplekse getalle; transendente funksies; integrasietegnieke; oneintlike integrale; keëlsnedes; poolgrafieke; partiële afgeleides; inleiding tot matrikse en determinante.

Voorvereistemodule:

- *Wiskunde 114*

154 (16) Fundamentele en Diskrete Wiskunde (4L, 2T)

Inleiding tot fundamentele wiskundige strukture: versamelings, relasies, funksies. Formele stelsels en proposisiellogika, bewysvoering en verskillende bewysmetodes. Elementêre kombinatorika: telbeginsels, permutasies en kombinasies, vakkiebeginsel, rekursies. Belangrike eienskappe van en tipes funksies en relasies, bv. ekwivalensie- en orderelasies. Geselekteerde praktiese toepassings, veral in die konteks van rekenaarwetenskap.

186 (32) Inleidende Wiskunde (3L, 3T)

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (Verlengde Graadprogram) en BIng (Verlengde Graadprogram).

Enige student wat hierdie module wil neem moes 'n punt van ten minste 5 (60%) vir Wiskunde in die NSS of die IEB-skooleindsertifikaat behaal het.

'n Inleiding tot calculus, lineêre algebra en wiskundige redenering; Verskillende voorstellings van funksies in terme van formules, grafieke, tabelle en stories; inverse van 'n funksie; eksponensiële en logaritmiëse funksies; trigonometriëse funksies en hulle inverse funksies; modellering met funksies. Geleidelike progressie van gemiddelde tot oombliklike tempo van verandering; limiete; basiese integrasie. Stelsels van vergelykings; analitiese meetkunde; wiskundige induksie; binomiaalstelling.

214 (16) Gevorderde Calculus en Lineêre Algebra (4L, 2T)

Gevorderde calculus: Funksies van meer as een veranderlike, meervoudige integrasie, lynintegrale, oppervlakintegrale, divergensiestelling.

Lineêre algebra: Vektore in n dimensies; lineêre transformasies van reële vektorruimtes en hulle matrikse; meetkundige transformasies: Rotasie, projeksie, refleksie, dilatasie; samestelling van transformasies. Algemene reële vektorruimtes: Subruimtes, lineêre onafhanklikheid, basis, dimensie; rang en nulliteit van 'n matriks. Algemene reële binneprodukruimtes: ortogonaliteit, ortonormale basisse, projeksies, Gram-Schmidt; QR-faktorisering van 'n matriks; kleinste kwadratebenaderings; ortogonale matrikse.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 114, 144*

244 (16) Analise en Lineêre Algebra (4L, 2T)

Analise: Oneintlike integrale, rye en reekse, magreekse en die stelling van Taylor, tweede-orde-lineêre differensiaalvergelykings.

Lineêre Algebra: Eiewaardes en eievektore; diagonalisering van 'n matriks; ortogonale diagonalisering; lineêre transformasies van algemene reële vektorruimtes; matriksvoorstelling van lineêre transformasies tussen algemene eindig-dimensionele reële vektorruimtes; verandering van basis; stelsels van eerste-orde-differensiaalvergelykings en ander toepassings.

Voorvereistemodule:

- *Wiskunde 214*

278 (32) Fundamentele Onderwerpe in Abstrakte Wiskunde I (3L, 2P)

Van die drie tutoriaalperiodes is een 'n geskeduleerde tutoriaal en twee is vir onafhanklike werk aan opdragte.

Die doel met hierdie module is om 'n insig in die konseptuele beskouing van moderne wiskunde oor te dra teenoor 'n berekeningsgebaseerde een. Fundamentele onderwerpe uit versamelingsleer, logika, abstrakte algebra en topologie sal gedek word met klem op die diepe verbintenis tussen verskeie wiskundige konstruksies in hierdie gebiede. In die proses sal die kuns van wiskundige redenasie deeglik oorgedra word, wat die geleentheid bied om 'n streng begrip van histories uitdagende konseptuele temas soos oneindigheid en kontinuïteit te gee. Hierdie module is gepas vir studente wat 'n loopbaan in wiskunde wil volg of eenvoudig diegene wat graag 'n breë maar redelike deeglike oorsig van die huidige wiskunde wil hê.

314 (16) Algebra (3L, 3T)

In hierdie module word die inleidende aksiomatiese strukture in die algebra bekend gestel en behandel. Hierdie strukture verskaf die natuurlike omgewing waarin baie van die belangrikste resultate uit die getalleteorie, algebraïese meetkunde en algebraïese berekeningsteorie behandel word. Onder andere ondersoek ons groepe, ringe, resklasse modulo n , faktoringe en -liggame, polinoomringe, Euklidiese gebiede, unieke faktoriseringsgebiede, liggaamsuitbreidings, toepassings op passer- en linaalkonstruksies, eindige liggame en toepassings.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 214, 244*

324 (16) Komplekse Analise (3L, 3T)

Soorte versamelings in \mathbf{C} , konvergensie van reekse, puntsgewyse en gelykmatige konvergensie van rye en reekse van funksies, paaie, Cauchy-Riemann-vergelykings, bepaling van die konvergenstraal en koëffisiënte van 'n magreeks, die komplekse eksponensiële en trigonometriese funksies, argumente, komplekse logaritmes, integrasie van kontinue funksies langs stuksgewys gladde paaie, Cauchy se Integraalstelling en -formule, Taylorreeksvoorstelling van differensieerbare funksies, analitiese funksies, nulpunte, Liouville se Stelling, bewys van die Fundamentele Stelling van die Algebra, Laurentreeks, identifikasie en klassifikasie van geïsoleerde singulariteite, bepaling van residue, die Residustelling, toepassings.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 214, 244*

325 (16) Topologie (3L, 3T)

Van die drie tutoriaalperiodes is een 'n geskeduleerde tutoriaal en twee is vir onafhanklike werk aan opdragte.

Hierdie module bied 'n inleiding tot die topologie deur middel van sy basiese begrippe: Topologiese ruimtes en kontinue afbeeldings. Toepassings op analise sal ook gedek word.

344 (16) Diskrete Wiskunde (3L, 3T)

Diskrete Wiskunde, of "Konkrete Wiskunde", soos dit in 'n beroemde boek genoem word, handel oor konkrete voorwerpe wat inherent diskreet is, soos byvoorbeeld permutasies, versamelings, bome en woorde. Klem word gelê op aftellingstegnieke. 'n Inleiding tot elementêre getalleteorie word ook aangebied. In hierdie deel van die module word klassieke onderwerpe soos byvoorbeeld Fermat se stelling, Wilson se stelling of Lagrange se stelling oor somme van vier kwadrate behandel.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 214, 244 of gelykstaande modules*

345 (16) Logika (2L, 4T)

Van die vier tutorialperiodes is twee geskeduleerde tutoriale en twee is vir onafhanklike werk aan opdragte. Hierdie module bied 'n inleiding tot die wiskundige logika en formele wiskundige tale, met spesiale klem op daardie tale wat vir die grondslae van die wiskunde gebruik kan word.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 114, 144 of gelykstaande modules*

365 (16) Reële Analise (3L, 3T)

Die doel van hierdie module is om die konsepte, ruimtes, voorbeelde en resultate wat die basis verskaf vir wydverspreide ontwikkelings in analise bekend te stel en te ondersoek. Tipiese onderwerpe wat bestudeer word is reële getalle en hulle eienskappe, basiese stellings oor die reële getalle (insluitende die grondresultate oor rye, funksies, en rye van funksies), inleiding tot metriese ruimtes.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 214, 244*

378 (32) Fundamentele Onderwerpe in Abstrakte Wiskunde II (1L, 3P)

Van die vier tutorialperiodes is twee geskeduleerde tutoriale en twee is vir onafhanklike werk aan opdragte.

Hierdie module volg op Fundamentele Onderwerpe in Abstrakte Wiskunde I en fokus op hoër vlakke van moderne konseptuele wiskunde. Die module is hoofsaaklik op groepsbesprekings, gelei deur die dosent, gebaseer en behels projekwerk in enige gebied van huidige wiskunde gekies deur die student onder leiding van die Departement. Hierdie module behoort 'n uitstekende voorbereiding vir nagraadse studies in wiskunde te gee. Die module is ook van nut vir selfs diene wat nie verdere wiskunde wil studeer nie, want dit sal hulle met die wiskundige kultuur van denke en logiese redenering verryk.

Toelating onderhewig aan goedkeuring deur die Departement Wiskundige Wetenskappe.

Wiskunde as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Wiskunde 114(16), 144(16), 214(16), 244(16) en Wiskunde 314(16), 324(16), saam met twee verdere modules van Wiskunde 325(16), 344(16), 345(16), 365(16), of Wiskunde 378(32), saam met twee verdere modules van Wiskunde 314(16), 324(16), 325(16), 344(16), 345(16), 365(16), of Wiskunde 314(16), 324(16), Finansiële Wiskunde 378(32).

66176 Biowiskunde**374 (16) Projek oor Biologiese Modelling (1P)**

Navorsingsprojek oor 'n onderwerp in biowiskunde, wat ontwerp is om studente ondervinding te gee in die toepassing van wiskundige en statistiese modelle.

Let wel: Die skedulering van die weeklikse praktikumperiode kan individueel deur die student in oorleg met die projekteier bepaal word.

56847 Finansiële Wiskunde**378 (32) Finansiële Wiskunde (3L, 3T)**

Matriksalgebra en matriksdifferensiasie, Taylor se stelling in die meerveranderlike gevalle, differensiaalvergelykings en numeriese metodes, Riemann-Stieltjes-integrale, inleiding tot maattheorie en waarskynlikheidsruimtes, Radon-Nikodým-afgeleides, L²-ruimtes en Hilbert-ruimtes, wiskundige modelle van finansiële markte, die Black-Scholes model.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 214, 244*

Voorvereistemodules:

- *Wiskundige Statistiek 214, 245, 246*

21547 Wiskunde (Bio)

124 (16) Wiskunde vir die Biologiese Wetenskappe (4L, 2T)

Funksies en hul inverses: polinoomfunksies, rasionale funksies, magsfunksies, eksponentfunksies, trigonometriese funksies; oplos van trigonometriese vergelykings; samestelling van funksies; limiete; definisie van die afgeleide van 'n funksie; kontinuïteit; differensiasiereëls en -formules; hoërorde-afgeleides; implisiete differensiasie; toepassings van differensiasie: groei- en vervalprosesse, skets van grafieke, optimeringsprobleme, differensiale; onbepaalde integrale; integrasietegnieke: substitusie, ontbinding in parsieë breuke, faktorintegrasië; die bepaalde integraal as die limiet van 'n som; die grondstelling van die differensiaal- en integraalrekening; bepaalde integrale as oppervlaktes; oplossing en gebruik van eenvoudige differensiaalvergelykings.

176 (32) Inleidende Wiskunde vir die Biologiese Wetenskappe (3L, 3P)

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (Verlengde Graadprogramme).

Enige student wat hierdie module wil neem moes 'n punt van ten minste 4 (50%) vir Wiskunde in die NSS of die IEB-skooleindsertifikaat behaal het.

Verskillende voorstellings van funksies in terme van formules, grafieke, tabelle en stories; inverse van 'n funksie; eksponensiële en logaritmiëse funksies; trigonometriëse funksies en hulle inverse funksies; modellering met funksies; geleidelike progressie van gemiddelde tot oombliklike tempo van verandering; limiete. Eenvoudige tweedimensionele Euklidiese meetkunde, soos toegepas op veelhoeke en sirkels; koördinaatmeetkunde; lineêre programmering; Optimering van 'n funksie in twee veranderlikes onderhewig aan lineêre beperkings; inleiding tot datahantering en waarskynlikheid.

38571 Ingenieurswiskunde

115 (15) Inleidende Differensiaal- en Integraalrekening (5L, 2T)

Enige student wat hierdie module wil neem, moes 'n punt van ten minste 6 (70%) vir Wiskunde in die NSS of die IEB-skooleindsertifikaat behaal het of moes die eerste jaar van 'n toepaslike verlengde graadprogram voltooi het.

Wiskundige induksie en die binomiaalstelling; funksies; Limiete en kontinuïteit; afgeleides en differensiasiereëls; toepassings van differensiasie; die bepaalde en onbepaalde integraal; integrasie van eenvoudige funksies.

145 (15) Verdere Differensiaal- en Integraalrekening (5L, 2T)

Komplekse getalle; transendente funksies; integrasietegnieke; oneintlike integrale; keëlsnedes; poolgrafieke; parsieë afgeleides; inleiding tot matrikse en determinante.

Voorvereistemodule:

- *Ingenieurswiskunde 115*

214 (15) Differensiaalvergelykings en Lineêre Algebra (4L, 2T)

Gewone differensiaalvergelyking van eerste orde; lineêre differensiaalvergelykings van hoër ordes; Laplace-transforms en -toepassings. Matrikse: Lineêre onafhanklikheid, rang, eiewaardes. Laplace-transforms en -toepassings.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Ingenieurswiskunde 115 of 145*

Voorvereistemodule:

- *Ingenieurswiskunde 145*

242 (8) Reekse en Parsieële Differensiaalvergelykings (2L, 1T)

Ooneindige reekse; Taylor-reekse; Fourier-reekse; inleiding tot parsieële differensiaalvergelykings; Fourier-transforms.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Ingenieurswiskunde 145 of 214*

Voorvereistemodule:

- *Ingenieurswiskunde 214*

Afdeling: Toegepaste Wiskunde

56820 Waarskynlikheidsleer en Statistiek

114 (16) Waarskynlikheidsleer en Statistiek (3L, 3T)

(Vir BSc-studente)

Kombinatoriese analise; basiese telbeginsels; permutasies en kombinasies. Stogastiese verskynsels; steekproefruimtes en gebeurtenisse; waarskynlikheidsaksiomas; die waarskynlikheid van 'n gebeurtenis; gelykkansige seleksie; waarskynlikheidsreëls; voorwaardelike waarskynlikheid; Bayes se reël; stogastiese onafhanklikheid. Diskrete en kontinue stogastiese veranderlikes; verwagte waarde en variansie van stogastiese veranderlikes; belangrike diskrete verdelings: Binomiaal, Poisson, geometries, hipergeometries, negatiefbinomiaal; belangrike kontinue verdelings; uniform, eksponensiaal, normaal.

Let wel: Hierdie module is identies aan Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144, wat in die tweede semester deur die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap vir BCom-studente aangebied word.

20710 Toegepaste Wiskunde

144 (16) Modelling in Meganika (3L, 3T)

Ontwikkeling van die vaardige gebruik van vektor-, differensiaal- en integraalrekening in die modellering van dinamika van eenvoudige fisiese sisteme, insluitend analise van kragtevelde, beweging en modelleringsaannames.

Voorvereistemodule:

- *Wiskunde 114*

Neweveistemodule:

- *Wiskunde 144*

214 (16) Toegepaste Matriksmetodes (3L, 3T)

Lineêre stelsels. Ortogonaliteit: Toepassing op krommepassing. Eiewaardes en eievektore: Toepassing op stelsels van verskil- en differensiaalvergelykings. Singuliere waardes: Toepassing op beeldverwerking. Numeriese bewerkings met matrikse soos LU- en QR-ontbinding en die berekening van eiewaardes en eievektore. Matriksnorms. Sensitiwiteit van lineêre stelsels; kondisiegetalle. Die gebruik van MATLAB vir matriksbewerkings.

Voorvereistemodule:

- *Wiskunde 144*

244 (16) Toegepaste Differensiaalvergelykings (3L, 3T)

Modellering van 'n groot verskeidenheid toepassings met behulp van gewone differensiaalvergelykings. Lineêre, nie-lineêre, skeibare en homogene differensiaalvergelykings sowel as sisteme word gebruik. Analitiese sowel as numeriese metodes en Laplace-transforms word by die oplos van modelle gebruik. Klem word op die verskillende stappe van die klassieke modelleringsproses gelê.

Voorvereistemodule:

- *Wiskunde 114, 144*

314 (16) Toegepaste Diskrete Wiskunde (3L, 3T)

Toepassings van priemfaktorisasie, deelbaarheid, grootste gemene delers, die Euler-phi-funksie, modulêre rekenkunde, multiplikatiwe inverses, algebraïese groepe en elementêre kombinatorika in kriptologie (die beveiliging van inligting) en kodeerteorie (die integriteit van inligting). Inleidende grafiekteorie: planêriteit, kleurings, Hamilton- en Eulergrafieke.

Voorvereistemodule:

- *Toegepaste Wiskunde 214 of Wiskunde 214*

324 (16) Numeriese Metodes (3L, 3T)

Metodes vir die oplos van nie-lineêre vergelykings; analise van konvergensie. Interpolasie met polinome en latfunksies; foutanalise. Numeriese differensiasie en integrasie. Gevallestudies. Die gebruik van MATLAB of PYTHON vir numeriese berekenings.

Voorvereistemodule:

- *Wiskunde 114*

354 (16) Vloeimodellering (3L, 3T)

Modellering van die dinamika van kontinue sisteme; konvektiewe en diffusiewe oordrag aan die hand van die algemene transportteorema; spanningsdiade; energie- en warmte-oordrag, gedragvergelings vir vloeistowwe; aflei en oplos van die Navier-Stokes-vergelyking; ideale vloe; potensiaalvloe.

Voorvereistemodule:

- *Toegepaste Wiskunde 144*

364 (16) Toegepaste Fourier-analise (3L, 3T)

Fourier-reekse, Kontinue en Diskrete Fourier-transforms, Konvolusie, Laplace-transform, Sturm-Liouville-teorie, Ortogonale funksies. Toepassings in sein- en beeldverwerking, sowel as in die oplossing van gewone en partiële differensiaalvergelings. Numeriese Fourier-analise en die FFT.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 114, 144 of Ingenieurswiskunde 115, 145*

471 (40) Datawetenskap-navorsingswerkstuk

Die navorsingswerkstuk bied studente 'n omvattende leerervaring wat kennis uit vorige modules integreer. Die student integreer kennis en ervarings wat in vorige modules opgedoen is en pas dit toe op 'n dataryke navorsingsonderwerp. Studente kry die geleentheid om wat hulle voorheen geleer het te sintetiseer en daardie kennis op nuwe, komplekse probleme toe te pas. Studente neem aan die volledige proses vir die oplos van 'n praktiese datawetenskapprobleem deel, van data-insameling en -prosessering, tot die toepassing van gepaste en geskikte analitiese metodes op die probleem, en die duidelike en omvattende kommunikasie van bevindinge.

476 (16) Numeriese Metodes (3L)

Die module konsentreer op numeriese metodes vir matriksberekening. Ons ondersoek die effektiewe oplossing van vierkantige lineêre stelsels, kleinste kwadrateprobleme, en die eiewaardeprobleem. Ons bestudeer sowel direkte as iteratiewe metodes, met spesiale aandag aan yl matrikse en gestruktureerde matrikse. Slaggate soos numeriese onstabiliteit en sleg-geartheid word uitgewys. Modelleringsprobleme word bekom uit partiële differensiaalvergelings en beeldverwerking. Teorie, algoritmiese aspekte en toepassings word in gelyke mate beklemtoon.

482 (16) Grafiekteorie (3L)

Hierdie module dien as 'n algemene inleiding tot die veld van grafiekteorie deur studente bloot te stel aan 'n aantal belangrike probleme en subvelde van die dissipline, soos optimale paaie in netwerke, optimale spanbome, vlakheid, punt- en lynkleuring, Euleriese grafieke en Hamiltonisiteit, toernooie, oorheersing en onafhanklikheid, en Ramsey-teorie. Alhoewel hierdie module op die teoretiese aspekte van hierdie konsepte konsentreer, sluit die toepassings daarvan in optimaleroetebeplanning en produksieskedulering, beplanning van kommunikasienetwerkinfrastruktuur, die konstruksie van roosters, plasing van fasiliteite in netwerke, voertuigroetprobleme, en die probleem van die reisende verkoops persoon.

483 (16) Toegepaste Markov-prosesse (3L)

Hierdie module bied 'n inleiding tot Markov-prosesse met die klem op die toepassing daarvan vir die modellering van dinamiese stelsels wat deur geraas of mensgemaakte stelsels versteur word, waarin willekeurigheid of onsekerhede 'n belangrike rol speel. Die teorie handel oor Markov-kettings in diskrete en kontinue tyd, ewekansige loop, Brownse beweging, stogastiese differensiaalvergelings en stogastiese calculus. Toepassings sluit in bevolkingsdinamika, toue, partikelstelsels, diffusies, geraasversteurde dinamiese stelsels, stogastiese beheer en finansies. Die module bied ook tutoriale oor simulasiemetodes (in MATLAB of Python).

492 (16) Rekenaarvisie

Die eerste gedeelte van die module handel oor die basiese beginsels van beeldverwerking, kenmerkbespeuring en -passing, projektiwe meetkunde, perspektieftransformasies, robuuste modelberaming met RANSAC, spelgatkameramodel, en stereovisie vir diepteberaming. Die tweede gedeelte handel oor diep neurale netwerke, en veral konvolusionele neurale netwerke vir beeldklassifikasie, objekbespeuring en beeldsegmentering. Relevante masjienleerkonsepte, waaronder afrigting deur stogastiese gradiëntmetodes, word ook bekendgestel.

493 (16) Digitale Beeldverwerking

Basiese grysskaaltransformasies en beeldverbeteringstegnieke in die ruimtelike domein; Fourier-analise in twee dimensies en beeldverbeteringstegnieke in die Fourier-domein; beeldherstel; morfologiese filters; beeldkompressietegnieke; beeldsegmentering, -voorstelling, -beskrywing en -herkenning.

Toegepaste Wiskunde as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114(16), Toegepaste Wiskunde 144(16), 214(16), 244(16), 314(16), 324(16), 354(16) en 364(16).

20753 Toegepaste Wiskunde B

124 (15) Statika (4L, 2T)

Vektore; kragte; som van kragte by 'n punt; rigtingkosinusse en rigtingshoeke; komponente en komponentvektore; skalaarprodukte; vektorprodukte; moment van 'n krag; kragstelsels op starre liggame; ekwivalente kragstelsels; koppels; werklyn van die resultante; ewewig van starre liggame; wrywing; massamiddelpunte; sentroïedes; volumes; bepaalde integrasie; traagheidsmomente van areas.

154 (15) Dinamika (4L, 2T)

Kinematika in een en twee dimensies; relatiewe snelhede; die bewegingsvergelykings; reglynige beweging met konstante kragte; kragte in die plat vlak; paraboliese beweging; beweging in 'n sirkelbaan; arbeid-energiebeginsel; drywing; behoudswette; impuls en momentum; hoek-impulse en hoekmomentum; kinetika van partikelstelsels.

Newevereistemodule:

- *Ingenieurswiskunde 115*

Voorvereistemodule:

- *Toegepaste Wiskunde B 124*

224 (15) Dinamika van Starre Liggame (3L, 3T)

Vlakkinematika van starre liggame; rotasie en translasie; absolute beweging; relatiewe beweging; oombliklike rotasie-as. Eienskappe van starre liggame; bepaalde en meervoudige integrasie; Cartesiese, pool-, silindriese en sferiese koördinaatstelsels; areas, volumes, massamiddelpunte en traagheidsmomente. Vlakkinetika van starre liggame; Newton se wette; energiemetodes. Inleiding tot drie-dimensionele dinamika van starre liggame. Vibrasies van starre liggame.

Voorvereistemodule:

- *Toegepaste Wiskunde 144 of Toegepaste Wiskunde B 154*

242 (8) Vektoranalise (2L, 1.5T)

Die reguitlyn en die platvlak; ruimtekrommes, afgeleides en integrale van vektore, krommes, die eenheidstangente, booglengte; vlakke, partiële afgeleides van vektore, die gradiëntvektor, vektorvelde, vektordifferensiaaloperatore; lynintegrale, gradiëntvelde; oppervlakintegrale in die platvlak; Green se stelling, oppervlakintegrale in die ruimte, massamiddelpunte en traagheidsmomente; Stokes se stelling; volume-integrale, massamiddelpunte en traagheidsmomente; Gauss se divergensiestelling; massamiddelpunte en traagheidsmomente van 1-, 2- en 3-dimensionele liggame.

Newevereistemodule:

- *Toegepaste Wiskunde B 224*

Voorvereistemodule:

- *Ingenieurswiskunde 145*

252 (8) Toegepaste Wiskunde vir Siviele Ingenieurs (2L, 1T)

Wiskundige modellering; korrekte identifisering van probleme en spesifisering van aannames; formulering van gewone en partiële differensiaalvergelykings; analitiese oplossings; interpretasie van 'n oplossing aan die hand van die oorspronklike probleem.

36323 Numeriese Metodes

262 (8) Numeriese Metodes (2L, 1T)

Inleiding tot MATLAB; nulpunte van funksies, oplos van stelsels van vergelykings; numeriese differensiasie en integrasie; interpolasie en krommepassing; numeriese metodes vir die oplossing van gewone en partiële differensiaalvergelykings.

Voorvereistemodule:

- *Ingenieurswiskunde 214*

Afdeling: Rekenaarwetenskap

18139 Rekenaarwetenskap

113 (16) Rekenaarwetenskap vir Aktuariële Studies (3L, 3P)

Inleiding tot rekenaarprogrammering uit 'n finansiële perspektief. Basiese finansiële probleme word herfraseer in terme van analitiese probleemoplossing. Standaard imperatiewe programmeringskonstrukte, insluitend veranderliketipes, toekennings, keuseopdragte en lusse, en rekursiewe benaderings word gedek, soos benodig in finansiële programmering. Statiese datastrukture (in die besonder skikkings) en verklarende programmeringsmodelle soos sigblaai word ook gedek.

Newevereistemodules:

- *Aktuariële Wetenskap 112*
- *Wiskunde 114*

114 (16) Inleidende Rekenaarwetenskap (3L, 3P)

Inleiding tot basiese rekenaarprogrammering; formulering en oplossing van probleme met behulp van rekenaarprogrammering; datavoorstelling en veranderlike-tipes (insluitend karakterstringe, heelgetalle (integers), wisselpuntgetalle en Boolese veranderlikes); toekenningsopdragte; keuse-opdragte en iterasie; statiese datastrukture (skikkings en rekords); toevoer en afvoer (insluitend grafika en klank); modulêre programmering; rekursie; toetsing en ontfouting; inleiding tot objek-georiënteerde programmering (insluitend abstraksie, enkapsulasie en gebruik van bestaande objek-implementasies).

Newevereistemodule:

- *Wiskunde 114*

144 (16) Inleidende Rekenaarwetenskap (3L, 3P)

Verdere formulering en oplossing van probleme met behulp van rekenaarprogrammering; inleidende datastrukture en algoritmes in 'n objekgerigte opset; sleutelbegrippe in objek-oriëntasie: oorerwing en polimorfisme; ontwerpstrategie as abstraksies vir die skepping van herbruikbare objekgeoriënteerde ontwerpe; soek- en sorteer-algoritmes; kompleksiteitsteorie vir die analise van algoritmes; fundamentele metodes vir die ontwerp van algoritmes; dinamiese datastrukture; regulêre uitdrukkings en eindige outomate.

Voorvereistemodule:

- *Rekenaarwetenskap 113 of 114*

214 (16) Datastrukture en Algoritmes (3L, 3T)

Die klassieke datastrukture en algoritmes in 'n objekgerigte opset. Gevorderde tegnieke vir die analise van algoritmes.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Rekenaarwetenskap 144*

Voorvereistemodules:

- *Wiskunde 114*

244 (16) Rekenaarargitektuur (3L, 3P)

Basiese rekenaarargitektuur. Programmering in masjientaal en saamsteltaal.

Saamstellers, binders en laaiers. Basiese konsepte van bedryfstelsels; geheuebestuur, prosesbestuur en lêerstelsels.

Voorvereistemodule:

- *Rekenaarwetenskap 214*

313 (16) Rekenaarnetwerke (3L, 3P)

Inleiding tot netwerke in die algemeen en die internet in die besonder. Argitektuur en protokolle. Toewysing van hulpbronne en beheer van belading. Netwerksekuriteit. Toepassings.

Voorvereistemodules:

- *Rekenaarwetenskap 214, 244*

314 (16) Gelyklopendheid (3L, 3P)

Inleiding tot programmeringstegniese en beginsels van gelyklopende stelsels, van bedryfstelsels tot toepassingsprogramme. Dit sluit kommunikasie, sinkronisasie, skedulering en werksverdeling in. Verskeie parallelle en verspreide argitekture sal gedek word.

Voorvereistemodules:

- *Rekenaarwetenskap 214, 244*

Vir programme in Ingenieurswese:

Voorvereistemodules:

- *Rekenaarwetenskap E 214*
- *Rekenaarstelsels 245*

315 (16) Masjienleer (3L, 3T)

Dimensievermindering-tegniese; masjienleertegniese gebaseer op maksimum-aanneemlikheidsberamings, maksimum-posteriorberamings en verwagting-maksimeringberamings; modellering m.b.v. logistiese regressie, Gaussiese mengsels en verskuilde Markov-modelle.

Voorvereistemodules:

- *Rekenaarwetenskap 144 of Rekenaarwetenskap E214*
- *Wiskundige Statistiek 245, 246; of Stelsels en Seine 344*
- *Wiskunde 214 of Toegepaste Wiskunde 214 of Ingenieurswiskunde 214*

343 (16) Databasisse en Websentriese Programmering (3L, 3P)

Inleiding tot relasionele databasisse. Afbeelding van relasionele model op objekmodel. Implementering van 'n databasistoepassing in die konteks van die web. Webdienste.

Bediener-kant-skaling. Virtualisasie. Wolkberekening.

Voorvereistemodule:

- *Rekenaarwetenskap 214*

Vir programme in Ingenieurswese:

Voorvereistemodules:

- *Rekenaarwetenskap E 214*
- *Rekenaarstelsels 245*

344 (16) Programmatuurontwerp (3L, 3P)

Spesifikasies van programme as riglyne vir programontwerp. Herbruikbare raamwerke vir programontwerp. Toetsbaarheid van programontwerpe. Ontwikkeling van 'n stelsel van mediumgrootte om die praktiese toepassing van die beginsels van programontwerp te illustreer.

Voorvereistemodule:

- *Rekenaarwetenskap 214*

345 (16) Berekenbaarheid en Outomate (3L, 3T)

Inleiding tot outomateorie en formele tale, berekenbaarheid en kompleksiteit. Regulêre tale, konteks-vrye tale en grammatikas. Turingmasjiene. P vs NP-probleem en NP-volledigheid.

Voorvereistemodule:

- *Rekenaarwetenskap 214*

411 (16) Rekenaar-netwerke (3L, 1P)

Inleiding tot netwerke in die algemeen en die internet in die besonder. Argitektuur en protokolle. Toewysing van hulpbronne en beheer van belading. Netwerksekuriteit. Netwerkt toepassings. Navorsingstegniek vir netwerke.

Voorvereistemodule:

- *Rekenaarwetenskap 214, 244*

412 (16) Gevorderde Algoritmes

Hierdie module sluit aan by Rekenaarwetenskap 214 en behandel gevorderde onderwerpe in die ontwerp en analise van algoritmes en datastrukture. 'n Keuse uit die volgende onderwerpe word gedek: algoritme-ontwerptegniese, lineêre programmering, benaderingsalgoritmes, willekeurige algoritmes, probalistiese algoritmes, parallelle algoritmes, getal-teoretiese algoritmes, kriptografie, berekeningsmeetkunde, berekeningsbiologie, netwerkalgoritmes, en kompleksiteitsteorie.

441 (16) Masjienleer

Hierdie module is 'n inleiding tot uitgesoekte onderwerpe in masjienleer.

471 (40) Datawetenskap-navorsingswerkstuk

Die navorsingswerkstuk bied studente 'n omvattende leerervaring wat kennis uit vorige modules integreer. Die student integreer kennis en ervarings wat in vorige modules opgedoen is en pas dit toe op 'n dataryke navorsingsonderwerp. Studente kry die geleentheid om wat hulle voorheen geleer het te sintetiseer en op nuwe, komplekse probleme toe te pas. Studente neem aan die volledige proses vir die oplos van 'n praktiese datawetenskapprobleem deel, van data-insameling en -prosessering, tot die toepassing van gepaste en geskikte analitiese metodes op die probleem, en die duidelike en omvattende kommunikasie van bevindinge.

491 (16) Algoritmes in Ruimtewetenskap

Algoritmes en tegnieke in Ruimtewetenskap, met toepassings.

495 (16) Funksionele Programmering

Hierdie module bied 'n inleiding tot die funksionele programmeringsparadigma.

Rekenaarwetenskap as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Rekenaarwetenskap 113(16) of 114(16), 144(16), 214(16), 244(16), 343(16), 344(16), en twee van 313(16), 314(16) en 315(16).

12263 Wetenskaplike Berekening

272 (5) Wetenskaplike Berekening (2L)

Doseerlading: 35 lesings in totaal

Inleiding tot Linux: Linux-bevele; Linux-lêerstelsels; redigeerders; prosesbeheer; Inleiding tot programmering in Python: Veranderlikes, veranderlike-tipes, beheerstrukture, lusstrukture, funksies, lêers en gidse, stringe, moduletoetsing, basiese dataproessering.

Inleiding tot numeriese berekening m.b.v. Numpy; grafiektrekking en kurwepassing.

372 (5) Wetenskaplike Berekening (2L)

Doseerlading: 35 lesings in totaal

Wetenskaplikedokumentkonstruksie en -aanbiedings in LaTeX. Regulêre uitdrukkings. Belangrike algoritmes insluitende sortering, soek en ewekansigegetalgenerasie. Gevorderde berekening in Python met Numpy en Scipy; toepassings insluitende patroonsoek, prosessering van groot empiriese datastelle en konstruksie van pyplyne vir dataproessering. Ander wetenskaplike nutsprogramme in Linux.

Voorvereistemodule:

- *Wetenskaplike Berekening 272*

50040 Rekenaarvaardigheid

171 (4) Rekenaarvaardigheid (1L)

Doseerlading: 26 lesings in totaal, word aangebied as 2L per week, elke tweede week.

Inleiding tot algemene rekenaargebruik met die fokus om vaardighede te ontwikkel met programmatuur in woordverwerking; vaardighede in die gebruik van sigblaaie om berekeninge uit te voer en sinvolle grafieke te teken en vaardighede in die gebruik van aanbiedingsagteware.

176 (8) Rekenaarvaardigheid (1L, 4T)

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (Verlengde Graadprogramme). Rekenaarbenutting in rekenaargebruikersareas op kampus. Inleiding tot 'n bedryfstelsel, internet-, E-pos-, woordverwerking-, sigblad- en aanbiedingsagteware.

272 (5) Rekenaarvaardigheid (2L)

Doseerlading: 35 lesings in totaal

Die hoofdoelwit van hierdie module is om die student toe te rus met die nodige vaardighede om verskeie take wat as fundamenteel tot die wetenskaplike proses geïdentifiseer is suksesvol en doeltreffend uit te voer. Elke onderwerp word met behulp van 'n geskikte rekenarsagtewarepakket aangebied. Spesifieke aandag word aan die volgende onderwerpe gegee: verkryging van relevante literatuur, datavaslegging en -analise, skepping en tegniese instandhouding van elektroniese dokumente vir rapportering en aanbieding.

Voorvereistemodule:

- *Rekenaarvaardigheid 171*

372 (5) Rekenaarvaardigheid (2L)

Doseerlading: 35 lesings in totaal

Komponent 1

(22 lesings): Inleiding tot Rekenaarprogrammering met Visual Basic:

Programkode, Datatipes, Veranderlikes, Keusestrukture, Iterasie, Stringe, Skikkings, Lêers

Komponent 2

(13 lesings): Probleemoplossing met programmering. Toepassingsontwerp in Microsoft Office met Visual Basic Applications (VBA). Aanpassing/Verryking van Microsoft Office deur die skep van Makro's, Prosedures en Funksies.

Meer volledige besonderhede by <http://www.sun.ac.za/rv>

Voorvereistemodule:

- *Rekenaarvaardigheid 272*

59536 Rekenaarwetenskap E

214 (15) Objekgerigte Programmering (3L, 3P)

Formulering en oplossing van probleme met behulp van rekenaarprogrammering in 'n objekgerigte opset; beginsels van toetsing en ontfouting; sleutelbegrippe in objek-oriëntasie: abstraksie, enkapsulasie, oorerwing en polimorfisme; ontwerpstrategieë as abstraksies vir die skepping van herbruikbare objekgerigte ontwerpe; soek- en sorteeralgoritmes; kompleksiteits-teorie vir die analise van algoritmes; fundamentele metodes vir die ontwerp van algoritmes; dinamiese datastrukture.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Rekenaarprogrammering 143*

Voorvereistemodule:

- *Ingenieurswiskunde 115, 145*

414 (15) Masjienleer (3L, 3T)

Hierdie module is identies aan Masjienleer A 742.

Prominente masjienleerkonsepte en -take. Uitgesoekte kenmerk-onttrekking- of dimensieverminderingstechnieke. Inleiding tot probabilistiese modellering en verskuildeveranderlike-modelle. Fundamentele benaderings tot parameterberaming.

Voorvereistemodule:

- *Rekenaarwetenskap 144 of Rekenaarwetenskap E 214*
- *Wiskundige Statistiek 245 en 246 of Stelsels en Seine 344*
- *Wiskunde 214 of Toegepaste Wiskunde 214 of Ingenieurswiskunde 214*

Fakulteit AgriWetenskappe

Departement Bewaringsekologie en Entomologie

55638 Bewaringsekologie

314 (16) Bioökolgie (3L, 3P)

Inleiding tot biome en ekosisteedienste; sleuteldrywers; sosiaal-ekologiese sisteme van dinamiese en bioomvlak-bestuursaanleentehede; ekologie van tropiese en afrotantane woude, houtlande, savannas, boomvrye plantegroei-tipes; vlei-lande; diere-diversiteit/ habitat-interaksies; patrone in endemisme; biologiese indringing en die bestuur daarvan.

Departement Genetika

11061 Biometrie

212 (8) Inleidende Biometrie (2L, 1T of 1P)

Rol van statistiek in navorsing; metodes van tabellering en grafiese voorstelling van data; beskrywende maatstawwe van lokaliteit, variasie en assosiasie; die elementêre beginsels van beraming, steekproefnemingsmetodes, ewekansigmaking, onsydigheid en steekproefverdelings; eenvoudige- en meervoudige lineêre regressie; inleiding tot hipotesetoetsing; gebeurlikheidstabelle en chi-kwadraattoetse; toetse vir normaliteit. Alle data sal met behulp van toepaslike sagteware ontleed word.

Voorvereistemodule:

- *Wiskunde (Bio) 124 of Wiskunde 114*

242 (8) Toepassings in Biometrie (2L, 1T of 1P)

Behandelings- en proefontwerp; doeltreffendheid van beraming; analise van variansie; F-toets vir homogeniteit van variansie, een- en tweesteekproeftoetse vir gemiddeldes, meervoudige vergelykingsprosedures; vertrouensintervalle, nie-parametriese toetse. Alle data sal met behulp van toepaslike sagteware ontleed word.

Voorvereistemodule:

- *Biometrie 212*

3285 Genetika

214 (16) Inleidende Genetika (3L, 3P)

Die fundamentele konsepte onderliggend tot die oorerwing van biologiese eienskappe word bestudeer aan die hand van die genotipe-fenotipe-paradigma en die molekulêre basis van genetiese diversiteit. Sellulêre meganismes en komponente, insluitend die selsiklus; mitose en meiose; chromosome en gene word met die beginsels van oorerwing in verband gebring; Mendeliese genetika en uitbreidings; koppeling en rekombinase; en chromosomale afwykings.

Die implikasie van sulke prosesse word verder bespreek op die organisme- en populasievlak van biologie met 'n inleiding tot populasie- en kwantitatiewe genetika; populasiediversiteit; genotipe- en alleel-frekwensies; die Hardy-Weinbergwet en afwykings; en komplekse en multifaktoriële eienskappe.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Biologie 124*

Voorvereistemodules:

- *Wiskunde (Bio) 124 of Wiskunde 114 of 144*
- *Veekunde 144 of Biologie 144 of 154 of Gewasbeskerming 152 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114*

215 (16) Inleidende Mikrobiële Biotegnologie (3L, 3P)

Biotegnologie is 'n toegepaste wetenskap, daarop gemik om biologiese sisteme en organismes te benut. Biotegnoloë gebruik dus hul kennis van biologiese sisteme om produkte te vervaardig of om dienste te lewer. Hierdie module lei die student in tot mikrobiële biotegnologie deur op die belangrikste aspekte van eerste- en tweedegenerasie- mikrobiële biotegnologie te fokus. Temas wat behandel sal word sluit in bioprospektering, fermentasie en bioreaktore, mikrobiële metabolisme weë vir respirasie en fermentasie, produksie van bakkersgis en enkelselproteïene, die bier- en wynmaakprosesse, produksie van bio-etanol en die verskaffing van belangrike farmaseutiese middels en ensieme.

Verantwoordelike departemente: Biochemie, Genetika, Mikrobiologie, Plantpatologie en die Suid Afrikaanse Wingerd- en Wynnavorsingsinstituut (SAW/WNI) aan die Universiteit Stellenbosch.

244 (16) Inleidende Molekulêre Biologie (3L, 3P)

Die biologie van die molekule van die lewe. Die struktuur van dubbelstring-DNS; die prosesse van replisering en rekombinasie van DNS; die ontsyfering en aard van die genetiese kode; die prosesse van transkripsie en translasie; proteïenstruktuur en funksie; die regulering van geenuitdrukking in pro- en eukariote; DNS-mutasies; DNS-herstel en transponeerbare elemente; die konstruksie en analise van DNS-klone; die toepassings en etiek van rekombinante DNS-tegnologie; inleiding tot bioinformatika.

Voorvereistemodule:

- *Genetika 214*

245 (16) Inleidende Plant- en Dier-biotegnologie (3L, 3P)

Hierdie module volg op die Genetika 215-module en stel studente bekend aan eerste- en tweedegenerasie-biotegnologie in eukariotiese sisteme, insluitende plante, diere en die mens. Eerstegenerasie-biotegnologie behels die gebruik van organismes/biologiese sisteme soos hulle is, bv. ekstrahering van farmaseutiese produkte uit plante. Daarenteen verskuif die fokus in tweedegenerasie-biotegnologie na die gebruik van meer gespesialiseerde tegnieke soos bv. in vitro propagering, mutagenese en teling. Temas wat behandel sal word, sluit in akwakultuur, akwatiese bioremediering, akwatiese bioprosessering, embriogenese, ondersteunde reproduksie en embrio manipulasie, sel- en weefselkulture vir sowel plant- as diersisteme, mikropropagering, en die identifisering, karakterisering en produksie van waardevolle natuurlike produkte en farmaseutika in plante.

Aangebied deur die Departemente Genetika, Plantpatologie, en die Suid Afrikaanse Wingerd- en Wynnavorsingsinstituut (SAWWNI) aan die Universiteit Stellenbosch.

314 (16) Genome en Genoomanalises (3L, 3P)

Die module fokus op die organisasie, struktuur en funksionaliteit van genome en dek die volgende aspekte: Genoomstruktuur, genoomorganisasie, genoomfunksie en metodes vir die bestudering van genome. Chromosoomstruktuur en -organisasie word ook behandel. Ander komplementêre temas sluit in: Inleidende Bioinformatika vir die bestudering van genome; chloroplast en mitochondriale genome; genoommodelle; genetica van ontwikkeling.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Genetika 244*

315 (16) Gevorderde Biotegnologie (3L, 3P)

Hierdie module fokus op aktuele en hedendaagse aspekte van mikrobiële, plant- en dierbiotegnologie. Dit dek gevorderde rekombinante-DNS-metodologieë en hoe dit in genetiese ingrypings wat uiteindelik die welstand van die mens verbeter aangewend kan word. Sommige van die temas wat tydens die module behandel word, is: (i) metagenomiese biblioteke en die gebruik daarvan, (ii) die skepping van plantgebaseerde GMO's en die toepassing daarvan, en (iii) die skepping van diergebaseerde GMO's en hul toepassings.

Voorvereistemodule:

- *Genetika 245*

324 (16) Molekulêre Populasiegenetika (3L, 3P)

Die genetiese struktuur en dinamika van populasies word ondersoek, veral met die gebruik van molekulêre merkers; insluitend frekwensie van allele en genotipes, heterosigositeit en koppelingsonewewigtigheid; vryparing en die Hardy-Weinberg-beginsel. Faktore wat genetiese variasie bepaal: mutasie, migrasie, seleksie en populasiegrootte; onderverdeelde en genetiese verwantskappe tussen populasies word ook bespreek. Klem word gelê op toepassings in molekulêre populasiegenetika; filogenetika en populasiegenomika.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Genetika 214*

Newe vereistemodule:

- *Genetika 244*

344 (16) Gevorderde Onderwerpe in Molekulêre Genetika (3L, 3P)

Verskeie gevorderde onderwerpe word in die module aangespreek en kan die volgende insluit: diagnostiese toepassings in mensgenetika; DNS-vingerafdrukke en forensiese wetenskap; toepassings uit genoomprojekte; persoonlike medisyne en farmakogenetika; neurogenetika; epigenomika; genetiese modifisering; geenterapie; genoomredigering; sintetiese biologie; virusse en die ontginning van hulle genome.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Genetika 244*

345 (16) Ekonomiese en Wetsaspekte van Biotegnologie (3L, 3P)

Hierdie module is spesifiek daarop gemik om die biotegnologiestudent bekend te stel aan die nie-biologiese (nie-natuurwetenskaplike) aspekte van biotegnologie. Studente sal onder andere te doen kry met konsepte soos die generering en ontwikkeling van kreatiewe idees, entrepreneurskap, marknavorsing, lewensvatbaarheidstudies, die daarstelling van 'n sakeplan, finansiering, winsgewendheid, die Suid-Afrikaanse regstelsel, intellektuele-eiendomsreg, patente, plantetelersregte, handelsmerke en outeursregte, lisensie-ooreenkomste, regulatoriese beheermaatreëls en voorvereistes t.o.v. navorsingspraktyke en GMO's, goeie laboratoriumpraktyk, kwaliteitstelsels en projekbestuur in 'n navorsingsomgewing.

354 (16) Kwantitatiewe Genetika (3L, 3P)

Kwantitatiewe kenmerke en kontinue variasie; komponente van fenotipiese en genetiese variasie; ooreenkoms tussen verwantes; beraming van oorerflikheid en teelwaarde; seleksiemetodes en genetiese verbetering; gekorreleerde kenmerke; seleksie vir meer as een kenmerk; beginsels van merker-bemiddelde seleksie; kartering en karakterisering van kwantitatiewe kenmerk-lokusse.

Voorvereistemodules:

- *Genetika 324*
- *Biometrie 212 en 242 of*
- *Sielkunde 243 en 253 of*
- *Wiskundige Statistiek 214 of*
- *Biodiversiteit en Ekologie 212*

Departement Grondkunde

14176 Grondkunde

214 (16) Inleiding tot Grondkunde (3L, 3P)

Grond as 'n driedimensionele eenheid. Grondvormingsfaktore: Klimaat, moedermateriaal, reliëf, organismes en tyd. Verweringsprosesse en -produkte. Fisiese grondeienskappe: Tekstuur, struktuur, kleur, lug-, water- en temperatuurverhoudings. Chemiese grondeienskappe: Grondkolloïede, kleiminerale, kationadsorpsie en -uitruiling, grondreaksie. Vorming en eienskappe van grond-organiese materiaal. Elementêre interpretasie en evaluering van fisiese, chemiese en morfologiese grondkenmerke vir hulpbrongebruik.

Voorvereistemodule:

- *Chemie 144*

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Departement Ekonomie

12084 Ekonomie

114 (12) Ekonomie (3L, 1T)

Probleme wat ekonome ondersoek: ongelykheid, armoede, ekonomiese groei, volhoubaarheid, skaarste, keuse.

Ekonomiese besluitneming: insentiewe (aansporings), relatiewe pryse, ekonomiese gewin (*economic rent*), arbeid, produksie, en geleentheidskoste. Ekonomiese verhoudings en interaksies: spelteorie, billikheid, doeltreffendheid. Markte: vraag en aanbod, prysnemings- en mededingende markte, elasticiteit, die arbeidsmark. Markdinamika: gewinsoeking (*rent-seeking*), markmislukking, eksternaliteite en owerheidsbeleid.

144 (12) Ekonomie (3L, 1T)

Die module stel studente bekend aan ekonomiese toepassing en beleid, met 'n sterk fokus op Suid-Afrika deur hedendaagse ekonomiese kwessies te ondersoek: inflasie, werkloosheid, ekonomiese groei, eksterne stabiliteit en 'n regverdige verdeling van inkomste.

Die totale ekonomie in die kort- en langtermyn: die meet van die totale ekonomie, die vermenigvuldigermodel, werkloosheid en fiskale beleid, inflasie en monetêre beleid, die geldmark en die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB), tegnologiese verandering en inkomste-ongelykheid.

Globalisering: internasionale handel, migrasie en investering.

Neuwevereistemodule:

- *Ekonomie 114*

214 (16) Ekonomie (3L, 1T)

Makro-ekonomie: besigheidsiklusmeting, verbruiker- en ondernemingsgedrag, geslote een-periode- makro-ekonomiese modelle, verbruiks- en besparingsbesluite in 'n twee-periode-model.

Mikro-ekonomie: goedere en faktormarkte, vraagteorie, produksie- en kosteteorie, markstrukture en die teorie van die onderneming, welvaartsteorie.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Ekonomie 114, 144*

244 (16) Ekonomie (3L, 1T)

Suid-Afrikaanse monetêre beleid. Internasionale handel en finansies: Die teorie van internasionale handel, beperkings op vryhandel, die Wêreldhandelsorganisasie en regionale ekonomiese integrasie, die betalingsbalans, internasionale finansiële markte, aanpassingsmeganismes, beleidsopsies, wisselkoersbepaling, die internasionale monetêre stelsel en Suid-Afrikaanse wisselkoersbeleid.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Ekonomie 114, 144*

Newevereistemodule:

- *Ekonomie 214*

318 (24) Ekonomie (4L, 1T)

Inleidende ekonometrie: Statistiese konsepte, die klassieke lineêre regressiemodel, multikollineariteit, outokorrelasie, heteroskedastisiteit, skynveranderlikes, beraming van regressievergelykings.

Makro-ekonomie: Wiskundige tegnieke, ekonomiese groei, konjunktuuersiklus, monetêre en fiskale beleid.

Inleiding tot spelteorie: Wiskundige tegnieke, verskillende speltipes, ewewigskonsepte.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Ekonomie 214*

Voorvereistemodule:

- *Ekonomie 244*

348 (24) Ekonomie (4L, 1T)

Hierdie module is gerig op ekonomiese beleidvoering in 'n ontwikkelende land. Dit dek ekonomiese beleidskriteria, struktuurkenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomie, ekonomiese denke en stelsels, en groei en ontwikkelingsbeleid, waaronder aspekte soos vraag- en aanbodelemente van ekonomiese groei, sektorale en ruimtelike ontwikkeling, inkomsteverdeling en sosiale besteding, mededingingsbeleid, ekonomie van die omgewing, arbeidsbeleid, onderwys en menslike kapitaalvorming en makro-ekonomiese beleidvoering.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Ekonomie 214*

Voorvereistemodule:

- *Ekonomie 244*

Newevereistemodule:

- *Ekonomie 318*

Departement Logistiek

55336 Operasionele Navorsing

214 (16) Netwerk Optimering (3L, 3P)

Inleiding tot netwerk modellering. Heuristieke vs. eksakte metodes, samehangendheid van gerigte en ongerigte netwerke, kortste paaie (algoritmes van Dijkstra en Floyd), langste paaie (projekskedulering), kortste spanbome (algoritmes van Kruskal en Prim), liggingsprobleme (veralgemeende senters en mediane), maksimale vloei-probleme. Toepassings m.b.v. toepaslike sagteware.

Voorvereistemodules:

- *Wiskunde 114, 144*

244 (16) Lineêre Programmering (3L, 3P)

Modellering met lineêre programmering (LP). Geometrie van LP, eienskappe van oplossings, fundamentele stelling van LP, simpleksalgoritme, groot M- en twee-fase-metode, sensitiviteitsanalise, dualiteit en aanvullende speling, matriksspele. Nulsompele. Spesiale gevalle van die simpleksalgoritme (vervoer, deurvoer, toewysing en minimale kostevloei). Toepassings m.b.v. toepaslike sagteware.

Voorvereistemodule:

- *Wiskunde 114*

Slaagvoorvereistemodule:

- *Wiskunde 144*

314 (16) Kombinatoriese Optimering (3L, 3P)

Binêre en heeltallige programmering (vertak- en begrens metodes, snitvlakmetodes), heuristieke (*n-Opt* prosedures). Toepassings in toewysingsprobleme, kleuringsprobleme, oordekkingsprobleme en dominasieprobleme, Hamilton grafieke (die handelsreisigersprobleem). Knapsakprobleme. Deterministiese dinamiese programmering. Toepassings m.b.v. toepaslike sagteware.

Voorvereistemodules:

- *Operasionele Navorsing 244*

352 (16) Besluitnemingsmodellering (3L, 3P)

Besluitneming: Besluitnemingsanalise-siklus, probleemstrukturering, besluitnemingskriteria, beslissingsbome, invloeddiagramme, multikriterium-besluitnemingsanalise, nutsteorie, meerdoelige nutsteorie, analitiese netwerkproses, fuzzy modellering en -optimering besluitnemingsprogrammatuur, besluitnemingssteunstelsels.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 114, 144*

344 (16) Optimering (3L, 3P)

Inleiding tot optimering en funksies in R_n , onbepaalde optimering (soekmetodes en gradiëntmetodes), beperkte optimering (Lagrange-vermenigvuldigers, kwadratiese programmering, skeibare optimering). Doelwitprogrammering. Toepassings m.b.v. toepaslike sagteware.

Voorvereistemodule:

- *Operasionele Navorsing 244*

322 (16) Stogastiese Metodes van Operasionele Navorsing (3L, 3P)

Toustaanteorie (modellering van aankoms- en diensprosesse, geboorte-sterfte prosesse, enkel- en meerbedienertoue, eindige populasie, konstante dienstye, oop tounetwerke, prioriteite, chi-kwadraattoets), Markov-analise, simulاسie (kansgetalle, kontinue kansveranderlikes, Monte Carlo-simulasie, diskrete kansgebeurtenis simulاسie, analise van afvoer). Stogastiese dinamiese programmering. Toepassings m.b.v. toepaslike sagteware.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144*

Departement Ondernemingsbestuur**48550 Ondernemingsbestuur****113 (12) Ondernemingsbestuur (3L, 1P)**

Prosedures vir die totstandkoming van 'n nuwe onderneming, die ondernemingsomgewing, sake-etiek, mededinging, idee-generering en entrepreneurskap, keuse van ondernemingsvorm, bepaling van gelykbreekpunt, hulpbronne en mense betrokke by die onderneming, bestuur en bestuurshulpmiddele.

Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

Aktuariële Wetenskap

Let wel:

Vaardigheid in Engels is 'n akademiese vereiste vir alle Aktuariële Wetenskap-modules.

43214 Aktuariële Wetenskap

112 (8) Renterekening (2L, 1T)

Enkelvoudige en saamgestelde rente; rente-intensiteit; slotbedrag, teenswoordige waarde en diskonto; akkumulering en verdiskontering van geldbedrae; verskillende tipes annuïteite en toepassings.

Opmerkings

- Hierdie module is meer intensief as Renterekening 152.
- Vir toelating tot die module, moet studente graad 12-Wiskunde geslaag het met 'n punt van ten minste 70% (simbool 6 of Hoërgraad B).
- Studente word verplig om ten minste 80% van alle toegewysde klaswerk/tutoriale te voltooi. In die geval waar hierdie vereiste nie nagekom word nie, sal die student die module sak.

211 (18) Finansiële Wiskunde (4L)

Basiese begrippe van finansiële wetenskap, saamgestelde rentefunksies, verdiskonteerde kontantvloei, waardebeplanning van lenings en ander sekuriteite, annuïteite, asook die gebruik van MS Excel om berekeninge uit te voer.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Aktuariële Wetenskap 112*
- *Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 met 'n finale punt van minstens 65%*
- *Wiskunde 114, 144 met 'n gemiddelde finale punt van minstens 60%*

Nuwevereistemodules:

- *Wiskunde 214*
- *Wiskundige Statistiek 214*

54690 Finansiële Risikobestuur

212 (8) Institusionele Beleggingsbestuur (3L, 2P)

Evaluering van die beleggingseienskappe van en bestudering van wiskundige metodologie onderliggend aan die volgende finansiële bateklasse: staatseffekte, korporatiewe skuld, aandele, eiendomme, indeks-gekoppelde staatseffekte, buitelandse beleggings. Suid-Afrikaanse beleggingsmark. Laste en risikoprofiel van die volgende institusionele beleggers: banke, lewensversekeraars, pensioenfondse, korttermyn-versekeraars, mediese fondse, effeketrusts, beleggingstrusts.

Korporatiewe finansiering: Finansiële instrumente om finansiering te genereer en finansiële risiko te bestuur.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 114, 144*
- *Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144*
- *Renterekening 152 of Aktuariële Wetenskap 112*

Nuwevereistemodules:

- *Finansiële Risikobestuur 252 en Aktuariële Wetenskap 211, of Aktuariële Wetenskap 274*
- *Wiskundige Statistiek 214, 245, 246*

242 (8) Afgeleide Instrumente (2L, 1P)

Inleiding tot afgeleide instrumente met klem op wiskundige onderbou, meganika van termynkontrak- en opsie-markte, prysing van vooruit- en termynkontrakte, verskansingstrategieë met afgeleide instrumente, rentekoersmarkte, "swaps", eienskappe van aandele-opsies, verhandelstrategieë met opsies.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Wiskunde 114, 144*
- *Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144*
- *Renterekening 152 of Aktuariële Wetenskap 112*

Voorvereistemodule:

- *Finansiële Risikobestuur 212*

Newevereistemodules:

- *Finansiële Risikobestuur 252 en Aktuariële Wetenskap 211, of Aktuariële Wetenskap 274*
- *Wiskundige Statistiek 214, 245, 246*

252 (6) Finansiële Wiskundige Statistiek (3L)

Analise van finansiële opbrengste, hoofkomponente, risikofaktorsensitiwiteit en kontantvloei-afbeelding.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Aktuariële Wetenskap 112*
- *Wiskunde 114, 144*
- *Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144*

Newevereistemodules:

- *Aktuariële Wetenskap 211*
- *Wiskunde 214, 244*
- *Wiskundige Statistiek 214, 245, 246*
- *Finansiële Risikobestuur 212, 242*

56820 Waarskynlikheidsleer en Statistiek

144 (16) Waarskynlikheidsleer en Statistiek (3L, 3T)

Kombinatoriese analise; basiese telbeginsels; permutasies en kombinasies. Stogastiese verskynsels; steekproefruimtes en gebeurtenisse; waarskynlikheidsaksiomas; die waarskynlikheid van 'n gebeurtenis; gelykkansige seleksie; waarskynlikheidsreëls; voorwaardelike waarskynlikheid; Bayes se reël; stogastiese onafhanklikheid. Diskrete en kontinue stogastiese veranderlikes; verwagte waarde en variansie van stogastiese veranderlike; belangrike diskrete verdelings: binomiaal, Poisson, geometries, hipergeometries, negatiefbinomiaal; belangrike kontinue verdelings: uniform, normaal.

14026 Datawetenskap

141 (16) Datawetenskap (4L, 2P)

Fundamentele datawetenskapkonsepte; data-analitiese denke; tipes data; die datasiklus; CRISP-dataontginingsproses; numeriese beskrywing van 'n datastel; grafiese beskrywing van 'n datastel; organisasie van data; dataformate; datamanipulasie in die R-sagteware; inleiding tot voorspellende modellering; oorpasing; data-lekkasie; modevaluering; ander datawetenskaptake en -tegnieke; data-etiek; kommunikasie van resultate.

241 (16) Datawetenskap (4L, 2P)

Inleiding tot Linux; Linux-instruksies en -sisteme; programmeringstrukture; databronne; dataversameling; optimering; hersteekproefneming en die skoelus; naïewe Bayes-klassifikasie; toepassing van lineêre modelle; data-etiek.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Datawetenskap 141*

314 (16) Datawetenskap (4L, 2P)

Ondersoekende data-analise; hantering van Groot Data; teksontginning en natuurliketaal-prosessering; modevaluering; data-etiek; kommunikasie van resultate; gevorderde R-programmering. Datawetenskapprojek.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Datawetenskap 241*
- *Wiskundige Statistiek 245, 246*

344 (16) Datawetenskap (4L, 2P)

Gereguleerde regressie met behulp van rifregressie en die lasso; klassifikasie deur gebruik te maak van diskriminant-analise, logistiese regressie, kwadrasiese diskriminant-analise en k-naaste bure; hersteekproefnemings tegnieke soos kruisvalidasie en die skoelrus; lineêre modelseleksie en dimensie-reduksie-tegnieke; hantering van nie-linariteit met regressielatte, gladstrykingslatte, lokale regressie, algemene additiewe modelle, skoelrusaamvoeging, ewekansige woude en versterking; nie-lineêre klassifikasie en regressie met behulp van ondersteuningspunt-algoritmes.

Slaagvoorvereistmodules:

- Datawetenskap 314
- Wiskundige Statistiek 312

471 (40) Datawetenskap-navorsingswerkstuk

Die navorsingswerkstuk bied studente 'n omvattende leerervaring wat kennis uit vorige modules integreer. Die student integreer kennis en ervarings wat in vorige modules opgedoen is en pas dit toe op 'n dataryke navorsingsonderwerp. Studente kry die geleentheid om wat hulle voorheen geleer het te sintetiseer en op nuwe, komplekse omstandighede toe te pas. Studente neem aan die volledige proses vir die oplos van 'n werklike datawetenskapprobleem deel, van data-insameling en -prossessering, tot die toepassing van gepaste en geskikte analitiese metodes op die probleem, en duidelik en omvattende kommunikasie van bevindinge.

22853 Wiskundige Statistiek

Wiskundige Statistiek

Studente wat programme in Wiskundige Statistiek wil volg, moet in hulle eerste studiejaar Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 sowel as Wiskunde 114, 144 volg en slaag. Dit verleen toelating tot Wiskundige Statistiek 214. Let daarop dat die Departement Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Toegepaste Wiskunde, in die eerste semester die module Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 vir BSc-studente aanbied, en dat die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap in die tweede semester dieselfde module as Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 vir BCom-studente aanbied. Vir Wiskundige Statistiek as hoofvak vir 'n BSc-graad word die modules Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144, Wiskundige Statistiek 214(16), 244(16)/245(8) en 246(8), 318(32)/312(16) en 316(16), 344(16) en 364(16) vereis.

214 (16) Verdelingsleer en Inleiding tot Statistiese Inferensie (4L, 2P)

Kontinue stogastiese veranderlikes; verwagte waarde en variansie van 'n kontinue stogastiese veranderlike; belangrike kontinue verdelings; uniforme, normaal, eksponensiaal, gamma, beta. Momente en momentvoortbringende funksies vir diskrete en kontinue verdelings. Tweeveranderlike waarskynlikheidsverdelings; rand- en voorwaardelike verdelings; die multinomiaal- en die tweeveranderlike normaalverdeling; bepaling van die verdeling van funksies van veranderlikes. Die sentrale limietstelling (sonder bewys). Steekproewe en steekproefverdelings: die standaard parametrisiese gevalle. Intervalberaming en hipotesetoetsing: toepassing van hierdie beginsels in die standaardgevalle van parametrisiese inferensie. Datavoortelling en -beskrywing, berekening en interpretasie van steekproefparameters.

Slaagvoorvereistmodules:

- *Wiskunde 114, 144, met 'n gemiddelde finale punt van minstens 60%*
- *Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144*

245 (8) Statistiese Inferensie (2L, 1P)

Inleiding tot statistiese inferensie. Beginsels van puntberaming: die Cramer-Rao stelling en toepassing daarvan, doeltreffendheid, minimum variansie onsydige beramers, konsekwentheid. Metode-van-momente beramers. Maksimum aanneemlikheidsberamers. Intervalberaming en hipotesetoetsing: toepassing van hierdie beginsels in die standaardgevalle van parametrisiese inferensie. Die Neyman-Pearson lemma: bewys en toepassings. Anneemlikheidsverhoudingtoetse. Parametrisiese beramingsteorie en hipotesetoetsing. Bayes- inferensiële statistiek.

Slaagvoorvereistmodule:

- *Wiskundige Statistiek 214*

246 (8) Lineêre Modelle in Statistiek (2L, 1P)

Gevorderde matriksalgebra. Stogastiese vektore en matrikse. Die meerveranderlike normaalverdeling. Maksimum aanneemlikheidsberamers in die meerveranderlike normaalverdeling. Verdelings van kwadratiese vorms. Die enkelvoudige lineêre regressiemodel. Die metode van kleinste kwadrate. Inferensie in die eenvoudige lineêre regressiemodel. Inleiding tot R sagteware.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Wiskundige Statistiek 214*

312 (16) Statistiese Inferensie en Waarskynlikheidsleer (3L, 1P)

Gevorderde verdelingsleer, rye stogastiese veranderlikes, limietteorie vir rye, voortbringende funksies, steekproefverdelings en -benaderings. Genoegsaamheid. Verskillende benaderings tot inferensie. Pasgehalte metodes. Bayes-inferensie: Beslissingsteorie en Bayes-risiko deur verliesfunksies, Bayes-vermoedingsnetwerke en Bayes-klassifikasie. Markov-ketting Monte Carlo simulasietegnieke: Gibbs-steekproefneming en Metropolis-Hasting-algoritmes.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Wiskundige Statistiek 245*

Voorvereistemodules:

- *Wiskundige Statistiek 246 met 'n finale punt van minstens 40%*
- *Wiskunde 214*

316 (16) Regressie en Voorspellende Modulering (3L, 1P)

Passing van regressiemodelle met behulp van matrikse. Die meervoudige lineêre regressiemodel. Inferensie in die meervoudige lineêre regressiemodel. Residu ontleding. Veranderlike seleksietegnieke. Rifregressie. Lasso-regressie. Lineêre klassifikasietegnieke. Die gebruik van R-sagteware om modelle in die praktyk toe te pas.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Wiskundige Statistiek 246*

Voorvereistemodules:

- *Wiskundige Statistiek 245 met 'n finale punt van minstens 40%*
- *Wiskunde 214, 244*

344 (16) Stogastiese Prosesse en Statistiese Leerteorie (3L, 1P)

Inleiding tot stogastiese prosesse. Markov-prosesse en hul toepassings. Inleiding tot martingaalteorie en -toepassings. Inleiding tot statistieseleerteorie.

Voorvereistemodules:

- *Wiskundige Statistiek 312, 316*

364 (16) Tydreekse (3L, 1P)

Stasionariteit, filters vir tydreekse, outoregressiewe bewegende gemiddelde, outoregressiewe bewegende gemiddelde en outoregressiewe geïntegreerde bewegende gemiddelde tydreekse, skuifoperatore vir tydreekse, modelidentifisering en beraming en diagnostiese toetsing van tydreekse, meerveranderlike tydreekse, nie-stasionariteit en nie-lineariteit van tydreekse. Toepassing van tydreekse, veral in ekonometrie en beleggings.

Voorvereistemodules:

- *Wiskundige Statistiek 312, 316*

14223 Statistiek en Datawetenskap

188 (18) Statistiek en Datawetenskap (3L, 2P)

Lineêre programmering: Grafiese tegnieke om probleme met twee veranderlikes op te los; Skadupryse; Sensitiwiteitsanalise. (Slegs van toepassing op BRek-studente)

Datawetenskap: Basiese konsepte; die datasiklus; Etiese aspekte van data.

Beskrywende statistiek: Verskillende datatipes; Grafiese voorstelling van data; Beskrywende maatstawwe van lokaliteit, spreiding en verwantskap; Houer-en-puntdiagramme.

Steekproefnemingstegnieke: Eenvoudig ewekansig; gestratifiseerd; Sistematies; Tros; Waarskynlikheid eweredig aan grootte.

Waarskynlikheidsleer: Basiese waarskynlikheidskonsepte; Bayes se stelling; Telreëls.

Diskrete stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings: Verwagte waarde, variansie en standaardafwyking van 'n diskrete stogastiese veranderlike; Kovariansie tussen diskrete stogastiese

veranderlikes; Die binomiaal, hipergeometriese en Poisson verdelings.

Kontinue stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings; Verwagte waarde, variansie en standaard-afwyking van 'n kontinue stogastiese veranderlike; Die uniform, normaal en eksponensiaal verdelings.

Steekproefverdelings: Die sentrale limietstelling; Steekproefverdelings van die gemiddelde en 'n proporsie; Steekproefverdeling van die verskil tussen twee gemiddeldes en twee proporsies.

Inferensiële Statistiek: Intervalberaming en hipotesetoetsing van die gemiddelde, 'n proporsie, die variansie en die standaardafwyking; Intervalberaming en hipotesetoetsing van die verskil tussen twee gemiddeldes, twee proporsies en die verhouding van twee variansies.

Regressieanalise: Die eenvoudigste en meervoudige lineêre regressiemodel; Die metode van kleinste-kwadratberaming; Inferensie omtrent die modelparameters en die korrelasiekoëffisiënt; Residu-analise.

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Departement Biomediese Wetenskappe, Afdeling Anatomie en Histologie

12558 Anatomie

214 (16) Basiese Anatomie van die Menslike Liggaam (3L, 3P)

Disseksiegebaseerde studie van die menslike liggaam deur 'n omvattende studie van die skelet in 'n normale individu, asook van ouderdomsverwante veranderings wat voorkom vanaf geboorte tot 'n ouderdom van 70+ jaar. 'n Gedetailleerde studie van fisiese antropologie en die relevansie daarvan in die forensiese en ander verwante wetenskappe. Disseksiegebaseerde studie van die spierstelsel insluitend ontwikkelings- en/of kongenitale afwykings.

Voorvereistemodules:

- *Biologie 124, 144 of 154*

244 (16) Basiese Anatomie van die Menslike Liggaam (3L, 3P)

Disseksiegebaseerde studie van die anatomie van die kardiovaskulêre en respiratoriese stelsels insluitend die hart, longe, pulmonale en sistemiese sirkulasies, en arteriële en veneuse stelsels van die romp, kop en nek en ledemate met verwysing na omgewings- en ander invloede op normale ontwikkeling en/of kongenitale afwykings.

Voorvereistemodule:

- *Anatomie 214*

314 (16) Gevorderde Anatomie van die Menslike Liggaam (3L, 3P)

Disseksiegebaseerde studie van die anatomie van die spysvertering-, urogenitale en endokriene stelsels. Handboekgebaseerde studie van die anatomie van die spesiale sinsorgane, naamlik sig, gehoor, houding en ewewig, smaak, reuk, proprioepsie en koördinasie.

Voorvereistemodules:

- *Anatomie 214, 244*

324 (16) Toegepaste Anatomie (4T)

'n E-leergebaseerde studie van toegepaste-anatomie-onderwerpe, hoofsaaklik met betrekking tot die senuwee- en muskuloskeletale stelsels van die menslike liggaam.

Voorvereistemodules:

- *Anatomie 214, 244*

344 (16) Gevorderde Anatomie van die Menslike Liggaam (3L, 3P)

Hierdie module behels 'n kadawergebaseerde studie van die brein en spinaalkoord en hulle verwante strukture, asook die funksionele belang van elk. 'n Gedetailleerde studie van die ontwikkeling van die brein en senuweesisteem vanaf geboorte tot die ouderdom van 5 jaar.

Voorvereistemodules:

- *Anatomie 214, 244, 314*

364 (16) Kliniese Anatomie (4T)

'n E-leergebaseerde studie van aspekte van kliniese anatomie, hoofsaaklik met betrekking tot die senuwee- en muskuloskeletale stelsels van die menslike liggaam.

Voorvereistemodules:

- *Anatomie 214, 244*

Departement Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde

44229 Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie

212 (8) Onderrig- en Programontwikkeling (2L, 4P)

Onderrigkundigheid, bestuursvaardighede en motiveringstrategieë, ontwerp van fisieke aktiwiteitsprogramme, onderrigbeplanning en -aanbieding.

222 (8) Aangepaste Bewegingsprogramme (2L)

Die belangrikheid van korrekte liggaamsopstelling vir suksesvolle motoriese uitvoering; analise van houdingafwykings; inleidende kennis van verskeie gestremdhede.

242 (8) Sport- en Rekreasiebestuur (2L)

Beginsels van beplanning, organisasie, leidinggewing en kontrole in sport en rekreasie; bemarkingsbestuur: markdifferensiasie, teikengroep-identifisering, behoeftebepaling, doelformulering, bemarkingstrategieë, die bemarkingsresep en strategiese beplanning.

282 (8) Struktuur van Fisieke Aktiwiteit (2L, 5P)

Prestasieverbetering in verskeie sportsoorte en bewegingsvorme; spansamewerking; sosiale gedrag binne fisieke omgewing; onderrigwenke en aansporings; leer van motoriese vaardighede en ontwikkeling van fiksheid; kennis van rol as afrigter, beampte en skeidsregter.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Kinesiologie 182*

19305 Kinesiologie

162 (8) Anatomie (2L, 1P)

Anatomiese en bewegingsterminologie; vlakke van organisasie binne die liggaam; struktuur en funksie van hoofweefsel tipes van die menslike liggaam; struktuur en funksie van die mobiliteitseenheid (skeletaal en muskulêr) van die menslike liggaam en ondersteunende sisteme.

182 (8) Die Sportervaring (2L, 2P)

Sportprestasie as 'n persoonlike ervaring; demonstrasie, strategieë, begrip, verbetering van geselekteerde span- en individuele sportsoorte wat deur verskeie kulturele groepe in Suider-Afrika gespeel word.

312 (8) Sportbeserings (2L)

Algemene beginsels en klassifikasie van sportbeserings. Biomeganika van sportbeserings. Oorgebruiksindroom. Sportbeserings in boonste en onderste ledemate. Enkele beserings in sportsoorte vir persone met gestremdhede.

332 (8) Piekprestasie (2L)

Programontwerp deur beginsels van indeling en die toepassing daarvan op elite sportprestasie. Periodisering van inoefening. Herstelstrategieë. Toegepaste sportvoedingsaspekte.

342 (8) Sosiale en Sielkundige Aspekte van Sportprestasie (2L)

Verband tussen sport en sosiale instellings; spesifieke oorwegings by die afrigting van kinders; die sportkredo; sport en die media; gebruik van spesifieke sielkundige vaardighede vir sportprestasieverbetering; psigometrie.

352 (8) Toetse en Metings (2L)

Beginsels van geldige en betroubare assessering van fiksheid en sportprestasie d.m.v. statistiese tegnieke en algemene assesseringstrategieë.

372 (8) Waardes en Etiek in Professionele Toepassings (2L, 2P)

Filosofiese konteks van fisieke aktiwiteite; sosiale en kulturele neigings t.o.v. fisieke aktiwiteite in SA; heterogene groepe en fisieke aktiwiteite; morele optrede in fisieke aktiwiteite, sport en rekreasie.

54607 Sportwetenskap

222 (8) Motoriese Leer (2L)

Perseptueel-motoriese ontwikkeling en beheer. Perseptueel-motoriese leer met inagneming van die leeromgewing; die rol van persepsie en besluitneming in sportprestasie.

232 (8) Oefeningfisiologie (2L)

Aërobiese en anaërobiese metabolisme gedurende oefening; akute kardiovaskulêre, respiratoriese en spierresponse met uithouvermoë- en weerstandoefening; effek van krag- en uithouvermoë-inoefening op fisiologiese stelsels en die fisiologiese meganismes van inoefening.

Vir die program BA (Sportwetenskap):

Voorvereistemodules:

- *Fisiologie 114, 144*

252 (8) Sportfisiologie (2L)

Fisiologiese faktore wat sportprestasie beïnvloed; fisiologiese inoefeningsbeginsels en aanpassings; inoefening van spesiale populasies, voeding en sportprestasie; inoefening by hoë hoogtes; wettige en onwettige ergogeniese middels in sport.

Vir die program BA (Sportwetenskap):

Voorvereistemodules:

- *Fisiologie 114, 144*

262 (8) Toegepaste Biomeganika (2L, 1P)

Kinematiese en kinetiese konsepte vir die analise van menslike beweging; die biomeganika van menslike boonste ledemate, onderste ledemate en werwelkolom; lineêre en hoekige kinematika en kinetika van menslike beweging; ewilibrum en menslike beweging; menslike beweging in 'n vloeï-medium; toepassing van biomeganiese beginsels in kwalitatiewe analyses van sportvaardighede en oefening.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Kinesiologie 162*

382 (6) Professionele Toepassings (2L, 2P)

Toepassing van onderrig- en programontwerp, vaardigheidsleer en fiksheidsontwikkeling, alternatiewe benaderings tot leer in fisieke aktiwiteit, opvoedkundige en loopbaangeleenthede.

54429 Toegepaste Kinesiologie

313 (12) Afrigtingstrategieë (2L, 2P)

Analise van prestasie vir ontwikkeling van strategieë, spansamewerking, sosiale gedrag in 'n fisieke omgewing, onderrigwenke en -aansporings, wetenskaplike beginsels van 'n onderrigjaar, aanleer van rol as afrigter in skool of gemeenskap, data-insameling en verwerking.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Kinesiologie 182*

314 (12) Wetenskaplike Basis van die Fiksheidsbedryf (2L, 2P)

BA en BSc

Die wetenskaplike basis van die gesondheids-, oefening- en fiksheidsbedryf; nasionale en internasionale tendense in die fiksheidsbedryf; struktuur van die fiksheidsbedryf in SA; aanbieding en analise van oefendisiplines; oefenprogrambeplanning; samestelling en bestuur van oefenprogramme; mediese oorwegings in die fiksheidsbedryf; assesseringstrategieë vir oefening en fiksheid; aanbieding en administrasie van 'n verskeidenheid gesondheids- en fiksheidstoetse.

324 (12) Beginsels van Aangepaste Bewegingsaktiwiteite (2L, 2P)

Waarde van deelname vir persone met gestremdhede; assessering van prestasie van persone met gestremdhede; probleme van deelnemers met chroniese gesondheidstoestande; onderrig aanpassing t.o.v. persone met gestremdhede; data-insameling en -verwerking.

344 (12) Sport en Rekreasie vir Persone met Gestremdhede (2L, 2P)

Sportklassifikasies vir deelname; kompetisiegeleenthede vir persone met gestremdhede; reëlaanpassings en spesiale vereistes m.b.t. sportsoorte vir persone met gestremdhede; ondersteuning van sportontwikkelings- en rekreasieprogramme in spesiale skole en gemeenskappe; gevolgtrekkinge van navorsing vir professionele toepassings.

352 (12) Oefening en Fiksheidsonderrig (2L, 2P)

BA en BSc

Aanbieding van geselekteerde professionele rigtings in die fiksheidsbedryf; beplanning, aanbieding en hantering van fiksheidsonderrig vir spesiale populasiegroepe, analise van oefenomgewings en oefenmodaliteite, persoonlike hantering van 'n gevallestudie; aanbied van finale gevallestudie; bemerking, besigheidsbestuur, risikobestuur, regsaspekte van die fiksheidsbedryf.

353 (12) Wetenskaplike Basis van Sportafrigting (2L, 2P)

Pas die beginsels wat fiksheid en vaardigheidsontwikkeling beïnvloed toe op die ontwerp van sport-spesifieke opleidingsprogramme. Begryp die rol en die verantwoordelikhede van die afrigter. Inkorporeer wetenskaplike beginsels in die organisering van 'n onderrigjaar.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Kinesiologie 182*

Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

Departement Algemene Taalwetenskap

10294 Algemene Taalwetenskap

178 (24) Inleiding tot die Taalwetenskap (3L, 1T)

Aard en doelstellings; funksies van taal; opbou van ('n) taal uit 'n klankstelsel, 'n betekenisstelsel en stelsels vir die vorming van woorde en sinne; beginsels van taalgebruik; taalverskeidenheid en -variasie; interaksie tussen taal en sosiale verskynsels; taalverandering; taalverwerwing; taal in die brein; taalproduksie en -persepsie.

278 (32) Taal en die Menslike Gees (3L)

Beginsels en praktyk van die analise van taalstruktuur (sintaksis en fonologie, ander aspekte van taalstruktuur); beginsels en praktyk van die analise van taalgebruik (pragmatiek/diskoersanalise); sosiolinguistiese aspekte van taal; kernvrae oor taalverwerwing en taalprosessering; *capita selecta* wat bydra tot die bereik van die uitkomst van die module.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Algemene Taalwetenskap 178*

318 (24) Gevorderde Taalwetenskap (4L)

Teoretiese konsepte en meganismes in moderne teorieë van taalstruktuur (sintaksis en morfologie), met die spesifieke fokus op die analise van empiriese verskynsels wat verband hou met woord- en sinstruktuur in tale van verskillende families; *capita selecta* wat bydra tot die behaling van die moduleuitkomst (bv. taalvariasie, taaloorsprong, taalverandering).

Slaagvoorvereistemodule:

- *Algemene Taalwetenskap 278*

348 (24) Gevorderde Taalwetenskap (4L)

Fundamentele beginsels, kernkonsepte en navorsingsmetodes wat gebruik word in verskeie areas van toegepaste taalwetenskap, insluitende (kritiese) diskoersanalise, psigolinguistiek, en taalbeplanning en taalbeleid; *capita selecta* wat bydra tot die behaling van die module-uitkomst (bv. onderwerpe in sosiolinguistiek, taalverwerwing, interkulturele kommunikasie).

Slaagvoorvereistemodule:

- *Algemene Taalwetenskap 278*

Departement Geografie en Omgewingstudie

64165 Geo-omgewingswetenskap

124 (16) Inleiding tot Mens-Omgewingsisteme (3L, 3P)

Aard van mensgeografie; Demografie van wêreldbevolking; Voedselhulpbronne; Verstedeliking; modelle van stedelike struktuur, funksionele sones binne stede, stede in ontwikkelende lande; Polities-geografiese ordening; nasies en state in konflik, streke in die nuus; Omgewingsisteme op wêreldskaal: fluviale, ariede, karst-, kus- en glasiale omgewings; Ekosisteme en die mens; Benutting van omgewingshulpbronne: wêreldwye voorkoms, gebruik en uitputting van nie-hernubare energie, water en grond; Praktiese kartering en grafika.

56502 Geografie en Omgewingstudie

265 (16) Omgewingstudie (3L, 3P)

Energie, vog en wind as klimaatselemente; Beweging in die atmosfeer: Lugsirkulasie op wêreld-, streek- en plaaslike skaal; Betekenisvolle klimaatverskynsels vir die mens: El Niño, tropiese siklone en tornado's; Suid-Afrikaanse weer en klimaat; atmosferiese omgewingsprobleme in Suid-Afrika: droogtes, lugbesoedeling, vloede, hael en ryp; Analise van klimaatsegegewens: insameling, verwerking en vertolking; sinoptiese kaarte en weervoorspelling; Gronderosie, suurwater- myndreinerig, waterbesoedeling; Strategiese risiko-bestuurbeplanning.

Voorvereistemodule:

- *Geo-omgewingswetenskap 124*

334 (16) Omgewingsprosesse en gevare (3L, 3P)

Geomorfologiese prosesse en fisiese landskapsverandering in suidelike Afrika in verband met verwerking, droë landskappe, granietlandskappe en kusgebiede. 'n Inleiding tot natuurlike gevare en die verhoudings tussen natuurlike prosesse en biogeofisiese gevare. 'n Sterk fokus op analitiese tegnieke vir die assessering van geomorfologiese prosesse en natuurlike gevare.

Voorvereistemodules:

- *Geografie en Omgewingstudie 265*
- *Geografiese Inligtingstegnologie 214, 241*

358 (16) Omgewingstudie (3L, 3P)

Geomorfologie van Suid-Afrikaanse strome en dreineerbekke: afloopregime, bekkenvorm, stroom- en kanaalpatrone; Mens-veroorsaakte veranderinge in strome en bekkens: opdamming, kanalisering, interbekkenoorplasing; Waterkwaliteit in Suid-Afrika: wisselwerking tussen mens en omgewing met spesiale verwysing na industriële en landbou-besoedeling; Gebruik, ontwikkeling en bestuur van Suid-Afrikaanse waterbronne: impak van die Waterwet; Suid-Afrikaanse omgewingsbeleid; Omgewingsimpak studie proses.

Voorvereistemodule:

- *Geografie en Omgewingstudie 265 of Geo-omgewingswetenskap 214*

Geografie en Omgewingstudie as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Geo-omgewingswetenskap 124(16), 154(16); Geografie en Omgewingstudie 265(16), 334(16), 358(16); Geografiese Inligtingstegnologie 214(16), 241(16), 312(16), 341(16).

12923 Geografiese Inligtingstegnologie

141 (16) Aard van Ruimtelike Data (3L, 1P)

Hierdie module konsentreer op die grondbeginsels van geoinformatika en kartografie. Dit stel die volgende bekend: ruimtelike bewusheid om patrone en verwantskappe tussen voorwerpe op kaarte te herken; data-insamelingsmetodes wat spesifiek vir ruimtelike data ontwerp is; datamodellering van geografiese data as rooster of vektor; ruimtelike denke om probleme te ondersoek en te verstaan deur van data uit fisiese, stedelike en omgewingsgeografiese kontekste gebruik te maak. Die module dien as 'n bekendstelling aan die beroepe van geoinformatika-praktisyn en georuimtelike datawetenskaplike.

211 (16) Aardwaarneming (3L, 3P)

Beginsels van afstand- en aardwaarneming; die elektromagnetiese spektrum; weerkaatsingseienskappe van 'n verskeidenheid objekte op die aardoppervlakte; atmosferiese interaksie met elektromagnetiese energie; digitale beelde; beeldresolusie; satellietstelsels; beeldverkying en -voorverwerking; nie-gerigte en gerigte

beeldklassifikasie; akkuraatheidsassessering; GIS-integrasie.

Neuwevereistemodules:

- *Geografiese Inligtingstegnologie 214*
- *Wiskunde 114 of Wiskunde (Bio) 124*

214 (16) Geografiese Inligtingstelsels (3L, 3P)

Inleidende oorsig en begrip van GIS in die konteks van geo-inligtingwetenskap; Die aard van geografiese data, datamodelle, koördinaatstelsels en kaartprojeksies; GIS-prosesse: datavaslegging, -ordening en -berging, -manipulering en -analise; Kaartontwerp en kartografiese visualisering met 'n GIS; GIS toepassings.

Voorvereistemodule:

- *Wiskunde 114 of Wiskunde (Bio) 124*

241 (16) Ruimtelikedatabestuur (3L, 3P)

Kaartprojeksies en koördinaatstelsels; ruimtelikedatamodellering (o.a. vektor, rooster en objek-georiënteerde); topologie en topologiese dimensies; topologiesedimensie-omskakelings; geo-databasisse; datamodel- en -formaatomskakelings; dataveralgemening en -samevoeging.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Geografiese Inligtingstegnologie 214*

242 (16) Digitale Fotogrammetrie (3L, 3P)

Beginsels van fotogrammetrie; stereovisualisering en parallaks; tipes fotogrammetrie; bronne van beeldmateriaal en die aanskaffing daarvan; vlugbeplanning; sensororiëntasie en beeldeienskappe; interne en eksterne oriëntering; grondkontrolepunt en hegpuntinsameling; kleinstekwadratemetode en koördinaat-omskakelings; beeldverwerking (kontras en spektrale verryking, beeldpassing, mosaïekskepping); topografiese kaartproduksie; GIS-integrasie.

Voorvereistemodules:

- *Geografiese Inligtingstegnologie 211*
- *Wiskunde 114 of Wiskunde (Bio) 124*

311 (16) Ruimtelike Data-Insameling (3L, 3P)

Ruimtelike datatipes en -modelle, skepping en verkryging van ruimtelike data, versyfering en skandering, velddata-insameling, globale navigasiesatellietstelsels, onsekerheid en foute, datakwaliteit, nasionale en internasionale dataverskaffers en -store, metadata en standaarde, ruimtelike data as eiendom en die deel van data.

Voorvereistemodule:

- *Geografiese Inligtingstegnologie 241*

312 (16) Ruimtelike Analise (3L, 3P)

Navraagoperasies en navraagtaal; Geometriese metingsmetodes; Ruimtelike-analise-operasies; Oppervlakte-analise; Geostatistiek; Ruimtelike-allokasie-analise; Analise-ontwerp, Vaagheidsleer.

Voorvereistemodule:

- *Geografiese Inligtingstegnologie 214*

341 (16) Ruimtelike Modelling (3L, 3P)

Modelle in die wetenskap; Ruimtelike modelle: tipes, konstruksie, ontwerp en ontwikkeling; Kartografiese modellering; terminologie, metodologie, in- en afvoere, funksies.

Voorvereistemodule:

- *Geografiese Inligtingstegnologie 312*

342 (16) Aardwaarneming (3L, 3P)

Voorverwerking van beelde (bv. geometriese, radiometriese, atmosferiese en topografiese korreksies); beeldtransformasies; geografiese objekgebaseerde beeldanalise (GEOBIA); klassifikasiebenaderings en -algoritmes; aardwaarnemingswerkvloei; beeldverkryging; integrasie van aardwaarnemingsprodukte met geografiese inligtingstelsels (GIS)

Voorvereistemodule:

- *Geografiese Inligtingstegnologie 211*

Geografiese Inligtingstechnologie as hoofvak vir die BSc graad

Die volgende modules word vereis: Geo-omgewingswetenskap 124(16), 154(16); Geografiese Inligtingstechnologie 211(16), 214(16), 241(16), 242(16), 311(16), 312(16), 341(16), 342(16).

Departement Inligtingwetenskap

58173 Sosio-informatika

212 (8) Inleiding tot Inligtingstelsels (2L)

Hierdie module bestudeer die beginsels en metodes van inligtingstelselontwikkeling. Die module begin met 'n breë oorsig van die kernbeginsels van inligtingstelsels, waarna 'n versameling prominente ontwikkelingsbenaderings ondersoek word.

224 (16) Inleiding tot Rekenaarprogrammering (2L, 2P)

Beginsels van rekenaarprogrammering. Vaardigheidsontwikkeling in objek-georiënteerde programmeertale.

254 (16) internet – Tegnologie en Ontwerp (1L, 3P)

Die internet en die wêreldwye web. Argitektuur van hipertekstelsels. Die ontwerp van webwerwe en -portale.

262 (8) Elektroniese Besigheid en Regering (1.5L)

Die bestuur van private en publieke organisasies in informasie- en kennistegnologeryke omgewings.

314 (18) Databasisstelsels (3L, 2P)

Databasiskonsepte, -modelle, -ontwerp en -bestuur.

Voorvereistemodule:

- *Sosio-informatika 224*

334 (18) Argitektuur van Informasiestelsels en Ondernemings (2L, 3P)

Teorie van sagteware- en hardwarestelsels en hulle ontwerp en analise. Kubernetika. Inleiding tot modellering en modelleringstale soos UML.

354 (18) Informasiesisteme (2L, 3P)

Gevorderde sagteware-toepassings, waaronder simulاسie en modellering. Integrاسie van voorafgaande modules deur die ontwerp en voorlegging van 'n elementêre eksperimentele stelsel.

Voorvereistemodule:

- *Sosio-informatika 254,314,334*

364 (18) Kennisdinamika en Kennisbestuur (3L, 1P)

Kennistegnologie en kennisgebaseerde sisteme, kunsmatige intelligensie en kennisdinamika in komplekse organisasies.

Departement Musiek

50652 Musiektegnologie

112 (6) Musiektegnologie (2L)

Musiek en rekenaars: MIDI; notasiesagteware; sekwensagteware; basiese beginsels van klankopname en -redigering; gehoorfisiologie; musiek in film/advertensies; video en klankbaan; basiese webontwerp en HTML.

142 (6) Musiektegnologie (2L)

Musiek en rekenaars: MIDI; notasiesagteware; sekwensagteware; basiese beginsels van klankopname en -redigering; gehoorfisiologie; musiek in film/advertensies; video en klankbaan; basiese webontwerp en HTML.

222 (8) Musiektegnologie (1L, 1P)

'n Gevorderde studie van klankgolwe, klankpersepsie, akoestiek, die klankateljee, klanksintese, MIDI, klankseïnprosessering en klankgeoriënteerde programmering.

252 (8) Musiektegnologie (1L, 1P)

'n Gevorderde studie van klankgolwe, klankpersepsie, akoestiek, die klankateljee, klanksintese, MIDI, klankseinprosessering en klankgeoriënteerde programmering.

379 (48) Musiektegnologie (2L, 2T)

Projekte t.o.v. klankopnames en klankgeoriënteerde programmering.

Departement Sielkunde

18414 Sielkunde

114 (12) Sielkunde as Wetenskap (2L, 1T)

Hierdie module bied 'n breë oorsig van die sielkunde as 'n wetenskap en 'n professie, met spesifieke klem op sielkundige kwessies wat pertinent is vir die Suid-Afrikaanse konteks. Sielkunde word geïntegreer op die kruispunt van 'n aantal tradisies van navorsing en praktyk, insluitende biologiese, filosofiese en pragmatiese tradisies. Hierdie inleidende module verskaf aan studente 'n basis van waar verdere studie van die dissipline benader kan word.

144 (12) Sielkunde in Konteks (2L, 1T)

In hierdie module word die basiese beginsels in Sielkunde toegepas ten einde die persoon in konteks te verstaan, met spesifieke verwysing na kern- sosiale kwessies en uitdagings in die Suid-Afrikaanse samelewing.

213 (8) Benaderings tot Sielkundige Teorieë oor die Persoon (1.5L)

In hierdie module word sielkundige teorieë oor en beskouings van die persoon aangespreek, met verwysing na belangrike hedendaagse benaderings. Van hierdie teorieë kan sistemiese, psigodinamiese, gedrags-, kognitiewe en eksistensiële komponente insluit, met inagneming van die toepaslikheid van sielkundige teorieë vir kontekste in Afrika.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Sielkunde 114, 144*

223 (8) Menslike Ontwikkeling in Konteks (1.5L)

In hierdie module word menslike ontwikkeling bestudeer, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Sielkunde 114, 144*

243 (8) Navorsingsontwerp in die Sielkunde (1.5L)

Hierdie module sal studente toerus met die kennis en vaardighede om wetenskaplike literatuur in die sielkunde te kan evalueer. Die module handel oor die teoretiese kernelemente van sowel kwantitatiewe- as kwalitatiewe navorsingsmetodologie en maak gebruik van voorbeelde van huidige psigososiale kwessies.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Sielkunde 114, 144*

314 (12) Psigopatologie (4L)

In hierdie module word abnormale gedrag vanuit verskillende perspektiewe en klassifikasiesisteme, met spesifieke verwysing na die geestesgesondheidskonteks in Suid-Afrika, bestudeer.

Slaagvoorvereistemodules - enige drie van die volgende vier modules:

- *Sielkunde 213, 223, 243, 253*

324 (12) Sosiale Sielkunde (4L)

Hierdie module behandel teoretiese en metodologiese ontwikkelinge in die hedendaagse sosiale sielkunde en ondersoek sosiale verhoudings en identiteit in die lig van sosiale kategorieë soos geslag, ras, etnisiteit en seksuele oriëntasie, met klem op die Suid-Afrikaanse konteks.

Slaagvoorvereistemodules - enige drie van die volgende vier modules:

- *Sielkunde 213, 223, 243, 253*

348 (24) Sielkundige Intervensies (4L)

Sielkundiges werk in verskeie kontekste, van individuele psigoterapieë tot gemeenskapsintervensies. Hierdie module bied 'n kritiese bespreking van die beginsels onderliggend aan sielkundiges se bydraes tot menslike

gesondheid, ontwikkeling en sowel individuele as kollektiewe welstand, met spesifieke verwysing na die hedendaagse Suid-Afrikaanse gesondheids- en geestesgesondheidskonteks.

Slaagvoorvereiste modules - enige drie van die volgende vier modules:

- *Sielkunde 213, 223, 243, 253*

Sielkunde as hoofvak vir die BSc-graad

Die volgende modules word vereis: Sielkunde 114(12), 144(12), 213(8), 223(8), 243(8), 314(12), 324(12) en 348(24).

Fakulteit Regsgeleerdheid

Departement Handelsreg

14441 Intellektuele Goederereg vir Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie

314 (16) Intellektuele Goederereg vir Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie

Die primêre doel van hierdie module is om 'n oorsig van intellektuele goederereg en besigheidsvorme te verskaf. Die fokus is op die Suid-Afrikaanse konteks, maar die module maak studente ook van die internasionale konteks bewus. Die module het ten doel om studente met die kennis, spesifieke vaardighede en insig in die bestuur van innovasies, beskerming van intellektuele goedere asook die bestuur daarvan toe te rus.

Afdeling Leer- en Onderrigverryking

US Taalsentrum

(In oorleg met die fakulteite Natuurwetenskappe, en Lettere en Sosiale Wetenskappe)

64866 Wetenskapkommunikasievaardigheid

116 (12) Wetenskapkommunikasievaardigheid (3L, 3T)

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (Verlengde Graadprogramme). Hierdie module fokus op die ontwikkeling van praat-, luister-, en leesvaardighede in die akademiese omgewing oor die algemeen en spesifiek in die natuurwetenskappe. Aspekte soos die hantering en verstaan van relevante akademiese en natuurwetenskaplike tekste; begrip vir onderlinge teksdele; die gebruik van vloeiende korrekte en gepaste taal en die interpretasie van grafika, word behandel.

146 (6) Wetenskapkommunikasievaardigheid (3L)

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (Verlengde Graadprogramme). Hierdie module fokus op die ontwikkeling van skryfvaardighede in die akademiese omgewing oor die algemeen en spesifiek in die natuurwetenskappe. Aspekte soos die hantering en verstaan van relevante akademiese en natuurwetenskaplike tekste; begrip vir onderlinge teksdele; die aanbieding van data in 'n versorgde en samehangende teks; die gebruik van korrekte en gepaste taal, die aanwending van akkurate taal, korrekte verwysings-tegnieke en die gebruik van grafiese inligting om data te verduidelik, word behandel.

5. Module-inhoude van sekere nagraadse graadprogramme

Departement Aardwetenskappe

HonsBSc in Aardwetenskappe

12240 – 771 (15) Geologie van Suider-Afrika

Plaattektoniek-senarrio's in die evolusie van Suider-Afrika; geologiese omgewing, strukturele en litologiese inventaris; interpretasie van geologiese kaarte en snitte; praktiese toepassing van geologiese konsepte op

probleme in die veld; gevorderde veldtegnieke; sedimentologiese en stratigrafiese konsepte in die veld en die verwantskap met tektoniese modelle. Die module sluit twee weke veldwerk in.

12241 – 772 (15) Navorsingsmetodes in Aardwetenskappe

Teoretiese en praktiese tegnieke in Aardwetenskappe, insluitende monsterversameling en -karakterisering, monstervoorbereiding en analitiese tegnieke, geostatistiese analise van datastelle, data-aanbieding, die skryf van 'n verslag, ruimtelike analise en modellering met GIS; toepassing van GIS om geologiese probleme te verstaan.

12242 – 773 (15) Spesiale Onderwerpe in Aardwetenskap

Die ondersoek van nuwe idees in Aardwetenskappe-navorsing; evolusie van konsepte en teorieë in Aardwetenskap; spesiale onderwerpe op 'n *ad hoc*-basis deur die Departement aangebied.

54895 – 795 (35) Navorsingsprojek

'n Onafhanklike navorsingsprojek wat ongeveer 14 weke van data-insameling en -verwerking insluit. Die projek word normaalweg in samewerking met die industrie georganiseer of met die doel om die navorsingsdoelwitte van die Departement te bevorder. Elke projek word volgens die belangstellings van 'n individuele student en studieleier ontwerp. As 'n student vakansiewerk, wat die honneursjaar voorafgaan, wil insluit, moet dit vooraf gereël word met die spesifieke honneursstudieleier. 'n Projekverslag word ingehandig teen die einde van die module en 'n mondelinge aanbieding word aan die Departement gedoen.

12243 – 712 (20) Konsepte in Korsevolusie

Gevorderde petrologiese konsepte in stollings-, metamorf- en sedimentêre gesteentes; modellering van heelrots- en mineraalgeochemie-datastelle en die interpretasie van gesteente-suites en fisiese en chemiese toestande van vorming; tegnieke in geochronologie en toepassing in die oplossing van geologiese probleme, toegepaste struktuurgeologie, analise van kompleks gevormde terreine.

12247 – 742 (20) Ekonomiese Geologie

Mineraalmarkte en -kommoditeite, ertsreserweberekeninge, ertsmikroskopie, genetiese implikasies van ertsteksture en -paragenese, geofisiese eksplorاسie vir ertsafsettings, inleiding tot geologiese modellering-sagteware, myn-databestuurstelsels.

12244 – 714 (20) Gevaarlike-afvalterrein-uitkomsbepaling

Geologiese, geofisiese en ingenieurstechnieke vir verkenning, monsterneming en assessering van gevaarlike afvalterreine, analitiese tegnieke verwant aan gevaarlike omgewingstelsels, konstruksie en monitering van gevaarlike afvalterreine.

12275 – 744 (20) Omgewingsisteme

Toepassing van geochemiese gevolmagtigdes vir omgewingsprosesse; omgewingsmonsterneming; analise en interpretasie van omgewingsdatastelle, hidrogeologiese konsepte, die gebruik van isotoopindikatore om die elementbeweging in die regoliet- en watersisteme te verstaan.

Departement Biochemie

HonsBSc in Biochemie

11412 – 711 (10) Praktiese Proteïenbiochemie

Gevorderde proteïensuiwering en analitiese tegnieke

Hierdie praktiese module fokus op die volgende tegnieke: chromatografie, elektroforese, proteïen- en ensiem-aktiwiteitsbepalings, plasmied-DNS-voorbereiding, restriksie-ensiem-vertering, poli-merasekettingreaksie, voorbereiding van kompetente selle, transformasie, heteroloë proteïenuitdrukking. Die teorie en toepassings van proteïen-suiweringstegnieke, sowel as eksperimentele data-analise word in hierdie module ingesluit. Kennis wat opgedoen word sal tydens die Junie- en September-reses-praktika aan Biochemie 365 studente oorgedra word, waar van die honneursstudente vereis word om met die aanbieding te help.

11413 – 712 (10) Steroïedhormone

Navorsingsbenaderings om die werkingsmeganisme van steroïedhormone te ondersoek

Sentraal vir alle biologiese en sellulêre gebeure, insluitend ontwikkeling, differensiasie en reaksie op ekstrasellulêre en intrasellulêre seine, is die sel se vermoë om die uitdrukking van gene te reguleer. Steroïedhormone is noodsaaklike komponente in die intersellulêre kommunikasiestelsel wat homeostase in hoër organismes handhaaf. Die module, in die vorm van 'n werkswinkel, behels die bespreking en kritiese

analise van sommige van die teorieë en tegnieke wat gebruik word om die transkripsionele beheer van geenuitdrukking deur steroïedreseptore in eukariote te bestudeer. Integrasie tussen die metodes wat gebruik word om die werkingsmeganisme van steroïedhormone te ondersoek en die teorie agter steroïed-reseptor afhanklike regulering van transkripsie, sal 'n beter begrip van albei prosesse vergemaklik en ook illustreer hoe teorie en metode saamwerk om vrae in die wetenskap te beantwoord.

14046 – 713 (10) Sagte Vaardighede

Sagte vaardighede in die biochemiese wetenskappe

Die doel van hierdie module is om studente toe te rus met die uiteenlopende vaardighede wat benodig word om navorsingsresultate in die diverse velde van biochemiese navorsing aan te bied, te kommunikeer (sowel mondeling as skriftelik) en krities te analiseer. Die drie subkomponente van die module (aanbiedingsvaardighede, skryfvaardighede en dataontledingsvaardighede) sal elkeen opleiding verskaf in een van die sentrale aspekte van hierdie vaardighede, en sal die student se vermoëns ontwikkel om as biochemiese wetenskaplike in 'n verskeidenheid omgewings te funksioneer.

11415 – 714 (10) Sisteembioologie

Rekenaarmatige en eksperimentele sisteembioologie

Die samewerking van netwerke van gekoppelde-ensiem-gekataliseerde-reaksies as 'n sisteem, die gedrag van verskillende metaboliese strukture, en die beheer van metabolisme word bespreek. Die raamwerk van kontrole-analise word gebruik om hierdie gedrag sinvol te beskryf en te bestudeer. 'n Praktiese benadering word toegepas om studente bekend te stel aan kinetiese modellering op die rekenaar as gereedskap om die gedrag van metaboliese paaie te bestudeer. Studente word opgelei om ensiem-kinetiese data te versamel en dit te pas op snelheidsvergelykings om kinetiese parameters te bepaal vir die bou van kinetiese modelle.

14069 – 715 (10) Gevorderde Geenuitdrukking

Beheer van geenuitdrukking van die immunoglobuliengene

In hierdie module sal die kompleksiteit van die geenuitdrukking van immunoglobuliengene van hoër werweldiere bestudeer word as 'n voorbeeld van eukariotiese geenuitdrukking. Die teorieë en meganismes wat aanleiding gee tot die skep van diversiteit van antiliggaambindingsetels, die meganisme van klas-omskakeling, transkripsionele beheer van geenuitdrukking soos beïnvloed deur antigeensamestelling en geen-dempingsmeganismes sal bespreek word.

14047 – 716 (10) Biofisiese en Bioanalitiese Tegnieke

Analitiese tegnieke vir identifikasie en kwantifisering van biomolekule (bv. gevorderde chromatografie en massaspektrometrie) word bespreek. Studente word blootgestel aan biofisiese tegnieke vir struktuuranalise en karakterisering van biomolekule (bv. gevorderde massaspektrometrie, fluoressensie, sirkulêre dichroïsme), metode-ontwikkeling en -validering, asook data-analise en interpretasie.

11418 – 717 (10) Gespesialiseerde Onderwerpe

Gespesialiseerde onderwerp deur besoekende professor

'n Besoekende professor sal 'n gespesialiseerde onderwerp van sy of haar eie keuse aanbied. Besonderhede sal aan die begin van die semester aan die studente gekommunikeer word.

11420 – 718 (10) Chemiese Biologie-onderwerpe

Geselekteerde onderwerpe in chemiese biologie

Chemiese biologie verwys na navorsing wat op die koppelvlak van chemie en biologie uitgevoer word en behels dikwels die toepassing van chemiese kennis (soos dit van toepassing is op molekules in terme van hul reaktiwiteit en interaksies) in die beantwoording van vrae, die oplos van probleme en die ontwikkeling van gereedskap wat relevant is vir metabolisme en selbiologie. In hierdie module sal studente bekendgestel word aan die benadering en metodes van chemiese biologie-navorsing, met die doel om waardering te ontwikkel vir hoe dit kan bydra tot ons begrip van lewende sisteme.

54895 – 741 (60) Navorsingsprojek (Biochemie)

Die navorsingsprojek bestaan uit die formulering van 'n hipotese en skryf van 'n navorsingsvoorstel, ontwerp en uitvoering van eksperimente, tydsbestuur, analise van resultate en maak van gevolgtrekkings. Die navorsingsresultate word bekendgestel in artikel-formaat en aangebied as 'n kort mondelinge voordrag en 'n plakkaat.

18325 – 742 (10) Seminaar

Die seminaar in biochemie bestaan uit 'n literatuuroorsig oor 'n geselekteerde biochemie-onderwerp en 'n kort mondelinge voordrag van die materiaal. Die geskrewe seminaar is tipies in die formaat van 'n oorsigartikel. Die Skryf- en Voordrag-komponente van die Sagte Vaardighede-module vorm onderskeidelik die grondslag vir die skryf en voordrag van die seminaar.

Departement Chemie en Polimeerwetenskap

HonsBSc in Chemie

10382 – 711 (20) Analitiese tegnieke

Molekulêre spektroskopie: KMR, IR, MS; skeidingswetenskap.

10638 – 712 (20) Organiese Chemie

Moderne sintetiese metodes.

10462 – 713 (20) Fisiese Chemie

Teoretiese molekulêre modelle, toepassings van simmetrie, gevorderde reaksiekinetika.

10384 – 714 (20) Anorganiese Chemie

Makrosikliese chemie; gevorderde klassieke koördinasiechemie, gevorderde organometaalchemie en toepassings in homogene katalise; X-straal-kristallografie; supramolekulêre chemie.

56030 – 741(10) Spesiale onderwerpe in Chemie

Spesiale onderwerpe.

63258 – 744 (30) Navorsingsprojek in Chemie

Navorsingsprojek in Chemie.

HonsBSc in Polimeerwetenskap

10382 – 711 (20) Analitiese tegnieke

Molekulêre spektroskopie: KMR, IR, MS; skeidingswetenskap.

10490 – 712 (20) Gevorderde Analitiese Polimeerwetenskap

Toepassing van analitiese tegnieke vir polimere; atoomkrag mikroskopie; gelpermeasie- chromatografie en vloeistofchromatografie; dinamies-meganiese analise en di-elektriese analise; kristallasie-analise deur fraksionering; termiese en termogravimetriese tegnieke; meganiese toetsing.

64440 – 714 (30) Navorsingprojek in Polimeerwetenskap

'n Navorsingsprojek moet deur die student (onder toesig) voltooi word.

10658 – 724 (20) Polimeerchemie

Struktuur-eienskapsverwantskappe; polimeermorfologie; sintese van polimere; degradasie en stabilisering van polimeriese materiale; anorganiese polimere.

10463 – 744 (15) Fisiese Polimeerwetenskap

Fasediagramme; klassifikasiesisteme; kristallasie; morfologie; vloei; die glasagtige toestand; viskoëlastisiteit; refraksie; swigting; vermoedheid; komplekse reologie; versterking; omgewingstresweerstand van polimere.

11421 – 754 (15) Spesiale Onderwerpe in Polimeerwetenskap

Die samestelling, prosessering en afbreek van plastieke; elastomeer-tegnologie en gevorderde analitiese tegnieke. Capita Selecta van ander onderwerpe soos polimeermengsels, biopolimere en mediese polimere, organometaalchemie, versterkte polimere, materiaaltoepassings.

Departement Fisika

HonsBSc in Fisika

10445 – 711 (8) Elektromagnetisme (1.5L, 1.5P)

Elektrostatika en magnetostatika toepassing op randwaardeprobleme, multipool-uitbreidings, tydveranderende velde, yktransformasies, absorbering en dispersie van elektromagnetiese golwe in verskillende media, bewegende ladings en stralingsteorie.

10590 – 712 (8) Lagrange- en Hamiltonmeganika (1.5L, 1.5P)

Vryheidsgrade, veralgemeende koördinate, Lagrange-vergelykings van die eerste en tweede soort, toepassings, klein ossillasies, variasierekening, Hamilton se beginsel, Noether-teorema.

10752 – 713 (8) Vastetoestandfisika (1.5L, 1.5P)

Resiproke-roostervoorstelling van en elektronverstrooiing in kristalle. Periodiese kristalpotensiale, die hegte bindingsmodel, halfgeleiers. Magnetisme: Para-, dia-, ferro- en antiferromagnetisme. Supergeleiding.

10586 – 714 (16) Kwantummeganika B (Gevorderde formalisme en toepassings) (3L, 3P)

Bra-ket-notasie, aksiomas van kwantummeganika, basis-transformasies en unitêre operatore, posisie en momentum voorstellings, Schrödinger- en Heisenberg-beelde, spin, formele teorie van hoekmomentum, tydafhanklike sturingsteorie, verstrooiingsteorie, identiese deeltjies.

10390 – 716 (8) Atoomfisika (1.5L, 1.5P)

Multi-elektron-atome, uitsluitingsbeginsel, elektrostatiese interaksie en uitruilontaarding, Hartree-model, hoekmomentumkoppeling, L-S- en j-j-koppeling, oorgangswaarskynlikhede en seleksiereëls.

10708 – 718 (8) Stralingswisselwerking (1.5L, 1.5P)

Stralingsbronne; die proses van radioaktiewe verval as stralingsbron; wisselwerking van fotone en neutrone en gelaaiete deeltjies met materie; isotoopproduksie met reaktors en versnellers; kernsplyting as 'n bron van straling; lasers en mikrogolwe as stralingsbronne.

13948 – 719 (8) Relativistiese Kwantummeganika (1.5L, 1.5P)

Relativistiese verspreidingsverhoudinge en kwantummeganika. Klein Gordon Vergelyking, Klein Paradoks. Dirac-vergelyking en spin. Kovariansie van die Dirac-golffunksie, chiraliteit. Minimale koppeling. Nie-relativistiese limiet en Pauli-vergelyking. Relativistiese behandeling van die waterstofatoom. Maxwell-vergelyking as ykteorie. Stralingsmeter.

10702 – 721 (16) Statistiese Fisika B (Inleiding tot Wisselwerkende en Niewewigsisteme) (3L, 3P)

Fase-oorgange en kritiese verskynsels, fenomenologiese teorieë (Landau-Ginzburg, skaleringshipotese), eenvoudige modelsisteme, benaderingsmetodes (gemiddeldeveldteorie, selfkonsistente benadering). Statistiese fisika van likwiede kristalle en polimere. Simulasiemetodes. Dinamika, korrelasie- en antwoordfunksies, Langevin-teorie, stogastiese differensiaalvergelykings (Fokker-Planck-vergelykings).

63274 – 741 (32) Fisika-projek (6L, 6P)

Selfstandige projekwerk oor 'n onderwerp uit Fisika, gekies in oorleg met dosente van die Departement Fisika. Die projek moet deel vorm van die navorsingsaktiwiteite van die Fisika-departement onder toesig van 'n geskikte studieleier. Die projek moet deur die navorsingskomitee van die Fisika-departement goedgekeur word. 'n Geskrewe verslag word vereis en 'n mondelinge voordrag moet gelewer word. Elke student moet ook 'n mondelinge eksamen aflê.

13940 – 742 (8) Spesiale Onderwerpe in Toegepaste Fotonika (1.5L, 1.5P)

Die inhoud mag aspekte van lig-materie-wisselwerking, kwantummeganika en kwantumoptika, atoom-, molekulêre, vastetoestand- en plasmafisika en eksperimentele ontwerp bevat. Die inhoud mag van interdisiplinêre aard wees.

13939 – 743 (8) Spesiale Onderwerpe in Biofotonika (1.5L, 1.5P)

Die inhoud mag aspekte van lig-materie-wisselwerking, kwantummeganika, onderwerpe uit biologie, chemie en wiskundige wetenskappe, spektroskopie-tegnieke, afbeelding en mikroskopie bevat. Die inhoud sal van interdisiplinêre aard wees.

12546 – 744 (8) Laserspektroskopie (1.5L, 1.5P)

Optiese spektroskopiese diagnostiese instrumentasie en tegnieke. Laserspektroskopietegnieke vir atome, molekules en plasmas. Hoëfrekwensie- en tyd-opgeloste spektroskopie en verwante diagnostiese instrumentasie en metodes. Voorbeelde van toepassings van spektroskopietegnieke.

13934 – 745 (8) Lasertegnologie (1.5L, 1.5P)

Inleiding tot lasers; lasertempovergelykings, bevolkingsomkering, drumpelwins en versadiging; laseruitsetberekening deur uniforme-veldbenadering; multi- en enkelmodus-ossillasies, modushekkings; laserresonatorteorie; inleiding tot nie-lineêre optika.

Lasermedia: Vaste toestand, gas en kleurstof; opwekkingstegnieke. Resonatortipes en ontwerpe; Q-skakeling, winsskakeling, modussluiting, enkelmoduslaserwerking, golflengteverstelling; hedendaagse lasersisteme. Lasertoepassings: wetenskaplik, industrieel, kommunikasie, medies, militêr.

13936 – 746 (8) Kwantumoptika (1.5L, 1.5P)

Veldkwantisering en koherente toestande van lig, atoom-veld-wisselwerkings (klassiek- en enkel-foton-wisselwerkings), klassieke en kwantumkoherensie, nie-klassieke toestande van lig, die teorie van spontane emissie, uitgesoekte toepassings soos enkel-foton-eksperimente, kwantum-elektrodinamika in 'n resonansruimte en kwantumverstrengeling.

10610 – 747 (8) Molekulêre Fisika (1.5L, 1.5P)

Kwantummeganika van rotasie- en vibrasievryheidsgrade van molekule. Elektroniese spektra van molekule. Die gebruik van simmetrie in molekulêre fisika. Die wisselwerking van lig met molekule. Kinetika en dinamika van elementêre molekulêre reaksies.

10563 – 748 (8) Kernreaksies en Kernstruktuur (1.5L, 1.5P)

Kernreaksies: Verstrooiingskinematika, basiese begrippe; elastiese verstrooiing, die optiese model; die studie van reaksiemeganismes, bv. tussenkernvorming, direkte reaksies, voor-ewewigprosesse; reaksies met ligte projektele, bv. onelastiese verstrooiing, oordragreaksies, uitslaanreaksies; swaarioonreaksies, fragmentasie. Elektronverstrooiing en hoë-energie-kernreaksies.

13941 – 749 (8) Uitgesoekte Onderwerpe in Kernfisika (1.5L, 1.5P)

'n Seleksie van onderwerpe van: kern- en deeltjiefisika, stralings- en gesondheidsfisika, kwantummeganika, statistiese fisika, data-analise of eksperimentele tegnieke in kernfisika.

Kernstruktuur: Sisteeme van twee nukleone (bv. deutron): Die wisselwerking tussen nukleone en die insluiting van eienskappe soos o.a. ladingsonafhanklikheid en spinafhanklikheid; die Yukawa-teorie van mesonuitruiling. Meernukleonsisteme: die kernskil-beskrywing (enkel-deeltjie sowel as veeldeeltjie, inleidend); rotasie- en vibrasie-effekte in kerne (die kollektiewe model).

10467 – 750 (8) Fisika van Stralingsdosimetrie/Radiologie (1.5L, 1.5P)

Stralingsdosimetrie: Meting van straling, definisies van fisiese groothede, energie-oordrag, elektroniese ekwilibrium, Bragg-Gray-holte, wisselwerking van gelaaiete deeltjies en materie, stralingskwaliteit en reikwydte, protondosimetrie, wisselwerking met die mens se weefsel.

Fisika van Radiologie: Die X-straal-masjien, Konvensionele radiografie, Fluoroskopie, Mammografie, Rekenaartomografie, Ultraklank, Magnetiese Resonansafbeelding.

10465 – 751 (8) Fisika van Kerngeneeskunde (1.5L, 1.5P)

Stralingsdetektors, die gammakamera, kwaliteitsbeheer van die gammakamera, rekenaars in kerngeneeskunde, beginsels van SPECT, beginsels van PET, telstatistiek, basiese beginsels van spoordertegnieke, heelligaamtellers.

10466 – 752 (8) Fisika van Radioterapie (1.5L, 1.5P)

Dosimetrie van teleterapie, filters, behandelingbeplanning, bundelgeometrie, teleterapie-eenhede, gehaltebeheer, elektronterapie, brachiterapie, oop bronne en beta-bestralers.

10706 – 753 (8) Stralingsbeskerming (1.5L, 1.5P)

Radiologiese beskerming, die afskerming van neutrone en gammastraling.

10753 – 754 (8) Veeldeeltjieteorie (1.5L, 1.5P)

Veeldeeltjie-golffunksies en die simmetriseringspostulaat; skeppings- en vernietigingsoperatore vir fermione en bosone (tweede kwantisering); variasiebeginsel en Hartree-Fock-benadering; afskerming en lineêre respons. Bogoliubov-transformasies, supergeleiding en magnetiese vloedkwantisering.

10674 – 755 (16) Relativistiese Kwantumveldteorie (3L, 3P)

Module stel konsepte van kwantumveldteorie bekend.

Lagrange-formalisme in veldteorie en Noether-strome. Ko-variasie-kwantifisering van Klein Gordon- en Dirac-velde. Deeltjie-interpretasie, -spin en -statistiek. Funksionele analise, Grassmann-veranderlikes, funksionele integrale kwantisering van ykteorieë. Steuringsteorie en Feynman-reëls. Verstrooiingskansvlakke en vervalwydtes in deeltjiefisika. Effektiewe potensiale. Regularisering en renormering. Asimptotiese vryheid in ykteorieë.

13942 – 756 (8) Uitgesoekte Onderwerpe in Teoretiese Fisika (1.5L, 1.5P)

'n Seleksie van onderwerpe van kosmologie, algemene relativiteitsteorie, kwantummeganika, statistiese fisika, biologiese fisika, of fisika van die gekondenseerde materie.

13985 – 757 (8) Bayes-fisika (1.5L, 1.5P)

Kort oorsig van Bayes se basiese beginselwaarskynlikheid. Voorwaardelike waarskynlikheid, produkreël,

Bayes se stelling. Belangrike diskrete en deurlopende verdelings. Parameterskatting en modelvergelyking met masjienleer, toepassing op data-analise. Simmetrieë, entropie en inligtingstoename. Verskillende onderwerpe afhangende van die beskikbare tyd.

10424 – 758 (8) Dinamiese Sisteme en Kompleksiteit (1.5L, 1.5P)

(Aanbieding onderworpe aan personeelbesikbaarheid en studentegetalle.)

Inleiding tot nie-lineêre dinamiese sisteme: Modelling, kontinue en diskrete afbeeldings, stabiliteitsanalise, hiërargie van chaos, vreemde aantrekkers, universaliteit en Feigenbaum-konstantes, Hamilton-chaos, KAM-teorema.

17221 – 772 (8) Optika (1.5L, 1.5P)

Geometriese, fisiese en kwantum-formalismes, polarisasie (Stokes- en Jones-vektore), refleksie, transmissie en dispersie (Fresnel, Brewster, totale interne weerkaatsing, dubbelbreking), geometries-optiese beskrywing van paraksiale optiese sisteme (matriksoptika), diffraksie en interferensie (driedimensioneel), interferometrie.

Diffraksieteorie. Fourier-optika, diffraktiewe optika.

13937 – 773 (8) Nie-lineêre Optika (1.5L, 1.5P)

Beginsels van nie-lineêre optika. Nie-lineêre polarisasie, nie-lineêre optiese koëffisiënte, harmoniekgenerering en fase-aanpassing. Anisotropie, optiese modulاسie Elektro-optiese, magneto-optiese en akoesto-optiese modulاسie.

13938 – 774 (8) Spesiale Onderwerpe in Optika (1.5L, 1.5P)

Die inhoud mag aspekte van elektromagnetisme, optika en nie-lineêre optika, lasers, lig-materie wisselwerking, kwantum optika en eksperimentele ontwerp bevat. Die inhoud mag interdisiplinêr van aard wees.

MSc in Fisika

66249 – 828 (156) Tesis Fisika

Die student verrig 'n selfstandige literatuurstudie en navorsingswerk in oorleg met 'n studieleier. Na voltooiing van die ondersoek moet 'n tesis ingelewer word wat tot bevrediging is van die aangewese eksaminatore. 'n Mondelinge eksamen moet ook afgelê word. Bykomende seminaar- en/of kursuswerk, soos deur die studieleier in konsultasie met die Departement voorgeskryf, mag vereis word ter voorbereiding van die navorsing.

12278 – 838 (24) Gevorderde Fisika-seminaar en Kursuswerk

Relevante gevorderde seminaar- en kursuswerk soos voorgestel deur die studieleier en goedgekeur deur die Departement. Die seminare en kursusse sal betrekking hê op die spesifieke navorsingsgebied van die tesis en is aanvullend tot die tesis. Die seminaar- en kursuswerk word deur aangewese eksaminatore beoordeel en vir die seminaarwerk moet 'n mondelinge eksamen ook afgelê word.

Departement Fisiologiese Wetenskappe

HonsBSc in Fisiologiese Wetenskappe

13233 – 771 (10) Regeneratiewe Fisiologie tydens Besering en Siekte

'n Ondersoek na siektetoestande en die gebruik van regeneratiewe fisiologie (insluitende stamselle en geenterapie) om hierdie siektetoestande te behandel.

13235 – 772 (20) Fisiologie en Patofisiologie

Gevorderde fisiologie en biochemie, insluitende aanpassings tydens fisiologiese en omgewingsveranderinge, bv. oefening, beserings en hipoksie. 'n Sisteemperspektief in die konteks van neurodegenerasie, met 'n fokus op mitochondria en proteotoksiteit, sowel as kardiotoxiteit, sal gegee word om molekulêre meganismes met sellulêre wanfunksie te integreer.

13236 – 773 (10) Seinoordrag in Fisiologie en Patofisiologie

'n Seleksie van seintransduksiepaaie betrokke in sellulêre fisiologie, soos die mitogeen-geaktiveerde proteïenkinase (MAPK)-paaie en die PI-3 Kinase/PKB-pad asook metaboliese paaie (bv. AMPK-pad), word bestudeer. Response van hierdie paaie onder stressituasies (bv. hipoksie, besering, oefening, sielkundig) en die eindeffek daarvan op sellulêre en weefselvlak. Prosesse van seldood, insluitende apoptose, nekrose en outfagie, word ook bestudeer (fisiologiese en sellulêre response op stressituasies).

13237 – 774 (20) Metabolisme in Gesondheid en in Siekte

'n Omvattende studie van metabolisme sal onderneem word, wat die liggaam as 'n eenheidsmodel gebruik. Sowel molekuleêre paaië as heelligaam-geïntegreerde fisiologie sal ten opsigte van nie-oordraagbare leefstylsiektes (diabetes, hipertensie, dislipidemie, obesiteit) ondersoek word.

11260 – 775 (10) Stresfisiologie

Basiese fisiologiese response tydens stressituasies – sowel psigologies as fisiologies – sal in terme van akute én chroniese situasies behandel word. Verbintnisse met ander sisteme sal benadruk word en die rol van stres in die ontwikkeling van chroniese siektes sal bespreek word.

54895 – 776 (30) Navorsingsprojek in Fisiologiese Wetenskappe

Studente moet selfstandige navorsingswerk oor 'n onderwerp soos deur die betrokke dosente bepaal, deurvoer. 'n Manuskrip oor die navorsingswerk moet tot tevredenheid van die dosente en eksaminatore ingelewer word en 'n mondeling word afgelê.

14067 – 780 (20) Hematologie en Stolling

Die struktuur en funksie van die hematologiese sisteem sal bespreek word, met spesifieke fokus op rooibloedselle, plaatjies en plasmaproteïene betrokke by die stollingsproses. Patologiese veranderinge van hierdie selle en proteïene sal ook gedek word, met spesiale fokus op veranderinge tydens inflammasie.

66192 – 781 (20) Navorsingsmetodologie in Fisiologiese Wetenskappe

Hierdie module bestaan uit drie komponente: 'n Teoretiese inleiding, gevolg deur praktiese laboratoriumopleiding, asook 'n praktiese projek. Die teoretiese inleiding bespreek wetenskaplike metode, laboratoriumuitleg en -etiket, eksperimentele ontwerp, metodes van data-insameling, analisering en kritiese evaluering van data, asook navorsingsetiek (dier en mens). Algemene, asook tegniek-spesifieke teoretiese en praktiese laboratoriumopleiding volg, met 'n fokus op molekuleêre, histologiese en weefselkwekingstegnieke, insluitend 'n praktiese projek waartydens tegniekvaslegging en data-insameling, en die analisering van gevolgtrekkings sal plaasvind.

MSc in Oefeningwetenskap

10630 – 882 (20) Oefeningsimmunologie, -endokrinologie en -hematologie

Akute response asook aanpassing van die immuunsisteem, die streshormone en die rooibloedselsisteem op oefening en inoefening. Teorie en metodiek van verwante oefeningstoetse en laboratoriumanalises

10614 – 883 (20) Multidissiplinêre Benadering tot Spierfisiologie

Gevorderde spierfisiologie, insluitende reaksies op oefening en besering. Spierstruktuurfunksie-verwantskappe en meganismes van hipertrofie en atrofie. Toepassings van hierdie onderwerpe geïllustreer in huidige oefeningfisiologiepublikasies. Teorie en metodiek van oefeningwetenskaptoetsing.

13511 – 884 (20) Oefeningfisiologie en Metabolisme

Oefeningprestasie en metaboliese reaksies op oefening op heelligaamsvlak. Integrasie van oefeningfisiologie en biochemiese kennis om metabolisme op intermediêre en weefselvlak in reaksie op akute oefening en afrigtingsaanpassings te verstaan. Die wetenskaplike basis vir die ontwerp van afrigtingsprogramme. Agtergrond tot onwettige anaboliese steroïde en verskeie aanvullings en hoe om daarmee om te gaan op 'n wetenskaplike grondslag.

12919 – 827 (120) Tesis in Oefeningwetenskap

Die onderwerp van 'n navorsingsprojek moet in oorleg met die programkoördineerder en ander beskikbare studieleiers gekies word. Die navorsing moet redelik selfstandig geskied en moet as 'n tesis aangebied word.

Departement Mikrobiologie

HonsBSc in Mikrobiologie

10439 – 772 (60) Eksperimentele Mikrobiologie

Navorsingsprojekte: Studente skakel in by 'n navorsingslaboratorium waar hulle 'n onafhanklike navorsingsprojek doen. Die assessering behels 'n projekvoorlegging, onafhanklike navorsing in die laboratorium, navorsingsverslae en mondelinge aanbieding van resultate.

Literatuuroorsig: 'n Geskrewe literatuurstudie en mondelinge aanbieding oor 'n Mikrobiologie-verwante onderwerp.

Mondelinge Eksamen: Algemene kennis van Mikrobiologie word getoets.

10721 – 773 (30) Tegnieke in Molekulêre Mikrobiologie (2L, 8P, 1T)

Teorie en praktika oor tegnieke in molekulêre biologie soos DNS-kloning, bakteriese en gistransformasies, plasmied-isolasies, isolasie van genoom-DNS uit bakterieë en fungi, DNS-volgordebepaling, isolasie en analyse van gDNS, mRNA en proteïene, opstel van DNS-biblioteke. Algemene tegnieke soos konfokale mikroskopie, bioinformatika en statistiese ontledings.

10483 – 774 (30) Geselekteerde Onderwerpe (3L, 4P)

Geselekteerde onderwerpe word as minimodules deur dosente of besoekende navorsers aangebied. Onderwerpe soos genoomdinamika, biologie van giste, transkripsionele beheer van eukariotiese gene, taksonomie van swamme en omgewingsmikrobiologie word behandel.

Departement Plant- en Dierkunde

HonsBSc in Biodiversiteit en Ekologie

66184 – 715 (24) Generiese Wetenskapsvaardighede

Die doel van hierdie module is om honneursstudente te voorsien van die filosofiese agtergrond en vaardighede om onafhanklik navorsing te doen vanaf die beplanningstadium, tot en met implementering, analise en rapportering. Studente maak almal 'n natuurwetenskaplike veldekskursie mee en word ook blootgestel aan kort werksessies oor onderwerpe wat die volgende mag insluit: (1) Wetenskaplike metodologie en statistiese analise; (2) Filosofie van die Biologie; (3) Kommunikasievaardighede; (4) Die lees en evaluering van populêre wetenskaplike literatuur; (5) Skryf van projekvoorstelle; (6) Navorsing en befondsingstrukture; (7) Hoe om vir werk aansoek te doen; (8) GIS; (9) Mikroskopie; en (10) Algemene molekulêre vaardighede.

55867 – 717 (60) Navorsingsprojek

Elke student kies 'n navorsingsprojek wat deur 'n akademiese personeellid voorgestel word en sal betrokke wees by die ontwerp en uitvoering van die navorsing onder noukeurige toesig van die studieleier. Hierdie komponent bestaan uit die navorsingsprojek, 'n navorsingsvoorstel, navorsingseminare, 'n plakkaat, 'n populêre artikel en 'n mondeling. Die resultate word voorgelê in die vorm van 'n wetenskaplike artikel en voorgedra tydens 'n seminar vir 'n wetenskaplike gehoor.

12249 – 796 (36) Teoretiese Onderwerpe in Biodiversiteitswetenskap

Akademiese personeellede bied gefokusde, geïntegreerde, interaktiewe modules aan in die navorsingsvelde waarin hulle spesialiseer, wat daarop gerig is om 'n diepgaande blootstelling te bied aan die teorie en/of relevante tegnieke in die Biodiversiteitswetenskap. Studente kies onderwerpe uit vier breë vakrigtings:

- (1) Biodiversiteit en Sistematiek
- (2) Plante en Diere in Ekstreme Omgewings
- (3) Evolusionêre Ekologie van Plante en Diere
- (4) Wêreldwyeveranderingsbiologie

Meer inligting oor die onderwerpe kan gevind word by academic.sun.ac.za/botzoo/

Departement Wiskundige Wetenskappe

Afdeling: Rekenaarwetenskap

HonsBSc in Rekenaarwetenskap

63452 – 711 (16) Outomaatteorie en Toepassings

'n Breë oorsig van effektiewe implementeringsmetodes vir outomate, vir toepassing in geselekteerde velde uit Rekenaarwetenskap en Toegepaste Rekenaarwetenskap. Sulke velde sluit in fisiese modellering, beeldverwerking, kompressie, lukraakgetalgenerasie, grafiese animasie, patroonpassing en stelselontwerp.

64947 – 712 (16) Gevorderde Algoritmes

Die module sluit aan by Rekenaarwetenskap 214 en behandel gevorderde onderwerpe in die ontwerp en analise van algoritmes en datastrukture. 'n Keuse uit die volgende onderwerpe word gedek: algoritme-ontwerpsteun, lineêre programmering, benaderingsalgoritmes, willekeurige algoritmes, probabilistiese algoritmes, parallelle algoritmes, getalteoretiese algoritmes, krypto-analise, berekeningsmeetkunde, berekeningsbiologie, netwerk-algoritmes, en kompleksiteitsteorie.

64955 – 713 (16) Teoretiese Rekenaarwetenskap

Gevorderde onderwerpe in formele tale en outomaatteorie, wat insluit verskeie modelle van berekening en beskrywingskompleksiteit.

Slaagvoorvereiste module:

- *Rekenaarwetenskap 345 of Outomaatteorie en Toepassings 711*

64963 – 714 (16) Gelyklopende Programmering 1

Die module behandel 'n oorsig van die veld van gelyklopendheid, die teoretiese beginsels van gelyklopende stelsels, die ontwerp, implementasie, en verifikasie van gelyklopende stelsels, en praktiese aspekte van verspreide en parallelle programmering. Die klem val op enkele uitgesoekte onderwerpe van belang.

63401 – 715 (16) Databasisse

Hierdie module dek gevorderde ontwerpbeginnele en tegnieke van databasisbestuurstelsels. Moontlike onderwerpe sluit in toegangsmetodes, navraagverwerking en navraagoptimering, transaksieverwerking, verspreide databasisse, objekgeoriënteerde en objekrelasionele databasisse, datastoring en dataontginning.

14530 – 711 (16) Rekenaarnetwerke I

Inleiding tot netwerke in die algemeen en die internet in die besonder. Argitektuur en protokolle. Toewysing van hulpbronne en beheer van belading. Netwerksekuriteit. Netwerkt toepassings. Navorsingstegniek vir netwerke.

64971 – 716 (16) Gevorderde Onderwerpe in Rekenaarwetenskap 1

Uitgesoekte onderwerpe van aktuele belang wat deur dosente of besoekende navorsers aangebied word.

11788 – 741 (16) Masjienleer

Hierdie module is 'n inleiding tot uitgesoekte onderwerpe in masjienleer.

14195 – 742 (16) Masjienleer A

Prominente masjienleerkonsepte en -take. Uitgesoekte kenmerkcontrekking- of dimensieverminderingstegnieke. Inleiding tot probabilistiese modellering en verskuielveranderlike-modelle. Fundamentele benaderings tot parameterberaming.

64998 – 742 (16) Rekenaargrafika

Hierdie module bied 'n breë inleiding tot rekenaargrafika. Die inhoud behels die wiskundige agtergrondmateriaal vir grafika (soos vektoralgebra) en datastrukture en algoritmes vir voorstelling, transformasie en visualisering. Buiten die teoretiese werk word daar sterk klem gelê op implementasie en die gebruik van grafikabiblioteke.

65005 – 743 (16) Simulasie van Netwerke

Hierdie module ondersoek die teoretiese en praktiese aspekte van die simulasie van telekommunikasienetwerke vir die prestasie-meting, optimering en kontrole van netwerke. Onderwerpe sluit in verkeersmeting, statistiese analise en modellering in sowel stroom- as pakkienetwerke.

65013 – 744 (16) Gelyklopende Programmering 2

Die module sluit aan by Rekenaarwetenskap 714. Een of twee uitgesoekte onderwerpe word in meer diepte en met 'n nouer fokus behandel. Moontlike onderwerpe sluit in: die implementasie van modeltoetsers, gelyklopendheid in bedryfstelsels, formele metodes, die gebruik van spesifieke programmatuur en gevallestudies.

65021 – 745 (16) Programmatuurkonstruksie

Een uit 'n verskeidenheid moontlike onderwerpe wat konsentreer op die ontwikkeling van programmatuur. Voorbeelde sluit in: aspek-georiënteerde programmatuurbou, objek-georiënteerde programmatuurbou, lenige ("agile") ontwikkeling, XP (ekstreme programmering), asook toepassingsareas soos spel-programmatuur en vertalerbou.

65048 – 746 (16) Gevorderde Onderwerpe in Rekenaarwetenskap 2

Uitgesoekte onderwerpe van aktuele belang wat deur dosente of besoekende navorsers aangebied word.

14232 – 791 (16) Kunsmatige Intelligensie

Inleiding tot verskeie onderwerpe in kunsmatige intelligensie en optimering.

Meta-heuristiek. Swermintelligensie, insluitend die optimalisering van deeltjieswerm en die mierkolonies-meta-heuristiek. Evolusionêre berekening, insluitend genetiese algoritmes, genetiese programmering, evolusionêre programmering, evolusionêre strategieë, differensiële evolusie, kulturele algoritmes en ko-

evolusie. Hiper-heuristiek. Fiksheidlandskapontleding. Optimeringsprobleme, insluitend onbeperte-, beperkte-, multidoelwit-, veeldoelwit-, dinamiese-, multimodale- en grootskaalse-optimeringsprobleme.

62847 – 792 (16) Rekenaarvisie

Honneursmodule wat deur die Departement Wiskundige Wetenskappe, Afdeling: Toegepaste Wiskunde, aangebied word.

64572 – 793 (16) Digitale Beeldverwerking

Honneursmodule wat deur die Departement Wiskundige Wetenskappe, Afdeling: Toegepaste Wiskunde, aangebied word.

13945 – 794 (16) Soek en Beplanning

Hierdie module bestudeer 'n seleksie van soektog- en beplanningsalgoritmes.

13944 – 795 (16) Funksionele Programmering

Hierdie module gee 'n inleiding tot die funksioneleprogrammeringsparadigma.

14065 – 796 (16) Sagtewareverifikasie en -analise

Inleiding tot verskeie tegnieke vir kwaliteitsbestuur van sagteware.

14066 – 791 (16) Algoritmes in Ruimtewetenskap

Algoritmes en tegnieke in Ruimtewetenskap, met toepassings.

63444 – 771 (32) Honneursprojek in Rekenaarwetenskap

Die Honneursprojek behels die selfstandige ontwikkeling van 'n groter rekenaartoepassing. Die projek moet die student se kundigheid ten opsigte van alle aspekte van programmatuuringenieurswese demonstreer, insluitende formele spesifikasie, prototipe-ontwikkeling, toetsing en dokumentasie.

13360 – 771 (12) Statistiese Leerteorie

Honneursmodule wat deur die Fakulteit Ekonomiese Bestuurswetenskappe, Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap aangebied word.

13361 – 771 (12) Wiskundige Statistiek vir Datawetenskaplikes

Honneursmodule wat deur die Fakulteit Ekonomiese Bestuurswetenskappe, Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap aangebied word.

58777 – 741 (12) Dataontginning

Honneursmodule wat deur die Fakulteit Ekonomiese Bestuurswetenskappe, Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap aangebied word.

14531 – 771 (16) Beginsels van Datawetenskap

Die datawetenskappyplyn. Dataherwinning en -suiwering. Inligtingsherwinning. Data-analise. Datavisualisering. Aanbieding en kommunikasie van data-analiseresultate. Beste praktyk met groot data. Data-etiek.

14533 – 771 (16) Berekening en die Samelewing

Teorie en domeine van, en kritiek op, onderwerpe met betrekking tot berekening en die samelewing, soos mens-gesentreerde berekening; teorieë van sosiale ontwikkeling; kritiese analise van gevallestudies; metodes en etiek; en uitdagings van volhoubare gemeenskapsbetrokkenheid.

Afdeling: Toegepaste Wiskunde

MSc in Masjienleer en Kunsmatige Intelligensie

14394 – 811 (15) Wiskunde vir Masjienleer

'n Oorsig van fundamentele wiskundige konsepte nodig vir nagraadse studie in masjienleer en kunsmatige intelligensie. Konsepte kom uit lineêre algebra, meerveranderlike kalkulus, optimering, en statistiek.

14395 – 812 (15) Modelling en Redenasie met Waarskynlikheid

'n Inleiding tot probabilistiese modellering en redenasie in die konteks van moderne masjienleer en kunsmatige intelligensie. Onderwerpe sluit som-produk-ontbinding, klassieke verskuilde Markov-modelle, verwagtingsmaksimering, probabilistiese grafiese modelle, data-voltooiing, en die basiese beginsels van inligtingsteorie in.

14396 – 813 (15) Grondslae van Diepleer

'n Opsomming van fundamentele beginsels van masjienleer, gevolg deur onderwerpe spesifiek tot neurale netwerke: multilaagperseptrone, diep voortvoerende netwerke, gradiëntgebaseerde afrigting en terugpropagasië, konvolusie-netwerke, terugkerende neurale netwerke, aandagmeganismes, outo-enkodeerders en diep generatiewe modelle.

14398 – 814 (15) Toegepaste Masjienleer op Groot Skaal

Die module kyk na hoe masjienleer op internetskaalstelsels toegepas word. Onderwerpe sluit A/B-toetse, rangskikking, aanbevelingstelsels, modellering van internetgebruikers en -entiteite waarmee hulle aanlyn kommunikeer, netwerk-effekte, aanlyn advertensies, en intydse veilings in.

62847 – 842 (10) Rekenaarvisie

Konvolusie- neurale netwerke vir beeldklassifikasie, met uitbreidings soos oordragleer en visuele aandag. Verdere rekenaarvisie-take sluit voorwerp-segmentasie, kleuring, styl-oordrag en die outomatiese generering van beeldonderskrifte in. Variasionele outo-enkodeerders en generatiewe adversariële netwerke.

14401 – 817 (10) Natuurlike Taalverwerking

Perspektiewe uit masjienleer vir die ontleding, begrip en generering van natuurlike menslike taal. Onderwerpe sluit woordinbedding en voorstellings, deel-van-spraak-etikettering, onderwerpmodellering, masjienvertaling met seq2seq-modelle, sinsklassifikasie en sentiment-analise in.

14402 – 818 (10) Versterkingsleer en Beplanning

Die module dek die basiese beginsels van versterkingsleer (VL) en beplanning: besluit- en beheerteorie, Markov-besluitnemingsprosesse, verkenning, Q-leer en beleidsgradiënte, hiërgiesse VL, modelgebaseerde VL en multi-agent-VL.

14403 – 819 (10) Modellering van Reekse

Tegniese om tyd-afhanklike data te modelleer en te voorspel. Klassieketoestand-ruimtemodelle soos verskuilde Markov-modelle, terugkerende neurale netwerke en algemene modulêre maniere om hulle te konstrueer (bv. met lang korttermyngeheue), saamlopende netwerke, en metodes om bogenoemde te kombineer.

14404 – 820 (10) Gevorderde Modellering met Waarskynlikheid

Benaderde inferensie-tegniese vir probabilistiese grafiese modelle, insluitende vertrouingspropagasië en variasionele inferensie, Bayes- nie-parametriese modelle, spesifiek Gauss-prosesse en Dirichlet-prosesse. Algemene truiks in probabilistiese modellering vir masjienleer, insluitende ingevoude Gibbs-proefneming.

14405 – 821 (10) Optimering vir Masjienleer

Toepassings van hoë-dimensionele optimering in masjienleer, met onderwerpe soos dualiteit, Lagrange-vermenigvuldigers, quasi-Newton-metodes, stogastiese en minibondel-gradiëntverlaging, Nesterov-momentum, algemene praktiese stogastiese metodes, gewigsverstoring, toegevoegde eksponensiële families en variasionele inferensie.

14406 – 822 (10) Monte Carlo-metodes

Monte Carlo-metodes vorm 'n hoofinstrument vir statistiese inferensie in masjienleer. Onderwerpe sluit Metropolis-Hastings-metodes en verskeie steekproefstrategieë (Gibbs-, belangrikheids-, snydings- en eksakte), sowel as inferensietegniese, uitgloeing en termodinamiese integrasie, in.

14407 – 823 (10) Kunsmatige Intelligensie en die Brein

Die module dek onderwerpe uit neurowetenskap wat KI-navorsing inspireer, vanuit die oogpunt van wiskundige modellering en algoritmes. Dit sluit Hebbiese leer, die kanoniese mikrokringloop, voorspellende kodering, en dopamien-gekodeerdebeloningsvoorspelling in. Die module dek ook die visuele hiërgiesse as inspirasie vir rekenaarvisie, en die ouditieweverwerkingstelsel as inspirasie vir taal- en reeksmodellering.

14399 – 885 (60) Navorsingsprojek

'n Individuele navorsingsprojek oor 'n goedgekeurde onderwerp verwant aan gevorderde masjienleer en/of kunsmatige intelligensie, onder die leiding van 'n akademiese studieleier, wat lei tot 'n tipiese konferensie- of vaktidskrifartikel van hoë gehalte en 'n mondelinge aanbieding.

14408 – 824 (10) Gevorderde Onderwerpe in Masjienleer

Die module is vir gevorderde onderwerpe in masjienleer gereserveer. Die presiese inhoud word op 'n capita selecta-basis bepaal.

14409 – 825 (10) Gevorderde Onderwerpe in Kunsmatige Intelligensie

Die module is vir gevorderde onderwerpe in kunsmatige intelligensie gereserveer. Die presiese inhoud word op 'n capita selecta-basis bepaal.

Fakulteit AgriWetenskappe**Departement Genetika****HonsBSc in Genetika****10481 – 711 (16) Genetika: Molekulêre Tegnieke**

Die vordering op die gebied van molekulêre genetiese tegnieke het Genetika en die toepassings daarvan radikaal beïnvloed. Hierdie module bied 'n teoretiese platform (lesings, gesprekke, ens.) saam met praktiese sessies, wat DNS- en RNS-karakterisering en -manipulasie insluit.

13596 – 712 (8) Mens- en Diergenetika

Die module fokus op historiese en huidige mediese en etiese aspekte van mens- en diergenetika in die praktyk. Deur middel van lesings, gassprekers en groepbesprekings, ens. word die nuutste tegnologie, toepassings en gevolge van genetika bespreek.

10478 – 713 (8) Genetiese Data-analise

Die Genetiese Data Analise-module is gemik op die toepassing van populasie- en kwantitatiewe genetikateorie in die analise en interpretasie van molekulêre genetiese data. Spesifieke klem word geplaas op die verkryging van praktiese vaardighede m.b.t. die samestelling van genetiese datastelle, die uitvoer van toepaslike statistiese ontledings vir die beantwoording van spesifieke navorsingsvrae, en die interpretasie van resultate binne 'n biologies relevante konteks. Voorbeelde word geneem uit 'n aantal velde, insluitend landbou-, bewarings- en mediese genetika en word deurgaans as 'n opleidingsmodel gebruik.

11061 – 721 (8) Biometriese Toepassings en Data-analise in R

Dataverwerking en grafiese metodes met R. Eenvoudige beskrywende statistiek; t-toetse vir enkelpopulasies, onafhanklikesteekproef-t-toetse en enkelpopulasies, onafhanklikesteekproef-t-toetse en gepaarde t-toetse vir twee populasies; variansie-analise: totaal ewekansige ontwerp, ewekansige blokontwerp, Latynse-vierkant-ontwerp, kruisklassifikasie-ontwerpe; herhaalde-waarneming-variensie-analise; meervoudige-vergelykingsprosedures. Onderskeidingsvermoë-analise. Nie-parametriese toetse: Mann-Whitney, Wilcoxon, Kruskal-Wallis en Friedman; lineêre regressie en korrelasie; polinomiese regressie; meervoudige regressie; seleksie van onafhanklike veranderlikes met stapsgewyse regressie en alledeelversamelingsregressie; kovariansie-analise; kategoriesedata-analises (Chi-kwadraat-toetse); logistiese regressie. Hierdie module word in twee blokke van vyf halwe dae elk in die eerste semester aangebied.

Voorvereistemodules:

- *Biometrie 212 en 242 of 211*

Studente met ander voorgraadse Statistiek-modules sal ten minste 50% vir 'n toelatingseksamen moet behaal.

18007 – 741 (64) Honneurstaak in Genetika

Die navorsingsprojek is die hoofkomponent van die Honneursprogram. Hierdie module behels die beplanning, uitvoering, analise en verslagdoening van praktiese navorsing wat uitgevoer word binne 'n bestaande navorsingsgroep.

13594 – 716 (8) Genomika

'n Goeie begrip van die genoom, asook die effektiewe analise daarvan, is 'n voorvereiste vir suksesvolle plant-, mikrobiële en diereverbetering, veral met inagneming van die faktore geassosieer met die kompleksiteit van genome. Die module is dus daarop gemik om jou insig in die grondbeginsels van genetika en genomika te verbeter en konsepte soos genetiese manipulerings, geenregulering en -uitdrukking, asook metodes om tersaaklike aspekte te bestudeer, sal bespreek word.

13538 – 721 (8) Wetenskaplike Voorstel- en Skryfkursus

Hierdie module is spesifiek daarop gemik om die genetika- en biotegnologiestudent bekend te stel aan die nie-biologiese aspekte van wetenskaplike navorsing, soos die ontwikkeling van 'n befondsingsvoorstel en wetenskaplike skryftegnieke. Studente sal ook te doen kry met konsepte soos die generering en ontwikkeling van kreatiewe idees, entrepreneurskap, marknavorsing, lewensvatbaarheidstudies, die daarstelling van 'n sakeplan, finansiering, winsgewendheid, goeie laboratoriumpraktyk, kwaliteitsisteme en projekbestuur in 'n navorsingsomgewing.

13537 – 722 (8) Plantgenetika en Gewasverbetering

Doelstellings in planteteelt; voortplantingswyses in plante; sel- en weefselkultuur; teeltplanne vir self- en kruisbestuiewende gewasse; die benutting van basterkrag; mutasieteling; insek- en siekteweerstandsteling; variasies in chromosoomgetal en die benutting daarvan in 'n teelprogram; plantetelersregte.

HonsBSc in Plantbiotegnologie

10481 – 715 (16) Genetika: Molekulêre Tegnieke

Die vordering van molekulêre genetiese tegnieke het Genetika en die toepassings daarvan radikaal beïnvloed. Hierdie module bied 'n teoretiese platform (lesings, gespreke, ens.) saam met praktiese sessies, wat DNS- en RNS-karakterisering en -manipulasie insluit.

13537 – 722 (8) Plantgenetika en Gewasverbetering

Doelstellings in planteteelt; voortplantingswyses in plante; sel- en weefselkultuur; teeltplanne vir self- en kruisbestuiewende gewasse; die benutting van basterkrag; mutasieteling; insek- en siekteweerstandsteling; variasies in chromosoomgetal en die benutting daarvan in 'n teelprogram; plantetelersregte.

12582 – 790 (64) Navorsingsprojek in Plantbiotegnologie

'n Goedgekeurde navorsingsprojek is verpligtend. Hierdie komponent bestaan uit die navorsingsprojek, 'n navorsingsvoorstel, navorsingseminare, 'n plakkaat, 'n populêre artikel en 'n mondeling. Die resultate word voorgelê in die vorm van 'n wetenskaplike artikel en voorgedra tydens 'n seminaar voor 'n wetenskaplike gehoor.

17523 – 712 (8) Plantfisiologie

Plante is geanker in die grond en daarom is effektiwiteit van die opname van minerale elemente uit die grond belangrik; sodat dit dan beskikbaar is vir groei en voortplanting. Minerale-opname vereis energie en die gebruik van metaboliete wat lei tot 'n noue integrasie tussen koolstof- en voedingsmetabolisme. Die eerste deel van die module handel oor plantvoeding en plantwateropname en hul verhouding tot gewasproduktiwiteit, terwyl die tweede deel van die module oor hormonale en seinaspekte rondom plantgroei en -ontwikkeling handel.

10475 – 713 (8) Geïntegreerde Plantmetabolisme

Die onderliggende beginsels en huidige stand van die volgende onderwerpe sal bespreek word: bronswetpunt-verhoudings, floeëmlading en -ontlading, kompartementalisering van metabolisme, omskakeling van stysel en suikers, selwandkomponente, glukoneogenese, proteïenfosforilering en -metabolisme, integrering van stikstof- en koolhidraatmetabolisme en suikers as metaboliese seinmolekule.

13594 – 716 (8) Genomika

'n Goeie begrip van die genoom, asook die effektiewe analise daarvan, is 'n voorvereiste vir suksesvolle plant-, mikrobiële en diereverbetering, veral met inagneming van die faktore geassosieer met die kompleksiteit van genome. Die module is dus daarop gemik om jou insig in die grondbeginsels van genetica en genomika te verbeter en konsepte soos genetiese manipulering, geenregulering en -uitdrukking, asook metodes om tersaaklike aspekte te bestudeer, sal bespreek word.

13538 – 721 (8) Wetenskaplike Voorstel en Skryfkursus

Hierdie module is spesifiek daarop gemik om die genetica- en biotegnologiestudent bekend te stel aan die nie-biologiese aspekte van wetenskaplike navorsing, soos die ontwikkeling van 'n befondsingsvoorstel en wetenskaplike skryftegnieke. Studente sal ook te doen kry met konsepte soos die generering en ontwikkeling van kreatiewe idees, entrepreneurskap, marknavorsing, lewensvatbaarheidstudies, die daarstelling van 'n sakeplan, finansiering, winsgewendheid, goeie laboratoriumpraktyk, kwaliteitsisteme en projekbestuur in 'n navorsingsomgewing.

11061 – 721 (8) Biometriese Toepassings en Data-analise in R

Dataverwerking en grafiese metodes met R. Eenvoudige beskrywende statistiek; t-toetse vir enkelpopulasies, onafhanklikesteekproef-t-toetse en enkelpopulasies, onafhanklikesteekproef-t-toetse en gepaarde t-toetse vir twee populasies; variansie-analise: totaal ewekansige ontwerp, ewekansige blokontwerp, Latynsevierkant-ontwerp, kruisklassifikasie-ontwerpe; herhaalde-waarneming-variensie-analise; eenvoudige vergelykingsprosedures. Onderskeidingsvermoë-analise. Nie-parametriese toetse: Mann-Whitney, Wilcoxon, Kruskal-Wallis en Friedman; lineêre regressie en korrelasie; polinomiese regressie; meervoudige regressie; seleksie van onafhanklike veranderlikes met stapsgewyse regressie en alledeelsversamelings-regressie; kovariansie-analise; kategoriese data-analises (Chi-kwadraat-toetse); logistiese regressie. Hierdie module word in twee blokke van vyf halwe dae elk in die eerste semester aangebied.

Voorvereistemodules:

- *Biometrie 212 en 242 of 211*

Studente met ander voorgraadse Statistiek-modules sal ten minste 50% vir 'n toelatingseksamen moet behaal.

Departement Wingerd- en Wynkunde**HonsBSc in Wynbiotegnologie****50997 – 776 (20) Chemie en biochemie van druiwe en wyn**

Plantgroei-reguleerders, hoofverbindinge in druiwe, sowel vlugtig as nie-vlugtig, die ryppword van druiwe en verbindingsopeenhoping in druiwekorrels gedurende die seisoen. Hoof en mindere chemiese verbindinge in mos en wyn, sowel vlugtig as nie-vlugtig. Die rol van ensieme, tanniene en bymiddels gedurende wynmaak. Konsepte en prosesse wat verband hou met kleurstabiliteit, makromolekulêre samestelling en sensoriese aspekte (smaak en aroma) van verskillende tipes wyn. Die rol en prosesse wat betrokke is by wynveroudering en oksidasieprosesse. Analitiese metodes (chromatografie, spektroskopie, spektrometrie) en data-analise gereedskap om die chemiese en biochemiese samestelling van die druiwe en wyn te evalueer.

50997 – 771 (30) Navorsingsmetodiek vir wingerd- en wynbiotegnologie

Projekbeplanning, kommunikasie- en skryfvaardighede; mondelinge voordrag van navorsingsprojekvoorstel; uitvoer van eksperimentele navorsing; dataverwerking; geskrewe verslagdoening en mondelinge voordrag van navorsingsresultate.

50997 – 772 (20) Tegnieke in druif- en wynwetenskappe

Algemene laboratoriumveiligheid en -etiket, biologiese berekeninge; projekbeplanning en rapportering; algemene mikrobiologiese tegnieke (groeikinetika en gisting); algemene molekulêre biologiese tegnieke (nukleïensuurekstraksie en -manipulasie, polimerase-kettingreaksie (PKR); agarose-jel-elektroforese; klonering van DNS-fragmente; transformeringstegnieke; DNS-volgordebepaling; proteïenisolering en -analise; inleiding tot bioinformatika). Chemiese analise (vloei- en gaschromatografie, spektroskopie, ensiemanalise); algemene statistiese analise; kleinskaalse wynbereiding en analises van wyn, insluitend sensoriese evaluering.

50997 – 773 (20) Wynverwante mikrobies

'n Inleiding tot die mikroorganismes wat op die druiwe, in druiwesap en in die res van die wynmaakproses voorkom, asook hul rol (voordelig of nadelig) tydens hierdie proses. Biotegnologie van wyngiste en -bakterieë, insluitend genetiese aspekte. Tegnieke en teikens vir genetiese verbetering van giste.

50997 – 774 (20) Druifplantbiologie en -biotegnologie

'n Bondige inleiding rakende die vegetatiewe en reprodutiewe strukture van die druifplant en hul ontwikkeling in interaksie met die omgewing, sowel as belangrike wingerdkundige konsepte. 'n Kritiese evaluasie van 'n versameling van nuutste navorsingsresultate, hindernisse en geleenthede in die veld van molekulêre biologie en biotegnologie van die druifplant.

50997 – 775(10) Seminaar

Skryf van literatuuroorsig oor relevante onderwerp en mondelinge aanbieding van die onderwerp.

Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

Departement Geografie en Omgewingstudie

HonsBSc in Geoinformatika

49611 – 713 (30) Geografiese Inligtingstelsels

Gevorderde ruimtelikedatabasisgebruik, -ontwerp en -ontwikkeling; datakwaliteitsbepaling; globale posisioneringstelsels (GPS); dataveralgemening en -samevoeging; ruimtelike ondervraging; 2.5D datastrukture en visualisering.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Geografie en Omgewingstudie 214 (60%) of 363 (65%)*

12187 – 716 (30) Ruimtelike Modelling en Geografiese Kommunikasie

Toepassing en ontwikkeling van ruimtelike modelle deur gebruik te maak van geografiese inligtingstelsels.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Geografie en Omgewingstudie 334 of Geografiese Inligtingstegnologie 341*
- *Rekenaarwetenskap 114 of Sosio-informatika 224 of Sosio-informatika 254*

63363 – 742 (30) Omgewingsgeografiese Navorsingstoepassing

Toepassing van wetenskaplike denkwaaardighede en navorsingsmetodologieë. Data-insamelings- en -verwerkingstegniese en verslagskrywing volgens departementele voorskrifte. Uitvoer van 'n individuele empiriese navorsingsprojek onder leiding van 'n studieleier en volgens 'n vasgestelde verslagleweringprogram voor 'n departementele paneel en student-eweknieë.

63398 – 712 (30) Gevorderde Afstandswaarneming

Kenmerke en gebruik van die vernaamste hiperspektrale databronne en radar afstandswaarnemingsplatforms. Gevorderde tegnieke vir aanpassing van beeldmateriaal vir atmosferiese en topografiese korreksie en geografiese registrasie. Gevorderde klassifikasietegniese en praktiese gebruik van die jongste programmatuur (Definiens, ENVI, Erdas, PCI).

Slaagvoorvereistemodule:

- *Geografiese Inligtingstegnologie 342*

HonsBSc in Geografie en Omgewingstudie

63371 – 711 (30) Omgewingsanalise en -sintese

Hierdie module bied studente 'n inleiding tot stelseldenke. In plaas daarvan om omgewings- en sosiale stelsels afsonderlik te bestudeer en te ontleed, wil ons erkenning gee aan interaksies en interkonneksies wat hier ingebed is. Deur die hele module verwys ons terug na die vraag: "Hoe kan 'n stelselperspektief ons help om die geografiese, omgewings- en sosiale karakter van die wêreld waarin ons woon te verstaan?" Studente word blootgestel aan en ondersoek 'n reeks weeklikse temas (en gevallestudies, waar van toepassing) met die doel om sosiale ekologiese stelsels te verstaan, betwisbare perspektiewe en belangstellings wat in sulke stelsels ingebed is te identifiseer, én hoe dit met sosiale en omgewingsverandering verband hou. Omgewingsbesluitneming (en gepaardgaande prosesse en instrumente) en bestuur word ondersoek, sowel as kwessies rakende omgewings- en sosiale geregtigheid.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Geografie en Omgewingstudie 344 of 358 of 334*

63363 – 742 (30) Omgewingsgeografiese Navorsingstoepassing

Toepassing van wetenskaplike denkwaaardighede en navorsingsmetodologieë. Data-insamelings- en -verwerkingstegniese en verslagskrywing volgens departementele voorskrifte. Uitvoer van 'n individuele empiriese navorsingsprojek onder leiding van 'n studieleier en volgens 'n vasgestelde program van verslaglewering aan 'n departementele paneel en student-eweknieë.

14259 – 771 (30) Toepassings in Geomorfologie

Hierdie module konsentreer daarop om 'n begrip te ontwikkel van die primêre geomorfiese prosesse en die gepaardgaande landskapspatrone en kenmerke wat in droëland-fluviale omgewings voorkom. Die module integreer fluviale geomorfologie en wetenskapsliteratuur om 'n holistiese begrip te bied van die biofisiese prosesse wat gewoonlik langs dreineringslyne in droëlandstreke voorkom. Studente sal gedurende die module krities omgaan met literatuur van die gematigde breedtegrade van die wêreld, en die toepaslikheid daarvan in die semi-ariëde subtropiese ondersoek.

Voorvereistemodule:

- *Geografie en Omgewingstudie 334 of 358*

Navorsingsentra, -buro's en -institute

In hierdie afdeling word die navorsings- en diensinstansies aangebied wat in die Fakulteit Natuurwetenskappe gesetel is.

1. DWI-NNS Sentrum vir Uitnemendheid in Indringerbiologie

Ontstaan

Die DWI-NNS Sentrum vir Uitnemendheid in Indringerbiologie (SIB) is in 2004 gestig in vennootskap met talle Suid-Afrikaanse akademiese instellings en navorsingsliggame. Die Sentrum se doel is om deur wetenskaplike kennis die vermoë te verbeter om indringerspesies te verstaan, te beheer en te bestuur, en sodoende die lewenskwaliteit van alle Suid-Afrikane te verbeter. Mense skuif spesies rond, baie keer onbewustelik. Hierdie bewegings het gevolge – sommige is heel onverwags.

Doelwitte

Die Sentrum se navorsing fokus op die implikasies van biologiese indringing op die biodiversiteit, ekosisteme, funksionering en ekosisteemdienste van alle Suid-Afrikaanse biome. Dit sluit ook werk op Marion-eiland en op sisteme elders in Afrika in. Dit dek alle aspekte van Indringerbiologie, insluitend biodiversiteit en ekosisteemfunksionering, die effek van klimaatsverandering, gemeenskapsekologie, GPS-gebaseerde assessering van ekosisteemdienste en bewaringsbeplanning, die impak van indringerspesies op biodiversiteit, makro- en landskapsekologie, mariene biologie, bestuiwing, risikobepaling, ruimtelike modellering en navorsing oor saadbanke. Daarbenewens is die Sentrum ook betrokke by die formulering van beleid en besluitneming oor indringerspesies en die impak daarvan.

Die Sentrum bly aan die voorpunt van hierdie velde deur uitnemendheid na te streef in interdisiplinêre navorsing, wisselwerking tussen vennote op plaaslike, streeks- en internasionale vlak te stimuleer, en relevant te bly ten opsigte van gemeenskapsbehoefes. Die Sentrum fokus op Suid-Afrika in die konteks van faktore wat Afrika en die globale gemeenskap beïnvloed.

Studie- en navorsingsgeleenthede is beskikbaar op BSc- (slegs finale jaar), HonsBSc-, MSc- en PhD-vlakke, sowel as nadoktorale navorsingsgenootskappe.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting oor die Sentrum, besoek ons by www.sun.ac.za/cib of kontak prof Dave Richardson by cib@sun.ac.za of 021 808 3711.

2. Instituut vir Lasernavorsing

Ontstaan

Die Instituut vir Lasernavorsing (ILN), wat in die Departement Fisika gesetel is, streef daarna om 'n sentrum van uitmuntende navorsing en ontwikkeling op lasergebied in Suid-Afrika te wees. Die Instituut beskik oor laserfasiliteite met voorpunttegnologie en is betrokke by navorsingsprojekte van wêreldgehalte. Daar is 'n lewendige navorsingsatmosfeer: studente, dosente en tegniese personeel neem deel aan die Instituut se aktiwiteite en hierdie unieke kombinasie dra by tot 'n uiters suksesvolle navorsingsomgewing.

Doelwitte

Die Instituut bied die enigste uitkomsgebaseerde universiteitsprogram in laserfisika in Suider-Afrika aan. Die vier jaar lange program bestaan uit 'n BSc (drie jaar) en 'n HonsBSc (een jaar). Die eerste drie jaar bied 'n verskeidenheid modules in fisika, sowel as 'n seleksie uit chemie, biologiese wetenskappe, wiskunde, toegepaste wiskunde, en rekenaarwetenskap. Die HonsBSc-jaar bied 'n aantal modules spesifiek gefokus op laserfisika, asook 'n praktiese laserprojek.

Die Instituut se uitnemendheid lê in die navorsing wat deur sy MSc- en PhD-studente gedoen word met behulp van die uitmuntende fasiliteite en goeie studieleiding. Die Instituut is gasheer vir twee navorsingsleerstoel: Die DWI Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel in Fotonika, Ultravinnige en Ultra-intense Laserwetenskap en die WNNR Navorsingsleerstoel in Kwantum-, Optiese- en Atoomfisika. Projekte wissel van basiese navorsing wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) en die WNNR Nasionale Lasersentrum gefinansier word, tot toegepaste navorsing wat deur maatskappye in die privaat sektor gefinansier word. Goeie beurse is beskikbaar vir MSc- en PhD-studente vir studie in laserspektroskopie, femtosekonde-lasertoepassings, laserstraalvorming, kwantumligtingwetenskap en nanofotonika, vesellaser-ontwikkeling en nie-lineêre optika.

Beurse is ook beskikbaar vir HonsBSc-studente, sowel as 'n beperkte aantal beurse vir uitgesoekte studente vir die eerste drie BSc-studiejare.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by www.laser-research.co.za of kontak dr Pieter Neethling by pietern@sun.ac.za of 021 808 3365.

3. Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie

Ontstaan

Die Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie (SBBB) is in 2017 gestig om Bioinformatika en Berekeningsbiologie as studieveld by die Universiteit Stellenbosch te bevorder en te ontwikkel. Die SBBB is saamgestel uit lede met eksptkennis van Bioinformatika. Hierdie lede is afkomstig vanuit drie fakulteite en diverse departemente, wat Biochemie, Genetika, Mikrobiologie, die afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika insluit, asook die Suid Afrikaanse Wingerd- en Wynnavorsingsinstituut (SAWWNI) aan die Universiteit Stellenbosch. Die SBBB onderrig modules in die voorgraadse Interdisiplinêre BSc (fokusarea Bioinformatika en Berekeningsbiologie), en administreer die HonsBSc, MSc- en PhD-grade in Bioinformatika en Berekeningsbiologie.

Doelwitte

Die SBBB verskaf 'n kritieke kennismassa in 'n leervriendelike omgewing wat Bioinformatika en Berekeningsbiologie by die Universiteit Stellenbosch bevorder. Ons doen ook nuwe en innoverende navorsing in Bioinformatika, wat die ontwikkeling van hulpbronne en hulpmiddels insluit ten einde belangrike vrae in molekulêre lewenswetenskappe en biologie te ondersoek. Hierdeur kan ons 'n beter begrip van die chemie van lewe ontwikkel, en in die proses ook menslike, plant- en dieregesondheid bevorder, sowel as die lewenskwaliteit van die mens. Die Sentrum lei ook studente in Bioinformatika en Berekeningsbiologie as vakdisipline op, en berei hulle voor vir beroepe as bioinformatici en berekeningsbioloë. Die Sentrum werk nou saam met nasionale en internasionale opleidings- en navorsingsnetwerke, ook in Afrika.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by www.sun.ac.za/sci-bioinformatics of kontak prof Hugh Patterton by hpatterton@sun.ac.za of 021 808 2774.

4. Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modelling en Analise

Ontstaan

Die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modelling en Analise (SACEMA) is 'n nasionale navorsingsentrum wat deel vorm van die Sentrums van Uitnemendheid program van die Suid-Afrikaanse Departement van Wetenskap en Innovasie (DWI) en die Nasionale Navorsingstigting (NNS). Die Sentrum word by die Universiteit Stellenbosch gehuisves.

Doelwitte

SACEMA se visie is om gesondheid in Afrika en spesifiek in Suid-Afrika te verbeter deur middel van epidemiologiese modellering en analise. Opgelei in wiskunde, biologie, fisika, ekonomie, statistiek, en epidemiologie, werk SACEMA se navorsers oor dissiplines heen ten einde siektedinamika te verstaan en uitkomst in die hier en nou te verbeter.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by www.sacema.org of kontak prof Juliet Pulliam by pulliam@sun.ac.za of 021 808 2786.

5. Universiteit Stellenbosch Waterinstituut

Ontstaan

Die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut bied 'n oorkoepelende tuiste vir navorsingsgroepe in sewe fakulteite van die Universiteit wat gemoeid is met waterverwante kwessies. Dit is in die Fakulteit Natuurwetenskappe gesetel, en is in 2010 gevestig om hierdie navorsingsgroepe te ondersteun om 'n daadwerklike bydrae te kan maak tot die oplossing van Suid-Afrika en Afrika se waterverwante uitdagings. Die positiewe wyse waarop die navorsers verbonde aan die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut waterverwante kwessies aanpak, vergestalt die gees van die HOOP Projek waardeur die Universiteit Stellenbosch akademiese uitnemendheid en hoëvlaknavorsing gebruik om hardnekkige probleme in die gemeenskap aan te spreek.

Doelwitte

Huidige navorsing in samewerking met die regering en die industrie handel oor die temas van gesondheid, landbou en voedsel, 'n volhoubare omgewing, nanotegnologie en filtrasie, afloopbehandeling en maatskaplike aspekte met betrekking tot water. Onder die geaffilieerde navorsers tel mikrobioloë, polimeerwetenskaplikes, grondkundiges, geoloë, kenners oor indringerbiologie, ingenieurs, dierkundiges, voedselwetenskaplikes, biochemici, landbou-ekonome en selfs 'n filosoof. Dié diverse groep werk aan navorsingsonderwerpe soos die etiek van varswaterbestuur, eienaarskap van water, die veiligheid van landbouprodukte, biobesmetting- en biokorrosiebeheer, gemeenskapsgesondheid, die finansiële-ekonomiese beplanning van watergebruik, endokrien-ontwrigters, hidrodinamika, wateringenieurswese, toeloop- en hulpbronbestuur, indringerbiologie, die geochemiese evolusie van water en afvalwater, en waterbeheer en -bestuur.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by www.sun.ac.za/water of kontak prof Gideon Wolfaardt by gmw@sun.ac.za of 021 808 3039.

Alfabetiese lys van voorgraadse vakke en nagraadse programme

| | |
|--|----------|
| Aardwetenskappe (HonsBSc)..... | 91, 189 |
| Aardwetenskappe (MSc)..... | 92 |
| Aardwetenskappe (PhD)..... | 92 |
| Aardwetenskapveldvaardighede..... | 142 |
| Aktuariële Wetenskap..... | 177 |
| Algemene Taalwetenskap..... | 184 |
| Anatomie..... | 181 |
| Bewaringsekologie..... | 171 |
| Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie..... | 182 |
| Biochemie..... | 146 |
| Biochemie (DSc)..... | 94 |
| Biochemie (HonsBSc)..... | 93 |
| Biochemie (MSc)..... | 94 |
| Biochemie (PhD)..... | 94 |
| Biodiversiteit en Ekologie..... | 157 |
| Biodiversiteit en Ekologie (HonsBSc)..... | 107, 197 |
| Bioinformatika..... | 141 |
| Bioinformatika en Berekeningsbiologie (HonsBSc)..... | 89 |
| Bioinformatika en Berekeningsbiologie (MSc)..... | 90 |
| Bioinformatika en Berekeningsbiologie (PhD)..... | 90 |
| Biokinetika (HonsBSc)..... | 134 |
| Biologie..... | 160 |
| Biometrie..... | 172 |
| Biowiskunde..... | 163 |
| Chemie..... | 147 |
| Chemie (DSc)..... | 96 |
| Chemie (HonsBSc)..... | 94, 192 |
| Chemie (MSc)..... | 95 |
| Chemie (PhD)..... | 95 |
| Chemie C..... | 150 |
| Chemie vir Gesondheidswetenskappe..... | 151 |
| Datawetenskap..... | 178 |
| Dierkunde (DSc)..... | 109 |
| Dierkunde (MSc)..... | 109 |
| Dierkunde (PhD)..... | 109 |
| Ekonomie..... | 174 |
| Entomologie (MSc)..... | 122 |
| Entomologie (PhD en DSc)..... | 122 |
| Epidemiologie (MSc)..... | 137 |
| Epidemiologie (PhD)..... | 138 |
| Finansiële Risikobestuur..... | 177 |
| Finansiële Wiskunde..... | 163 |
| Fisiese en Wiskundige Analise (MSc)..... | 102 |
| Fisiese en Wiskundige Analise (PhD)..... | 102 |
| Fisika..... | 151 |
| Fisika (Bio)..... | 154 |
| Fisika (DSc)..... | 101 |
| Fisika (HonsBSc)..... | 97, 192 |
| Fisika (MSc)..... | 101, 195 |
| Fisika (PhD)..... | 101 |
| Fisiologie..... | 154 |

| | |
|---|----------|
| Fisiologiese Wetenskappe (DSc) | 104 |
| Fisiologiese Wetenskappe (HonsBSc)..... | 103, 195 |
| Fisiologiese Wetenskappe (MSc)..... | 104 |
| Fisiologiese Wetenskappe (PhD)..... | 104 |
| Genetika | 172 |
| Genetika (DSc) | 123 |
| Genetika (HonsBSc) | 122, 201 |
| Genetika (MSc) | 123 |
| Genetika (PhD)..... | 123 |
| Geografie en Omgewingstudie | 185 |
| Geografie en Omgewingstudie (MSc) | 133 |
| Geografie en Omgewingstudie (PhD)..... | 134 |
| Geografiese Inligtingstechnologie..... | 185 |
| Geoinformatika (HonsBSc) | 132, 204 |
| Geoinformatika (MSc) | 132 |
| Geoinformatika (PhD)..... | 133 |
| Geologie..... | 143 |
| Geologie (DSc)..... | 92 |
| Geo-omgewingswetenskap..... | 141, 185 |
| Grondkunde | 174 |
| Ingenieursfisika..... | 154 |
| Ingenieursgeologie | 146 |
| Ingenieurswiskunde..... | 164 |
| Intellektuele Goederereg vir Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie..... | 189 |
| Kinesiologie | 182 |
| Masjienleer en Kunsmatige Intelligensie (MSc)..... | 115 |
| Mikrobiologie..... | 156 |
| Mikrobiologie (DSc) | 107 |
| Mikrobiologie (HonsBSc)..... | 105, 196 |
| Mikrobiologie (MSc) | 106 |
| Mikrobiologie (PhD) | 106 |
| Musiektegnologie..... | 187 |
| Numeriese Metodes..... | 167 |
| Oefeningwetenskap (MSc) | 104, 196 |
| Omgewingsgeochemie | 145 |
| Omgewingsveldvaardighede | 144 |
| Ondernemingsbestuur | 176 |
| Operasionele Navorsing..... | 175 |
| Operasionele Navorsing (HonsBSc)..... | 126 |
| Operasionele Navorsing (MCom en MSc) (Doseer- en tesisopsie)..... | 128 |
| Operasionele Navorsing (MCom en MSc) (Voltesisopsie)..... | 127 |
| Operasionele Navorsing (PhD)..... | 128 |
| Plantbiotegnologie (HonsBSc) | 124, 202 |
| Plantbiotegnologie (MSc) | 125 |
| Plantbiotegnologie (PhD)..... | 125 |
| Plantkunde | 161 |
| Plantkunde (DSc)..... | 109 |
| Plantkunde (MSc) | 108 |
| Plantkunde (PhD)..... | 108 |
| Polimeerwetenskap (DSc)..... | 97 |
| Polimeerwetenskap (HonsBSc)..... | 96, 192 |
| Polimeerwetenskap (MSc)..... | 97 |
| Polimeerwetenskap (PhD) | 97 |
| Rekenaarvaardigheid..... | 170 |
| Rekenaarwetenskap..... | 168 |
| Rekenaarwetenskap (DSc) | 120 |
| Rekenaarwetenskap (HonsBSc)..... | 117, 197 |
| Rekenaarwetenskap (MSc) | 119 |

| | |
|---|----------|
| Rekenaarwetenskap (PhD)..... | 120 |
| Rekenaarwetenskap E..... | 171 |
| Sielkunde..... | 188 |
| Sosio-Informatika..... | 187 |
| Spesiale Fisika..... | 154 |
| Sportwetenskap..... | 183 |
| Sportwetenskap (HonsBSc) (Kinderkinetika)..... | 136 |
| Sportwetenskap (HonsBSc) (Prestasiesport)..... | 135 |
| Sportwetenskap (MSc)..... | 137 |
| Statistiek en Datawetenskap..... | 180 |
| Tekstielwetenskap..... | 151 |
| Toegepaste Chemie..... | 149 |
| Toegepaste Kinesiologie..... | 183 |
| Toegepaste Wiskunde..... | 165 |
| Toegepaste Wiskunde (DSc)..... | 116 |
| Toegepaste Wiskunde (HonsBSc)..... | 113 |
| Toegepaste Wiskunde (MSc)..... | 114, 199 |
| Toegepaste Wiskunde (PhD)..... | 116 |
| Toegepaste Wiskunde B..... | 167 |
| Universiteitspraktyk in die Natuurwetenskappe..... | 140 |
| Waarskynlikheidsleer en Statistiek..... | 165, 178 |
| Wetenskap in Konteks..... | 141 |
| Wetenskapkommunikasievaardigheid..... | 189 |
| Wetenskaplike Berekening..... | 170 |
| Wiskunde..... | 161 |
| Wiskunde (Bio)..... | 164 |
| Wiskunde (DSc)..... | 113 |
| Wiskunde (HonsBSc)..... | 110 |
| Wiskunde (MSc)..... | 112 |
| Wiskunde (PhD)..... | 113 |
| Wiskundige Statistiek..... | 179 |
| Wiskundige Statistiek (HonsBCom en HonsBSc)..... | 128 |
| Wiskundige Statistiek (MCom en MSc) (Doseer- en tesisopsie)..... | 129 |
| Wiskundige Statistiek (MCom en MSc) (Doseer- en werkstukopsie)..... | 130 |
| Wiskundige Statistiek (PhD)..... | 131 |
| Wiskundige Wetenskappe (MSc)..... | 120 |
| Wynbiotegnologie (HonsBSc)..... | 125, 203 |
| Wynbiotegnologie (MScAgric of MSc)..... | 126 |
| Wynbiotegnologie (PhD en DSc)..... | 126 |

Bylaag 1

Minimum programspesifieke toelatingsvereistes vir hoofstroomprogramme vir aansoekers met ánder skoleindkwalifikasies as die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en die Onafhanklike Eksamenraad-skooleindsertifikaat (OER)

Internasionale skoleindkwalifikasies moet voldoen aan die vereistes vir universiteitsvrystelling soos bepaal word deur die Matrikulasieraad, Universiteite Suid-Afrika.

| Internasionale Kwalifikasies | Minimum toelatingsvereistes |
|---|-----------------------------|
| 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% 'n Finale punt van minstens 50% in Afrikaans of Engels | |
| HIGCSE en Namibiese NSSC | |
| Indien jy Fisika of Chemie as universiteitsvakke gaan volg: Fisiese Wetenskappe OF Natuurwetenskappe OF Chemie EN Fisika | 3 |
| Indien jy Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144 gaan volg: Wiskunde | 2 |
| Indien jy Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154 gaan volg: Wiskunde | 3 |
| AS-level | |
| Indien jy Fisika of Chemie as universiteitsvakke gaan volg: Fisiese Wetenskappe OF Natuurwetenskappe OF Chemie EN Fisika | D |
| Indien jy Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144 gaan volg: Wiskunde | B |
| Indien jy Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154 gaan volg: Wiskunde | C |
| A-level | |
| Indien jy Fisika of Chemie as universiteitsvakke gaan volg: Fisiese Wetenskappe OF Natuurwetenskappe OF Chemie EN Fisika | E |
| Indien jy Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144 gaan volg: Wiskunde | D |
| Indien jy Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154 gaan volg: Wiskunde | E |
| IB HL | |
| Indien jy Fisika of Chemie as universiteitsvakke gaan volg: Fisiese Wetenskappe OF Chemie EN Fisika | 2 |
| Indien jy Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144 gaan volg: Wiskunde | 4 |
| Indien jy Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154 gaan volg: Wiskunde | 3 |

| IB SL | |
|--|---|
| Indien jy Fisika of Chemie as universiteitsvakke gaan volg: Fisiese Wetenskappe OF Chemie EN Fisika | 2 |
| Indien jy Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144 gaan volg: Wiskunde | 5 |
| Indien jy Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154 gaan volg: Wiskunde | 4 |

1. Wiskunde, Chemie en Fisika op IGSCE/GCSE/NSSC OL Gr. 11 kwalifiseer nie vir toelating nie.
2. Kontak die Stellenbosch University International Services Centre (SUI) by interoff@sun.ac.za of +2721 808 2565 vir minimum toelatingsvereistes vir skoleindkwalifikasies wat nie in die bostaande tabel gelys word nie.

"School of Tomorrow"

| Programme | Toelatingsvereistes | Nasionale Normtoetse |
|----------------|---------------------|--|
| Alle programme | Soos vir NSS/OER | Akademiese Geletterheid 60 Kwantitatiewe Geletterdheid 60 Wiskunde 55 |

* As aansoeker uit die "School of Tomorrow" skoolstelsel kan jy slegs op grond van 'n aanbeveling van die Fakulteit Natuurwetenskappe 'n universiteitsvrystellingsertifikaat bekom. Jou keuring is dus afhanklik van programspesifieke toelatingsvereistes sowel as prestasies behaal in die Nasionale Normtoetse (tensy jy die NSS-eksamens aflê waarvan die uitslae dan sal geld).

Bylaag 2

Minimum toelatingsvereistes vir die BSc (Verlengde Graadprogramme)

Aansoekers wat voorwaardelik tot hoofstroomprogramme toegelaat is, maar wie se finale uitslae nie aan die minimum toelatingsvereistes van die betrokke hoofstroomprogram voldoen nie, kan 'n versoek rig vir toelating tot 'n Verlengde Graadprogram (VGP). Voorkeur word gegee aan aansoekers uit benadeelde sosio-ekonomiese omstandighede wat voldoen aan die minimum toelatingsvereistes van die betrokke VGP én afhange van beskikbaarheid van plek.

| Programme | Minimum toelatingsvereistes – Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en International Examination Board (IEB) | | | | | |
|-----------------------------------|--|---------|--------------------------------------|---------|--------------------------------------|---------|
| | 'n Finale punt van minstens 4 (50%) in Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) EN Voldoen aan een van die volgende drie kombinasies: | | | | | |
| | Kombinasie 1 minimum vereistes | | Kombinasie 2 minimum vereistes | | Kombinasie 3 minimum vereistes | |
| Biologiese Wetenskappe | Wiskunde | 5 (60%) | Wiskunde | 4 (50%) | Wiskunde | 5 (60%) |
| | Fisiese Wetenskap | 4 (50%) | Fisiese Wetenskap | 4 (50%) | Fisiese Wetenskap | 3 (40%) |
| | Gemiddelde (sonder LO ¹) | >=55% | Gemiddelde (sonder LO ¹) | >=65% | Gemiddelde (sonder LO ¹) | >=65% |
| Fisiese en Wiskundige Wetenskappe | Wiskunde | 6 (70%) | Wiskunde | 5 (60%) | Wiskunde | 6 (70%) |
| | Fisiese Wetenskap | 4 (50%) | Fisiese Wetenskap | 4 (50%) | Fisiese Wetenskap | 3 (40%) |
| | Gemiddelde (sonder LO ¹) | >=55% | Gemiddelde (sonder LO ¹) | >=65% | Gemiddelde (sonder LO ¹) | >=65% |

¹ Lewensoriëntering